

DIE ONTWIKKELING VAN KOMMUNIKASIE
IN DIE ORANJE-VRYSTAAT,
1854-1886.

deur

F. W. GERICKE, B.Ed., B.A.Hons.(U.O.V.S.)

Akademiese verhandeling ter vervulling van die vereistes vir die graad M.A. in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Studieleier : Dr. M.C.E. VAN SCHOOR.

Bloemfontein.

1968.



* 1 1 1 0 7 9 5 7 6 2 0 1 2 2 0 0 0 0 1 9 *

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTHEEK VERWYDER WORD NIE

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN
- 7+5- 1969
No. 102500
BIBLIOTHEEK



6/11/68

INHOUD.bladsy.

Voorwoord.

iv-vi

Hoofstuk I.

Voorspel en faktore ter bepaling van

kommunikasie in die Oranje-Vrystaat..... 1

1. Die grondlegging van 'n posstelsel noord van die Oranjerivier..... 1-9
2. Faktore wat die ontwikkeling van die kommunikasiestelsel bepaal en beïnvloed het... 9
 - A. Dierevervoer..... 9-11
 - B. Geografiese ligging en bou..... 11-13
 - C. Klimatologiese faktore..... 14-15
 - D. Politieke faktore..... 15-17
 - E. Ekonomiese faktore..... 18-22
 - F. Maatskaplike faktore..... 22-29

Hoofstuk II.

Die ontstaan en rol van die politieke gesag in die staatsadministrasie ten opsigte van

kommunikasie..... 30-31

1. Die Volksraad..... 31-37
2. Die Uitvoerende Raad..... 37-39
3. Die Staatspresident..... 39-44

Hoofstuk III.

Die ontstaan en funksies van die ampte in die

Pos- en Telegraafdepartemente..... 45

1. Die Goewermentsekretaris..... 45-51
2. Die Posbeamptes..... 51
 - A. Die Posmeester-generaal..... 51-63
 - B. Die posmeester, assistente en klerke.. 63-81
 - C. Die posagent..... 81-85
 - D. Die posvervoerkontraktant..... 85-96
 - E. Die posryer..... 96-98
 - F. Die posdraer..... 98-100
3. Die Telegraafbeamptes..... 100
 - A. Die bestuurder van die Telegraafdepartement..... 100-104
 - B. Die telegraafingenieur en -tegnici.. 104-107
 - C. Die telegrafis..... 107-111
 - D. Die bode..... 111
 - E. Die kontraktant..... 111-112

Hoofstuk IV.

Operatiewe reëlings vir die Pos- en Telegraaf-	
departemente.....	113
1. Die Posdepartement.....	113
A. Die vestiging en toerusting van pos-	
kantore.....	113-121
B. Posvervoer en -verbinding.....	121
(i) Binnelandse posvervoer.....	121-145
(ii) Buitestaatlke posvervoer.....	145-152
(a) Die Kaapkolonie.....	152-157
(b) Natal.....	157-158
(c) Transvaal.....	158-161
(d) Die Diamantvelde.....	161-162
(e) Basoetoland.....	162-163
(f) Oorsee.....	163-164
C. Porto.....	164-184
2. Die Telegraafdepartement.....	184
A. Telegrafiese verbinding.....	184-201
B. Telegrafiese toerusting.....	201-213

Hoofstuk V.

Finansiële aangeleenthede.....	214-215
1. Die Tesourier-generaal.....	215-218
2. Die Ouditeur-generaal.....	218-221
3. Die Inspekteur van rekenpligtige	
amptenare.....	221-222
4. Die begroting.....	222-225
5. Finansiële aspekte in die Pos- en	
Telegraafdepartemente.....	225
A. Amptenare.....	225-231
B. Toerusting en vervoer.....	231-237
C. Inkomste en uitgawe.....	238-242
Besluit.....	242-249
Bylae A.....	250-269
Bibliografie.....	270-278

Lys van kaarte.

Die vernaamste posroetes, 1886.....	12
Die ontwikkeling van die vernaamste posroetes	
1854-1872.....	146
Die ontwikkeling van die vernaamste posroetes	
1872-1886.....	146
Die Vrystaatse posroetes 1886.....	151
Die telegrafiese verbindings, 1886.....	200

Lys van illustrasies.

Kwitansie vir 'n aangetekende brief.....	147
Die eerste posseëls.....	148
'n Boetevorm.....	149
Stempels.....	150
Telegraafinstrumente.....	204-207
Telegramvorm.....	208
Telegram.....	209

Lys van histogramme.

Histogram vir die groei van pos- en posagents- kantore.....	119
Histogram vir algemene-, pos- en telegraaf- inkomste.....	236
Histogram vir algemene-, pos- en telegraaf- uitgawe.....	237

× × × × ×

AFKORTINGE.

G.S.	Goewermentsekretaris
O.G.	Ouditeur-generaal
P.M.	Posmeester
P.M.G.	Posmeester-generaal
T.G.	Tesourier-generaal
U.R.	Uitvoerende Raad
V.R.	Volksraad
V.R.N.	Volksraadsnotule

V O O R W O O R D.

Die Ontwikkeling Van Kommunikasie In Die Oranje-Vrystaat, 1854-1886, is in hoofsaak 'n histories-administratiewe studie van die ontwikkeling in die Pos- en Telegraafdepartemente in die Vrystaat tot voor die ontdekking van goud in Transvaal. Die enigste werk wat enigsins met die onderwerp verband hou, is die van P.J.H.S. Grobler, Poswese van die Zuid-Afrikaanse Republiek. Die genoemde werk behandel egter net die ontwikkeling van die Poswese in Transvaal, maar selfs die verbinding met die Vrystaat is nie altyd voldoende aangetoon nie. Ten opsigte van inhoud, aanbieding en benaderingswyse verskil hierdie verhandeling ook radikaal met die van P.J.H.S. Grobler.

Aanvanklik is 'n blote historiese siening van Kommunikasie beoog, maar dit het gaandeweg geblyk dat ook die administrasie van die Pos- en Telegraafdepartemente betrek moes word. Daarsonder sou die historiese beeld immers onvolledig wees.

Omdat die argief van die Posmeester-generaal van die O.V.S. in 1908 deur 'n brand vernietig is, moes alle dokumente wat enige moontlike stof vir die verhandeling kon lewer, nagevors word. Die proses het die navorsing aansienlik bemoeilik, maar het tog die gewenste resultate opgelewer. Sodoende kon 'n redelik juiste beeld van die kommunikasiestelsel bepaal word. Desnieteenstaande is dit tog jammer dat dokumente wat bv. briewe van die Posmeester-generaal of instruksies in verband met die funksies van die telegraafbeamptes bevat het, nie beskikbaar is nie.

Die enigste koerant wat 'n deurlopende beeld van Kommunikasie gee, was The Friend of the Free State.

In De Express is nie die tenders, soos in die Gouvernements Courant en The Friend geplaas, gepubliseer nie. Eersgenoemde koerant het alleen nuusberiggies in verband met Kommunikasie bevat, terwyl The Friend dikwels sodanige berigte volledig, soms met kommentaar daarby, geplaas het. Vir The Friend was die Pos- en Telegraafdepartemente dus van wesenlike belang, terwyl De Express slegs daarna verwys het. The Friend het dan ook dikwels die voortou geneem ten einde Kommunikasie te verbeter of nuwe dienste ingestel te kry.

Geen ander literatuur, behalwe die aangehaalde werk van J. Easton, het enigsins betrekking op die organisatoriese reëlins (behalwe amptenare) in die Pos- en Telegraafdepartemente nie. Ten opsigte van die politieke en finansiële gesag bestaan daar verskeie werke. Hier is veral die werk van P.C. Fourie, Die Administrasie van die Oranje-Vrystaat tot 1859, van belang waarin tot 1859 'n getroue beeld van die staatsadministrasie in die Vrystaat verstrek word.

Hiermee betuig ek graag dank aan my oud-onderwysers, oud-dosente en professore vir hulle aandeel in my vormingsjare en veral die wat my historiese sin verskerp het. Sonder opgaaf van redes wil ek hier ook professore J.J. Oberholster en P.C. Fourie bedank. My dank ook aan die personeel van die Vrystaatse Argief, in besonder veral mnr. D.J. Reinecke, vir onbaatsugtige diens en bereidwilligheid om altoos die nodige hulp aan my te verleen. Langs die weg ook my dank aan mej. H.M. Jooste wat die netjiese tikwerk behartig het asook aan mnr. P.R. Dreyer wat die nodige kaarte geteken het.

As verwyderde student het ek heelwat probleme vir my studieleier prof. dr. M.C.E. van Schoor ge-

skep. Hy was altoos bereid om my te help en hiervoor sowel as vir sy waarderende leiding, inspirasie en wenke op die regte stadium my innige dank.

'n Studerende man lê altyd laste op sy vrou en kinders. Aan Ina, Sharon en Friedrich my dank vir hulle opofferings en begrip. My dank hiermee ook aan my ouers en skoonouers vir hulle aandeel.

Ten slotte alle eer aan God die Almagtige, die Skepper.

F.W. Gericke.

Bloemfontein,
10 Oktober 1968.

DIE POSKANTOOR

Draer van nuus en kennis,
dienaar van die handel en nywerheid
bevorderaar van vriendskap, vrede en
welwillendheid onder mense en volke,
boodskapper van meegevoel en liefde,
skakel tussen vriende wyd en syd,
troos van die eensame,
bande van die verstrooide familie,
verryker van die alledaagse lewe.

- Opskrif by die Poskantoor
te Washington, V.S.A.

VOORSPEL EN FAKTORE TER BEPALING VAN
KOMMUNIKASIE IN DIE ORANJE-VRYSTAAT.

1. DIE GRONDLEGGING VAN 'N POSSTELSEL NOORD VAN DIE
ORANJERIVIER.

Voordat tot 'n bespreking van Kommunikasie in die Oranje-Vrystaat oorgegaan word, is dit wenslik om op die toestand vóór die totstandkoming van die Republiek van die Oranje-Vrystaat op 23 Februarie 1854, te let. Die kommunikasiestelsel was in die tyd hoofsaaklik tot 'n posstelsel beperk.

Waar oer lande oorsee noue voeling met mekaar gehad het en min of meer saam ontwikkel het, moes die posstelsel in die afgesonderde Suid-Afrika 'n eie, besondere evolusie deurmaak. Die eerste poging tot poswerk, waarvan ons kennis dra, is 'n brief wat in 'n skoen „gepos" en aan 'n melkhoutboom te Mosselbaai opgehang is in die vertroue dat dit deur die bemanning van 'n verbygaande skip gesien en na sy bestemming geneem sou word. Die brief is in die jaar 1500 n.C. deur 'n Portugese skeeps-kaptein, Pedro D'Ataide, „gepos" en is deur ene Juan D'Nova gevind.¹

Omstreeks 'n honderd jaar later het 'n ander seldsame manier van „briewe pos" in Tafelbaai ontstaan. Seevaarders, na en van die Ooste, het berigte onder klippe, op bepaalde plekke langs die kus van Tafelbaai, vir mekaar gelaat. Die briewe is in lood, seil en growwe linne toegedraai ten einde die briewe droog te hou en veilig te bewaar.² Van die posklippe is vandag nog in die Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad te sien en die

1. Conradie, L.J., Spaanders wat Vlieg. Die Roman-
tik van die Poskantoor (Pretoria, 1953), p.26.

2. Ibid.

volgende paslike bewoording is op een uitgebeitel: „Hier onder liggen briewe.“

Na die koms van Jan van Riebeeck, in 1652 na die Kaap, het die gewoonte om briewe onder klippe te pos, uitgesterf, want daar was nou altyd iemand om die verspreiding van die pos waar te neem. Van Riebeeck se verslae, aan sy direkteure in Nederland, is aan die kapteins van die Oos-Indiesevaarders toevertrou. Besondere maatreëls is getref ten einde sulke briewe veilig aan boord te bewaar. Swaar gewigte is aan die briewekis vasgemaak, sodat dié maklik kon sink as dit tydens gevegte oorboord gegooi moes word. In die tyd is private korrespondensie gewoonlik aan skeepsoffisiere of passasiers toevertrou.³

Teen die einde van 1788 is instruksies vanuit Nederland ontvang dat 'n behoorlike pos tussen Nederland, die Kaap en die Ooste opgemaak moes word. Regeringskorrespondensie is van posgeld vrygestel.⁴ Die noodsaaklikheid om die Kompanjie se posdiens op te knap, het tot gevolg gehad dat 'n kantoor bekend as die „Post Comptoir“, in 1792 in die Kasteel geopen is. Gedurende die eerste maand is in die kantoor sowat 1,000 briewe, vir die Kaap en omgewing, gehanteer.⁵

In 1805 is onder die Bataafse Bewind, 'n binne-landse posdiens ingestel toe sogenaamde „posboere“ briewe tussen drosdye te perd vervoer het. So is al die drosdye met Kaapstad, deur so 'n weeklikse posdiens, verbind. Die „posboere“ is egter deur „voetlopers“ of te wel Hottentot-posdraers vervang. In 1807 is die posdraers op hulle beurt weer deur „pos-ordonnansie“ met ander woorde

3. Ibid., p.27.

4. Ibid.

5. Ibid., pp.27-28.

perderuiters, vervang.⁶ Hottentotte het egter nog die pos van Swellendam na Graaff-Reinet en Uitenhage gedra.⁷

Die ryk grasvelde ten noorde van die Oranjerivier, wat van wild gewemel het, het 'n onweerstaanbare aantrekkingskrag vir jagters, smouse en die droogte geteisterde boere in die noord-oostelike distrikte van die Kaapkolonie gehad. Gevolglik het die oopstelling van Transgarië plaasgevind toe geselskappe Trekboere in 1821, vanuit die Kaapkolonie, die gebied tussen die Oranje- en Vaalriviere binnegedring het op jagtogte en op soek na weiveld vir hulle vee. Dr. Philip, Superintendent van die Londense Sendinggenootskap, beweer dat daar in 1832 reeds 1,500 blankes in die gebied was.⁸

Kort op die hakke van die Trekboere het die Voortrekkers, wat die Kaapkolonie onder meer om politieke redes verlaat het, gevolg. Die Voortrekkers het die binneland al dieper en dieper binnegedring en hindernisse soos berge, riviere, vyandige inboorlingstamme en die vyandiggesindheid van die Britse regering oorwin. So doende is 'n groot deel van die binneland, van die Oranje tot aan die Zambesiriviere, onder hulle beheer gebring.

Gedurende die vroeë periode van die Groot Trek moes die Voortrekkers self hulle paaie na die binneland baan. As gevolg van die lewensomstandighede van die Voortrekkers het hulle feitlik geen briefwisseling met mekaar gevoer nie. „Hulle samesyn in een of twee groot laers het briefwisseling, wat in die reël tog net suiwer

6. Strauss, M.C., „Pos en Telekommunikasie in Suid-Afrika en elders in Afrika“, Koers, jaargang XXXIV, nommers 1, 2 en 3, Aug./Okt./Des., 1966, p.49.

7. Scannell, J.P. (red.), Die Moderne Ensiklopedie, M-Z. Uitgegee deur die Kinderkultuurvereniging (Edms.) Bpk., afdeling vir volwassenes, (plek en datum onvermeld), p.430.

8. Oberholster, J.J., „Die Anneksasie van Griekwaland-Wes,“ (D.Phil.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch) in Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1945, p.25.

persoonlike sake sou bevat, onnodig gemaak. Die gesellige kampvuurtjies saans was die vergaderplek van vriendekringe - - - en daar is alle persoonlike sake wat onder ander omstandighede deur korrespondensie behartig sou word, gemoedelik bespreek."⁹

Onder die Voortrekkers was daar ook blanke posbodes wat amptelike briewe van een laer na 'n ander vervoer het. Van 'n georganiseerde posdiens was daar egter nog geen sprake nie. Pos is egter per geleentheid versend bv. op 15 Mei 1837 het 'n perdewa, die eiendom van J.B. Rudolf, latere Weesheer in Natal, met briewe van naby die huidige Winburg na die Kaapkolonie vertrek.¹⁰ Geleentheidspos is ook deur middel van kuiergaste versend.¹¹ Skepe vanaf die Koloniale hawe het dikwels Natalse hawens aangedoen en briewe, wat vir die binneland bestem was, saamgebring. Hierdie briewe is deur die hawemeester dieper die land in versprei.¹² Sulke briewe het egter uit die aard van die saak eers lank na die datum van afsending hul bestemming bereik.

Die Britse regering wat nie werklik enige wens gekoester het om Britse besittings verder uit te brei nie, was met verloop van tyd verplig om meer en meer in die sake van die gebied ten noorde van die Oranjerivier in te meng, aangesien 'n oorlog in dié gebied ten minste ernstige onluste op die oostelike grens van die Kaapkolonie kon veroorsaak. In 1846 moes kaptein H.D. Warden hom te Bloemfontein, as Britse resident, vestig. Hy moes vrede tussen Boer, Griekwa, Basoeto en veglustige

-
9. Grobler, P.J.H.S., Poswese van die Zuid-Afrikaanse Republiek, (M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika) (ongedateerd), p.2.
 10. Preller, G.S., Voortrekkermense, deel II, (Kaapstad, 1920), pp.96-97.
 11. Preller, G.S., Voortrekkermense, deel I, (Kaapstad en Bloemfontein, 1918), p.255.
 12. Ibid.

Bantoeslamme bewaar. In die taak is hy deur net 'n handjievool soldate bygestaan en gevolglik was sy taak byna onmoontlik. Hy moes ook alle administratiewe aangeleenthede van nuuts af aan organiseer. Op 3 Februarie 1848 het sir Harry Smith die gebied tussen die Oranje- en Vaalriviere as die Oranjerivier-Soewereiniteit geproklameer.

In sy proklamasie het sir Harry Smith o.a. bepaal dat aan paaië aandag gegee sal word en dat £150 vir die verbetering van die posvervoerstelsel bewillig sal word.¹³ Warden moes spoedig 'n posverbinding tussen Colesberg, Bloemfontein, Winburg en Natal, met 'n aftakking van die posdiens na die distrik Caledonrivier, instel.¹⁴ Die pos moes weekliks vervoer word.¹⁵ Die posverbinding met Natal het ook oor Harrismith gegaan,¹⁶ terwyl Bloemfontein met Smithfield verbind was.¹⁷ Van daar af het Koloniale verbindings na Burgersdorp en Aliwal-Noord¹⁸ bestaan. Die Soewereiniteit was ook met sy noordelike buurstaat Transvaal, van Bloemfontein na Mooirivierdorp, verbind.¹⁹

Vir Warden sowel as die inwoners van die Soewereiniteit was 'n doeltreffende posvervoerstelsel van die uiterste belang, aangesien veral die handelaars, in hul bedrywighede, van 'n gereelde posdiens afhanklik was. Ook moes Warden 'n gereelde posverbinding met sy meerderes en minderes handhaaf ten einde sy administratiewe en verwante aangeleenthede te organiseer of ten uitvoer te

13. Muller, H.P.N., Oude Tyden in den Oranje-Vrijstaat, bylae E, (Leiden, 1907), p.300.

14. Midgley, J.F., "The Orange River Sovereignty 1848-1854" in Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, deel II, 1949, p.109.

15. Malan, J.H., Die Opkoms van 'n Republiek, (Bloemfontein, 1929), p.97.

16. The Friend, 16.9.1850.

17. The Friend, 10.6.1850.

18. The Friend, 2.9.1850.

19. The Friend, 3.7.1852.

bring.

Gedurende die Soewereiniteitsperiode is hoofsaaklik van die perd of esel as trek- of rydier en van die os en ossewa gebruik gemaak. Die diere en vervoermiddelde het nie puik gebaande weë genoodsaak nie. Geld, vir reparasiedoeleindes aan paaie, is alleen bewillig ten einde die paaie enigszins rybaar te maak sodat rytuie in reëntye nie te veel vasval nie.

In 1850 het die postariewe van 2^{d.} vir 'n brief van Bloemfontein na Colesberg na 6^{d.} vir 'n brief van Winburg na Colesberg gewissel.²⁰ Daar was geen Soewereiniteitseëls en posgeld moes gevolglik in kontant vooruit betaal word. Eers in 1853 is posseëls in die Kaapkolonie in gebruik geneem. Daarna is die seëls in plaas van kontant vir binnelandse versending van pos gebruik, hoewel posgeld op posstukke na die buiteland steeds in kontant betaal moes word.²¹ In 1851 is 'n eenvormige postarief op briewe r1.4^{d.}, vir die hele Soewereiniteit, ingestel.²²

Die pos is deur 'n posvervoerkontraktant vervoer. Vooraf is tenders aangevra en die laagste tender is gewoonlik aangeneem. Die pos moes binne 'n vasgestelde tyd deur die kontraktant vervoer word. Indien hy in gebreke gebly het om hieraan te voldoen, sou hy met 2/6, vir elke uur wat die pos laat was, beboet word.²³ Indien die vertraging egter aan faktore buite sy beheer te wyte was, bv. vol riviere, sou hy nie beboet word nie. Briewe aan die regering gerig, is nie altyd met die gewone pos vervoer nie en veldkornette moes toesien dat die so spoedig moontlik versend word.²⁴

Die pos is gewoonlik in leersakke, wat ongeveer

20. The Friend, 23.12.1850.

21. Strauss, M.C., op. cit., pp.49-52.

22. The Friend, 23.12.1850.

23. The Friend, 2.9.1850.

24. The Friend, 24.6.1850.

14 lb. pos kon bevat, te perd vervoer. Dikwels was die possakke te klein en dan is die pos in graansakke vervoer. Dit het die gevaar meegebring dat die pos deur die sweet van die perde of deur reën beskadig kon word.²⁵ Vanaf 1853 is daar meer van poskarre, om die pos te vervoer, gebruik gemaak. Die poskarre het ook passasiers en pakkette vervoer.²⁶ en daarom kon die eienaars van sulke karre mededingende tenderaars maklik die loef afsteek.

Met die vervoer van die pos het dit nie altyd na wense gegaan nie en pos is soms onderweg lank vertraag. In die avontuurvolle dae was selfs die werk van 'n posryer gevaarlik en daarom moes C.U. Stuart, Magistraat te Bloemfontein, instruksies uitvaardig „not to despatch the mails to Colesberg, later than about 4 p.m., as lions were still roaming at large in the immediate neighbourhood of the Town, viz.: on the Quaggafontein, adjoining the Town Lands- and adjacent hills, - and these were dangerous customers for postriders and others to meet with alone and unprotected at night.”²⁷

Vir die regering het die koste, om die pos te vervoer, gewissel van £200 p.j. vir die vervoer tussen Bloemfontein na Colesberg en terug na £75 p.j. vir die vervoer tussen Bloemfontein na Smithfield en terug.²⁸ In 1850 en 1851 was die uitgawe aan die vervoer van die pos ongeveer 6% van die totale uitgawe, terwyl in 1851 en 1852 onderskeidelik £67 en £8 vir reparasie aan paaie, strate en brûe bestee is.²⁹

Gedurende die Soewereiniteitstydperk is deur-

25. The Friend, 18.11.1850.

26. The Friend, 20.1.1853.

27. Collin's, W.W., Free Statia or Reminiscences of a lifetime in the Orange Free State, South Africa, (Bloemfontein, MCMVII), p.18.

28. The Friend, 1.7.1850.

29. Midgley, J.F., op. cit., p.280.

gaans gepoog om die posdiensuitgawe so laag as moontlik te hou. Hierdie beleid sou ook met die Britse regeringsbeleid ooreenstem, want verhoogde uitgawes sou meer belasting vir die gewone Brit beteken en dit wou die regering probeer vermy. In die Soewereiniteit is gevolglik alleen die noodsaaklikste posvervoerdienste ingestel. In 1851 is die troepe van Warden by Viervoet deur die Basoeto verslaan. Die veldtog het egter die uitgawe van die Soewereiniteitsregering heelwat verhoog en ten einde met die Britse beleid ooreen te stem, moes die uitgawe besnoei word. Gevolglik is besluit dat die posverbinding met die Kaapkolonie, oor Colesberg, voorlopig opgehef sal word en dat die poskar nie meer sou loop nie.³⁰ Dieselfde jaar is egter weer tenders vir dié posverbinding gevra.³¹ So is die posroete behou.³² In 1852 het die nederlaag van die Britse troepe te Bereaberg ook tot verhoogde uitgawe aanleiding gegee. In dié jaar het die uitgawe aan posvervoer ook meer bedra as die inkomste uit posgeld verkry,³³ nogtans moes die posverbindinge gehandhaaf word, want dit het die Soewereiniteit met sy buurstate en binnelands die vernaamste dorpe **met mekaar verbind**.

Die posmeesters het ook slegs 'n geringe toelaag vir hulle dienste ontvang bv. die posmeester te Bloemfontein het slegs £25 p.j. ontvang.³⁴ Van kantoor-toerusting was daar geen sprake nie. Die regering het nie eers sy eie poskantore gehad nie en te Bloemfontein het die woonhuis van die posmeesteres, mej. Cumming, ook as poskantoor diens gedoen.³⁵

30. The Friend, 21.7.1851.

31. The Friend, 8.9.1851.

32. The Friend, 18.3.1852.

33. Midgley, J.F., op. cit., pp.279-280.

34. The Friend, 19.1.1852.

35. The Friend, 28.10.1852.

Gedurende die Soewereiniteitstydperk is daar wel 'n georganiseerde posdiens in die lewe geroep, maar hierdie diens het net in die noodsaaklikste pos-behoefte voorsien. Die vernaamste posverbruikers was die regering en die handel. Vir die beperkte aantal inwoners het die posdiens egter in hulle behoeftes voorsien. Inderwaarheid het sommige inwoners hulle blykbaar ook nie veel aan briefwisseling gesteur nie. Buitendien was die inkomste uit die posgeld verkry so gering dat dit geensins tot verbetering van die posstelsel kon bydra nie.³⁶ Hoe dit ook al sy die noodsaaklike fondamentstene vir 'n ontluikende posstelsel ten noorde van die Oranjerivier is daarmee gelê.

2. FAKTORE WAT DIE ONTWIKKELING VAN DIE KOMMUNIKASIE- STELSEL BEPAAL EN BEÏNVLOED HET.

'n Verskeidenheid faktore het die kommunikasiestelsel bepaal en beïnvloed. Gerieflikheidshalwe word die faktore in dierevervoer, geografiese ligging en bou, klimaatologiese-, politieke-, ekonomiese- en maatskaplike faktore verdeel. Vanweë 'n onderlinge verband tussen die faktore is oorvleueling onvermydelik. Hoewel hulle teoreties onderskei word, is hul in die praktyk nie altyd te skei nie.

A. Dierevervoer.

Gedurende die ontstaanstydperk van die Vrystaatse Republiek is hoofsaaklik van die perd of esel as las- of trekdier gebruik gemaak. Die os, as trekdier, is ook ingespan. Selfs die mens, die posdraer, is as kommunikasiemiddel tussen mense gebruik.

36. Vgl. Midgley, J.F., op. cit., pp.279-280.

Omdat trekdieren so 'n groot rol in die vervoer van die pos gespeel het, sou hulle kondisie die kommunikasiestelsel voortdurend beïnvloed. Die toestand van die diere weer is deur die toestand van die veld bepaal. Dele of die hele Vrystaat het soms in die wurggreep van droogte verkeer.³⁷ In sulke tye het dit baie koste geveer om die diere in 'n redelike toestand te hou. Onder sulke omstandighede was die diere maer en het sommige selfs omgekom. Vanselfsprekend sou dit 'n ontwrigting in die vervoer van die pos veroorsaak, want dan moes ander diere in die plek van die dooies bekom word en dit was nie altyd moontlik om onmiddellik die regte of geskikte plaasvervangers te vind nie. Sprinkane, wat as plaag van tyd tot tyd in die Vrystaat voorgekom het, kon die weiding afvreet en dit kon gevolglik die kondisie van die diere nadelig beïnvloed.³⁸ Ryp kom ook in die winter maande in die Vrystaat voor en die doodgerypte gras het nie soveel voedingswaarde vir die diere as die groen sappige gras nie. Die winterkoue of somerhitte het soms die kondisie van trekdieren nadelig beïnvloed. Selfs siektes onder trekdieren, weerlig, storms of sterk winde kon gevolglik die kommunikasiestelsel nadelig beïnvloed.

Ten einde doeltreffende kommunikasie in die Vrystaatse Republiek met die hulp van die vermelde diere te bewerkstellig, was gebaande weë noodsaaklik. Van behoorlik gemaakte en goedversorgde paaie was daar aanvanklik geen sprake nie. Die paaie was oopgetrapte wa- of ander rytuigspore of paadjies wat deur diere of mense oopgetrap is. Aan hierdie „natuurlike“ paaie is aanvanklik min aandag gegee en in reëntye was hulle

37. Vgl. V.R.N.: d.d. 19.2.1863.

38. Vgl. The Friend, 15.12.1870.

dikwels onbegaanbaar. Later is belasting gehef of inkomste uit ander staatsbronne gebruik ten einde die paaie in 'n rybare toestand te hou of veral na reëntye te herstel.³⁹

Vol riviere, veral in reëntye, was 'n probleem en soms is kommunikasie deur die riviere vertraag of ontwrig omdat daar aanvanklik geen brûe was nie. Afgesien van riviere en spruite was berge soms ook 'n hindernis. Omdat moderne padboumetodes onbekend was, kon paaie moeilik oor of deur 'n berg gebaan word. Dikwels moes van 'n omweg gebruik gemaak word ten einde die hindernis te oorkom. Dit het meegebring dat padverbruikers langer geneem het om hul bestemming te bereik. Oor die algemeen egter het die uitgestrekte vlaktes en lae bulte van die Vrystaat en sy redelike vlak spruite en riviere min natuurlike hindernisse vir dierevervoer meegebring. Die probleem was eerder afstand as onbegaanbaarheid van berge, koppe of spruite.


B. Geografiese ligging en bou.

Die Oranje-Vrystaat was in hoofsaak in die noorde deur die Vaalrivier, in die ooste die Drakensberge, in die suide deur die Oranjerivier en in die weste deur die Vaalrivier tot by die sameloop met die Oranjerivier begrens. Die grense was egter nie duidelik afgebaken of omskryf nie en gevolglik het die Vrystaat, na die ontdekking van diamante, die sg. Diamantveldstreek verloor.

Na die suide en 'n gedeelte van die weste is die Republiek deur Koloniale gebied begrens. Met die inwoners en regering van bogenoemde staat kon geskakel word. Na die ooste het Natal gelê, terwyl die Suid-Af-

39. Vgl. The Friend, 11.4.1872.

Die vernaamste Vrystaatse posroetes 1886.



Verklaring

- Grens (Internasionaal)
- ~~~~ Riviere
- ⌘⌘⌘⌘ Berge
- 4862 Hoogte bo seespieël (E. Voet)

rikaanse Republiek sy noordelike buurstaat gevorm het. Die Vrystaat was dus met „vreemde“ grondgebied omring en moes dus noodwendig met sy buurstate skakel ten einde sy kommunikasiestelsel ná en van dié state en ná en van oorsee in werking te stel en te behou.

Die instelling en instandhouding van kommunikasiestelsels met sy buurstate was nie te moeilik nie. In die ooste het die Drakensberge die grens gevorm maar hierdie berge was nie onoorkomelik nie. In die noorde, weste en suide was riviere wel die grense, maar ook die riviere was nie onoorkomelik nie. Alleen in reëntye was daar probleme met die deurtogte van die riviere en was daar soms vertraging omdat daar aanvanklik nie brûe was nie. In die Vrystaatse binneland was soortgelyke hindernisse en die was nie onoorkomelik nie.

Afgesien van enkele berge, koppe, riviere of spruite kan die land as platliggend beskou word.⁴⁰ Gevolglik kon die kommunikasieprobleme wel opgelos word.⁴¹

Die bou van die land het verder tot gevolg dat riviere en spruite snelvloeiend is. Gevolglik vind erosie maklik plaas en tesame met 'n laer reënval in die westelike dele en periodieke droogtes verminder dit die drakrag van die ~~streek~~ en het dit probleme vir die kommunikasie veroorsaak omdat daar nog nie van moderne kommunikasiemetodes bv. teerpaale en telefone gebruik gemaak kon word ten einde geografiese probleme die hoof te bied nie.

40. Vgl. met die kaart, p.12. Volgens die aange-
toonde hoogte bo seespieël kan gesien word dat
die Vrystaat redelik platliggend is.

41. Vgl. Hoofstuk I, 2.A. Dierevervoer, p.9. Hier
word die geografiese faktore wat die dierever-
voer beïnvloed het, verder bespreek.

C. Klimatologiese faktore.

As gevolg van die Vrystaat se geïsoleerde ligging is sy kommunikasiestelsel sterk deur klimatologiese faktore in sy buurstate beïnvloed. So bv. het reën en sneeu in die Kaapkolonie soms die hele kommunikasiestelsel vertraag en het pos die Vrystaat soms lank na die bestemde tyd bereik. Ook die pontvervoer oor die Oranjerivier is deur oorstromings in reëntye ontwrig.⁴² Sodoende is vertraging van posaflewering veroorsaak. Ten einde vertraging by riviere te verminder, moes die regering later brûe begin bou.⁴³

Die Vrystaat was ook aan periodieke donderstorms of harde reënbuie onderworpe en sodanige reën het dikwels grondverspoeling veroorsaak. Omdat die paaie grondpaaie was, het dit dikwels verspoeling veroorsaak en moes die paaie gevolglik weer in 'n rybare toestand gebring word.⁴⁴ Die verspoelings het dus soms die kommunikasiestelsel ontwrig. So 'n reën het egter die plantegroei bevorder en so is gou goeie weiding aan die diere voorsien. Dit weer het gehelp om die vervoer gouer te laat plaasvind.

Hael weer kon die weiding vernietig en gevolglik die vervoer nadelig beïnvloed. Sneeu het ook soms voorgekom en kon ook vertraging in die vervoer veroorsaak. Hierteenoor moet die periodieke droogtes waaraan die Vrystaat onderworpe was, gestel word.⁴⁵ Die droogtes het ook die grondpaaie nadelig beïnvloed, aangesien die paaie dan geneig was om meer sanderig te wees. Indien die wind dan nog die sand gewaai het, het dit die reis vir mens en dier verder bemoeilik en

42. The Friend, 26.2.1864.

43. Vgl. The Friend, 29.6.1882.

44. Vgl. Ordonnansie Nummer 4 van 1831, i.s. die instandhouding van paaie.

45. Vgl. Hoofstuk I, 2.A. Dierevervoer, p.9.

moes daar gevolglik stadiger gereis word. Ryp en temperatuursverskille kon ook die kommunikasiestelsel beïnvloed.⁴⁶

Telegrafie, 'n onderafdeling van die kommunikasiestelsel, was ook aan klimaatologiese faktore onderhewig. So kon baie reën en nattigheid die houtpale laat sleg word. Sneeu en winde kon uitsetting en inkrimping van ysterpale en koperdraad laat plaasvind. Klankgolfsteurnisse kon die versending van telegrafiese boodskappe bemoeilik. Sodoende kan gemerk word dat verskeie klimaatologiese faktore die ontwikkeling van die kommunikasiestelsel kon bepaal of beïnvloed.

D. Politieke faktore.

Staatkundig was die Vrystaat deur grondgebiede van ander state omring. Gebeurtenisse, veral polities, in die omringende state het so ook hul invloed op die Vrystaat laat geld. Die ontdekking van diamante en later goud het die hele kommunikasiestelsel in Suid-Afrika en dus ook die Vrystaat geraak, en tot 'n versnelde ontwikkeling van die stelsel bygedra. Ontwikkeling, in die buurstate, van die Pos- en Telegraafdepartemente het dikwels ook na die Vrystaat uitgebrei en daar tot dieselfde ontwikkeling gelei. So het die Vrystaat gewag tot die Kaapkolonie telegraaflyne tot aan sy grense gebring het, voordat die uitbreiding daarvan in die Vrystaat aangepak is.⁴⁷ In so 'n geval was die Vrystaat gebonde aan sy buurstate, want dit sou nie tot veel nut vir die Vrystaat gewees het indien die staat bv. telegrafie slegs binne sy eie grense ontwikkel het en geen buitestaatlike telegrafiese

46. Ibid.

47. V.R.N.: dd. 22.10.1873-23.10.1873.

verbinding bewerkstellig het nie. Die Kaapkolonie was t.o.v. 'n kommunikasiestelsel ook verder as die Vrystaat ontwikkel en het in die reël nuwe ontwikkeling vóór die Vrystaat beplan. Die Vrystaat kon gevolglik dié staat navolg. Omdat kommunikasiestelsels 'n staat met ander state of wêrelddele met mekaar in verbinding bring, moes die Vrystaat ook sodanige verbinding van kommunikasiestelsels met sy buurstate en deur hulle met oorsese lande bewerkstellig. Die ontwikkeling van die kommunikasiestelsel op die Vrystaatse grense of verbinding met sy buurstate het soms ook noue samewerking met dié state vereis.⁴⁸

Verskillende politieke faktore het die ontwikkeling van die kommunikasiestelsel in die Vrystaat bepaal en beïnvloed. Met die totstandkoming van die Vrystaatse Republiek, op 23 Februarie 1854, was die meeste inwoners onvoorbereid om die aangeleentheid te hanteer, boonop nog onervare in die staatkunde en staatsbestuur. Ook die verkose regering was aanvanklik onervare. Langsamerhand het praktiese ervaring en nugtere verstand egter vergoed waar ervaring te kort geskied het. Onder leiding van die president en na deeglike bespreking in die Volksraad is besluite geneem wat 'n eie kommunikasiestelsel tot ontwikkeling laat kom het. Die ontwikkeling het by tydsomstandighede en die behoeftes van die staat en publiek aangepas. In die ontwikkelingsproses het verandering van Staatspresident soms 'n verandering van beleid beteken. Die Staatspresident moes egter die toestemming van die Volksraad verkry voordat 'n beleidsverandering uitgevoer kon word. Soms wou die liggaam nie die nodige

48. V.R.N.: d.d. 20.5.1872.

toestemming verleen nie.⁴⁹ So kon die Volksraad beleidsbepalend optree. Ook die publiek kon deur versoeke aan die Volksraad die noodsaaklikheid van of die teenkanting teen ontwikkeling onder die Volksraad se aandag bring.

Binne die Vrystaatse grense het staatkundige gebeurtenisse ook hul merk op die kommunikasiestelsel gelaat. As gevolg van die onwilligheid van die Vrystaaters om direkte belasting te betaal, moes die staat voortdurend spartel om sy inkomste en uitgawe te laat klop. Finansiëel was die Vrystaat nie te goed bedeed nie en het dit uiteraard die ontwikkeling van die kommunikasiestelsel vertraag. Die Vrystaatse regering het ook met 'n probleem soos die vyandige Basoeto op sy grense te doen gehad. Hierdie stryd sou ook die posvervoer beïnvloed want gewapende wagte moes die posryers in die gevaarstreke vergesel. Die latere ontdekking van diamante en die uiteindelijke anneksasie van Griekwaland-Wes met sy gepaardgaande staatkundige probleme sou ook besondere eise aan die kommunikasiestelsel stel.⁵⁰ So moes daar bv. 'n posverbinding na die sg. Diamantvelde ingestel word en het die posvolume op verskeie posroetes geweldig gestyg.⁵¹ Staatsbeleid sou dus vanselfsprekend die kommunikasiestelsel beïnvloed.

Die staat het ook nie die kommunikasiestelsel as 'n aparte selfstandige staatsafdeling of -instelling beskou nie, maar dit was deurvleg met alle ander staatsaspekte. Gevolglik het kommunikasie nie altyd die sentrale plek beklee waarvoor dit in die staat bestem was nie.

49. V.R.N.: dd. 7.5.1885-9.5.1885.

50. Vgl. Hoofstuk III, l.B. Die posmeester, assistente en klerke, p. 63.

51. Vgl. Hoofstuk III van dié verhandeling, pp. 71-74.

E. Ekonomiese faktore.

As gevolg van teenkanting teen direkte persoonlike belasting moes die Vrystaatse regering alle inkomste uit indirekte bronne verkry. Inderwaarheid is eers in 1885 besluit om persoonlike belasting op blanke inwoners te hef. Tot die stap is ook eers oorgegaan omdat die Vrystaat in 'n benarde finansiële posisie verkeer het.⁵² Die regering moes altyd op die inkomste let en daarvolgens sy uitgawe bepaal. Soms is selfs gepoog om die Pos- en Telegraafdepartemente se inkomste met die departemente se uitgawes te laat klop.⁵³ Dit was egter nie altyd moontlik om die inkomste en uitgawe in die departemente te laat balanseer nie, want uitbreiding het soms addisionele kapitaal vereis. In jare van finansiële voorspoed was die Volksraad ook nie onwillig om addisionele fondse vir die uitbreiding of ontwikkeling van die kommunikasiesistelsel te voorsien nie. In sulke tye is ook selfs salarisverbeteringe vir amptenare toegestaan. In tye van finansiële teenspoed, wat gewoonlik deur droogte of internasionale gebeurtenisse of swak landbouproduktepryse veroorsaak is, moes die uitgawes soms drasties besnoei word en dan is selfs salarisse van amptenare verminder.⁵⁴ Van uitbreiding van dienste of van die kommunikasiesistelsel was daar dan geen sprake nie. Onder sulke omstandighede is die dienste selfs ingekort of opgeskort.

Aangesien die Vrystaat oor geen industrieë beskik het nie, was landbou- en veeprodukte feitlik

52. V.R.N.: d.d. 25.6.1885.

53. V.R.N.: d.d. 7.6.1867. In die besondere jaar was daar selfs sprake van 'n voordelige balans in die Posdepartement.

54. V.R.287: Rapport van den Bestuurder van Telegraafen over het Dienst Jaar 1885-1886.

die enigste uitvoerprodukte. Die opbrengs van die landbou- en veeprodukte was egter van talle faktore afhanklik soos reënval, voggehalte in lug, ryp, bewerking van grond, teelmetodes, siekte of enigiets wat die kondisie van die vee kon beïnvloed.⁵⁵ As die faktore nadelig vir die landbou of veeboerdery was, het die boer, handelaar en staat se inkomste vermindert. Minder geld was in omloop en die verswakte ekonomiese posisie sou nadelig op die staatskas inwerk. In tye van finansiële voorspoed was meer geld in omloop en het die boerdery, handel en staat voordeel daaruit getrek. Onder sulke omstandighede kon ook die regering die verdere ontwikkeling van die kommunikasiestelsel beplan.

Omdat die Vrystaat net soos die Kaapkolonie en Natal ook van sterling as geldeenheid gebruik gemaak het, was daar geen probleme van geldwisseling of -ruiling tussen die state nie. Om die rede was die Vrystaatse regering ook nie bekommerd oor hoeveel na die naburige state in- of uitgevoer is nie. Die handel self sou vir die korrekte balans sorg. Soms is 'n tekort aan kleingeld ondervind, wat gedeeltelik aan die gebruik van ruilhandel gewyt moet word. Sommige boere wou ook hul landbou- of veeprodukte slegs vir die nodige negosieware, klere of ander benodighede ruil en was gevolglik nie daarop gesteld om hul produkte vir kontant te verkoop nie. Vandaar dat baie boere ook nie hul rykdom in terme van geld nie, maar wel in terme van hul veestapel gemeet het.

As gevolg van toenemende tekorte in die staatskas moes die Vrystaatse regering in 1866 tot die

55. Vgl. The Friend, 17.12.1885.

uitgee van sg. „blue-backs" oorgaan.⁵⁶ Spoedig het die gesigswaarde van die papiergeld so gedaal dat Koloniale handelaars en posvervoerkontraktante nie meer die geld as wettige ruilmiddel wou aanvaar nie. Toestande het geleidelik verbeter en die papiergeld is stelselmatig deur die staat ingetrek en daar is slegs weer van sterling gebruik gemaak.

Veral die Basoeto-oorloë tussen die jare 1858-1866 het ook 'n drastiese vergroting in die staatsuitgawe meegebring sonder dat die inkomste dien-ooreenkomstig gestyg het. Dit het noodwendig tot die besnoeiing van staatsuitgawes gelei en vanselfsprekend die ontwikkeling van die kommunikasiestelsel benadeel. Die ontdekking van diamante, die skadevergoeding wat die Vrystaat vir die Diamantvelde ontvang het en die latere ontdekking van goud het nie net meer kapitaal aan die Vrystaat besorg nie, maar ook die algemene verbetering van die finansiële toestand wat daarop gevolg het, het die staatsinkomste laat styg en daarom kon die staat sy doel tot die ontwikkeling van die kommunikasiestelsel bydra.

Op ekonomiese gebied was die Vrystaat ten nouste met die Britse kolonies verbind. Die Vrystaat het geen eie hawe besit nie en moes gevolglik sy goedere deur die Britse koloniale hawens invoer. Die kolonies het invoerregte op goedere vir die Vrystaat bestem, gehef en wou geen deel daarvan aan die Vrystaat afstaan nie hoewel lg. gereeld vanaf 1856 pogings aangewend het om minstens 'n deel van die invoerregte te bekom.⁵⁷ Later het die buurstate egter die invoerregte op pos-

56. V.R.N.: d.d. 3.2.1866-5.2.1866.

57. V.R.N.: d.d. 6.10.1856.

en inkomsteseëls,⁵⁸ spoorwegmateriaal⁵⁹ en telegraafmateriaal afgeskaf. Daar is selfs ook 'n rabbat aan handelaars van die Vrystaat, wat goedere deur die Kaapkolonie se hawens ingevoer het, toegestaan.⁶⁰

Die buurstate van die Vrystaat was gewillig om tot die onkoste wat die Vrystaat met sy kommunikasiestelsel gehad het, by te dra, want die stelsel het ook hulle inwoners tot voordeel gestrek. So het die Kaapkolonie⁶¹, Natal⁶², en die Suid-Afrikaanse Republiek tot posvervoer in die Vrystaat bygedra. Die Vrystaat het soms ook in die voordele van die kommunikasiestelsel van 'n buurstaat gedeel en moes dan 'n finansiële bydrae aan dié staat lewer.⁶³

Afgesien van die gewone inkomste verkry uit o.a. die verkoop van posseëls en die versending van telegramme, het die Vrystaatse regering soms ook spesiale inkomste verkry of gehef t.o.v. die Pos- en Telegraafwese. Die pos moes volgens tender binne 'n vooraf vasgestelde tyd vervoer word en indien die kontraktant nie die bepalinge nagekom het nie is hy beboet.⁶⁴ Briewe waarop vooraf nie 'n voldoende bedrag aan posseëls geplak is nie, was ook aan 'n boete onder-

58. G.S.1635 : Goewermentsekretaris aan Koloniale Sekretaris, Kaapstad, d.d. Bloemfontein 20.7.1877, en Goewermentsekretaris aan Tesourier-generaal, Kaapstad, d.d. Bloemfontein 16.8.1877.

59. G.S.1196 : Sir H. Robinson aan Goewermentsekretaris, Bloemfontein, d.d. Kaapstad 30.9.1882.

60. The Friend, 9.4.1885.

61. V.R.N.: d.d. 21.5.1869.

62. V.R.N.: d.d. 28.5.1878.

63. Oranjeboek : Rapport van den Tesourier-Generaal van den O.V.S. 1884-1885, p.8. Die Vrystaat het tot die salarisse van telegrafiste en tot die bedryfskoste van die telegraafkantore te Kimberley, Aliwal-Noord en Fauresmith bygedra.

64. Vgl. The Friend, 11.3.1854.

hewig. Sodanige boetes was dus spesiale inkomste. Spesiale inkomste is soms ook gehef ten einde die kommunikasiestelsel in stand te hou of te verbeter.⁶⁵ Die ontwikkeling van die kommunikasiestelsel het dus ten nouste met die ekonomiese beleid, of met faktore wat die beleid bepaal of beïnvloed het, saamgehang. Soms was die ekonomiese faktor selfs die beslissende faktor in die ontwikkeling van die kommunikasiestelsel.

F. Maatskaplike faktore.

Die maatskaplike faktore is onderliggend aan die ander genoemde faktore. Dié faktore bring die mens en sy samelewing egter pertinent op die voorgrond en verbind al die faktore spesifiek met die mens. In die beplanning van die kommunikasiestelsel moes dié faktore altoos in ag geneem word.

In die stigtingsjare van die Republiek was die aantal blankes min. Die meeste was boere en hulle kinders was soms lank van gereelde onderwys verstoke. Daar was ook 'n aantal „uitlanders“ wat hoofsaaklik die handelaars, spekulante en amptenare uitgemaak het. Geleidelik het die beeld van die blanke inwoners verander en het die aantal blankes deur bevolkingsaanwas en immigrasie toegeneem. Die handelaars en amptenare het later nie langer net uit „uitlanders“ bestaan nie, maar ook uit die Hollandsprekende deel van die bevolking. Baie uitlander-handelaars het later Vrystaters geword en hulle besighede aan hulle seuns nagelaat of aan Vrystaters verkoop. Ook die ekonomiese vooruitgang van die Boere het die karakter van die inwoners verander en die behoefte aan beter kommunikasiemiddels

65. Vgl. Ordonnansie nr.4 van 1876. Deur die Ordonnansie is tolgeld gehef ten einde die paaie in 'n behoorlike rybare toestand te kry en te hou.

geskep. Waar die inwoners, handelaars en staat ook eers as gevolg van die klein getalle en omvang van werksaamhede min korrespondensie gevoer het, het die pos- en telegraafvolume as gevolg van 'n vermeerdering van bevolking, handelaars, amptenare en werksaamhede gereeld toegeneem.⁶⁶ Die getallevermeerdering van die inwoners het ook tot werksaamheidsvermeerdering van die kerke en onderwysinstellinge gelei. Die instellinge se bedrywighede het weer groter eise aan die kommunikasiestelsel gestel. Kortom die Vrystaters het meer en meer aan beskawingsgeriewe soos koerante en telegramme gewoond geraak en daarom moes die kommunikasiestelsel aan die steeds toenemende vraag tot uitbreiding of die instelling van nuwe dienste of verbeteringe aandag gee. Nuwe uitbreiding het meestal nuwe eise aan amptenare gestel en soms moes dié dan vermeerder word ten einde die vermeerderde werksaamhede te hanteer. Die vermeerdering van die staatsbedrywighede het ook sy eise aan die kommunikasiestelsel gestel. So het die kommunikasiesirkel al wyer geword en in omvang steeds toegeneem.

Die eerste blanke inwoners van die Republiek kon nog plase verniet van die staat ontvang. Weldra was daar nie sulke plase meer beskikbaar nie en moes bestaande plase verdeel word of voornemende boere moes plase van ander aankoop. Ouer boere het soms na die dorpe getrek waar hulle rustig hulle laaste lewensjare deurgebring het. Die plase is dan soms in die hande van hulle seuns gelaat of verkoop. Ook amptenare en handelaars moes hulle op dorpe vestig. So is in die dorpe groter werkgeleenthede a.g.v. bevolkingsvermeer-

66. Vgl. G.S. 160 : Posmeester-generaal aan Gowermentsekretaris, Bloemfontein, d.d. Bloemfontein 16.6.1882.

dering geskep wat meer mense na die dorpe getrek, of die behoefte aan nuwe dorpe geskep het. Die gewone- of ruilhandel het as gevolg van die bevolkingsvermeerdering ook toegeneem. Die verhoogde handelsbedrywighede het ook nuwe eise aan die kommunikasiestelsel gestel.

In die tydperk tot vóór die ontdekking van goud moet die ontdekking van diamante as die grootste enkele gebeurtenis tot bevolkingsaanwas, verhoogde handels- en nuwe staatsbedrywighede gesien word. Die ontdekking van diamante en die bedrywighede op die Diamantvelde het dan ook groot eise aan die kommunikasiestelsel gestel en tot groot verbetering of ontwikkeling gelei.⁶⁷

Gebeurtenisse soos die moeilikhede en oorloë met die Basoeto het die kommunikasiestelsel nadelig beïnvloed. As gevolg van die moeilikhede, waar diefstal van vee één van die grondliggende oorsake was, was die blankes aanvanklik onwillig om hulle in die streke grensende aan Basoeto-gebied te vestig. Selfs plase in die latere Verowerde Gebied is traag opgeneem en die aanvanklike verwagte uitbreiding aldaar het langsamer plaasgevind as wat verwag is. Die faktor het die verwagte uitbreiding of verbetering van die kommunikasiestelsel in dié rigting vertraag en het selfs in oorlogstye tot verhoogde uitgawes t.o.v. die kommunikasiestelsel gelei.⁶⁸

Die aanvanklike houding van die inwoners teen direkte belasting, die ruilhandel en die gevolg-

67. Vgl. The Friend, 19.11.1874.

68. Vgl. The Friend, 1.12.1865. In die oorlogstreke moes posryers deur 'n gewapende wag geleide gedoen word. Perde en ander toerusting is dikwels ook in die streke gesteel.

like geringskatting van die waarde van geld, die konserwatisme van sommige inwoners, die beskouing van nuwerwetse ontwikkelinge as 'n indringing van die vreemde om hulle eie te bedreig, die liefde vir hulle onafhanklikheid, vry van buitelandse verbintenisse en die vasberade pogings om dit só te handhaaf, het soms ook die ontwikkeling van die kommunikasiestelsel nadelig beïnvloed.

Die maatskaplike faktore was ook ten nouste aan die kultuur van die inwoners verbonde. Omdat die inwoners van die Vrystaat oorwegend die Hollandse taal as lees- en skryftaal gebruik het en onderwysgeriewe veral die skryf van die taal aangemoedig en bevorder het; sou onderlinge korrespondensie tussen die inwoners toeneem. Hoe sterk die Engelse kultuurbeïnvloeding ook al was, was The Friend of the Free State verplig om berigte in Engels en Hollands of vertaalde berigte van die een taal in die ander te plaas.⁶⁹ Deur die onderwys- en kerklike beïnvloeding is meer en meer behoefte aan leesstof en geestelike verryking geskep en daarom moes die staat later ook vir boekpos voorsiening maak.⁷⁰

Die handel, vendusies, huwelike, begrafnisse, verjaarsdae, partytjies of selfs die nagmaal was almal sosiale gebeurtenisse waar vriendskapsbande hernu of nuwes gesmee is. Ten einde die bande te handhaaf of te versterk, moes weer met die persone deur 'n kuier of deur korrespondensie in verbinding getree word. Omdat baie boere rustig en soms 'n entjie van hul

69. Vgl. The Friend, 14.5.1858 of enige ander uitgawe.

70. G.S. 143 : Posmeester-generaal aan Staatspresident, Jaarrapport, d.d. Bloemfontein 4.5.1877.
In die diensjaar 1876-1877 was die verhouding tussen boekpos en briewe ontvang ongeveer 1:7.

naaste bure gewoon het, as gevolg van hul groot plase, was hulle gasvry en gulhartig en het dikwels sosiale geleenthede verwelkom ten einde hulle ook op die gebied uit te leef. Sommige inwoners het soms sosiale geleenthede bygewoon of geskep ten einde sosiale kontak met hulle eie soort te behou of te bekom. Selfs toneelopvoerings en sangbyeenkomste was geen rare verskynsels nie. Dit is dan ook voor die hand liggend dat die mense 'n behoefte gevoel het om met mekaar te korrespondeer. Daarom was daar ook 'n behoefte aan 'n goeie posvervoerstelsel.

Die posryers, meestal nie-blankes, moes in wind en weer die pos vervoer. Dit het selfs gebeur dat van die posryers tydens die Basoeto-oorloë doodgeskiet is⁷¹ en daarom moes hulle selfs van 'n gewapende wag vergesel word.⁷² In sulke tye was dit ook onveilig om hulle in die nag pos te laat vervoer.⁷³ Dit het selfs gebeur dat weerlig 'n posryer doodgeslaan het⁷⁴ of dat hy in 'n vol spruit of rivier beland het en ter nouer nood aan die dood ontkom het.⁷⁵ Soms het die publiek egter ook rede gehad om oor 'n posryer te kla, want so het hy die posvervoer vertraag. Een posryer kon nie goed sien nie en het uitgespan, sodra dit donker geword het,⁷⁶ 'n ander een was bv. dronk,⁷⁷ of het die perde of muile te veel met die sambok geslaan,⁷⁸ of op 'n ander manier nie goed met sy trekdier gewerk

71. The Friend, 14.5.1858.

72. G.S.1512 : Staatspresident aan Landdros Winburg, d.d. Kommandolaer naby Goewerneurskop 10.11.1865.

73. G.S. 113 : M.G.J. Breed, Posmeester Reddersburg aan Posmeester-generaal, d.d. Reddersburg 4.7.1865.

74. The Friend, 19.4.1867.

75. The Friend, 10.3.1881.

76. The Friend, 7.4.1881.

77. The Friend, 3.4.1868.

78. The Friend, 9.10.1868.

nie of hom aan pligsversuim skuldig gemaak.⁷⁹

Hoewel die Posmeesters, hulle assistente en telegrafiste oor die algemeen goeie werk gedoen en teen 'n geringe salaris hard gewerk het, het die publiek soms rede tot klagte gehad. Soms is briewe of pakkette na 'n verkeerde poskantoor gestuur of dit is nie met die eerste beskikbare pos versend nie.⁸⁰ Daar was soms ook klagtes dat die amptenare nie hul werk behoorlik^{ge} organiseer of gedoen het nie of dat hul persoonlike optrede teenoor die publiek veel te wense oorgelaat het.⁸¹ Soms is ook gekla dat 'n amptenaar se optrede teenoor sy ondergeskiktes ook nie na wense was nie.⁸² Oor drankmisbruik van amptenare is soms ook gekla.⁸³ Sommige amptenare het ook nie die nodige opleiding vir hulle werk gehad nie of was nie bekwaam daartoe nie of het sy werk en opdragte nie reg verstaan nie.⁸⁴

Die posvervoerkontraktant is soms daarvan beskuldig dat hy nie genoeg in sy kontrak belang gestel het of dat sy posryer nie sy werk reg gedoen het of dat sy poskar of perde nie in 'n goeie toestand verkeer het nie.⁸⁵ Deur die heffing van 'n boete op die kontraktant, indien die pos nie binne 'n vasgestelde tyd vervoer is nie, het die staat egter 'n goeie houvas op die kontraktant gehad.⁸⁶

Daar moes 'n samebindende skakel tussen kontraktant, amptenaar, staat en die publiek wees. Indien

79. The Friend, 17.1.1862.

80. The Friend, 8.8.1862.

81. V.R.N. : d.d. 17.2.1862.

82. The Friend, 26.1.1871.

83. G.S. 151 : Posmeester-generaal aan Staatspresident Bloemfontein, d.d. Bloemfontein 1.6.1880.

84. The Friend, 22.2.1883.

85. The Friend, 27.9.1877.

86. The Friend, 11.3.1854.

elkeen sy regmatige deel gedoen het, kon die stelsel reg funksioneer. Soms het gebeurtenisse, wat aan menslike faktore toegeskryf moet word, egter die verhouding versteur. Daar is o.a. pos geroof,⁸⁷ geld gesteel,⁸⁸ brand gestig⁸⁹ of die persoonlike verhouding tussen die persone wat die kommunikasie moes bevorder, is versteur wat dan tot nadeel van die kommunikasiestelsel gestrek het.⁹⁰

* * * * *

In die Posdepartement het dierevervoer 'n belangrike rol gespeel. By die soort vervoer het die toestand van die weiveld, siektes, geografiese hindernisse en -toestande soms 'n groot invloed uitgeoefen en dit sou veral 'n posvertraging veroorsaak, waarmee die departement rekening moes hou. Die Telegraafdepartement was in die konstruksiestadium van dierevervoer afhanklik. Daarna sou klimatologiese faktore steeds 'n invloed op die werksaamhede van die departement uitoefen.

Vir beide die Pos- en Telegraafdepartemente is die beleid deur die staat bepaal, en dit is weer deur binne- en buitelandse gebeurtenisse beïnvloed. In die beleidsbepaling was ekonomiese faktore soms beslissend of het minstens 'n deurslaggewende rol gespeel, want sonder finansies kon die dienste nie ingestel of in stand gehou word nie. Sodanige dienste sou alleen ingestel word wanneer 'n behoefte daarvoor bestaan het. Die gehalte van die dienste is meestal

87. The Friend, 25.11.1859.

88. The Friend, 16.11.1882.

89. V.R.N.: d.d. 7.2.1859.

90. V.R.N.: d.d. 26.5.1871.

deur die amptenare in die departemente bepaal of be-
invloed. Dit was ook noodsaaklik om 'n gesonde ver-
houding tussen die publiek , die owerheid en die amp-
tenare te handhaaf, sodat soveel steurnisse as moont-
lik in die kommunikasiestelsel uitgeskakel kon word.

H O O F S T U K II.DIE ONTSTAAN EN ROL VAN DIE POLITIEKEGESAG IN DIE STAATSADMINISTRASIE TENOPSIGTE VAN KOMMUNIKASIE.

Op 23 Februarie 1854 het die Oranje-Vrystaat tot stand gekom.¹ Die blanke inwoners van die gebied was egter nie onmiddellik vir die oornam van die bestuur gereed nie, maar 'n „Provisionele Gouvernement“ is saamgestel om 'n permanente regering in die lewe te roep. Die „Provisionele Gouvernement“ sou uit J.P. Hoffman as president en ses ander lede van die Raad van „Representation“ bestaan.² Die regering sou daaglik vergader ten einde die Vrystaat voorlopig te bestuur.

Die vyf landdroste te Bloemfontein, Winburg, Harrismith, Smithfield en Sannah's Poort (later Fauresmith) moes reël dat vir elke wyk in hulle distrik en vir elke dorp 'n Volksraadslid gekies word. Bloemfontein kon twee lede kies.³ Op 29 Maart 1854 het die 29 verkose lede te Bloemfontein byeengekom ten einde die eerste verkose Volksraad te vorm. Alle wette en proklamasies sou bly voortbestaan totdat die Volksraad dit nodig sou vind om dit te wysig. Die Volksraad se eerste taak was om 'n grondwet vir die Republiek op te stel. Met die aanname van 'n grondwet in April 1854 het 'n duidelike en omlynde politieke gesag in die Oranje-Vrystaat tot stand gekom wat in die loop van die Republiek se geskiedenis in struktuur en wese nooit

1. Notule van die Raad van Representanten, d.d. 23.2.1854.

2. Ibid.

3. Scholtz, G.D., Die Konstitusie en die Staatsinstellings van die Oranje-Vrystaat 1854-1902 (Amsterdam, 1937), p.3.

sou verander nie.


Die politieke gesag het 'n wetgewende, regterlike, uitvoerende en finansiële funksie in die staatsadministrasie vervul. As sodanig was die gesag bepalend en beherend en gevolglik was alle amptenare aan die gesag ondergeskik. Die politieke gesag en sy verband met die vernaamste hoofamptenare kan skematies soos volg voorgestel word.⁴ Kyk p.32.

Die lyne wat die onderskeie instellings verbind, dui nie noodwendig 'n gesagslinie aan nie en is slegs ter illustrasie. Ook moet onthou word dat die onderskeie ampte dikwels aan mekaar gekoppel was en slegs deur één persoon beklee is. Onder die politieke gesag sal veral op die Volksraad, Uitvoerende Raad en Staatspresident, as hoof uitvoerende amptenaar, gelet word.

1. Die Volksraad.

Die Konstitusie van 1854 het, volgens artikel III, bepaal dat die Volksraad die hoogste Wetgewende gesag sal wees. Volgens artikel XXIX was die Staatspresident aan die Volksraad verantwoording verskuldig en sy handeling was aan appél, na die Volksraad, onderhewig. Die Uitvoerende Raad moes, volgens artikel XLIII, jaarliks van sy verrigtinge aan die Volksraad verslag doen. In die beginjare van die regering was selfs die regbank aan die Volksraad onderhewig. Artikel II van Ordonnansie Nommer 2 van 1854 het bepaal dat teen uitsprake van landkommissies na die Uitvoerende Raad en vandaar na die Volksraad geappeleer kon word. In 1861 is volgens Ordonnansie Nommer 1 die reg om 'n

4. Hoofstuk III, p.46 . Hier is die skematiese voorstelling vir amptenare in die Pos- en Telegraafdepartemente verder, deurgetrek. Sodanige amptenare word ook in die hoofstuk bespreek.



landkommissiesake, na die Volksraad te appelleer, afgeskaf.⁵ Eers in 1864 is die vryheid van die regbank erken, maar die Volksraad het nog steeds 'n wakende oog oor landdroste en later regters gehou ten einde te verhoed dat sy mag op enige wyse ingekort word.⁶

Hoewel die Volksraad hom as oppermagtig teenoor ander regeringsliggame, teenoor sy eie lede en die volk beskou het, was hy tog nie oppermagtig nie „want dit het al sy magte aan die konstitusie ontleen en selfs in die konstitusie was beperkings op die Volksraad gestel.”⁷ Aan die Volksraad is, deur artikel XV van die Konstitusie, mag verleen „om den Staat President en andere Publieke Ambtenaren te oordeelen over Lands verraad, Omkoopery, en andere hooge Misdaden.” Die Volksraad kon ook in sulke gevalle persone vonnis, maar die vonnis kon nie meer wees as „tot afzetting van hun ambt, en tot onbekwaam verklaring om eenigen post onder het Gouvernement ooit weder te bekleeden.” Ten spyte van die mag van die Volksraad kon sulke persone ook nog voor die gewone howe verskyn, ahangende van hul misdaad, en by skuldigbevinding deur sulke howe gevonniss word. Teen die administratiewe handeling van die Staatspresident kon ook, volgens artikel XXXI, na die Volksraad geappelleer word.

Artikel XIII het bepaal dat die Volksraad die bestuur van die land sal reël. Die Volksraad het finaal oor 'n amptenaar se aanstelling, afdanking, diensvoorwaardes, verplasing, salaris,⁸ verlof of pensioen⁹

5. Scholtz, G.D., op. cit., pp.82-83.

6. Ibid., p.67.

7. Ibid., p.68.

8. Ordonnansie Nommer 20 van 1886.

9. Ordonnansie Nommer 13 van 1881.

beslis. Amptenare was „verplicht en gehouden de wetten, besluiten, beslissingen en bevelen van den Volksraad stipt en bovenal te gehoorzamen, en kunnen door den Raad tot verantwoording worden geroepen, hebbende zij tevens beroep op den Volksraad in hoogste instantie, indien zij vermeenen in hunne betrekkingen te zijn verongelykt.“¹⁰

Die verhouding van sogenaamde hoofamptenare teenoor die Volksraad is ook bepaal. Sulke amptenare kon regulasies of instruksies uitreik en die sou, in die eersvolgende sitting, aan die Volksraad vir bekragtiging, wysiging of afkeuring voorgelê word.¹¹ Die amptenare kon ook wetgewing opstel en aan die Staatspresident voorlê. Hy sou dit weer by die Volksraad kon indien. Hoofamptenare soos die Posmeester-generaal¹² en die Bestuurder van die Telegrafief¹³ moes jaarliks rapporte van alle aangeleenthede in hulle kantore aan die Volksraad voorlê. Daarin is ook aanbevelinge in sake uitbreiding, personeel of ander departementele aangeleenthede uiteengesit. Die finale beslissing daar sou egter by die Volksraad berus. Die Volksraad het die Uitvoerende Mag dus in al sy handelinge beheer.

Volgens artikel XI van die Konstitusie sou die Volksraad die finansies van die land reël. Artikel XXV het bepaal dat die Volksraad belastings kon oplê of verminder, staatskuld kon betaal en selfs geld kon leen of oor staatseiendom kon beskik. Artikel 65 van die Reglement van Orde van 1858 het bepaal dat die

10. Ordonnansie Nommer 16 van 1886.

11. Ordonnansie Nommer 22 van 1882.

12. Ordonnansie Nommer 16 van 1886.

13. V.R. 287: Rapport van den Bestuurder van Telegraafen over het Dienst Jaar 1885-1886.

Volksraad jaarliks twee kommissies i.s. finansiële aangeleenthede sou kies. Die een kommissie sou die rekeninge (uitgawes wat werklik aangegaan is) en die ander die begroting ondersoek. Die kommissies sou in 'n verslag hul bevindinge, met aanbevelings, aan die Volksraad voorlê.

In 1878 bepaal die Volksraad dat die uitvoerende Gesag die begroting sou opstel en dat 'n kommissie van die Volksraad dié sou ondersoek.¹⁴ Aan die besluit is egter nie uitvoering gegee nie en in 1883 is bepaal dat die Tesourier-generaal die begroting sou opstel.¹⁵ Deur die rekeninge na te gaan, het die Volksraad beherende mag uitgeoefen. Die werklike uitgawe moes met die opgestelde begroting vergelyk word. Wat finansiële aangeleenthede betref het die Volksraad dus ook oor die finale seggingskap beskik.

Volgens artikel IV van die Konstitusie sou die Volksraad bestaan uit 'n lid van elke Veldkornetskap en uit 'n lid vir elke dorp. Die eerste Volksraad, op die manier saamgestel, het uit 29 lede bestaan. Met die bevolkingstoename moes meer distrikte met hoofdorpe gevorm word. Elke distrik is in wyke verdeel. Elke nuwe dorp en wyk kon dan sy eie Volksraadslid kies. Op die manier het die aantal Volksraadslede so vermeerder dat daar in 1886 reeds 56 lede was.¹⁶

Landdroste het ampshalwe ook sitting in die Volksraad gehad, maar artikel VI het bepaal dat hulle alleen aan die besprekinge kon deelneem sonder stem. Volgens die Reglement van Orde kon die Staatspresident ook die vergaderings bywoon en aan die besprekinge

14. Scholtz, G.D., op. cit., p.76.

15. Ordonnansie Nommer 13 van 1883.

16. Scholtz, G.D., op. cit., p.49.

deelneem. Hy kon die Volksraad met advies bedien, maar het geen stemreg besit nie. „Dikwels is behoefte tydens die besprekinge gevoel om een of ander amptenaar oor 'n saak te ondervra of sy mening te hoor en dan is hy na die Raad toe ontbied onder die reglement van orde.“¹⁷ Deur die gewysigde Konstitusie van 1879 is die bepaling dat landdroste in die Volksraad sitting kon neem, ingetrek. Daarna sou die Volksraad alleen amptenare, wanneer nodig, ontbied ten einde sekerre aangeleenthede toe te lig. Die Staatspresident het egter steeds vrye toegang tot die besprekinge in die Volksraad geniet.

Slegs die Staatspresident en Volkraadslede kon wetgewing indien. Hoewel amptenare ook soms wetgewing opgestel het, moes hulle dit aan die Staatspresident, wat dit by die Volksraad kon indien, voorlê. Sommige hoofamptenare kon ook deur jaarverslae bepaalde behoeftes onder die Volksraad se aandag bring.

Ook die publiek kon, deur die indiening van „memories“, die Volksraad se aandag op bepaalde behoeftes vestig of hulle standpunt oor 'n saak stel.¹⁸

Wetsontwerpe moes minstens ses weke voor 'n Volksraadsitting in die Goewermentskoerant gepubliseer word „behalwe wetsontwerpe, wat opgestel was deur die president of ooreenkomstig 'n besluit van die Volksraad.“¹⁹ Die wetsontwerp is deur drie lesingstadiums geloods. Die Volksraad kon ook 'n kommissie benoem ten einde 'n aangeleentheid te ondersoek.

Besluite is soms as regulasies²⁰ of as ordon-

17. *Ibid.*, p.55.

18. *V.R.N.*: dd. 1.6.1870.

19. *Scholtz, G.D., op. cit.*, p.58.

20. *The Friend*, 23.6.1856. (Regulasies in verband met die Poswese.)

nansies²¹ beliggaam. Wette sou twee maande na die afkondiging krag van wet hê en moes deur die voorsitter van die Volksraad of die Staatspresident onderteken word „behoudens het regt van den Raad, om, in bijzondere omstandigheden, eene kortere of langere tydsbepaling vasttestellen; zullen de Raadsleden elk voor zich, zoo veel mogelyk, de gemaakte Wetten aan hun eigen Publiek bekend en duidelyk maken.”²²

2. Die Uitvoerende Raad.

Die Uitvoerende Raad het uit die landdros van die hoofstad, die Goewermentsekretaris of hulle plaasvervangers en drie nie-amptelike lede deur die Volksraad gekies, bestaan.²³ Nie-amptelike lede was lede wat geen staatsbetrekking waarvoor hy 'n salaris ontvang het, beklee het nie.²⁴ „Wanneer de Landdrost van de Hoofdplaats in eenige zaak, die voor den Uitvoerenden Raad gebragt wordt, ambtshalve zal zijn betrokken geweest, zal de President een ander in zijne plaats mogen aanstellen.”²⁵ Die Staatspresident sou die voorsitter van die Uitvoerende Raad wees en 'n beslissende stem hê.

Die Uitvoerende Raad moes die Staatspresident van „advies en assistentie” bedien.²⁶ Die Staatspresident self het dikwels aangeleenthede na die Uitvoerende Raad, vir advies, verwys.²⁷ Soms het die Volksraad ook aangeleenthede vir ondersoek en beslissing na die Uitvoerende Raad verwys.²⁸ Teoreties het die Uitvoerende Raad dan heelwat mag besit, maar in die praktyk het

21. Ordonnansie Nommer 31 van 1877.

22. Die Konstitusie van 1854, artikel XIII.

23. Die Konstitusie van 1854, artikel XL.

24. Ordonnansie Nommer 1 van 1856, artikel VII.

25. Ordonnansie Nommer 1 van 1856, artikel IX.

26. Die Konstitusie van 1854, artikel XL.

27. V.R.N. : d.d. 8.5.1883.

28. V.R.N. : d.d. 13.6.1884.

dit net beteken dat die Raad advies kon gee en dat die Staatspresident nie verplig was om die advies te aanvaar nie.

Artikel XLII van die Konstitusie van 1854 het bepaal dat die Uitvoerende Raad jaarliks aan die Volksraad verslag van sy verrigtinge moes doen. In die praktyk was die Staatspresident die verslaggewer. Sodoende was die Staatspresident die skakel tussen die Volksraad en die Uitvoerende Raad.

Enige lid van die Uitvoerende Raad sou te enige tyd die reg hê om die „Staat der Finantien, als ook de Boeken te inspecteren.“²⁹ Die Uitvoerende Raad kon onverwagte uitgawes, waarvoor nie begroot is nie, goedkeur³⁰ en moes selfs die betaling op staatsaankope in die buiteland reël.³¹ Daarby is die Uitvoerende Gesag die mag verleen om „in gevallen waarin belastingsschuldigen bepaald onvermogenend zijn, het door hem verschuldigde te voldoen, na gedaan onderzoek, vrijstelling van betaling van hoofdbelasting te verleenen.“³²

Met verloop van tyd het die werksaamhede van die Uitvoerende Raad vermeerder. In die Pos- en Telegraafdepartemente is bepaal dat die Staatspresident, met advies van die Uitvoerende Raad, aan privaat persone of maatskappye toestemming kon gee ten einde telegraaflyne, onder sekere voorwaardes en tariewe, op te rig. So 'n toestemming moes egter deur die Volksraad bekragtig word.³³ Die Uitvoerende Raad moes ook met die Natalse regering, in sake die aansluiting van 'n

29. Die Konstitusie van 1854, artikel XXXIX.

30. Ordonnansie Nommer 16 van 1886.

31. V.R.N.: d.d. 30.6.1880.

32. Ordonnansie Nommer 23 van 1886.

33. Ordonnansie Nommer 9 van 1879.

telegraaflyn, onderhandel;³⁴ moes planne en spesifikasies opstel³⁵ of die tenders van posvervoerkontraktante verkry.³⁶ Die Volksraad het soms selfs administratiewe pligte wat deur amptenare verrig is of verrig moes word, aan die Uitvoerende Raad opgedra.³⁷

Die Uitvoerende Raad was dus 'n administratiewe raad wat net adviserend kon optree. „Dit het wel meegedoen aan wetgewing en die belyning van die politiek in soverre dit adviserend opgetree het, terwyl dit ook die president bygestaan het in sy taak om supervisie uit te oefen in verband met die bestuur van die staat. - - - Daarby het ook gekom dat die Uitvoerende Raad nooit los van die president kon optree nie sodat steeds in gedagte gehou moet word dat die pligte en magte van die Uitvoerende Raad ook 'n deel van die president se pligte en magte was.“³⁸

3. Die Staatspresident.

Artikel XXVI, van die Konstitusie van 1854, het bepaal dat daar 'n Staatspresident sou wees. Die Volksraad sou een of meer persone as presidentskandidate kon aanbeveel, maar die publiek sou die Staatspresident kies. Die Staatspresident sou vir vyf jaar gekies word en was by sy aftrede weer verkiesbaar.³⁹

Die Staatspresident was vir sy uitvoerende bestuurshandelinge aan die Volksraad verantwoording verskuldig en teen sy handelinge, in die staatsdiens,

34. V.R.N.: d.d. 29.11.1879.

35. V.R.N.: d.d. 24.6.1880.

36. V.R.N.: d.d. 2.6.1871.

37. V.R.N.: d.d. 29.6.1881. Die Uitvoerende Raad moes toesien dat elke telegraafkantoor in die Vrystaat Hollandse telegramvorms voorhande het.

38. Scholtz, G.D., op. cit., p.130.

39. Die Konstitusie van 1854, artikels XXVII en XXVIII.

kon na die Volksraad geappelleer word.⁴⁰ Hy moes jaarliks van die toestand in die land en staatsdiens aan die Volksraad verslag doen en die Raad met advies bedien en indien nodig die nodige wetsontwerpe aan die Raad voorlê.⁴¹ Deur sy „aanspraak“ het hy ook leiding aan die werksaamhede van die Raad gegee en so verseker dat hulle tyd nie met onbenullighede verkwis sou word nie. „Hy kon egter nie in die Volksraad stem of veto-reg uitoefen oor wetgewing of besluite wat eenmaal deur die Volksraad goedgekeur is nie.“⁴² Omdat die Staatspresident egter as die leier van die Volksraad opgetree het, het hy „gewoonlik die kuns goed verstaan om sake te stuur soos hy dit gewens het.“⁴³ Hy moes hom nogtans na die meerderheidstem in die Volksraad skik en dienooreenkomstig handel.

Omdat hy egter deur die volk gekies is, het die algemene volkswil by hom meer getel „as 'n besluit of opdrag van 'n blote meerderheid van die Volksraad. So lank die president die openbare mening aan sy kant gehad het, kon hy altyd seker wees van 'n oorwinning op die Volksraad.“⁴⁴ Daar het dus wel botsinge tussen die Staatspresident en die Volksraad voorgekom, maar deur te dreig om te bedank of deur werklik te bedank, het die Staatspresident gewoonlik sy sin gekry,⁴⁵ en so oor die Volksraad geseëvier. Sulke botsinge het egter seldê voorgekom. Soms het die Staatspresident ook tevergeefs die Volksraad tot sy sienswyse probeer beweeg. Die lede het by sulke geleenthede geweier en

40. Die Konstitusie van 1854, artikel XXIX.

41. Die Konstitusie van 1854, artikel XXXI.

42. Van Schoor, M.C.E. en J.J. van Rooyen, Republieke en Republikeine (Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg, 1960), p.143.

43. Scholtz, G.D., op. cit., p.122.

44. Ibid.

45. Ibid., p.94.

die Staatspresident moes hom daarby berus.⁴⁶

Artikel XXIX van die Konstitusie van 1854 het bepaal dat die Staatspresident die hoof van die Uitvoerende Gesag sou wees. Hy sou oor alle staatsdepartemente toesig hou. In die staatsdiens kon hy ook sake reël. Hy moes minstens eenmaal per jaar die dorpe besoek, die kantore nagaan en op die gedrag van die amptenare let.⁴⁷ Die Staatspresident kon ook vakatures in die staatsdiens, wanneer die Volksraad in reses was, vul.⁴⁸ „De Staats President zal het regt hebben om Publieke Ambtenaren te suspenderen.“⁴⁹ Hy kon ook te alle tye die boeke inspekteer.⁵⁰

Die Staatspresident kon self beheer oor die amptenare uitoefen of van die amptenare kon hom behulpsaam wees. Deur die Staatspresident se toesig en beheer oor amptenare, kon hy die staatsdiens koördineer. Dit was noodsaaklik ten einde „die eenheid te bewaar en om oorvleueling van werksaamhede te voorkom.“⁵¹ Die amptenare was ondergeskik en aan die Staatspresident verantwoordelik. Soos wat die Staatspresident se werksaamhede vermeerder het, so het ook hy meer en meer van die dienste van amptenare gebruik moes maak ten einde sy administratiewe taak te verlig.⁵² Deur die jaarlikse verslae van bv. die Posmeester-generaal,⁵³ en die latere Bestuurder van die Telegrafie is die Staatspresident op hoogte gehou van die vordering en behoeftes in die departemente. Amptenare kon ook, teen 'n hoofamptenaar se beslissing,

46. V.R.N. : d.d. 22.5.1885-25.5.1885.

47. Die Konstitusie van 1854, artikel XXX.

48. Die Konstitusie van 1854, artikel XXXIII.

49. Die Konstitusie van 1854, artikel XXXIV.

50. Die Konstitusie van 1854, artikel XXXIX.

51. Fourie, P.C., „Die Administrasie van die Oranje-Vrystaat tot 1859,“ in die Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, deel II, 1963, p.175.

52. Ordonnansie Nommer 2 van 1868, artikel IV.

53. Ordonnansie Nommer 2 van 1868, artikel V.

na die Staatspresident appelleer.⁵⁴ In 1886 is die amptenare se posisie duidelik omskryf en daar is bepaal dat „de Staats President staat aan het hoofd van alle publieke departementen, en alle ambtenaren, geene uitgezonderd, zijn aan Z.HEd. de stipste gehoorzaamheid schuldig.”⁵⁵ Sodoende is die Staatspresident se posisie as hoof van die staatsdiens weer onweerlegbaar bevestig.

Die Staatspresident en die amptenare weer moes die opdragte van die Volksraad uitvoer. Die Volksraad het sodoende die wetgewende en uitvoerende mag oor die amptenare behou. In 1886 is ook bepaal dat „alle ambtenaren zijn verplicht en gehouden de wetten, besluiten, beslissingen en bevelen van den Volksraad stipt en bovenal te gehoorzamen, en kunnen door den Raad tot verantwoording worden geroepen, hebbende zij tevens beroep op den Volksraad in hoogste instantie, indien zij vermeenen in hunne betrekkingen te zijn verongelykt.”⁵⁶

In resestye van die Volksraad is aan die Staatspresident die mag opgedra om amptenare aan te stel of te skors, hul salarisse vas te stel, amptenare te bevorder of te verplaas,⁵⁷ dissipline uit te oefen of 'n amptenaar se pensioensouderdom vas te stel of om ander pligte aan hom toe te wys.⁵⁸ Soms moes die Staatspresident die Uitvoerende Raad se advies in personeelaangeleenthede bekom,⁵⁹ maar die beslissing sou by hom berus. Omdat hy vir sy daade aan die Volksraad verantwoording verskuldig was, sou die liggaam die fi-

54. Ordonnansie Nommer 2 van 1868, artikel VII.

55. Ordonnansie Nommer 16 van 1886, artikel II.

56. Ordonnansie Nommer 16 van 1886, artikel I.

57. Scholtz, G.D., op. cit., p.111.

58. V.R.N. : d.d. 6.5.1879 en 3.6.1879.

59. Ordonnansie Nommer 13 van 1881, artikel VII.

nale seggingskap oor sulke aangeleenthede hê.⁶⁰ Die Volksraad kon dus die Staatspresident tot verantwoording roep⁶¹ en het so die hoogste uitvoerende gesag besit.

Ten opsigte van die Pos- en Telegraafwese is soms spesifieke take aan die Staatspresident opgedra. Hy moes bv. die kleure van die verskillende posseëls bepaal⁶² of tenders vir posvervoer aanvaar.⁶³ Hy kon ook die duur van die kontrak verkort,⁶⁴ vrystelling van posgeld verleen⁶⁵ of telegraaflyne laat aanlê.⁶⁶ In die departemente het die Staatspresident die Volksraad ook voortdurend van die beste raad bedien ten einde die funksionering van die administrasie glad te laat verloop⁶⁷ of ten einde uitbreiding te bewerkstellig.⁶⁸

Dit het ook gebeur dat die Staatspresident 'n aangeleentheid weer na die Volksraad verwys het omdat 'n vorige besluit nie prakties uitvoerbaar was of te veel probleme geskep of te veel klagtes van die publiek ontlok het.⁶⁹ Die Volksraad het dan meestal die wyse leiding van die Staatspresident aanvaar, want hul le het besef dat hy, as gevolg van sy skakeling met die publiek en die amptenare, die beste met die behoeftes bekend was of kon word. Die Volksraad het daarom ook heelwat vryheid aan die Staatspresident toegestaan. So kon hy bv. regulasies in verband met poswissels uit-

60. Ordonnansie Nommer 13 van 1881, artikel X.

61. Van Schoor, M.C.E. en J.J. van Rooyen, op. cit., p.116.

62. Ordonnansie Nommer 2 van 1868.

63. Ordonnansie Nommer 31 van 1877.

64. Ordonnansie Nommer 29 van 1884.

65. Ibid.

66. Ordonnansie Nommer 9 van 1879.

67. V.R.N.: d.d. 28.6.1883.

68. V.R.N.: d.d. 5.5.1884.

69. V.R.N.: d.d. 2.5.1881.

vaardig, verander of wysig.⁷⁰ Daar kan dus gestel word dat die Staatspresident „die hooforganiseerder, asook die personeel- en finansiële bestuurder van die Vrystaat was.“⁷¹

Die verskillende funksies van die Volksraad, Uitvoerende Raad en Staatspresident is wel afsonderlik bespreek, maar in die praktyk het die funksies dikwels ineengevloei en was hulle moeilik te onderskei. Veral ten opsigte van die staatsadministrasie moes daar gedurig onderlinge skakeling wees ten einde 'n modelstaat te kon uitbou. Die Staatspresident was die persoon wat in die beste posisie geplaas was ten einde die skakeling te bewerkstellig en die onderlinge verhouding reg te reël. Die Staatspresident was „tegelyk hoof van die staat en hoof van die regering.“⁷² Hy was inderdaad die skakel tussen die wetgewende en die uitvoerende mag. Na sy leiding en raad het die publiek, amptenare en selfs lede van die hoogste raad, die Volksraad opgesien. Hy kan dus as die bindende faktor in die politieke gesag beskou word. Deur die politieke gesag sou weer alle organisatoriese reëlings getref kon word wat sou help om die staatsadministrasie behoorlik te laat funksioneer.

70. V.R.N.: d.d. 2.5.1881.

71. Fourie, P.C., op. cit., p.187.

72. Van Schoor, M.C.E. en J.J. van Rooyen, op. cit., p.142.

H O O F S T U K I I I

DIE ONTSTAAN EN FUNKSIES VAN DIE AMPTE IN DIE POS- EN TELEGRAAFDEPARTEMENTE.


Die ampte in die Pos- en Telegraafdepartementen kan skematies voorgestel word:¹ Sien bladsy 46.

Die lyne wat die onderskeie instellings verbind, dui nie noodwendig 'n gesagslinie aan nie en word slegs ter illustrasie gebruik. Ook moet onthou word dat die onderskeie ampte dikwels aanmekaar gekoppel was en deur een persoon bekleed is. Al die beherende amptenare is ook nie aangedui nie aangesien hulle soms in ander departemente as selfstandige instellinge beskou is en bv. net finansiële beheer oor amptenare in die Pos- en Telegraafdepartemente uitgeoefen het.²

1. DIE GOEWERMENTSEKRETARIS.

In 1874 skryf die redakteur van De Tijd: „Wat eigenlijk de positie van dien tweeden ambtenaar (Goewermentsekretaris) is, daar hebben wij te vergeefs naar gezocht. Geen wetsbepaling bestaat er waarbij zijne pligten voorgeschreven worden. Alle andere ambtenaren ontleenen hunne positie hetzij aan de constitutie of de eene of andere ordonnantie. Maar de betrekking van Goewernements Sekretaris werd op 15 April, 1854, geschapen volgens Genesis I, v. 3. Of die ambtenaar de eerste klerk is van den President of zijn adjudant (men zou dit bijna denken want hij teekent altijd "bij order")

1. Hoofstuk II, p.32. Die skematiese voorstelling kan by die voorstelling ingeskakel word.
2. Hoofstuk V, pp. 214-222. Hierin word die finansiële amptenare en die beheer wat hulle oor die Pos- en Telegraafamptenare uitgeoefen het, uiteengesit.



dat is niet duidelik." ³

Selfs vandag is dit nog nie duidelik hoe die amp ingestel is nie. Die Goewermentsekretaris was egter 'n vername amptenaar en hy was „benewens die President die hoogste ampsbekteër in die Staatsdiens van die Oranje-Vrystaat." ⁴ Die funksies wat hy moes vervul, is nie presies omskryf nie. In 1854 is bepaal dat die Goewermentsekretaris één van die lede van die Uitvoerende Raad sou wees. ⁵ Die Grondwet van dieselfde jaar en selfs latere wysiginge 1866 en 1879 het net van die Goewermentsekretaris melding gemaak sonder enige omskrywing van sy funksies of bevoegdhede hetsy deur wetgewing hetsy deur die Staatspresident in enige instruksie, behalwe mondeling en daarvan bestaan geen dokumentêre bewys nie.

Die Staatspresident was die hoof uitvoerende amptenaar en ten einde sy verantwoordelikheid te handhaaf „en die daarmee gepaardgaande toesig en beheer uit te oefen, was dit om praktiese oorwegings, noodsaaklik dat hy oor 'n sekretariaat moes beskik om hom behulpzaam te wees." ⁶ Omdat die Staatspresident se pligte so veel en so wyd uiteenlopend was, volg dit dat die Goewermentsekretaris ook daarin sou deel en net so 'n verskeidenheid funksies moes behartig. „Trouens, daar was feitlik geen aspek van die owerheidswerksaamhede waarmee die Goewermentsekretaris nie op een of ander wyse in

3. De Tijd, 27.8.1874. Vgl. ook Scholtz, G.D., Die Konstitusie en die Staatsinstellings, van die Oranje-Vrystaat, 1854-1902, p.112. Scholtz se aanhaling van die bogenoemde is foutief in die sin dat dit nie woordeliks ooreenkom nie en spelfoute bevat.

4. Fourie, P.C., „Die Administrasie van die Oranje-Vrystaat tot 1859," in die Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, deel II, 1963, p.192.

5. V.R.N.: 5.4.1854.

6. Fourie, P.C., op. cit., p.189.

die praktyk gemoeid was nie."⁷

Die Goewermentsekretaris moes soms bv. Volksraadsbesluite laat publiseer⁸ of kennis van die kiesing van 'n Staatspresident, Volksraadslid, veldkommandant of veldkornet ses weke voor die verkiesingsdatum in die Staatskoerant laat publiseer.⁹ Hy moes ook alle Goewermentskennisgewings in die Staatskoerant, soms in ander koerante en selfs oorsee, laat publiseer. Seëls,¹⁰ briefskale,¹¹ stempels,¹² skryfbehoeftes, kantoormeubels en allerlei benodighede vir die Pos- en Telegraafkantore of -amptenare is ook bestel.¹³

Uit die korrespondensie van die Goewermentsekretaris blyk dit dat hy die Staatspresident met amptelike korrespondensie behulpsaam moes wees. Inkomende briewe is gewoonlik aan die Staatspresident voorgelê en hy het dan 'n saaklike aantekening daarop aangebring. Die aantekening is as 'n opdrag aan die Goewermentsekretaris beskou en hy moes dan na aanleiding van die aantekeninge die nodige korrespondensie voer.¹⁴

„Deur sy optrede moes die Goewermentsekretaris bydra tot die bevordering van goeie verhoudings tussen die amptenare en die handhawing van 'n gesonde moraal. Daar is dus nie alleen van hom verwag om 'n goeie insig en 'n gesonde oordeelsvermoë te openbaar nie, maar hy

7. Ibid.

8. Gouvernements Courant van den Oranjevrijstaat, 13.9.1867.

9. Ordonnansie Nommer 1 van 1856.

10. G.S. 1633 : G.S. aan Koloniale Sekretaris, Kaapstad, d.d. Bloemfontein 22.3.1859.

11. G.S. 1633 : G.S. aan Koloniale Sekretaris, Kaapstad, d.d. Bloemfontein 9.8.1859.

12. G.S. 1633 : G.S. aan Koloniale Sekretaris, Kaapstad, d.d. Bloemfontein 7.10.1859.

13. Vgl. G.S. 1635 : G.S. aan Blyth & Co., Londen, d.d. Bloemfontein 7.1.1880. By die geleentheid is telegraaftoerusting bestel.

14. Vgl. G.S. 92 : Landdros Bloemfontein aan G.S., d.d. Bloemfontein 20.12.1855.

moes ook in 'n groot mate eie inisiatief aan die dag lê en oor 'n hoë verantwoordelikeheidsin beskik."¹⁵

Dat die Goewermentsekretaris self gewigtige korrespondensie moes onderneem, laat geen twyfel nie. Hy het met staatshoofde van ander state of met kabinetslede, namens die Staatspresident, gekorrespondeer,¹⁶ of hulle het, deur korrespondensie, met hom in verbinding getree. So was daar ook korrespondensie met die konsuls van oorsese regerings¹⁷ of met die staatssekretaris van naburige state of kolonies.¹⁸ Die Goewermentsekretaris het ook met hoofamptenare van ander state¹⁹ of van die Vrystaat²⁰ gekorrespondeer. Selfs moes ook met buitelandse maatskappye²¹ of met maatskappye in naburige state of kolonies of in die Vrystaat²² gekorrespondeer word. Selfs met die Staatspresident,²³ met privaat persone²⁴ en met naburige naturellehoofde is oor allerlei uiteenlopende aangeleenthede gekorrespondeer.

In die Pos- en Telegraafdepartemente het die Goewermentsekretaris spesifiek oor aangeleenthede rakende die departemente met die bogenoemdes gekorrespondeer. Deur sy noue kontak met die Staatspresident en Uitvoeren-

15. Fourie, P.C., op. cit., p.189.

16. Vgl. G.S. 1635 : G.S. aan Sekretaris van State, Washington, V.S.A., d.d. Bloemfontein 24.4.1873.

17. Vgl. G.S. 1633 : G.S. aan O.J. Truter, Konsul van die Nederlande, Kaapstad, d.d. Bloemfontein, 13.11.1861.

18. Vgl. G.S. 1638 : G.S. aan Staatsekretaris, Pretoria, d.d. Bloemfontein 5.1.1882.

19. Vgl. G.S. 1633 : G.S. aan P.M.G., Kaapstad, d.d. Bloemfontein 26.4.1859.

20. Vgl. G.S. 1554 : G.S. aan P.M.G., O.V.S., d.d. Bloemfontein 23.7.1862.

21. Vgl. G.S. 1638 : G.S. aan Blyth & Co., Londen, d.d. Bloemfontein 13.12.1883.

22. Vgl. G.S. 1635 : G.S. aan Anderson & Co., Port Elizabeth, d.d. Bloemfontein 3.2.1876.

23. Vgl. G.S. 119 : President Brand aan G.S., d.d. Korannaberg 20.3.1867.

24. Vgl. G.S. 106 : H.A.L. Hamelberg aan G.S., d.d. Bloemfontein 6.3.1862.

de Raad was hy gevolglik goed met die bestuur van die staat, met allerlei staatsake en met die die behoefte van die publiek en amptenare vertrouwd. „Dis dan ook geen wonder nie dat gedurende die laaste deel van die bestaan van die Republiek die Goewermentsekretaris steeds aangestel is as waarnemende president.“²⁵

Die Vrystaatse regering moes nie net alle interne organisatoriese reëlings vir die Pos- en Telegraafdepartemente tref nie, maar dikwels moes met buurstate onderhandel word ten einde die organisasie glad te laat verloop. Ook hierin het die Goewermentsekretaris 'n aandeel,²⁶ net soos in nuwe organisatoriese reëlings,²⁷ gehad. In die staatsadministrasie en bestuur was die Goewermentsekretaris as te ware die regterhand van die Staatspresident.

Die Goewermentsekretaris het nie aan die hoof van die Pos- en Telegraafdepartemente gestaan nie en die amptenare in die departemente het ook nie onder sy beheer gestaan nie. Die amp van die Goewermentsekretaris was egter 'n selfstandige afdeling in die staatsdiens. Hy was die Staatspresident behulpsaam en het, as gevolg van die opdragte van die Staatspresident of Volksraad, heelwat met die organisatoriese reëlings in dié departemente te doen gehad. Daarom kan die Goewermentsekretaris ook as die skakel tussen die amptenare of hoofamptenare en die Staatspresident of Volksraad en tussen die publiek en die amptenare of Staatspresident en tussen die publiek en die Volksraad beskou word. Die Goewermentsekretaris het dus belangrike funksies in

25. Scholtz, G.D., *op. cit.*, p.113.

26. Vgl. G.S. 1634 : G.S. aan Koloniale Sekretaris, Natal, d.d. Bloemfontein 4.11.1864.

27. Vgl. G.S. 1634 : G.S. aan Koloniale Sekretaris, Natal, d.d. Bloemfontein 12.7.1867.

die Pos- en Telegraafdepartemente verrig.


Gerieflikheidshalwe kan die amptenare in die Pos- en Telegraafdepartemente in twee afsonderlike afdelings verdeel word nl. die Pos- en Telegraafdepartemente. Dit moet egter beklemtoon word dat dit geen afsonderlike waterdigte afdelings was nie. Daar het dikwels oorvleueling plaasgevind in die sin dat amptenare in sowel die Pos- as Telegraafdepartemente funksies moes verrig.

2. DIE POSBEAMPTES.

Onder hierdie hoof word die funksies van die Posmeester-generaal, posmeesters, assistente, klerke, posagente, poskontraktante, posryers en posdraers betrek. Een persoon het soms meer as een betrekking bekleed en gevolglik het die verskillende ampte mekaar soms oorvleuel. Al die persone was ook nie staatsamptenare nie, want almal het nie direkte besoldiging van die staat ontvang nie, of het nie onder die direkte beheer van die staat gestaan nie. Omdat die persone egter almal met die organisatoriese reëlings van die Posdepartement gemoeid was, word die ampte by die bespreking betrek. Sulke persone sou inderwaarheid in 'n moderne staat onteenseglik deel van die posadministrasie uitmaak.

A. Die Posmeester-generaal.

In die aanvangsjare van die Vrystaatse staatsadministrasie was daar nog geen behoefte aan 'n Posmeester-generaal nie. Buitendien moes die Posdepartement net in die behoeftes van 'n beperkte staatsdiens en 'n paar duisend blanke inwoners voorsien. Langsamerhand het die bevolking vermeerder en derhalwe ook die funksies van die staat en sy amptenare. Ten einde met dié



ontwikkeling tred te hou, het die Staatspresident die noodsaaklikheid van die aanstelling van 'n Posmeester-generaal in die Posdepartement besef. So 'n persoon kon die Staatspresident se administratiewe laste, in die Posdepartement, verlig. Sodoende sou die Staatspresident meer tyd kon vind om aan sy presidentskap af te staan. Op aanbeveling van die Staatspresident besluit die Volksraad derhalwe op 19 Februarie 1856 dat die Staatsprokureur, wat terselfdertyd die amp van Ouditeur-generaal beklee het, ook die amp van Posmeester-generaal sou behartig.²⁸ Sodoende word A.B. Roberts die eerste Posmeester-generaal in die Vrystaat.²⁹ Die betrekking van Posmeester-generaal het op dié stadium nog nie veel van sy ampsbekleër vereis nie en kon hy ook dit saam met die ampte van Staatsprokureur en Ouditeur-generaal behartig.

Die funksies van die eerste Posmeester-generaal is aanvanklik nie duidelik omskryf nie. Hy sou egter heelwat administratiewe aangeleenthede in die Posdepartement, wat vroeër deur die Staatspresident verrig is, moes behartig. Alle amptenare in die Posdepartement is onder sy beheer geplaas, maar die Staatspresident het die hoof uitvoerende amptenaar gebly. Indien die amptenare dus nie met die Posmeester-generaal se beslissinge tevrede was nie, kon hulle na die Staatspresident en daarna na die Volksraad appelleer. Die Posmeester-generaal het ook as skakel tussen sy amptenare en die Staatspresident opgetree. Alle korrespondensie sou as departementshoof deur hom behartig word. Hy het dus korrespondensie van en aan sy amptenare, van en aan die publiek en van en aan die Staatspresident of

28. V.R.N. : d.d. 19.2.1856.

29. Ibid.

Volksraad behartig. Dit is interessant om in laasgenoemde geval daarop te let dat die korrespondensie aan die Staatspresident gewoonlik deur die Goewermentsekretaris, as tussenganger, plaasgevind het.³⁰

Die Posmeester-generaal het alle administratiewe pligte in die Posdepartement met die hulp van sy amptenare verrig. Hy was egter nie by magte om na eie goeddunke te handel nie en moes veral in finansiële aangeleenthede eers die toestemming van die Staatspresident, wat op sy beurt dikwels eers weer van die Volksraad toestemming moes ontvang, verkry.³¹ Die Posmeester-generaal het ook aangeleenthede in die Posdepartement onder die Staatspresident se aandag, vir verbetering of regstelling of uitbreiding, gebring.³² Hy kon tenders veral vir posvervoer, met die Staatspresident se goedkeuring vra en namens die regering sluit.³³ Die Posmeester-generaal moes ook boetes op die posvervoerkontraktant lê, indien die pos nie binne die vasgestelde tyd vervoer is nie. Die kontraktant kon hom egter op die Volksraad beroep en die liggaam of die Uitvoerende Raad kon die bedrag van die boete handhaaf of na bevinding wysig.³⁴ Die Posmeester-generaal kon instruksies aan sy amptenare of vir die publiek se inligting uitreik.³⁵ Hy moes ook seëls vir die poskantore, deur middel van die Goewermentsekretaris, bestel en die verspreiding van die seëls behartig.³⁶ Die Volks-

30. Vgl. G.S. 93 : P.M.G. aan G.S., Bloemfontein, d.d. Bloemfontein 8.3.1856.

31. Vgl. G.S. 93 : P.M.G. aan G.S., d.d. Bloemfontein 1.4.1856.

32. Vgl. G.S. 93 : P.M.G. aan G.S., d.d. Bloemfontein 29.3.1856.

33. Vgl. G.S. 95 : P.M.G. aan G.S., d.d. Bloemfontein 13.10.1856.

34. Vgl. V.R. 164 : Memorie van J.J. Raaff, d.d. Bloemfontein 22.5.1859.

35. Vgl. The Friend, 29.3.1856.

36. Vgl. G.S. 95 : P.M.G. aan G.S., d.d. Bloemfontein 3.3.1857.

raad kon die Posmeester-generaal versoek om die Raad oor posaangeleenthede in te lig,³⁷ of hy moes instruksies van die Raad of die Staatspresident, oor administratiewe aangeleenthede, uitvoer.³⁸ In geval van 'n vakante pos, sou die Staatspresident, met die Volksraad se toestemming of goedkeuring, die betrekking kon laat vul.³⁹ Die Volksraad sou ook die salaris vasstel of verhoog.⁴⁰

In 1860 het A.B. Roberts as Posmeester-generaal opgetree en sy eervolle ontslag van die Volksraad ontvang.⁴¹ Daarna het J. Heijermans die betrekking waargeneem. In 1861 het president Pretorius aanbeveel dat Heijermans as Ouditeur- en Posmeester-generaal aangestel word, maar dat hy ook as Posmeester van Bloemfontein, sonder die hulp van 'n klerk, sou optree.⁴² Die Volksraad keur die voorstel goed, en sodoende word die betrekking van Staatsprokureur 'n selfstandige pos en tewens van dié van Ouditeur- en Posmeester-generaal geskei. Die samevoeging van die betrekkinge van Ouditeur- en Posmeester-generaal en Posmeester van Bloemfontein het 'n interessante situasie laat ontstaan, want as Posmeester-generaal het hy aan alle posmeesters instruksies uitgereik, maar as posmeester te Bloemfontein moes hy sy eie instruksies as Posmeester-generaal uitvoer.

Indien posmeesters in hulle amp nalatig was, kon hulle deur die Posmeester-generaal beboet word.⁴³

37. Vgl. G.S. 1554 : G.S. aan P.M.G., d.d. Bloemfontein 18.8.1859.

38. Vgl. V.R.N. : d.d. 31.7.1860.

39. Vgl. V.R.N. : d.d. 26.2.1862.

40. V.R.N. : d.d. 14.5.1862.

41. V.R.N. : d.d. 4.2.1861.

42. V.R.N. : d.d. 20.2.1861.

43. G.S. 107 : P.M.G. aan G.S., d.d. Bloemfontein 10.1.1863.

Wanneer die Posmeester-generaal ongesteld was, kon 'n waarnemende Posmeester-generaal deur die Staatspresident aangestel word.⁴⁴ Die Posmeester-generaal se werksaamhede het egter met die verloop van tyd so vermeerder dat hyself die Volksraad om klerklike hulp versoek.⁴⁵ In 1865 beveel die Staatspresident aan dat die Posmeester-generaal se taak verlig moet word deur die amp van Posmeester te Bloemfontein van dié van die Posmeester- en Ouditeur-generaal te skei.⁴⁶ Eers in 1866 verleen die Volksraad die nodige verlof aan die Staatspresident om die betrekkinge te skei.⁴⁷ Voortaan sou afsonderlike persone die betrekkinge van Posmeester te Bloemfontein en van Posmeester- en Ouditeur-generaal beklee. Die Posmeester-generaal het voortaan meer tyd kon vind om aandag aan sy amp te bestee, en gevolglik is die amp op 'n veel hefter grondslag geplaas.

Die opvolger van Heijermans was A.D. Voigt. Na sy bedanking in 1868 het J.N. Blignaut tydelik die amp beklee⁴⁸ totdat die Volksraad in 1869 vir H. Sijbouts in die amp aangestel het.⁴⁹

In 1868 is die administratiewe reëlings in die Posdepartement verbeter en o.a. is die funksies van die Posmeester-generaal duidelik omskryf. Artikel vier van Ordonnansie Nommer 2 van 1868 het bepaal dat die Posmeester-generaal te Bloemfontein gevestig sal wees. Hy was belas met die algemene toesig oor alle poskantore in die Vrystaat, met die uitskryf van tenders van

44. G.S. 107 : P.M.G. aan G.S., d.d. Bloemfontein 3.11.1862.

45. V.R. 177 : Brief van P.M.G., d.d. Bloemfontein 29.2.1864.

46. V.R.N. : d.d. 6.2.1865.

47. V.R.N. : d.d. 28.2.1866.

48. The Friend, 28.8.1868.

49. V.R.N. : 18.5.1869.

die posvervoerkontraktante, met korrespondensie aan die Posmeester-generaal van die naburige state en die indiening van voorstelle ter aanvulling of wysiging van dié ordonnansie. Artikel vyf het bepaal dat „hij verpligt zijn jaarlijks voor den 1sten April, aan ZHEd. den Staatspresident een verslag in te leveren omtrent den toestand van het postwezen gedurende het afgelopen jaar.”⁵⁰ Hy het te alle tye toegang tot alle poskantore en kon die posbeampes se boeke of ander dokumente nagaan, of hy kon eis dat dié ter insae aan hom gestuur moet word. Indien aangetekende of ander pos verlore raak, word hy gemagtig om ondersoek in te stel, en ingeval van diefstal, beskadiging of versuim sou hy dit dadelik aan die bevoegde amptenaar rapporteer. „Hij beslist in verschillen bestaande betrekkelijk het postwezen binnen den Staat, tegen welke beslissing partijen by ZHEd. den Staatspresident in beroep kunnen kommen.”⁵¹ Die Posmeester-generaal moes briewe wat vir ses maande onafgehaal in die Vrystaat gelê het, terugstuur na die kantoor van waar die brief volgens die datumstempel kom. Indien die brief geen datumstempel gedra het nie, kon hy dit oopmaak en indien waardeloos, verbrand. Briewe van waarde het hy aan die afsender probeer terugbesorg.

Die Posmeester-generaal kon, met die goedkeuring van die Staatspresident, bepaal waar 'n poskantoor geleë sou wees. Posmeesters moes maandeliks aan die Posmeester-generaal verslag doen, volgens 'n gegewe model, van die hoeveelheid briewe, koerante, boeke en pakkette deur hulle versend en ontvang. Die kantore vanwaar en waarheen asook die bedrag weens onbetaalde

50. Ordonnansie Nommer 2 van 1868, artikel V.

51. Ordonnansie Nommer 2 van 1868, artikel VII.

posgeld van buite die Vrystaat gein, asook in welke mate die posvervoerkontraktante hulle verpligtinge nakom, moes vermeld word. Jaarliks moes die posmeesters 'n jaarstaat en 'n verslag van die Posdepartement in hulle kantoor en ook voorstelle tot verbetering van die Posdepartement aan die Posmeester-generaal voorlê. Kwartaalliks, beginnende op 1 Januarie en elke drie maande daarna, moes 'n staat van alle onafgehaalde pos aan die Posmeester-generaal, vir publikasie in die Staatskoerant, gestuur word. Na ses maande en twee publikasies in die Staatskoerant, kon sulke onafgehaalde pos aan die Posmeester-generaal gestuur word. Indien aangetekende pos vermis is, moes die posmeester dadelik berig daarvan aan die Posmeester-generaal stuur. Die Staatspresident kon, in oorleg met die Posmeester-generaal die vertrektye van die posdienste bepaal. „Postzegels worden op het kantoor van afzending tot herkenning overgestempeld of onbruikbaar gemaakt, op de wijze door den Postmeestergeneraal te bepalen.“⁵²

Hierdie ordonnansie het veel bygedra om helderheid in administratiewe aangeleenthede te skep en so is in 'n lank gevoelde behoefte voorsien. Die amptenare sowel as die publiek het daarna hul bepaalde funksies duidelik besef en kon dienooreenkomstig handel. Verbeteringe sou egter steeds aangebring word ten einde beter of doeltreffender organisatoriese reëlings te tref. In 1868 vra die Posmeester-generaal 'n kommissie om posvervoertenders te ondersoek. Die Staatspresident keur ook die versoek goed en bepaal dat die Posmeester-generaal ook daarin sitting sou hê.⁵³

As gevolg van die voortdurende ontwikkeling

52. Ordonnansie Nommer 2 van 1868, artikel 77.

53. G.S. 124 : P.M.G. aan Staatspresident, d.d. Bloemfontein 7.11.1868.

van die Posdepartement is daar reeds in 1874 gevoel dat toestande die skeiding van die ampte van Ouditeur- en Posmeester-generaal regverdig.⁵⁴ Die Volksraad het egter nie sy weg tot so 'n stap oopgesien nie. Die Raad was van oordeel dat die bekleër van poste voldoende klerklike hulp tot sy beskikking het.⁵⁵

Ter ondersteuning van die stap om die betrekkinge te skei, is in 1877 uitvoerig op die funksies van die Posmeester-generaal gelet. Hy moes posdienste gereeld verander of wysig en op die talle wense en versoeke van die publiek soveel as moontlik ag gee. Hy moes tenders vir posvervoerkontrakte uitmaak en oor die posvervoer voortdurend toesig hou. Posvervoerkontraktante moes vir die posvertraging deur hom beboet word en hy moes daarvan aantekeninge hou. Die toesig van poskantore en hulpposkantore is aan hom toevertrou en hy moes gereeld aan die posmeesters die nodige sirkulêre stuur of in korrespondensie met hulle tree of bly. Die korrespondensie met die Posmeesters-generaal van naburige state is deur hom behartig en daar was baie korrespondensie, o.a. oor teruggehoude kwitansies van aangetekende briewe of oor onvoldoende posgeld. Die Posmeester-generaal moes kennis van alle belangrike aangeleenthede o.a. die vra van tenders aan die publiek, deur die publikasie daarvan in koerante, gee. Hy het die rapport van die kommissie wat die tenders ondersoek het, uitgemaak en daarna die kontrak voltooi en in die poskontrakboek geskryf.

Posmeesters moes maandeliks 'n staat van boetesposgeld instuur en die moes aangeteken en elke drie maande met die lysie van die Kaapkolonie vergelyk word.

54. The Friend, 25.6.1874.

55. V.R.N. : d.d. 30.6.1876.

Postariewe op oorseese briewe is gereeld gepubliseer. Uitgebreide korrespondensie met die regering, posmeesters, kontraktante en die publiek is gevoer. Die Posmeester-generaal moes 'n jaarlikse rapport i.s. die Posdepartement sowel as statistiese gegewens van ontvangde en versende pos opstel. In 1877 het hy ook begin met 'n nuwe ontwerpordonnansie nadat hy baie inligting in dier voege van die Posmeester-generaal van die Kaapkolonie ontvang het.⁵⁶

Met al hierdie funksies van die Posmeester-generaal as bewys kon pres. Brand nog in 1877 die Volksraad versoek om die ampte van Ouditeur- en Posmeester-generaal te skei.⁵⁷ Hierop het die Volksraad die versoek toegestaan.⁵⁸ Voortaan sou die amp van Posmeester-generaal 'n selfstandige eenheid in die staatsadministrasie wees. Die Posmeester-generaal kon dus al sy aandag aan die Posdepartement skenk en hy sou dan ook poog om die departement nog beter te organiseer.

Ordonnansie Nommer 31 van 1877 het Ordonnansie Nommer 2 van 1868 herroep. Ten opsigte van die Posmeester-generaal is slegs geringe wysiginge aangebring. In verband met onafgehaalde pos van die buitenland afkomstig, is bepaal dat sodanige pos na die Posmeesters-generaal van die naburige state en pos van ander wêrelddele na die Posmeester-generaal van die Kaapkolonie teruggestuur sou word. Posmeesters kon, indien hulle nie die voorskrifte van die Posmeester-generaal nakom nie, met hoogstens £5 sterling beboet word. Aan die Posmeester-generaal is ook meer mag oor posvervoerkontraktante gegee en daar is o.a. bepaal dat hulle nie

56. G.S. 145 : P.M.G. aan Staatspresident, d.d. Bloemfontein 15.12.1877.

57. V.R.N. : d.d. 8.5.1877.

58. V.R.N. : d.d. 15.5.1877.

die pos sonder toestemming of alleen weens onvoorsiene omstandighede, bv. as 'n poskar breek, van een kar na 'n ander onderweg mag oorlaai nie. Vir so 'n oortreding en vir possakke, pospakkette of ander pos wat deur hulle verlore laat raak is, kon 'n kontraktant met hoogstens £5 sterling beboet word. Die Posmeester-generaal kon a.g.v. pligsversuim of omdat die perde of karre nie vir posvervoer geskik is nie, die kontrak kanselleer. Die kontraktante moes ook twee borge van minstens £500 sterling aan die Posmeester-generaal voorsien.⁵⁹

Hoewel Ordonnansie Nommer 31 van 1877 Ordonnansie Nommer 2 van 1868 saamgevat en aangevul het, was die nuwe ordonnansie nog ver van volledig. Steeds is daarna getrag om verbeteringe aan te bring. The Friend kon daarom ook van mnr. W.H. Canisius, die opvolger van H. Sijbouts as Posmeester-generaal, berig: „A grievance has only to be pointed out, and Mr. Canisius immediately sets to work to remedy it. We thank him on behalf of the community for accelerating postal communication between us and our neighbours beyond the Vaal.”⁶⁰ Hierdie Posmeester-generaal het die langste ononderbroke die amp van Posmeester-generaal bekleed van 1871 tot 1881. W.H. Canisius is weer deur B. van der Karst as Posmeester-generaal opgevolg.⁶¹ Laasgenoemde sou die amp bekleed tot die ampte van Posmeester-generaal en Bestuurder van die Telegrafie saamgevoeg is.

Gaandeweg het die Posmeester-generaal dus al hoe meer die administratiewe las van die Staatspresidi-

59. Vgl. Ordonnansie Nommer 31 van 1871.

60. The Friend, 16.5.1878.

61. V.R.N. : 11.5.1882.

dent in die Posdepartement verlig deur take te vervul wat vroeër aan die Staatspresident opgedra was. Ook die Volksraad het vroeëre presidensiële take aan die Posmeester-generaal opgedra. So is laasgenoemde bv. in 1883 gelas om die posvervoer tussen Bloemfontein en Hoopstad tot die gerief van die inwoners van Hoopstad te reël.⁶² Daaruit blyk ook dat steeds getrag is om nuwe dienste of bestaande dienste tot groter voordeel van die publiek in te rig. Die Posmeester-generaal het in die aanbring van verbeteringe 'n belangrike rol gespeel. In 1883 versoek hy bv. die bestelling van poskaarte,⁶³ en skale om pakkette te weeg.⁶⁴ Soms het hy ook met buitengewone probleme te doen gekry en moes reëlings tref om dié te bekamp. Waterpokkies het hom bv. genoodsaak om net aan die posmeesters in die epidemiestreke instruksies uit te reik, sodat hulle in die streke die pos kon ontsmet.⁶⁵

Ordonnansie Nommer 29 van 1884 het Ordonnansie Nommer 31 van 1877 herroep. Volgens die nuwe Ordonnansie kon die Posmeester-generaal, sonder koste vir die staat, posagentskantore open waar hy dit as noodsaaklik beskou.⁶⁶ Hy kon instruksies uitreik i.v.m. die ontvangs, opmaak en versending van pos en die aantekening van briewe. Hy kon ook die administratiewe prosedure bepaal. Geen skadevergoeding kon teen die Posmeester-generaal weens die verlies of vertraging van pos ingestel word nie.⁶⁷ Daardeur is die Posmees-

62. V.R.N. : d.d. 4.7.1883.

63. G.S. 165 : P.M.G. aan G.S., d.d. Bloemfontein 25.7.1883.

64. G.S. 165 : P.M.G. aan G.S. , d.d. Bloemfontein 19.9.1883.

65. G.S. 1519 : President Brand aan Kaptein Blyth, agerende "Governors Agent" te Basoetoland, d.d. 20.12.1883 en The Friend, 21.8.1884.

66. Ordonnansie Nommer 29 van 1884, artikel 4.

67. Ordonnansie Nommer 29 van 1884, artikels V en VII.

ter-generaal se posisie ook wettiglik beveilig en hoef hy nie meer met die vrees van 'n moontlike hofsaak te geleef het nie. Hy het ook meer administratiewe mag bekom deurdat hy die administratiewe prosedure in verband met sy amptenare kon bepaal.

Vanweë talle faktore was die Posdepartement aan voortdurende verandering onderhewig. Met dié faktore moes gedurig rekening gehou word ten einde uitbreiding of verbetering te bewerkstellig. Die Posmeester-generaal was die aangewese persoon om deur middel van sy jaarverslag sulke veranderinge of verbeteringe onder die Volksraad se aandag te bring. So het hy in 1886 bv. aanbeveel dat die poswisselstelsel ook na die kleinere poskantore uitgebrei word.⁶⁸

As gevolg van die ontwikkeling van die Telegraafdepartement in die Vrystaat is gevoel dat deur 'n vereniging van die Pos- en Telegraafdepartemente koste bespaar sou word. Dieselfde geboue en amptenare kon vir beide afdelings gebruik word. In 1885 word dus besluit om die betrekkinge van Posmeester-generaal en Bestuurder van die Telegrafie te verenig.⁶⁹ A.C. Howard was die eerste persoon om die verenigde betrekkinge te beklee.⁷⁰ Deur die vereniging is 'n nuwe tydvak in die Pos- en Telegraafdepartemente ingelui. Die vereniging het ook nuwe funksies vir die Posmeester-generaal gebring, want hy was daarna ook vir die administrasie van die Telegraafdepartement verantwoordelik. Hy sou ook die skakel tussen dié departement en die Staatspresident wees. Laasgenoemde weer het met die Volksraad geskakel. Die Posmeester-generaal moes ook as

68. V.R. 287 : 'n Rapport van den Post Meester Generaal O.V.S. voor het Dienst Jaar 1885-1886.

69. Vgl. Ordonnansie Nummer 21 van 1885.

70. V.R.N. : d.d. 5.5.1886.

skakel tussen die publiek en die Telegraafdepartement dien. Omdat die telegrafie gespesialiseerde kennis vereis het, moes die bekleër van die amp van Bestuurder van die Telegrafie ook die nodige telegrafiese agtergrond besit. A.C. Howard het wel so 'n agtergrond gehad. Die samesmelting van die Pos- en Telegraafdepartemente het ook die funksies of administrasie in die departemente vereenvoudig, en gevolglik die Posmeester-generaal en Bestuurder van die Telegrafie baie in sy taak gehelp.

B. Die Posmeester, assistente en klerke.

Met die ontstaan van die Vrystaatse Republiek in 1854 het die nuwe regering die posdienste van die Soewereiniteitsregering oorgeneem.⁷¹ Met die oornamewas die aantal posbeamptes, gesien in die lig van die beperkte posdiens, uiters gering. Daar was slegs enkele posmeesters om die administratiewe funksies te vervul. Alleen die posmeesteres te Bloemfontein⁷² en die posmeester te Winburg het 'n salaris van die Soewereiniteitsregering ontvang. Heel waarskynlik was daar ook posmeesters te Harrismith, Sannah's Poort (later Fauresmith) en Smithfield onder die Soewereiniteitsregering. In die pioniersjare van die Vrystaatse regering het die Landdrosklerke die funksies van posmeesters behartig. Dié klerke het onder die toesig van die Landdros gestaan,⁷³ en was op die amptelike benaming van posmeester geregtig.⁷⁴

71. G.S. 1510 : Proklamasie van 23 Februarie (geen jaartal of bladsy nie).

72. T.G. 2/1/4 : Salaris van die posmeesteres te Bloemfontein, Oktober-Desember 1853, d.d. Bloemfontein 31.12.1853.

73. V.R.N. : d.d. 12.9.1854.

74. G.S. 91 : P.M. Bloemfontein aan G.S., d.d. Bloemfontein 9.7.1855.

Gedurende die aanvangsjare van die Vrystaatse Republiek was daar geen behoorlike administratiewe instruksies of reëlins met betrekking tot posmeesters nie. President Boshof het ook daarop gewys dat dit die amptenare se werk bemoeilik, want elke amptenaar poog daarom om self sy eie weg te vind.⁷⁵ Omdat daar eenvormigheid in die handelinge van die posmeesters ontbreek het, het dit die administrasie van die posdiens bemoeilik. Die werkzaamhede het egter geleidelik vermeerder en te Bloemfontein, die hoofstad en middelpunt van die staat se posdienste, is besef dat die landdros met te veel verpligtinge opgesaal sit. In 1856 het die Staatspresident dan ook aanbeveel dat die Staatsprokureur voortaan die pligte van Ouditeur- en Posmeester-generaal op hom sou neem en dat sy klerk ook die posmeesterskap van Bloemfontein sou beklee.⁷⁶ In 1859 word die tweede klerk van die Staatsprokureur posmeester te Bloemfontein.⁷⁷ Die Posmeester-generaal was die hoofamptenaar in die Posdepartement en alle posmeesters het onder hom gestaan. Die posmeesters kon egter teen die beslissinge van die Posmeester-generaal na die Staatspresident of Volksraad in hoër beroep gaan.

In 1859 besluit die Volksraad dat die landdrosklerke te Winburg, Smithfield en Fauresmith elk £15 per jaar bykomend sou ontvang, omdat hulle ook die betrekkinge van posmeesters behartig het. Die landdrosklerke te Harrismith, Kroonstad en Philippolis het egter geen bykomende vergoeding vir hulle dienste as posmeesters ontvang nie.⁷⁸

75. V.R.N. : d.d. 4.2.1856.

76. V.R.N. : d.d. 4.2.1856.

77. V.R.N. : d.d. 1.3.1859.

78. V.R.N. : d.d. 18.2.1859.

Deur die regulasies van 1856 is die funksies van die posmeester vir die eerste keer omskryf. So-doende is gepoog om eenvormigheid in die posadministrasie te verkry.

Die posmeester sou die volgende funksies moes behartig: die poskantore moes daaglik, behalwe Sondag, van 9 vm. tot 3 nm. vir die ontvangs en uitgee van pos oop wees. Indien die pos tussen 3 nm. en 7 nm. aankom, sou die posmeester, nadat die pos gesorteer is, die poskantoor vir minstens een uur oophou ten einde pos uit te deel. Daar was 'n vasgestelde porto vir pos en die posmeester moes die pos en die vasgestelde vooruitbetaalde porto daarop ontvang en na die bestemming versend. Daar is ook aangedui welke staatsamptenare pos „In Diens" kon stuur. Die posmeester moes elke posstuk merk met die naam, plek en datum van ontvangs en versending. Verder moes hy maandeliks aan die Posmeester-generaal die hoeveelheid briewe, koerante, ens., deur hom ontvang of versend en die bedrag aan posgeld ontvang, rapporteer. Kwartaal~~lik~~ moes 'n staat, aantonende die onafgehaalde pos, deur die posmeester aan die Posmeester-generaal gestuur word. Die posmeester moes 'n poslys, in triplikaat, vir alle pos van een poskantoor na 'n ander versend, invul. Twee vorms sou met die pos gaan en een afskrif moes deur die posmeester bewaar word. Onder aan die poslys moes hy die bedrag aan porto ontvang en nog betaalbaar, aantoon. Aangetekende pos moes in 'n boek aangeteken en 'n duplikaat kwitansie aan die afleweringposmeester gestuur word. Aan die afsender sou ook 'n kwitansie, deur die posmeester, voorsien word. Die posmeester sou aangetekende pos alleen aan die geadresseerde aflewer nadat lg. die kwitansie geteken het. Daarna sou die posmees-

ter, met die eerste beskikbare pos, die genoemde kwitansie aan die versendingsposmeester terugstuur. Die duplikaat moes egter deur die posmeester, wat die aange tekende pos afgelewer het, bewaar word.

Die posmeester moes alle pos, volgens adres, in afsonderlike pakkette opmaak, verseël en aan die bestemmingsposmeester, met 'n poslys in duplikaat, stuur. Die adres op sodanige pospakkette moes duidelik wees. 'n Getekende poslys moes na die versendingsposmeester teruggestuur en die ander poslys deur die ontvangde posmeester bewaar word. Die posmeester moes boekhou van alle posgeld deur hom ontvang en hy moes maandeliks 'n ware kopie daarvan, met die nodige fakture, aan die Posmeester-generaal stuur. Die Landdros moes genoemde dokumente sertifiseer en teken. Geld moes weekliks gestort word. Aan die posmeester te Bloemfontein is egter toestemming verleen om geld maandeliks by die Tesourier-generaal te stort.

In verband met die aankoms- en vertrektye van die verskillende posdienste en ander regulasies, moes die posmeester hom hou aan die instruksies wat hy van tyd tot tyd sou ontvang, indien dit nie strydig met dié regulasies was nie. Vir pligsversuim kon posmeesters met hoogstens £5 sterling, deur die Posmeester-generaal, beboet word.⁷⁹

Posmeesters is deur die Staatspresident, met die goedkeuring van die Volksraad, aangestel. Indien die Volksraad nie 'n aanstelling wou goedkeur nie, kon dié liggaam sy eie aanstelling doen. Die Volksraad kon posmeesters ook ontslaan of die posmeesters kon hul ontslag self van die Volksraad aanvra.⁸⁰

79. The Friend, 23.6.1856. (Regulasies in verband met die Posdepartement).

80. V.R.N. : d.d. 3.3.1859.

In 1861 is weer 'n verandering in die ampsbekleëding by die Bloemfonteinse poskantoor aangebring. Die verandering het veroorsaak dat die Ouditeur- en Posmeester-generaal ook posmeester van Bloemfontein sou wees.⁸¹ Die ampte is aan een persoon toevertrou ten einde koste te bespaar en omdat J. Heijermans bewys het dat hy die ampte wel kon behartig.⁸² J. Heijermans se hoofkwartier, as Posmeester-generaal, en as posmeester van Bloemfontein sou te Bloemfontein wees. Deur sentralisasie toe te pas kon hy dus beide ampte beklee. Buitendien het hy as Posmeester-generaal nog nie soveel funksies behartig as wat die posmeesterskap van hom vereis het nie. Die ontwikkelingstadium van die Posdepartement en staatsadministrasie het dit ook vir hom moontlik gemaak om beide betrekkinge te beklee. Eers later sou die dienste so uitgebou word dat die betrekkinge geskei moes word. Onder die omstandighede het die posmeester hom goed van sy taak gekwyt en sou The Friend hom vir sy dienste loof.⁸³

Verskeie faktore o.a. bevolkingsvermeerdering en vermeerdering van die handel het die Staatspresident genoodsaak om in 1865 aan te beveel dat die amp van posmeester te Bloemfontein van die amp van Ouditeur- en Posmeester-generaal geskei word.⁸⁴ Die Volksraad het egter nie voor 1866 sy weg oopgesien om aan die versoek te voldoen nie. By die geleentheid is die amp van posmeester te Bloemfontein aan die van privaat sekretaris van die Staatspresident en sekretaris van die Uitvoerende Raad gekoppel.⁸⁵

81. V.R.N. : d.d. 20.2.1861.

82. V.R.N. : d.d. 4.2.1861.

83. The Friend, 8.8.1862.

84. V.R.N. : d.d. 6.2.1865.

85. V.R.N. : d.d. 22.5.1866.

Die Basoeto-oorloë sou vir die Posdepartement probleme besorg wat besondere aanpassinge geverg het. Só is die posmeesters gelas om pos aan persone in en aan die grense van Basoetoland terug te hou tot ná die oorlog.⁸⁶ Selfs die Posmeester-generaal het 'n poging aangewend om pos in die gevaarstreke nl. tussen Winburg en Kroonstad te vervoer, maar ook hy moes om-draai. Hy het daarna versoek dat gewapende begelei-ding aan posryers in die gevaarstreke, verleen word so-dat sommige posstukke tog vervoer kon word.⁸⁷ Daarna moes posmeesters op die grensdorpe sodanige begeleiding vir die posryers reël.

Ordonnansie Nommer 2 van 1868 het die funksies van posmeesters nog duideliker omlin. Daarin is bepaal dat die posmeester geen pos van 'n posvervoer-kontraktant sal aanneem nie, tensy dié van 'n poslys voorsien is waaruit dit blyk dat die porto vooruit betaal is. Die posmeester moes die pos, vir versending na die bestemming, self aan die posvervoerkontraktant of sy posryer oorhandig. Die Posmeester-generaal sou die reg hê om die boeke en ander dokumente van die posmeesters na te gaan. Teen 'n uitspraak van die Posmeester-generaal kon posmeesters na die Staatspresident appelleer.

Wanneer die posmeester pos van die posvervoer-kontraktant ontvang, m.a.w. wanneer die pos aangekom het, moes die posmeester die poskantoor sluit ten einde die pos te sorteer. Wanneer die pos vir uithandiging gereed is, moes hy 'n klok, as kennisgewing dat die pos vir die publiek gereed is, lui. Pos sou alleen aan die

86. G.S. 114 : Staatsprokureur aan Staatspresident, d.d. Bloemfontein 1.12.1865.

87. G.S. 118 : P.M.G. aan G.S., d.d. Bloemfontein 31.1.1866.

geadresseerde of sy gevolmagtigde verteenwoordiger oorhandig word. Indien so 'n persoon nie aan die posmeester bekend was nie, kon hy eis dat so 'n persoon homself moet identifiseer. Op posdae, met ander woorde dae wanneer pos deur die posvervoerkontraktant vervoer sou word, moes die poskantoor op 'n vooraf bepaalde tyd gesluit word. Aangetekende pos moes op posdae voor 11 vm. by die posmeester ingehandig word.

Te Bloemfontein was 'n posmeester, maar in die ander dorpe sou landdrosklerke die funksies van posmeesters behartig. Op ander plekke kon poskantore ook opgerig word en die posmeesters aldaar sou 'n vergoeding vir hulle dienste ontvang indien hulle nie reeds gesalarieerde staatsamptenare was nie.

Alle pos sou deur die posmeester met die naam van die poskantoor en datum van ontvangs en versending gemerk word. Posmeesters sou vir die doel die nodige stempels ontvang. Posmeesters kon onder spesiale omstandighede bv. as die pos van ander poskantore nog moet aankom, die posvervoer verdraag mits so 'n verdrag nie die ander gereelde posvervoerdienste sou ontwrig nie. Buite aan die poskantoordeur of aan briewebusse moes die posmeesters 'n plakkaat heg waarop die tye van die aankoms en vertrek van die verskillende posdienste aangetoon is. Aan die posryer moes 'n brief, waarin die aankoms- en vertrektye van die pos aangeteken is, deur die posmeester oorhandig word.

Die posmeester moes sorg dat alle posinstruksies behoorlik deur sy amptenare of die publiek nagekom of uitgevoer word. So was daar bv. instruksies in sake drukwerk, amptelike pos, aangetekende pos, posbusse en seëls.⁸⁸

88. Ordonnansie Nommer 2 van 1868.

In 1869 is die ampsbekleëding van die Bloemfonteinse poskantoor weer verander deur te bepaal dat die Administrateur van die Beleeningsfonds ook posmeester sou wees.⁸⁹ Die funksies van die posmeester te Bloemfontein was dus nog nie so groot in omvang dat dit al die aandag van één persoon vereis het nie. Toe daar wel 'n vermeerdering van werksaamhede plaasgevind het, is die betrekkinge nie geskei nie, maar daar is in 1870 gereël dat hy bykomende klerklike hulp sou ontvang.⁹⁰

By ander poskantore het dit nog slegter met die posmeesters gegaan. Te Rouxville bv. het die Posmeester-generaal persone genooi om teen £10 per jaar, vir kantoor- en skryfbehoeftes uitgawe, posmeester te word. Hieroor berig The Friend: „it would of course be worth £10 a year to find even a small office for above purpose therefore applicants must be prepared to give their services gratuitously, or pro bono publico. Doubtless some public spirited individual will be found for the post.“⁹¹ Boonop moes posmeesters oor die algemeen hard werk, want „they can hardly spare an hour or two to attend church on Sundays.“ Ook kon hulle nie vakansiedae rustig tuis ontspan nie, want „they are always watching, receiving, sorting, delivering, and despatching.“⁹²

Min posmeesters is vooraf vir hulle taak opgelei en soms was 'n posmeester ook nie vir die taak opgewasse nie. Te Pniel bv. het die posmeester nie te goed gevaar nie en daarop het J.J. de Villiers die organisatoriese reëlins verbeter deur vergroting van „the

89. V.R.N. : d.d. 18.5.1869.

90. V.R.N. : d.d. 4.6.1870.

91. The Friend, 7.10.1869.

92. The Friend, 19.4.1877.

building, divided the labour, and facilitated the means for the more speedy delivery of letters and papers by making three or four distinct offices for such delivery."⁹³ Hierna was daar 'n merkbare verbetering in die diensgehalte van die poskantoor te bespeur.

As gevolg van die karige besoldiging moes posmeesters soms 'n ander betrekking by die posmeesterskap beklee of hulle moes 'n ander inkomste verkry. Te Smithfield bv. was die posmeester ook posvervoerkontraktant. Die toedrag van sake het 'n ongesonde toestand laat ontstaan, want as posmeester kon hy probeer reël dat die posvervoerkontraktant nie die blaam vir die vertraging van die pos dra nie. Hy het gevolglik gepoog om boete vir posvertraging te ontduik,⁹⁴ terwyl die oorspronklike funksie van die posmeester juis was om 'n wakende oog oor die dienste van die posvervoerkontraktant te hou. Hy sou dus nie teen homself optree nie. Sulke probleme kon alleen opgelos word, indien die posmeesters 'n bestaanswaardige besoldiging ontvang het en gevolglik nie hulle inkomste op ander maniere moes aanvul nie.

Na die ontdekking van diamante het die werksaamhede van die Posdepartement geweldig vermeerder. Die Diamantvelde het nie net bevolkingsvermeerdering nie, maar ook 'n lewendige mark tot gevolg gehad. Gevolglik is meer pos daarheen versend en daarvandaan ontvang. In 1871 moes die posmeester te Pniel bv. al drie assistente hê om hom met sy ampspligte behulpzaam te wees,⁹⁵ en te Bloemfontein is daar benewens 'n pos-

93. The Friend, 5.1.1871.

94. V.R.N. : d.d. 10.5.1871.

95. V.R.N. : d.d. 2.6.1871.

meester ook 'n assistent-posmeester aangestel.⁹⁶ Die vermeerdering in posvolume- en poswerkzaamhede het nie net in die Diamantvelde en Bloemfontein voorgekom nie, maar die verskynsel het hom oor die hele Vrystaat laat geld.⁹⁷ Ten spyte van die werkvermeerdering het sommige posmeesters nog geen bestaanswaardige salaris ontvang nie en moes hulle gevolglik nog steeds ander betrekkinge bly beklee. Te Rouxville bv. was die Landdros ook posmeester⁹⁸ en te Reddersburg was die vrede-regter posmeester.⁹⁹ As gevolg van die ongesonde toedrag van sake en die werkvermeerdering pleit The Friend in 1875 dat die Posdepartemente tot 'n selfstandige departement in die staatsdiens verhef word.¹⁰⁰

In 1875 besluit die Volksraad egter dat die werksaamhede te Bloemfontein van die posmeester sodanig vermeerder het dat die betrekking van Administrateur van die Beleeningsfonds van dié van posmeester geskei moet word.¹⁰¹ Sodoende is aan die posmeester te Bloemfontein die nodige erkenning vir sy werksaamhede verleen, en het die posmeesterskap tot 'n selfstandige amp ontwikkel. Die posmeester te Bloemfontein kon daarna al sy tyd en energie uitsluitlik aan die poskantoor wy. Steeds het die Volksraad getrag om die Posdepartement so te verbeter dat dit die bes moontlike diens aan die publiek sou lewer. Só besluit die Volksraad dat die posmeester te Harrismith verplaas sou word as gevolg van klagtes teen hom.¹⁰² Soms het 'n poskantoor nie langer sy bestaan geregverdig nie en

96. V.R.N. : d.d. 7.6.1872.

97. Vgl. V.R. 203 : Memorie van P.M. Zandrivier (ongedateerd).

98. V.R.N. : d.d. 8.6.1872.

99. V.R.N. : d.d. 6.6.1874.

100. The Friend, 21.1.1875.

101. V.R.N. : d.d. 15.6.1875.

102. V.R.N. : d.d. 19.5.1876.

het die Volksraad sodanige posmeesterskap afgeskaf.¹⁰³

Ordonnansie Nommer 31 van 1877 het Ordonnansie Nommer 2 van 1868 herroep. Die borgakke van posmeesters is daardeur verander en hulle moes hoogstens £200 i.p.v. die vroeëre £100 voorsien. Op Sondag en feesdae moes die posmeesters, na die aankoms van die pos, die poskantoor vir 'n uur oopmaak ten einde pos uit te deel. Indien die pos saans na 9 nm. aankom, sou dit die volgende oggend om 7 vm. uitgedeel word. Indien die pos voor 7 vm. versend moet word, sou die poskantoor, vir ontvangs van die pos vir die bepaalde posdiens, die vorige aand sluit. Met ander vertrektye sou die pos een uur voor die vertrek van die pos sluit ten einde die posmeester die geleentheid te bied om die pos op te maak. Pos wat wel gedurende so 'n sluitingstyd gepos word, sou met die volgende pos gestuur en met die woorde „te laat" gemerk word. Die posmeester moes ook toesien dat geen possak of pospakket in die poskar agterbly nie. Indien die poskar nie binne 'n uur na die vasgestelde vertrektyd van die pos vóór die poskantoor was nie, sou die posmeester die reg hê om 'n kar, perde en drywer te huur en die koste teen die posvervoerkontraktant te debiteer. 'n Posmeester moes die posryer van 'n gedrukte pospas, waarop die vertrek- en aankomstye by die poskantoor aangeteken is, voorsien. Posmeesters moes ook toesien dat die publiek en amptenare alle instruksies in sake pos nakom.¹⁰⁴

As gevolg van die toename in posvolume en -werkzaamhede¹⁰⁵ het die Staatspresident die Volksraad in 1879 versoek dat die posmeesterskap van die land-

103. Vgl. V.R.N. : d.d. 19.6.1876.

104. Ordonnansie Nommer 31 van 1877.

105. Vgl. V.R. 221 : P.M. Harrismith aan die V.R., d.d. 23.4.1878.

drosklerke weggeneem moet word, maar die versoek is afgekeur.¹⁰⁶ By sommige poskantore moes egter vir die werksvermeerdering spesiale voorsiening gemaak word en is klerklike hulp aan die posmeesters voorsien.¹⁰⁷ In 1881 versoek die Staatspresident weereens tevergeefs dat posmeesterskappe van die ampte van landdrosklerke geskei word. Hy wou ook bespaar deur, waar moontlik, telegrafiste as landdrosklerke aan te stel.¹⁰⁸ In 1883 volg daar nog 'n stroom versoeke om klerklike hulp of salarisverhogings.¹⁰⁹ Daarop besluit die Volksraad om die Staatspresident te versoek om, waar moontlik, die ampte van telegrafiste en posmeesters, maar los van die amp van landdrosklerke, te verenig.¹¹⁰ Daardeur is aan 'n lank gevoelde behoefte in die Posdepartement gehoor gegee, want dit het tot die skeiding van die ampte van posmeesters van die van landdrosklerke gelei. Die samesnoering van die ampte van telegrafiste en posmeesters was ook die begin van die latere samesnoering van die Pos- en Telegraafdepartemente. Ongelukkig kon die samesnoering van die ampte van telegrafiste en posmeesters net op sommige dorpe, waar daar telegraafkantore was en waar die werksaamhede van die telegrafiste die bekleding van 'n bykomende amp moontlik gemaak het, plaasvind. 'n Algemene skeiding van die ampte van posmeesters en landdroste was dus net nie moontlik nie. Op kleiner dorpe het die neiging egter bestaan om die betrekking van posmeester aan dié van vrederegter en registrateur, van die periodieke hof van die dorp, te koppel.¹¹¹

106. V.R.N. : d.d. 6.5.1879 en 3.6.1879.

107. V.R.N. : d.d. 28.6.1879, 12.6.1882 en 27.6.1882.

108. V.R.N. : d.d. 2.5.1881.

109. V.R.N. : d.d. 28.6.1883.

110. V.R.N. : d.d. 28.6.1883.

111. Vgl. V.R.N. : d.d. 22.5.1883- 23.5.1883.

Die instelling van nuwe dienste in die Posdepartement het gevolglik nuwe funksies meegebring en bykomende eise aan die posmeesters gestel. Alle posmeesters was nie altyd met die nuwe funksies vertrouwd nie of kon dit nie reg toepas nie. Daarom berig The Friend „onze postambtenaren in de buitensteden vinden het uitvoeren van postwissels, een taak waarbij hunne kennis te kort schiet. Wij vernemen, dat, gedurende de laatste week, het advies bericht van verschillende wissels, die niet behoorlijk uitgemaakt waren, naar de kantoren van uitgifte teruggezonden moesten worden, en dat, diensgevolge, de ontvangers van Postwissels onverrichter zake terug moest keeren.“ 112

Die Posmeester-generaal het ook getrag om eenvormigheid in die administratiewe reëlings in die Posdepartement te verkry en reik daarom in 1883 'n sirkulêre uit waarin hy die posmeesters versoek om vanaf 1 Julie 1883 die volgende boeke te gebruik: 'n poslysboek vir oorsese pos en 'n boek vir oorsese aangetekende pos. Om misverstand uit die weg te ruim, het die Posmeester-generaal in elke boek wat hy aan die posmeesters gestuur het, die eerste blad as voorbeeldblad voltooi. Sodoende kon die posmeesters presies sien hoe die boeke ingevul, gedateer en geteken moes word. Die oorspronklike blad moes in die poslysboek bly, terwyl twee kopieë saam met die pos na Kaapstad gestuur moes word. Die posmeester te Kaapstad moes een van die kopieë teken en terugstuur. Indien laasgenoemde poslys nie ingevul, gedateer, geteken of nie ingevul is nie, moes die posmeester die lys met 'n bygaande verslag met die eerste beskikbare pos aan die Posmeester-generaal stuur. Onbetaalde porto moes teen die Kaapkolonie ge-

debiteer word. Volgens die poslyste en lyste vir aangetekende pos moes die posmeesters 'n maandelikse staat van oorsese pos by die Posmeester-generaal indien.

Lyste vir aangetekende pos moes in duplikaat uitgemaak, die oorspronklike behou en die duplikaat saam met die soort pos na Kaapstad gestuur word. Die getekende duplikaat moes weer van die posmeester te Kaapstad ontvang word.¹¹³

Ten einde klagtes en moeilikhede te voorkom, voorsien die Posmeester-generaal 'n week later weer duidelike instruksies aan die posmeesters en versoek hy hulle om die instruksies noukeurig uit te voer en dadelik te berig indien dit nie gedoen word nie. Duidelikeheidshalwe sluit hy voorbeeld-poslyste en 'n koevert vir aangetekende pos in. Poslyste moes behoorlik in ink voltooi word. Die oorspronklike blad van die poslys bly in die boek terwyl twee duplikate, saam met die pos, na die bestemmingsposmeester gestuur word. Een lys word deur laasgenoemde posmeester gehou, terwyl die ander poslys, indien alles reg is, in die ontvangskolom, met die naam voluit geteken en die datum in die datumkolom aangedui, met die eerste beskikbare pos na die afsendingsposmeester teruggestuur word. Laasgenoemde posmeester sal, indien die poslys korrek ingevul, gedateer en geteken is dit by die oorspronklike in die boek plak. Indien daar fout met die poslys was, moes dit met die eerste beskikbare pos, vir voltooiing teruggestuur en onder „aanmerking“ aangeteken word.

In verband met aangetekende pos moes daar twee registers nl. een vir versende en een vir ontvang-

113. G.S. 165 : P.M.G. sirkulêre Nommer 11/795, d.d. Bloemfontein 15.6.1883.

de aangetekende pos wees. Aangetekende pos kon sonder kwitansievorms gestuur word, maar op die koevert moes die nommer, datum van aantekening, datum van versending en die woord „geregistreeer" gedruk of geskryf en oor die hele koevert 'n blou of rooi -potloodkruis aangebring wees. Aan die afsender moes 'n kwitansie voorsien word. Aangetekende pos moes duidelik in inks agterop die poslyste aangeteken word. Aangetekende pos moes saam met beboete pos in 'n aparte pakket opgemaak, behoorlik gelak en daarop „geregistreeerde briewe" geskryf word. Alleen pos wat nie die vereiste waarde aan posseëls of geen posseëls dra nie en wat van die Kaapkolonie kom, moes beboet en in die kolom onder onbetaalde of onvoldoende geseëldde pos op die poslys aangeteken word.

Die Posmeester-generaal het ook die posmeesters versoek om briewe, amptelike pos, boekpos en pospakkette afsonderlik in pakkette op te maak, stewig in pakkies van ongeveer 25 elk, met die adres na bo en die getal in syfers geskryf. Die Posmeester-generaal het die instruksie as nodig beskou nadat hy gemerk het hoe slordig sommige posmeesters die pos opmaak. Die verskillende pospakkette, moes met die aangetekende pos in 'n oliesak geplaas, behoorlik toegebind en gelak word. Alle pos moes behoorlik gedateer word. Wanneer geen oliesakke voorhande was, kon die verskillende pakkette pos in 'n groot pakket opgemaak, behoorlik gebind, gelak met 'n opskrif in inks, vermeldende die bestemmingsposkantoor, versend word. Alle pospakkette moes behoorlik met inks geadresseer wees.

Posmeesters mag geen pos aangeneem het wanneer die inhoud papiergeld of klinkende munt bevat het, tensy dié soort pos aangeteken is nie. Die posmeester

mag ook geen koerant vir versending aangeneem het tensy dié die nodige posseëls gedra het nie.¹¹⁴

Deur die sluiting van 'n poskonvensie tussen die Vrystaat en die Kaapkolonie is die werk van posmeesters aansienlik verminder en die posvervoer tussen die state vergemaklik, want daar is bepaal dat alle pos slegs die vereiste porto van een staat moes dra ten einde in die ander staat posvry afgelewer te word. In verband met aangetekende en beboete pos is die wetersydse administratiewe prosedures ook vereenvoudig.

Ordonnansie Nommer 29 van 1884 het Ordonnansie Nommer 31 van 1877 herroep. Daarin is bepaal dat landdrosklerke of telegrafiste, behalwe te Bloemfontein, die amp van posmeester sou behartig. Op kleiner dorpe sou die vrederegter of so 'n persoon as wat die President sou aanwys, die amp van posmeester behartig. Posmeesters was ook deur die wet verplig om voor hul ampsaanvaarding die volgende eed voor 'n landdros of vrederegter af te lê: „Ik, - - - - verklaar plechtig onder eede, dat ik geene briewe of iets aan de post toevertrouwd, dat onder mijne bewaring zal zijn gesteld, zal openen of achterhouden, of doen achterhouden, in strijd met mijn plicht als Postmeester, behalve met toestemming en in tegenwoordigheid van de geadresseerde personen en dat ek op geenerlei wijze briewe of andere artikelen, aan de post toevertrouwd, zal verduister; maar dat ik mij eerlijk zal gedragen en in alle opzichten handelen overeenkomstig de bepalingen der wetten en instructies op het Postwezen.

Zoo waarlijk helpe mij God Almagtig!

Beëdigd voor mij

den

Vrederechter.¹¹⁵

114. G.S. 165 : P.M.G. sirkulêre Nommer 11/823, d.d. Bloemfontein 22.6.1883.

115. Ordonnansie Nommer 29 van 1884, artikel XI.

Posmeesters moes alle posgeld, boetes, geld vir poskaarte en poswissels teen die einde van die maand by die Landdros van hulle distrik stort. Elke twee maande moes 'n lys van onafgehaalde pos aan die Posmeester-generaal gestuur word. Indien hy sou versuim om dit te doen, was hy aan 'n boete van 10/-, wat deur die Tesourier-generaal of Landdros ingevorder sou word, onderhewig.

Alle poskantore moes van 9 vm. tot 6 nm. oop wees behalwe op Sondag en feesdae wanneer laasgenoemde nie op 'n posdag val nie. Poskantore kon vir die opmaak en sorteer van die pos gesluit word. Die tye waarop aangetekende pos ingehandig kon word, sou deur die Posmeester-generaal vasgestel word. Die posmeesters was verplig om te alle tye van die aangetekende pos rekenskap te gee.

Pos wat as godslasterlik, onsedelik, aanstootlik of beledigend beskryf kon word, moes met onduidelike of onleesbare geadresseerde pos en met pos waarop die ontvanger nie boete wil betaal of wat hy weier om te ontvang, onmiddellik aan die Posmeester-generaal gestuur word.¹¹⁶

Dit is paslik om ook op die funksies in die Bloemfonteinse poskantoor, as die vernaamste kantoor van die Vrystaatse Posdepartement, te let. Hier het die posmeester die algemene toesig oor die poskantoor behartig, die pos ontvang, uitgegee en versend. Hy was ook vir sy ondergeskiktes sowel as die boeke in die poskantoor verantwoordelik. Die assistent-posmeester sou aangetekende briewe ontvang, uitgee en vir versending gereed kry. Hy moes poswissels uitgee en was die assistent van die posmeester. Die eerste klerk sou posseëls

116. Ordonnansie Nommer 29 van 1884.

verkoop en op posdae met die sorteer en uitgee van pos help. Die tweede klerk was vir die skryfbehoeftes en vir pakkettepos verantwoordelik. Hy sou rekwisisies van ander poskantore ontvang of daarheen versend en sou help sorteer. Die tydelike klerk sou met die sorteer van pos help en pospasse en vragbriewe nagaan en versorg.¹¹⁷ In die ander poskantore sou die posmeesters of hulle assistente dieselfde funksies, maar op 'n beperkte skaal, verrig. In 'n groot mate het die gladde funksionering in die Posdepartement van die posbeamptes afgehang. Dit is hulle wat die meeste met die publiek in aanraking was en dit was hulle wat die beeld van die Posdepartement na buite gedra het. Die publiek weer sou kritiek uitspreek indien hulle nie met die diens tevrede was nie, maar hulle sou ook krediet gee waar amptenare se diens dit regverdig het.¹¹⁸ Hierdie kritiek of lof was dan die barometer, uit die publiek se oogpunt, waaraan die diensgehalte in die Posdepartement gemeet is.

Samevattend moet daarop gewys word dat die Volksraad, as hoogste wetgewende gesag, finaal oor alle administratiewe aangeleenthede beslis het. Amptenare kon nie teen sodanige beslissinge appelleer nie. Die Staatspresident het as hoof uitvoerende amptenaar gesag oor alle amptenare gevoer. Selfs die Posmeester-generaal het as die hoofamptenaar van die Posdepartement onder hom gestaan. Amptenare in die Posdepartement kon teen die beslissinge van die Posmeester-generaal ná die Staatspresident appelleer. Indien amptenaar

117. V.R. 294 : Verslag van Sub Kommissie aan Finansiële Kommissie insake Pos- en Telegraafkantoor te Bloemfontein, d.d. Bloemfontein 22.2.1886.

118. The Friend, 4.1.1877.

re nie die Staatspresident se instruksies uitgevoer het nie, kon die Posmeester-generaal sodanige amptenare aan die Uitvoerende Raad rapporteer.¹¹⁹ Dié het dan die nodige stappe teen sodanige amptenare geneem. Amptenare kon egter, in die laaste instansie by die Volksraad appèl aanteken. Vanweë hulle noue kontak met die publiek sou hulle as praktiese skakel tussen die publiek en die staat dien en daarom is die amp as belangrik beskou en is 'n doeltreffende diens van die amptenare verwag. Die amp het dus saam met die Posdepartement gegroei.¹²⁰

C. Die Posagent.

Hoe die benaming posagent ontstaan het, blyk nie uit die dokumente nie. Heel waarskynlik het die benaming uit dié van die posmeester ontwikkel. Wat wel bekend is, is dat daar verskeie klein poskantore ingestel is waar die werksaamhede betreklik min was.¹²¹ In die jaar 1875 maak die Posmeester-generaal in sy jaarlikse verslag melding van 'n hulpposkantoor wat te Blesbokfontein ingestel is.¹²² Deur dié benaming is tussen poskantore onderskei en sulke kleinere kantore is hulpposkantore genoem. In dieselfde jaar is die benaming poskantooragent ook gebruik.¹²³ Die poskantooragent sou in so 'n mindere poskantoor of hulpposkantoor as agent van 'n posmeester optree. Soms het sulke posagente hulle kantoor in 'n huis op 'n plaas¹²⁴ of in

119. V.R.N. :d.d. 23.6.1876.

120. Kyk Hoofstuk IV. Op p.119 word die groei van die poskantore deur 'n histogram aangedui. Op p.146 kan na die kaarte waarop die posroetes aangetoon word, gelet word. Daar word die groei van posroetes aangetoon. Met die ontwikkeling moes ook die aantal posmeesters dienooreenkomstig toeneem.

121. V.R.N. : d.d. 10.6.1872.

122. V.R. 209 : Verslag van den P.M.G. voor het Dienst Jaar 1874-1875.

123. The Friend, 5.8.1875.

124. Ibid.

'n winkel gehad. Gewoonlik moes sulke posagente die werk gratis verrig,¹²⁵ maar aan hulle is 'n klein toelaag vir kantoorhuur en/of skryfbehoeftes of vir posvervoer voorsien.¹²⁶ Eers in 1877 is deur wetgewing bepaal dat die Posmeester-generaal voorstelle aan die Staatspresident kon voorlê ten einde hulpos- of posagentskantore in te stel.¹²⁷ Die funksies van posagente, wat die werk in sulke kantore moes doen, is nêrens in die Ordonnansie omskryf nie. Die amptenaar het egter as agent van die posmeester opgetree en gevolglik kon die posmeester beheer oor hom uitoefen.

Posagentskantore is gewoonlik op posvervoer-roetes ingestel.¹²⁸ Sodoende was dit nie nodig om nuwe posroetes in te stel nie en gevolglik het die instelling van 'n posagentskap baie min finansiële steun van die staat vereis. Gewoonlik het 'n nuwe posagentskantoor ten opsigte van posvervoer slegs beteken dat nog 'n stilhouplek vir die posryer ingestel is. By die posagentskantore moes pos oorhandig of ontvang word. Die publiek sou normale posdienste by sulke kantore kon bekom. Die hoofdoel met die instelling van sulke kantore was egter om pos vinniger te versprei. Soms is posagentskantore egter op nuwe roetes ingestel,¹²⁹ maar ook sulke roetes het minstens by 'n bestaande poskantoor begin en sou by die posagentskantoor eindig. Die finansiële bydrae van die staat sou ook in so 'n geval nog minimaal wees. In 1879 kon die Posmeester-generaal reeds berig dat daar drie takposagentskantore en dertien posagentskantore in die Vrystaat be-

125. V.R.N. : d.d. 2.7.1877.

126. V.R.N. : d.d. 2.7.1877.

127. Ordonnansie Nommer 31 van 1877, artikel 5.

128. The Friend, 11.10.1877.

129. V.R. 226 : Verslag van den P.M.G. voor het Dienst Jaar 1878-1879.

staan het. In 1880 kon hy berig dat sewentien posagentskantore, sonder veel koste vir die Vrystaat, behalwe waar enkele klein toelaes toegestaan is,¹³⁰ in werking was. Hy het egter die instelling van nog sulke kantore voorsien.¹³¹ In 1881 kon hy berig dat daar 29 posagentskantore bestaan het.¹³² Die vermeerdering van die aantal posagentskantore moet daaraan toegeskryf word dat dit die staat min finansiële laste besorg het. Meestal was slegs 'n geringe bedrag nodig om die pos vervoer te kry. Die posvervoer het gewoonlik te perd of te voet geskied. So 'n posagentskantoor was gewoonlik net nog 'n stilhouplek vir die poskarweier.

In 1879 vind die Posmeester-generaal dit nodig om die funksies van die posagente nader te omskryf. Hy toon aan dat posagente slegs agente van die twee nabyliggende poskantore, m.a.w. die poskantore waartussen hulle geleë is, sou wees. Hulle was belas met die uitreiking van pos wat deur die twee nabygeleë posmeesters aan hulle gestuur is. Hulle sou geen posrekening kon instuur of geldelike verantwoording kon doen nie. Gevolglik moes die posmeesters geen pos aan die agente stuur waarop boete ingevorder moes word nie. Die posmeester moes, indien daar enige geld op pos betaalbaar was, aan die agent daarvan kennis gee.¹³³ Dit is nie duidelik hoe sulke gelde die posmeester bereik het nie, maar waarskynlik het die posagent sulke gelde ingevorder en aan die posmeester gestuur. Daarna is die pos

130. V.R.N. : d.d. 22.6.1880.

131. V.R. 233 : Verslag van den P.M.G. voor het Dienst Jaar 1879-1880.

132. V.R. 238 : Verslag van den P.M.G. voor het Dienst Jaar 1880-1881.

133. G.S. 149 : P.M.G. sirkulêre Nommer 7/6501/6546, d.d. Bloemfontein 23.6.1879.

waarskynlik eers aan die posagent, vir aflewering, gestuur.

Omdat posagentskantore slegs afdelings van die twee nabyliggende poskantore was, moes die posagent slegs twee pospakkette, nl. een vir elk van die poskantore, opmaak. In so 'n pakket is alle pos, wat enigsins by die nabygeleë poskantoor gepos sou kon word, geplaas. Die posmeester moes die pakket vanaf die posagent open en die pos, volgens adresse verder versend net asof die pos by die poskantoor self gepos is. Pospakkette van elders aan die posagent gerig, is deur die posmeester geopen en die pos saam met ander pos, in die kantoor van die posmeester, aan die posagent gestuur.

Posagente moes pos, wat vir aantekening aangebied word en wat die nodige posseëls gedra het, voorlopig in 'n boek aanteken en daarvoor 'n kwitansie uitreik. Sulke pos sou deur die posmeester, deur wie se kantoor die pos moes gaan, opnuut in sy boek vir aange-tekende pos aangeteken en verder versend word. Aange-tekende pos wat deur posmeesters aan hulle -agente gestuur is, moes deur laasgenoemde aan die geadresseerde, nadat hy 'n getekende kwitansie daarvoor aan die posagent besorg het, afgelewer word. Die posagent moes die kwitansie aan die posmeester, van wie hy die aange-tekende pos ontvang het, terugstuur.

Die nodige posseëls kon deur die posagente van een van die nabygeleë poskantore aangevra word.¹³⁴ Daar is egter nie gemeld hoe die opbrengs van die verkoopte seëls gestort moes word nie, maar dit is waarskynlik van tyd tot tyd aan die posmeesters gestuur,

134. Ibid.

want laasgenoemde moes van alle seëls of geld verantwoording doen en moes alle geld maandeliks stort.

In 1883 moes die Posmeester-generaal weer eens die funksies van posagente verduidelik.¹³⁵ Met die wetgewing van 1884 was daar egter geen bykomende besonderhede oor die posagent nie.¹³⁶ Volgens Ordonnansie was die posagent, as agent van die posmeester, aan dieselfde instruksies as die posmeester, sover dit op hom of sy werksaamhede van toepassing was, onderworpe.

Die posagent, net soos die posmeester, was die skakel tussen die publiek en die staat. Omdat hy egter dikwels sy werk gratis verrig het, is nie dieselfde eise aan hom as aan 'n posmeester gestel nie. Buitendien kon hy nie dieselfde diens as 'n posmeester verrig nie. Die feit blyk duidelik uit die bostaande bespreking. Die posagent se funksies was dus in verhouding met sy werk en die was minder as die van die posmeester en daarby was hy aan die posmeester verantwoordelik.

D. Die Posvervoerkontraktant.

Streng gesproke was die posvervoerkontraktant nie 'n gewone amptenaar in diens van die staat nie. Hoewel hy aan die eise vervat in heelwat regulasies en ordonnansies moes voldoen, was hy, soos die benaming aandui, 'n kontraktant wat onderneem het om die pos oor 'n sekere afstand of tussen sekere plekke, binne 'n vasgestelde tyd, te vervoer.

Met die oornome van die Soewereiniteitsregering was daar reeds verskeie posvervoerkontraktante.

135. G.S. 165 : P.M.G. sirkulêre Nommer 11/823, d.d. Bloemfontein 22.6.1883. Onder posmeesters is die afdelings reeds volledig behandel.

136. Ordonnansie Nommer 29 van 1884.

Die republikeinse regering het eenvoudig net die stel-
sel voortgesit. Op 23 Februarie 1854 is dus bepaal
dat „alle poskontracters worde voor rekening van het
nuuwe gouvernement erkend van af der eersten Maart
aanstaande.“¹³⁷

Die eerste tender wat die Vrystaatse rege-
ring aangevra het, is in die koerante geadverteer.
Die tender sou vir die tydperk van 31 Maart tot 31 De-
sember 1854 geld. Die pos moes van Bloemfontein na
Colesberg oor Bethanie en Sannah's Poort asook terug,
oor dieselfde roete, vervoer word. „De post zal uit
Colesberg vertrekken binnen een uur van de aflevering
van de postzakken aan den Kontracter, en zal na Bloem-
fontein in 30 uren vervoerd worden, en zal Bloemfon-
tein elken Zaterdag den 2 uren na den middag verlaten,
den dienst in hetzelfde getal van uren doende.“¹³⁸

Indien die pos nie betyds of op die vasgestelde tyd
die bestemming bereik het nie, m.a.w. indien die pos
laat was, sou die kontraktant beboet kon word. Indien
die pos nie meer as een uur laat was nie, was die boete
7/6d., meer as een uur, maar minder as twee uur laat
15/-, meer as twee maar nie meer as drie uur nie
£1.10/- en vir elke addisionele uur wat die pos laat
was, sou die bykomende boete 15/- per uur wees.¹³⁹

Die posvervoerkontraktant is vir posvertra-
ging alleen beboet indien hy nalatig was. Indien die
vertraging egter deur faktore, buite die kontraktant
se beheer bv. vol riviere, veroorsaak is, is die kon-
traktant van die boete vrygestel.

In die pioniersjare het die Staatspresident,
met die goedkeuring van die Volksraad, beslis welke

137. G.S. 1510 : Proklamasie van 23 Februarie.
(geen jaartal of bladsy nie).

138. The Friend, 11.3.1854.

139. The Friend, 11.3.1854.

tenders aanvaar moes word. Die Uitvoerende Raad het as 'n soort hof opgetree en kon boetes verminder, ophef, handhaaf of tenders verleng.¹⁴⁰ Die Uitvoerende Raad se besluite moes egter deur die Volksraad goedgekeur word en sodoende is die Volksraad se gesag oor die Uitvoerende Raad gehandhaaf. Die Volksraad was dus die hoogste gesag ook vir die posvervoerkontraktant. Hy kon versoeke tot dié liggaam rig of daarheen appelleer. Na die instelling van die amp van Posmeester-generaal in 1856 kon dié amptenaar 'n kontraktant beboet.¹⁴¹ Die Uitvoerende Raad sou egter nog as 'n soort hof en die Volksraad as 'n soort hoër hof funksioneer. Die Tesourier-generaal sou boetes invorder of van die tenderprys aftrek.

In 1856, na die instelling van die amp, het die Posmeester-generaal, met die toestemming van die Staatspresident en die goedkeuring van die Volksraad, oor die aanname van tenders beslis. Die Staatspresident het egter gewoonlik die tenders ook aan die Uitvoerende Raad voorgelê en die se aanbeveling of sy eie vir goedkeuring aan die Volksraad voorgelê. Die Posmeester-generaal moes die tenders aanvra, sou die kontrakte opstel en namens die regering teken. Posvervoerkontraktante is kwartaalliks deur die Landdros of die Tesourier-generaal vergoed. Soms is selfs voorskotte toegestaan.¹⁴² Tenders is gewoonlik vir één tot drie jaar aangeneem, waarna nuwe tenders aangevra sou word. Indien een van die partye intussen die kontrak wou

140. Notulen van den Uitvoerenden Raad : d.d. 17.10.1855. In die geval is posvervoerkontraktant J.J. Raaff se boete van £44.5/- tot £3/-/- verminder.

141. V.R.N. : d.d. 15.8.1857.

142. G.S. 122 : A.W. Brandon aan Staatspresident, d.d. 19.5.1868.

kanselleer, moes drie maande skriftelike kennis gegee word. Die kontraktant moes ook twee borge tot bevrediging van die Staat voorsien.¹⁴³ 'n Kontraktant kon selfs 'n sub-kontraktant kry om namens hom die pos te vervoer.¹⁴⁴

Deur die regulasies van 1856 is 'n weeklikse posvervoerdienst met Bloemfontein, as die sentrale punt, na die Kaapkolonie, Natal en Transvaal vasgestel.¹⁴⁵ Die posmeester moes die pos in 'n groot pakket opmaak of in 'n oliesak plaas en met die voorgeskrewe poslyste aan die kontraktant of posryer oorhandig. Op die pakette of sakke moes die bestemmingsposkantoor duidelik aangedui wees.

Omdat die regulasies nie volledig genoeg was nie en om onder andere ander leemtes aan te vul, is Ordonnansie Nommer 2 van 1868 aangeneem. Hiervolgens mag die kontraktant of sy posryer geen briewe, koerante of boeke vervoer tensy hy dit van die posmeester bekom het nie. Vir elke oortreding van dié artikel sou die boete £1 wees. Van die kontraktant is vereis dat hy van poskarre gebruik moes maak wat die pospakette droog sou vervoer. Saam met die pospakette mag niks vervoer word wat 'n brand kon veroorsaak nie. Ook mag geen flesse wat moontlik kon breek en skade aanrig, vervoer word nie. Posmeesters moes ook aan die posryers briewe oorhandig waarin die werklike aankoms- en vertrektye van die pos aangeteken is. Kontraktante kon vir alle skade en verliese, deur hul eie toedoen veroorsaak, aanspreeklik gehou word. Vir die vertraging van die pos is die boete deurgaans op 7/6 vir elke uur

143. V.R. 164 : Memorie van J.J. Raaff, d.d. Bloemfontein 22.2.1859.

144. V.R.N. : d.d. 13.6.1868.

145. The Friend, 23.6.1856.

of gedeelte van 'n uur vasgestel. Indien die kontraktant nie langer sy verpligtinge kon nakom nie, moes sy borge namens hom intree. Deur die Ordonnansie is dus gepoog om die funksies van die kontraktant duidelik te omskryf, sodat ook hy sy verpligtinge behoorlik kon nakom.

In dieselfde jaar wat die ordonnansie aangeneem is, het die Posmeester-generaal voorgestel dat 'n kommissie die tenders vir posvervoer ondersoek en 'n aanbeveling doen. Hierop het die Staatspresident aanbeveel dat die Posmeester-generaal, Ouditeur-generaal, Staatsprokureur en posmeester van Bloemfontein die lede van die kommissie moes uitmaak.¹⁴⁶ Die kommissie sou dus uit drie lede bestaan aangesien die ampte van Posmeester- en Ouditeur-generaal deur dieselfde persoon behartig is. Die Staatspresident moes egter nog die tenders goedkeur. Omdat hy vir al sy dade aan die Volksraad verantwoordelik was, het dié liggaam die finale seggingskap oor die tenders behou.

Met die vermeerdering van die posvolume het die neiging meer en meer bestaan om pos per passasierskar te vervoer.¹⁴⁷ Sulke karre kon vir passasiers- en posvervoer gebruik word en daardeur is die kontraktant in staat gestel om sy tender te verlaag. Passasierskarre was op spoed ingestel en posvervoer daarmee sou gevolglik ook vinniger plaasvind.¹⁴⁸ Indien die posvolume of -gewig nie te veel was nie en die vervoer oor 'n kort afstand geskied het, is die kontraktant soms toegelaat om pos te perd te vervoer.¹⁴⁹

146. G.S. 124 : P.M.G. aan Staatspresident, d.d. Bloemfontein 7.11.1868.

147. The Friend, 27.10.1870.

148. The Friend, 6.4.1871.

149. The Friend, 21.10.1869.

Soms het verkeerde neigings in die posvervoerstelsel ontwikkel. So bv. is die posmeester toegelaat om ook posvervoerkontraktant te wees.¹⁵⁰ Die posmeesters moes gewoonlik beheer oor die kontraktante uitoefen en indien hy beide pligte behartig het, sou hy as posmeester homself as kontraktant nie wou benadeel nie. Dit sou vanselfsprekend tot allerlei ongerymdhede kon lei.¹⁵¹

Ordonnansie Nommer 31 van 1877 het Ordonnansie Nommer 2 van 1868 herroep. Volgens die nuwe Ordonnansie moes posmeesters possakke persoonlik aan die kontraktant of sy posryer oorhandig. Die posmeester moes ook sorg dat die pos volgens die voorgeskrewe opdragte in die kar geplaas word, sodat die posryer dadelik daarna kon vertrek. Met die aankoms van die pos moes die posmeester weer sorg dat geen possak of pospakket in die kar agterbly nie. Verder moes hy toesien dat alle pos dadelik in die gebou van die poskantoor kom. Indien die vervoer van die pos vertraag is, moes die posmeester die Posmeester-generaal onmiddellik daarvan in kennis stel. Posmeesters moes ook toesien dat die kontraktante die voorwaardes soos in die Staatskoerant aangekondig of deur die Posmeester-generaal omskryf, behoorlik nakom. Enige afwyking hiervan moes onmiddellik aan die Posmeester-generaal gerapporteer word.

Die kontraktante moes sorg dat die poskarre sterk en ruim genoeg is ten einde die possakke te kan dra. Vir die pospakkette moes daar voldoende bergplek wees. Tydens die rit moes die bergplek met 'n sterk slot gesluit wees. Indien die bergplek nie ruim genoeg was om ook die koerante te berg nie, kon die sakke

150. V.R.N. : d.d. 10.5.1871.

151. Kyk p.91 van hierdie verhandeling.

met koerante met sterk rieme aan die kar vasgemaak en met 'n waterdigte geoliede seil oordek word. Die vertrek en aankoms van die pos moes deur die posryer of -drywer bekend gemaak word deur op 'n horing te blaas. Met die vertrek van die pos moes die posmeester 'n gedrukte pospas, waarop die vertrektyd aangeteken is, aan die posryer oorhandig. Onderweg en by die eindbestemming sou die aankoms- en vertrektye ook aange-teken word. Deur die pospas te raadpleeg sou gou vas-gestel kon word of die pos wel binne die vasgestelde tyd vervoer is.

Die posmeester te Bloemfontein sou kantoor- en skryfbehoeftes, vir ander regeringskantore, aan die kontraktant, om as pos vervoer te word, kon oorhandig. Kontraktante sou geen bykomende vergoeding vir dié diens ontvang nie. Hierteenoor kon die publiek ook hul skade of verliese van die kontraktant of sy borge verhaal.

Indien die posvervoertye verander is, moes die kontraktant daarmee genoeg neem. Posvervoer moes, ongeag of dit dag of nag is, plaasvind. Die posmeester kon ander posvervoer reël indien die poskar van die kontraktant nie binne 'n uur, nadat sodanige pos moet vertrek, voor die poskantoor is nie. Sodanige gehuurde vervoer sou op rekening van die kontraktant geskied en kon van sy tenderprys afgetrek word. Kontraktante moes alle poskantore of takverbindinge op hulle posroete aangaan; selfs al word sodanige plek ingestel nadat 'n kontrak reeds opgestel is of in werking getree het. Onderweg mag die kontraktant ook nie die pos van een poskar na 'n ander oorlaai, tensy dit met die toestemming en in teenwoordigheid van die posmeester geskied het nie. 'n Kontraktant is ook net toegelaat om possakke van een kar na 'n ander oor te laai indien

buitengewone omstandighede bv. as 'n poskar breek, dit geregverdig het. Indien die kontraktant die artikel sou oortree, kon hy met hoogstens £5 sterling deur die Posmeester-generaal beboet word. Die kontraktant moes van alle pos wat aan hom of sy verteenwoordiger oorhandig is, verslag gee. Indien pos vermis word, moes die posmeester dit dadelik aan die Posmeester-generaal rapporteer. By oortreding van die artikel kon die kontraktant met hoogstens £5 sterling beboet word.

Posvervoerkontrakte is vir drie jaar gesluit, maar beide partye kon, met vier maande skriftelike kennisgewing, die kontrak beëindig. Boetegeld is ook verander en indien die pos hoogstens 'n half-uur laat was, sou die boete 2/6; tussen 'n half-uur en 'n uur laat 7/6; tussen 'n uur en 'n uur-en-'n-half laat 15/-; tussen 'n uur-en-'n-half en twee uur laat £1-5/-; tussen twee en twee-en-'n-half uur laat £2/-/- en vir elke halfuur bokant die tyd 10/- per halfuur. Die boete sou van die tenderprys afgetrek word. Hy sou alleen van die boete vrygestel word indien die vertraging deur faktore buite sy beheer bv. vol riviere plaasgevind het. Ter staving van sy getuienis sou hy egter twee beëdigde verklarings moes indien. Indien die pos vir drie agtereenvolgende reise laat was, kon die Posmeester-generaal nuwe tenders vra. Indien so 'n nuwe tenderaar 'n hoër tenderprys gevra het, sou die staat die tenderprysverskil van die eerste kontraktant kon verhaal. Indien 'n kontraktant twee keer in 'n maand laat met die pos kom, kon die kontrak, met vier maande skriftelike kennisgewing, beëindig word. Indien voortdurende agtelosigheid plaasvind of indien die kontraktant se perde of poskarre of bediendes nie aan die vereistes voldoen nie, sou die Posmeester-generaal, met die toestemming van die Staatspresident, die kontrak onmiddell-

lik kon beëindig. Daarna kon die borge gevra word om die kontrak uit te voer of nuwe tenders kon aangevra word. In laasgenoemde geval sou die verskil in tenderprys, indien die nuwe tenderprys hoër was, van die eerste kontraktant of van sy borge verhaal kon word.¹⁵²

Die tenderprys sou kwartaalliks, na aftrekking van boetegeld, deur die Tesourier-generaal uitbetaal word.¹⁵³ Die Posmeester-generaal moes egter die uitbetaling goedkeur.

Die kontraktant moes twee gegoede borge, met die kontraksluiting voorsien. Die borge moes inwoners van die Vrystaat wees en moes onbelaste vaste eiendom van minstens £500 sterling in die Vrystaat besit. Die borge sou vir dieselfde skade en verliese as die kontraktant aanspreeklik gehou kon word.¹⁵⁴

Ordonnansie Nommer 31 van 1877 het die kontraktant dus in veel meer opsigte as die Ordonnansie van 1868 gebind. Deur die Ordonnansie wou die staat ook die posvervoer met so min vertraging as moontlik laat plaasvind. Die boete waarmee die kontraktant beboet kon word, moes hom ook afskrik, sodat hy sou poog om die pos betyds te vervoer.

As gevolg van die ontdekking van diamante, die bevolkingsvermeerdering en die uitbreiding van die handel het die Posdepartement en -dienste so uitgebrei dat die Posmeester-generaal in 1879 kon berig dat daar 21 weeklikse posdienste in werking was. Hiervan was 18 per poskar, een te perd of per kar en twee te perd waarvan een slegs elke veertien dae in werking was. By dieselfde geleentheid versoek hy die instelling van nog

152. Ordonnansie Nommer 31 van 1877.

153. Ordonnansie Nommer 29 van 1886 het die reëling na 'n maandelikse uitbetaling verander.

154. Ordonnansie Nommer 31 van 1877.

nuwe posdienste.¹⁵⁵ Dit was egter nie altyd maklik om tenderaars of bevredigende tenders vir nuwe of bestaande posdienste te ontvang nie, en soms moes herhaaldelik tenders gevra word.¹⁵⁶

Die vermeerdering in die posvolume en -gewig het tot gevolg gehad dat pos op die hoofroetes sedert 1880 tweekeer per week vervoer is. In 1881 kon die Posmeester-generaal berig dat daar reeds twee sulke dienste bestaan het. As voorbeeld van die toename in posvolume is gemeld dat die poskar tussen Bloemfontein en Winburg gemiddeld 20-22 groot pospakkette moet vervoer en dat die selfs vir die groter soort poskar te veel was.¹⁵⁷ In dieselfde jaar het die aantal posdienste ook tot 28 vermeerder.¹⁵⁸ In 1884 was daar 49 verskillende posdienste, maar omdat sommige aaneengeskakel het en deur een kontraktant behartig is,¹⁵⁹ is die aantal posdienste, ook in 1886, as 28 beskou.¹⁶⁰ Soms is die pos selfs gratis per passasierwa vervoer.¹⁶¹ In sulke gevalle het die staat dan nie nodig gehad om 'n tender te sluit of uitgawes aan te gaan nie. Soms is 'n private takpos deur die publiek ingestel en onderhou,¹⁶² en deur die staat toegelaat, want dit het minder uitgawe vir die staat beteken.

Toe Ordonnansie Nommer 29 van 1884 Ordonnansie 31 van 1877 herroep het, het die nuwe Ordonnansie bepaal dat kontraktante moes toesien dat die poskarre

155. V.R. 226 : Verslag van den P.M.G. voor het Dienst Jaar 1878-1879.

156. Vgl. The Friend, 27.3.1879.

157. V.R. 238 : Verslag van den P.M.G. voor het Dienst Jaar 1880-1881.

158. Ibid.

159. V.R.N. : d.d. 10.6.1884 - 11.6.1884.

160. The Friend, 11.11.1886.

161. G.S. 161 : P.M.G. aan G.S., d.d. Bloemfontein 26.10.1882.

162. Vgl. V.R. 220 : Memorie van P. Bekert en 37 andere, d.d. Brandhoek, distrik Bethlehem 20.3.1878.

wat deur vier perde getrek is ruim en sterk genoeg moes wees om hoogstens 800 lb. posgewig te vervoer. Poskarre wat deur twee perde getrek is, moes 600 lb. posgewig kon vervoer. Alle poskarre moes van 'n waterdigte toesluitbare bergplek, vir pospakkette, voorsien word. Ook is bepaal dat niks vervoer mag word wat 'n ontploffing kon laat ontstaan nie. Indien die kontraktant pos verlore sou laat gaan, kon hy met hoogstens £25 beboet word. Die kontraktant of sy borge moes domisilie kies ten kantore van die Landdros van Bloemfontein.¹⁶³

In sake oorgewig pos of pos waarvan die gewig te veel vir die poskarre was, het die Posmeester-generaal aanbeveel dat indien die posgewig twee poskarre regverdig die kontraktant vir 'n bykomende rit betaling sou ontvang. Indien die oorgewig 100-150 lb. was, kon hy dit nog met een kar vervoer. Vir posgewig tot 200 lb. bo die vasgestelde gewig sou hy per passasierwa-vervoer 8^{d.} per lb. oorgewig ontvang. Vir die posvervoer van Colesberg na Bloemfontein kon hy 9^{d.} per lb. oorgewig ontvang. Indien hy twee karre gebruik het, moes hy vir 'n bykomende rit betaling ontvang.¹⁶⁴ Uit die bostaande blyk dit dat daar dus geen eenvormige vergoedingstarief vir oorgewig pos was nie.

Die posvervoerkontraktant het gewoonlik die pos volgens bepaalde voorskrifte vervoer. In die tenderaanname het die finansiële aspek gewoonlik 'n belangrike rol gespeel, want die staat het gewoonlik die laagste tender aanvaar. Die Posmeester-generaal en die posmeesters moes toesien dat die kontraktant sy verpligtinge nakom. Deur wetgewing is ook streng eise aan die

163. Ordonnansie Nommer 29 van 1884.

164. G.S. 169 : P.M.G. aan G.S., d.d. Bloemfontein 1.8.1884.

kontraktant gestel. Hoewel hy geen gewone amptenaar was nie, was hy 'n belangrike skakel in die Posdepartement. Beampies en die publiek kon gou vasstel hoe gereeld of betyds so 'n kontraktant die pos vervoer het. Ten opsigte van posvervoer, het die kontraktant ook heelwat organisatoriese reëlings moes tref bv. vir 'n poskar, perde en trekgoed moes reël en daarna moes omsien. Gevolglik het hyself selde die poskar gery en het hy gewoonlik 'n posryer of -drywer in sy diens gehad om die pos te vervoer. Die kontraktant moes volle verantwoordelikheid vir sy posryer of -drywer aanvaar en as hy bv. laat met die pos kom, sou die kontraktant die boete moes betaal, want so 'n kontrak is tussen die staat en die kontraktant aangegaan.

E. Die Posryer.

Net soos die poskontraktant was die posryer geen gewone amptenaar in diens van die staat nie. Die posryer was egter 'n belangrike skakel in die Posdepartement en amptelik is sy bestaan deur die staat erken en was daar ook wetgewing wat op hom betrekking gehad het. Die begrip posryer het gedui op die perderuiter wat te perd die pos vervoer het en op die hanteerder van die poskar en sy perde. In die eerste geval moes hy net die perd en pos en in die tweede geval die kar, perde en pos behartig. Gewoonlik was sulke posryers naturelle of kleurlinge wat in diens van die poskontraktant gestaan het. Die posryer het die perde en/of kar van die kontraktant ontvang om die pos binne 'n vasgestelde tyd aan die bestemmingsposmeester te besorg. Die posryer was dus onder die kontraktant se beheer en laasgenoemde moes volle verantwoordelikheid vir sy posryer aanvaar.

Die funksies van die posryer is gewoonlik deur die kontraktant bepaal en het die behoorlike hante-

ring van perde of karre en tuie en die veilige vervoer van die pos ingesluit. In buitengewone omstandighede bv. die Basoeto-oorloë moes die posryer hom selfs teen posaanvallers verdedig.¹⁶⁵ Die staat het die gevaar van posroof egter besef en aan posryers in grensdistrikte gewapende geleide voorsien teneinde die veilige vervoer van die pos te verseker. In sy normale funksie as vervoerder van pos moes die posryer ook die natuur-elemente trotseer en hy het soms in dié poging met sy lewe daarvoor moes boet.¹⁶⁶ Die posryer het hom so dikwels aan gevare blootgestel. Die staat weer het egter 'n kontrak met die kontraktant gehad en het laasgenoemde moes sorg vir die uitvoering van die kontrak en dit is bereik deur werkdelligasie aan die posryer. So moes ook die posryer die bepalinge van die kontrak stiptelik uitvoer.

Dit was gewoonlik die posryer wat op 'n nuwe roete die pionierswerk moes verrig, want hy het soms eers te perd 'n nuwe posroete begin.¹⁶⁷ In sulke gevalle was die paaie nie van die beste nie. Eers met die roete-ontwikkeling van die roete posvervoer sou meer aandag aan die paaie bestee word. Die poskar het dan by die posperd oorgeneem en so kon 'n doeltreffender organisasie ingestel word.

Onder die posvervoerkontraktant is aangetoon dat die pos onder sekere voorwaardes vervoer moes word en dat die karre aan sekere vereistes moes voldoen. In 1875 bepaal die Posmeester-generaal dat pos wat te perd vervoer word, in pakkette opgemaak, in stewige waterdigte leerpossakke geplaas en behoorlik met 'n slot ge-

165. The Friend, 13.10.1865.

166. The Friend, 19.4.1867.

167. The Friend, 21.10.1869.

sluit moes word.¹⁶⁸

Deur Ordonnansie Nommer 31 van 1877 is bepaal dat die posmeester die possakke aan die posryer moes oorhandig. Geen posryer mag enige pos vervoer as sodanige pos^{Nie} deur die posmeester aan hom oorhandig is nie. Die posmeester moes ook 'n gedrukte pospas aan die posryer oorhandig waarop die aankoms- en vertrektye by elke poskantoor aangeteken is. Daaruit sou gou blyk of die pos wel binne die vasgestelde tyd vervoer is. Verder moes die posryer deur op 'n horing te blaas die aankoms en vertrek van die pos bekend maak.¹⁶⁹

Ordonnansie Nommer 29 van 1884 het Ordonnansie Nommer 31 van 1877 herroep. Deur die wetgewing is bepaal dat indien die posryer hom aan dronkenskap, drankmisbruik of onwettige vertraging van die pos sou skuldig maak, hy met hoogstens £10 beboet, of gevangenisstraf van hoogstens drie maande opgelê kon word.¹⁷⁰

Deur dié wetgewing is gepoog om die vertraging in posvervoer te voorkom en van die posryer goeie dienste te verkry. Dit was egter die kontraktant wat die meeste druk op sy posryer kon uitoefen ten einde 'n goeie diens te verkry of te handhaaf. Die posryer is as die verteenwoordiger van die kontraktant beskou en die gehalte van sy dienste sou die kontraktant ten goede of ten laste gelê word. Hoewel die posryer alleen met die kontraktant en sekere posamptenare direkte kontrak gehad het, was hy vir die publiek onmisbaar, want dit is hy wat die pos vervoer het.

F. Die Posdraer.

Van die posdraer om pos te vervoer is nooit

168. G.S. 137 : P.M.G. sirkulêre Nommer 1747/1772, d.d. Bloemfontein 3.1.1875.

169. Ordonnansie Nommer 31 van 1877.

170. Ordonnansie Nommer 29 van 1884.

veel gebruik gemaak nie en daar is selde na so 'n persoon verwys. Reeds voor die totstandkoming van die Republiek was daar al poskarre wat die pos vervoer het. Indien die posgewig of -volume nie 'n poskar regverdig het nie, is van 'n posryer te perd gebruik gemaak. Eers wanneer die posvolume of -gewig te min vir 'n perdepos was of wanneer die Volksraad wou bespaar, is van posdraers gebruik gemaak.¹⁷¹

Naturelle of kleurlinge is as posdraers gebruik en hulle was of in die diens van die staat¹⁷² of kontraktant. So 'n posdraer moes te voet die pos tussen twee vasgestelde plekke vervoer.¹⁷³ Posdraers het 'n geringe besoldiging vir hulle dienste ontvang. Indien hulle in die staat se diens was, het die vrederegter gewoonlik beheer oor hulle uitgeoefen.¹⁷⁴ Indien in die kontraktant se diens, dan het hy die beheer uitgeoefen. Soms het die publiek saamgestaan en 'n posdraer in diens geneem om die pos van so 'n private posdiens te vervoer.¹⁷⁵ In so 'n geval het hulle self die posdraer vergoed en hulle eie posdiensreëlings getref.

Daar is nooit enige wetgewing oor posdraers ingedien nie. Nêrens is daar ook melding gemaak dat die posdraer die pos binne 'n vasgestelde tyd sou vervoer nie. Die publiek was egter op gereelde posvervoer gesteld en die posdraer sou aan dié eise moes voldoen, want dié posvervoer is tot die publiek se voordeel ingestel.

Die posdraer het die pos van of 'n posryer of 'n posbeampste ontvang en sou alleen aan 'n klein gemeen-

171. V.R.N. : d.d. 22.2.1859.

172. Vgl. G.S. 1554, G.S. aan P.M.G., d.d. Bloemfontein 18.8.1859.

173. V.R.N. : d.d. 10.6.1874.

174. G.S. 1554. : G.S. aan P.M.G., d.d. Bloemfontein 18.8.1859.

175. V.R. 226. : Memorie van J. Nussey en 134 andere (onder Renosterrivier) ongedateerd.

skap posdienste lewer. Daarom kan hy as die kleinste skakel in die Posdepartement beskou word en het ook die minste verantwoordelikheid gedra, tog was hy vir so 'n gemeenskappie onmisbaar.¹⁷⁶

3. DIE TELEGRAAFBEAMPTES.

Onder hierdie hoof sorteer die funksies van die Bestuurder van die Telegrafie, ingenieurs, tegnisi, telegrafiste, klerke, bodes, arbeiders en kontraktante. Die telegraafdienste het veel later as die posdienste ontstaan, maar die dienste het geleidelik nader aan mekaar beweeg om uiteindelik 'n noodsaaklike eenheid te vorm. Dit is egter opvallend dat daar geen wetgewing in die tydperk tot vóór die ontdekking van goud, oor die telegraafbeamptes se funksies ingedien is nie.

Ordonnansie Nommer 9 van 1879 het telegrafie soos volg beskryf: „door telegraaflijn word verstaan eenig middel geschikt tot overbrenging van boodschappen, berichten, teekenen, of seinen hetzij door elektrisiteit, magnetisme, elektromagnetisme als anderszins.“¹⁷⁷

A. Die Bestuurder van die Telegraafdepartement.

Die benaming „Bestuurder van die Telegraafdepartement“ is oorspronklik deur die Kaapkolonie gebruik en deur die Vrystaat oorgeneem.¹⁷⁸ Reeds in 1873 besluit die Volksraad dat aan die Kaapkolonie toestemming verleen sou word om 'n telegraaflyn, van Colesberg na Klipdrif, deur die Vrystaat, op te rig.¹⁷⁹ Na 'n aanvanklike getalm om telegrafiese verbinding vir die

176. Kyk Hoofstuk IV, p.183 vir 'n opsomming van die vernaamste wetgewing in sake die Posdepartement.

177. Ordonnansie Nommer 9 van 1879.

178. G.S. 1220. : Bestuurder van die Telegraafdepartement Kaapkolonie aan die G.S., d.d. Kaapstad 26.10.1875.

179. V.R.N. : d.d. 23.10.1873.

Vrystaat te bewerkstellig kon The Friend in Februarie 1879 berig dat die Vrystaatse telegraaflyn vanaf die Kaapkolonie tot by Edenburg gestrek het.¹⁸⁰ In dieselfde jaar is met die aanlê van telegraaflyne so ver gevorder dat die hoofstad bereik is en dat daar reeds telegraafkantore te Fauresmith, Edenburg, Reddersburg en Bloemfontein opgerig is. Daar is ook besluit om 'n Bestuurder vir die Telegraafdepartement van die Vrystaat aan te wys. As bestuurder was hy ook belas met die toesig oor die oprigting van alle telegraaflyne.¹⁸¹ A.C. Howard is as eerste bestuurder van die Telegraafdepartement aangestel.

Bloemfontein was die hoofkwartier van die bestuurder en daarvandaan moes hy die telegraafdienste van die hele Vrystaat beheer. Hy was belas met die toesig oor alle telegraafbeamptes, kantore en toerusting. Hy kon met die bestuurders van naburige state en kolonies oor telegraafaangeleenthede korrespondeer. Indien nuwe telegraafdienste, volgens die wense van die publiek of volgens die bevindinge van die bestuurder voorsien moes word, sou hy die nodige aanbeveling aan die Staatspresident voorlê. Op advies van die Uitvoerende Raad kon so 'n aanbeveling aan die Volksraad voorgelê word. Die finale beslissing oor alle telegrafiese aangeleenthede sou egter by die Volksraad berus.

Die bestuurder kon van tyd tot tyd die nodige instruksies, in verband met beamptes, die ontvangs of versending van telegramme en alle administratiewe procedure in die Telegraafdepartement, uitreik. Ten opsigte van die beamptes moes hy die nodige regulasies of instruksies aan die Staatspresident vir goedkeuring,

180. The Friend, 6.2.1879.

181. V.R.N. : d.d. 19.6.1879.

wysiging of afkeuring voorlê. Indien één van die amptenare sy plig versuim of nie die instruksies nakom nie, kon die bestuurder die betrokke amptenaar aan die Goewermentsekretaris rapporteer. Hy moes dan die klag aan die Staatspresident, vir ondersoek en beslissing, voorlê.¹⁸² Amptenare kon egter teen so 'n beslissing na die Volksraad appelleer.

Wanneer telegrafiese boodskappe verlore raak, sou die bestuurder ondersoek instel of laat instel en indien misdad ontdek word, sou die saak aan die bevoegde persoon gerapporteer word. Geen wetlike stappe sou teen die bestuurder vir enige verlies of vertraging ingestel kon word nie. Die telegrafiste moes jaarliks aan die bestuurder die hoeveelheid telegramme ontvang en versend, rapporteer. Die telegrafis moes ook 'n algemene verslag, van sy kantoor en aanbevelinge ter verbetering daarvan opstel.

Die bestuurder moes 'n begroting van inkomste en uitgawe in die Telegraafdepartement opstel en dié aan die Ouditeur-generaal besorg. Hierin sou die bestuurder deur die telegrafiste bygestaan word, want elke telegrafis moes die begroting vir sy eie kantoor opstel en aan die bestuurder voorlê. Die begroting sou saam met die jaarlikse rapport van die departement aan die Staatspresident voorgelê word,¹⁸³ wat die aan die Volksraad, vir finale beslissing, voorgelê het. Alle finansiële aangeleenthede sou deur die Ouditeur-generaal gekontroleer word.¹⁸⁴ Dié amptenaar sou ook jaarliks 'n finansiële verslag van sy departement aan die Staatspresident voorlê, wat dit aan die Volksraad vir goedkeuring sou voorlê.

182. Ordonnansie Nommer 16 van 1886.

183. V.R.N. : d.d. 1.5.1882.

184. Ordonnansie Nommer 16 van 1886.

Ten einde o.a. staatsuitgawes te beperk, is daar gevoel dat die in Pos- en Telegraafdepartemente nouer saamgetrek moes word. Administratiewe aangeleenthede in die twee departemente was buitendien nie wyd uiteenlopend nie, hoewel die organisatoriese reëlings verskil het. In hoofsaak kom die verskil daarop neer dat in die Posdepartement feitlik die hele organisasie op die ontvangs, versending en aflewering van die pos ingestel was, terwyl die Telegraafdepartement 'n andersoortige organisasie ten opsigte van die ontvangs, versending en aflewering van telegramme vereis het. In die Posdepartement sou die vervoer van die pos 'n belangrike rol speel, terwyl in die Telegraafdepartement dit die oorsending van telegrafiese berigte sou wees.

Om groter eenheid in die twee departemente te bewerkstellig, besluit die Volksraad dus in 1885 dat „de betrekking van Postmeester-generaal en Bestuurder der Telegrafie zullen voortaan in een persoon vereenigd zijn en door een persoon worden waargenomen, die te Bloemfontein zal woonachtig en gevestigd zijn.“¹⁸⁵ A.C. Howard was die eerste ampsbekleër vir dié saamgevoegde ampte.¹⁸⁶ Deurdat hy ampte moes behartig wat vroeër aan twee persone toegewys is, ten spyte van die vermeerdering van werksaamhede in die onderskeie departemente, is 'n groter las op hom geplaas en die gesamentlike ampte sou groter werkvermoë van hom vereis. Aan die ander kant sou die koördinering van die ampte juis aan hom die geleentheid bied om die twee departemente tot groter eenheid, nouer samewerking en beter funksionering te bring. Hy kon sodoende sy administratiewe las verlig. Die verskillende funksies van die

185. Ordonnansie Nommer 21 van 1885.

186. V.R.N. : d.d. 5.5. 1886.

afsonderlike ampte is reeds bespreek en verg gevolglik geen herhaling nie. Dit is egter duidelik dat die gesamentlike ampsbekleër meer as tevore op die volle steun en samewerking van sy amptenare moes staatmaak ten einde sy organisatoriese reëlings vlot te laat verloop.

B. Die telegraafingenieur en -tegnici.

Net soos die benaming „Bestuurder van die Telegraafdepartement" is die benaming „Telegraafingenieur" van die Kaapkolonie oorgeneem. Die term tegnici was as sodanig nie in gebruik nie, maar hierby word alle opgeleide persone, wat die ingenieur behulpsaam was, ingesluit. Die ingenieur en die tegnici sou vir die oprigting en instandhouding van die telegraaflyne en -toerusting sorg. Die telegraaftoerusting by die telegraafstasies sou ook onder hulle sorg val. Dié beamptes was onder die beheer van die bestuurder van Telegraafdepartement en laasgenoemde sou aan sy amptenare die nodige instruksies kon uitreik. Ten opsigte van ingenieurs en tegnici is bepaal dat hulle aan die Staatspresident „de stipste gehoorzaamheid schuldig"¹⁸⁷ moet wees. Ingenieurs en tegnici kon deur die Volksraad self tot verantwoording geroep word en hulle moes alle wette, besluite, beslissinge en bevele van die Raad nakom. Dié amptenare kon teen die beslissing, van die bestuurder of Staatspresident, na die Volksraad appelleer.¹⁸⁸

Die ingenieur moes oor die oprigting en instandhouding van telegraaflyne en -stasies toesig hou.¹⁸⁹ Hy het die oprigtings- en instandhoudingspan onder sy beheer gehad en moes gereeld aan die Volksraad die no-

187. Ordonnansie Nommer 16 van 1886.

188. Ibid.

189. The Friend, 6.2.1879.

dige verslag insake die vordering, koste en ander telegrafiese aangeleenthede oordra, of aanbevelings maak. Hy moes aanvanklik ook kontrakte vir die vervoer van telegraafmateriaal en -beampes sluit. Hy sou die nodige beheer oor die kontraktante kon uitoefen.¹⁹⁰ Ampshalwe moes hy gereeld met die Volksraad, Staatspresident, Goewermentsekretaris, kontraktante en ander privaat persone skakel.¹⁹¹

In 1879, dieselfde jaar as wat die Vrystaat met die oprigting van telegraaflyne en -stasies begin het, besluit die Volksraad om 'n bestuurder van die Telegraafdepartement aan te stel. Daarna is die benaming ingenieur nie weer gebruik nie en kom dit gevolglik voor asof die bestuurder ook die funksies van die ingenieur op hom moes neem, want die bestuurder was ook met die toesig oor die oprigting van telegraaflyne belas.¹⁹² Die tegnisi en arbeiders of kontraktante sou daarna die telegraaflyne of -stasies oprig. Vir die instandhouding van telegraaflyne is lynmanne of opsieners van telegraaflyne by telegraafstasies gestasioneer.¹⁹³ Soms is die telegrafiste self ingespan om herstelwerk aan lyne te doen.¹⁹⁴ Hoewel die noodsaaklikheid van 'n inspekteur „om geregeld inspekties van de lynen en de instrumenten by de verschillende kantoren over den staat te maken“¹⁹⁵ gevoel is, wou die Volksraad nie tot die instelling van so 'n amp toestem nie.

190. Vgl. G.S. 117 : „Report on the Construction of the Telegraph Line from Fauresmith, via Edenburg and Reddersburg, to Bloemfontein - and other matters appertaining to the Department generally“ deur F. Thornton (ongedateerd)

191. Vgl. G.S. 1136 : F. Thornton aan G.S., d.d. Bloemfontein 25.4.1879.

192. V.R.N. : d.d. 19.6.1879.

193. V.R. 261 : Memorie Komitee van Bestuur van die Jagersfontein Myn, d.d. Jagersfontein 21.10.1883.

194. V.R. 287 : Rapport van den Bestuurder van Telegraafen over het Dienst Jaar 1885-1886.

195. Ibid.

In 1879 is bepaal dat telegraaflyne wat opgerig moes word aan sekere vereistes moes voldoen. Die beskadiging van telegraafdraad, pale, toerusting of die belemmering van die gebruik van die lyn of toerusting of die vashegging van enige draad of afleier aan die telegrafiese lyn of toerusting sonder die toestemming van die amptenaar aan wie die bestuur van die Telegraafdepartement opgedra is of die verhinderings tot die oprigting of onderhoud van 'n telegraaflyn of toerusting sal, wanneer dit moedswillig plaasvind, 'n misdad wees. 'n Gevonnise was met minstens £5 en hoogstens £100 met of sonder tronkstraf en met of sonder hardepad vir hoogstens drie maande strafbaar. Indien skade aan die telegraaflyn, pale of toerusting deur nalatigheid veroorsaak is, sal o.a. die amptenaar wat met die toesig van die lyn belas is, 'n klagte by die Landdros kan lê. Die skuldige sal gevonnise kan word tot skadevergoeding van hoogstens £37-10/- of tronkstraf, met of sonder hardepad, vir hoogstens een maand. Daarby kon 'n siviele geding nog teen so 'n persoon ingestel word.

Die amptenaar belas met die toesig van die telegraaflyn of sy gemagtigde verteenwoordiger kan enige oortreder van Ordonnansie Nommer 9 van 1879 voor die Landdros of hoër hof daag. Die helfte van die betaalde boete sal aan die Staat en die ander helfte aan die amptenaar wat die klag gelê het, toegeken word.¹⁹⁶

In 1882 besluit die Volksraad dat tenders vir die oprigting van telegraaflyne voortaan aangevra sou word.¹⁹⁷ Die ingenieurs, tegnisi en arbeiders wat met die oprigting van telegraaflyne en -stasies belas

196. Ordonnansie Nommer 9 van 1879.

197. V.R.N. : d.d. 28.6.1882.

was, sou aan sekere voorwaardes moes voldoen.¹⁹⁸ Die voorwaardes word nie gemeld nie, maar die was skynbaar bedoel om 'n sekere standaard van werk te handhaaf en eenvormigheid onder kontraktante te verseker.

In 1883 is 'n telegraafooreenkoms tussen die Kaapkolonie, Natal en die O.V.S. gesluit en daarin is onder andere bepaal dat die amptenare van die Vrystaatse Telegraafdepartement wat telegraaflyne vir foute moes inspekteer Koloniale kantore, waarmee sulke Vrystaatse lyne verbind was, mag binnegaan ten-einde lyne of instrumente na te gaan en sodanige herstelwerk te onderneem as wat noodsaaklik geag is.¹⁹⁹

Die telegraafingenieur en -tegnici moes soms onder moeilike omstandighede die oprigting en instandhouding van telegraaflyne en -stasies behartig. Nie oral waar telegraaflyne was, was gebaande weë nie en daarom moes hulle soms, benewens herstelgereedskap en -toerusting ook vir persoonlike vervoer, vervoer van voedsel en kamptoeerusting sorg. Afgesien van die nodige tegniese kennis waaroor die persone moes beskik, moes hulle soms praktiese probleme kon oplos ten einde hulle taak behoorlik te voltooi of ten einde werk van 'n standaardgehalte te kon lewer.²⁰⁰

C. Die Telegrafis.

Met die daarstelling van telegrafiese verbinding met die Kaapkolonie en die gevolglike oprigting van telegraafstasies moes telegrafiste aangestel word om telegrafiese boodskappe te versend of te ontvang.

198. V.R.N. : d.d. 30.6.1882.

199. G.S. 1141 : 'n Pamflet getiteld „Ooreenkomst betrekkelijk Telegrafische Gemeenschap tussen de Kaapkolonie, Natal en den Oranje-Vrijstaat“, artikel 7.

200. G.S. 1136 : F. Thornton aan G.S., d.d. Bloemfontein 13.3.1879. Hier versoek hy toestemming om 'n wilgeboom gedeeltelik af te kap of te snoei.

„Die bekende morse-registreertoestel was die eerste telegraafapparaat en aanvanklik kon oor 'n enkele lyn slegs een boodskap op 'n keer oorgesend word.“²⁰¹ Opgeleide telegrafiste moes die apparaat kon hanteer.

Telegrafiste, telegraaf-klerke of leerling-telegrafiste moes die besluite, beslissinge en bevele van die Volksraad gehoorsaam en kon deur die Raad tot verantwoording geroep word of kon na die Raad appelleer. Die genoemde telegraafamptenare het onder die direkte beheer van die bestuurder gestaan, maar kon soos alle amptenare in hoër beroep gaan.²⁰²

Telegrafiste en hul assistente sou die ontvangs en versending van telegramme behartig. Telegrafiese berigte moes sonder uitstel, guns of aansien van die persoon gereeld versend word. Berigte wat betrekking het op die belange van die Vrystaat of aangrensende Kolonies, die arrestasie van misdadigers, die ontdekking of voorkoming van misdade of wat met die administrasie van die Justisie te doen het of wat deur Staatsamptenare versend is, sal egter voorkeur bo ander berigte ontvang. Niemand sal toegelaat word om berigte te stuur wat volgens die oordeel van die telegrafiste lank is en so die vinnige oorsending van ander telegrafiese berigte verhinder nie. Die telegrafis kon iemand deur wie se nalatigheid skade aan die telegraaflyn, pale of instrumente veroorsaak is, verkla. Na skuldigbevinding kon die telegrafis, namens die staat, 'n siviele eis teen die skuldige instel. Indien die publiek in dele van die telegraafkantoor, waar hulle verbode was, gevind word en op versoek weier om die

201. Strauss, M.C., op. cit., p.55.

202. Vgl. Ordonnansie Nommer 16 van 1886. Kyk ook die bespreking onder posmeesters in Hoofstuk III van die verhandeling, p. 64.

plek te verlaat, of indien hulle die telegrafiste of ander telegrafiese amptenare in die uitoefening van hul pligte sal steur, sal so 'n persoon, by skuldigbevinding, met hoogstens £10 of drie maande gevangenisstraf of tot beide gevonniss kon word.

Enige amptenaar wat enige boodskap ter versending of aflewering ontvang en dit wegsteek, vernietig, verander of vertraag sou strafbaar wees. 'n Amptenaar mag ook nie die inhoud van 'n berig, sonder toestemming van die afsender of ontvanger openbaar, behalwe as hy 'n getuie in 'n hof is nie. Die skuldige amptenaar sou tot 'n boete van hoogstens £100 of tot tronkstraf, met of sonder hardepad, van hoogstens ses maande of tot beide gevonniss kon word. 'n Telegrafis wat doelbewus 'n berig versend waarvan die inhoud vals is, sal by skuldigbevinding tot 'n boete van hoogstens £100 of tot tronkstraf, met of sonder hardepad van hoogstens ses maande of tot beide gevonniss kan word.²⁰³

Te Bloemfontein het die telegraafafdeling tot 'n selfstandige afdeling gegroei en in 1884 word daar gevolglik bepaal dat 'n telegrafis en assistente die kantoor sou behartig. In kleiner telegraafkantore sou, waar moontlik, die telegrafis ook posmeester wees.²⁰⁴ Telegrafiste moes 'n jaarstaat van die telegramme ontvang en versend en van die inkomste en uitgawe aan die bestuurder voorlê. Daarby moes ook 'n verslag van hul kantoorbedrywigheide en moontlike uitbreiding of verbetering ingedien word. Teen die einde van elke maand moes alle gelde geïen by die distrikslanddros gestort word. Met ampsaanvaarding moes telegrafiste ook borge aan die Ouditeur-generaal stel. Die vereistes vir

203. Ordonnansie Nommer 9 van 1879.

204. Ordonnansie Nommer 29 van 1884.

borge was waarskynlik dieselfde as vir posmeesters.²⁰⁵

Waarskynlik moes die telegrafiste dieselfde kantoorure, vir die publiek se gerief, as posmeesters hê. Telegrafiste moes egter werk totdat alle berigte versend of ontvang is en dit het soms meegebring dat hulle gedurende etenstyd en tot 10 nm. moes werk.²⁰⁶ Die bestuurder versoek egter in 1886 „dat het Gouvernement half dag vacantie uitgestrekt zal worden aan de Telegraaf Klerken, op de zelfde wijze als aan de andere ambtenaren, nu, de eenige half dag vacantie die zy genieten is nutteloos voor hen, daar zy de kantoren weder moet openen in den avond, en alsook dat het Zondag dienst geheel afgeschaft wordt, met uitzondering om te openen voor een weinige minuten in den morgen om te vernemen of de lynen in order zyn" en in geval van onluste op die grense „wanneer het Gouvernement zoude verlangen de lynen open te hebben voor communicatie op belangrijke gelegenheden.“²⁰⁷

In die hooftelegraafkantoor te Bloemfontein was dit die funksie van die hoofklerk om toesig te hou oor die telegraaflyne, en indien daar fout was, dit te rapporteer. Hy was ook vir die finansiële en gewone administrasie verantwoordelik en moes oor die skryf- en kantoorbehoefte toesig hou. Die funksies van die eerste klerk was om telegramme te ontvang en die bestuurder met die ouditeur van die rekeninge van die kantoor en die hele departement te help. Die tweede klerk se dienste is teen die helfte van 1886 beëindig daarom word sy funksies nie bespreek nie. Die derde en vierde

205. G.S. 177 : Ouditeur-generaal aan G.S., d.d. Bloemfontein 5.8.1886.

206. G.S. 1141 : A.C. Howard aan G.S., d.d. Bloemfontein 24.8.1886.

207. V.R. 287 : Rapport van den Bestuurder van Telegraafen over het Dienst Jaar 1885-1886.

klerke was telegrafiste. Daar was ook twee leerlinge wat getelegrafeer en kantoorwerk gedoen het.²⁰⁸

In die ander telegraafkantore was daar dieselfde funksies, uitgesonderd dié van die eerste klerk te Bloemfontein. Die ander kantore was egter kleiner, met minder personeel en gevolglik minder werk. Soms is al die werksaamhede deur een persoon behartig en soms was hy ook nog posmeester.

D. Die Bode.

Met die instelling van telegrafiese dienste in die Vrystaat moes verskillende telegraafbeamptes, ook bodes, aangestel word.²⁰⁹ Die bode se pligte is nie in wetgewing omskryf nie, maar dit is bekend dat hy as „loopjongen" telegramme aan die geadresseerdes moes aflewer.²¹⁰ Waarskynlik het so 'n bode ook alle bode-werk in die telegraafkantoor verrig. Die bode het dus met die publiek en met die telegraafamptenare geskakel.

E. Die Kontraktant.

Net soos in die Posdepartement is kontrakte ook in die Telegraafdepartement gesluit. In die Telegraafdepartement is hoofsaaklik twee soorte kontrakte gesluit nl. vir die vervoer van telegrafiese toerusting en/of vir die oprigting van telegraaflyne en -stasies. Tenders vir die vervoer moes gewoonlik voorsiening maak om die materiaal, vanaf 'n hawe na 'n vooraf-

208. V.R. 294 : Rapport van die Sub Kommissie aan die Finansiële Kommissie met betrekking tot Pos- en Telegraafwese te Bloemfontein, d.d. Bloemfontein 22.2.1886.

209. Vgl. Oranjeboek : Rapport van den Bestuurder van Telegrafen, 1879-1880.

210. G.S. 1141 : P.M.G. over het Dienst Jaar 1884-1885 aan G.S., d.d. Bloemfontein 15.12.1886.

bestemde dorp in die Vrystaat,²¹¹ of na die spesifieke plek waar die lyn of stasie opgerig word en waar die materiaal benodig is, te vervoer. Tenders moes na die Ouditeur-generaal gestuur word en hy sou die uitbetalings doen. Die bestuurder van die Telegraafdepartement moes egter alle uitbetalings vooraf goedkeur. Die bestuurder moes ook sy aanbeveling insake tenders aan die Staatspresident voorlê.

Tenders vir die oprigting van telegraaflyne of -stasies sou net soos die tenders vir vervoer behandel word. Die kontraktant moes egter die lyne of stasies binne 'n bepaalde tyd oprig en aan die staat aflewer. Hy moes ook vir 'n vasgestelde bedrag sekuriteit verskaf.²¹² Gewoonlik moes die kontraktant alle materiaal en/of instrumente voorsien.

Die telegraafkontraktant was geen amptenaar in die gewone sin van die woord nie. Hy is per kontrak besoldig en was aan vooropgestelde voorwaardes onderhewig. Die bestuurder was die skakel, namens die staat, met die kontraktant en het met hom onderhandel, sy werk geïnspekteer en die uitbetaling van die tenderprys gemagtig. Die kontraktant was 'n belangrike skakel in die Telegraafdepartement. Heelwat organisasie wat andersins deur die staat self onderneem moes word, het hy op hom geneem. Sodoende het hy die organisatoriese en administratiewe laste van die telegraafamptenare verlig.²¹³

211. Vgl. The Friend, 15.1.1880.

212. Vgl. The Friend, 18.1.1883.

213. Kyk Hoofstuk IV, p.212 vir 'n opsomming van wetgewing in sake die Telegraafdepartement.

H O O F S T U K IV.OPERATIEWE REËLINGS VIR DIE POS-
EN TELEGRAAFDEPARTEMENT.1. DIE POSDEPARTEMENT.

Die operatiewe reëlings vir die Posdepartement kan gerieflikheidshalwe in die vestiging en toerusting van poskantore, posvervoer, -verbinding en porto verdeel word. Die afdelings moet nie as waterdigte kompartemente beskou word nie en oorvleueling het gevolglik uit die aard van die saak dikwels plaasgevind.

A. Die vestiging en toerusting van poskantore.

Met die totstandkoming van die Vrystaatse Republiek in 1854 het die nuwe regering die volgende „poskantore" van die Soewereiniteitsregering oorgeneem nl. Fauresmith,¹ Smithfield,² Philippolis, Bloemfontein,³ Winburg en Harrismith.⁴ Die „poskantore" het ook posmeesters gehad wat na die administratiewe pligte moes omsien. Die „poskantore" was egter nie poskantore soos dit vandag bekend is nie, want in 1852 was die poskantoor te Bloemfontein, die hoofstad, in die woonhuis van die posmeesteres gehuisves.⁵ Uit die geringe begin sou die nuwe regering geleidelik volwaardige poskantore moes oprig en toerus ten einde die organisasie in die Posdepartement op 'n behoorlike grondslag te plaas.

In dié pioniersjare kon die staat ook nie

1. V.R.N. : d.d. 11.9.1854.
 2. The Friend, 10.6.1850.
 3. The Friend, 8.9.1851.
 4. The Friend, 16.9.1850.
 5. The Friend, 28.8.1852.

veel vermag as gevolg van 'n gebrek aan fondse nie. In 1856 word 'n Posmeester-generaal aangestel en deur sy toedoen sou meer poskantore opgerig en behoorlik toegerus word. In dieselfde jaar word bepaal dat poskantore van 9 vm. tot 3 nm., behalwe Sondag, oop sal wees ten einde posmeesters in staat te stel om pos te ontvang, uit te gee⁶ en om ander administratiewe pligte te vervul. Die Posmeester-generaal het ook spoedig verlof gevra om weegskale, gewigte en datumstempels te bestel.⁷ Sodoende sou die gewig van poststukke bepaal kon word en met die stempels sou die plek en datum van ontvangs of versending op pos gestempel kon word. Ten einde die organisatoriese reëlings behoorlik te kon laat vlot, het die staat ook skryf- en kantoorbehoefte aan sy posamptenare voorsien.⁸

In 1856 is nuwe regulasies aangeneem,⁹ waardeur daar gepoog is om die posdiens te verbeter en om helderheid oor organisatoriese reëlings te verkry en te verseker.¹⁰ In 1868 is die wetgewing in die Posdepartement deur Ordonnansie Nommer 2 verbeter. Daarin is bepaal dat „op de hoofdplaats van elk distrik, alsmede op zoodanige andere plaatsen als door den Postmeester-Generaal met goedkeuring van ZHEd. den Staatspresident word bepaald, zal een postkantoor zijn.” Deur die wetgewing is die verdere organisatoriese reëlings in die poskantore ten opsigte van die ontvangs en versending van pos omskryf.¹¹ Verder moes daaglik

6. The Friend, 29.3.1856.

7. G.S. 93: P.M.G. aan G.S., d.d. Bloemfontein 1.4.1856.

8. The Friend, 8.3.1856.

9. The Friend, 23.6.1856.

10. Ibid.

11. Kyk Hoofstuk III, pp.68-69 van die verhandeling. Hier word die regulasies volledig bespreek.

die hoeveelheid pos ontvang, vanwaar, die hoeveelheid versend en waarheen in die daarvoor bestemde boek aangeteken word. Maandeliks moes die boek geraadpleeg en dan 'n maandstaat, waarin die bogenoemde besonderhede vir die maand vermeld is, saamgestel word. Hierdie maandstaat moes aan die Posmeester-generaal gestuur word.

By elke poskantoor moes 'n posbus, volgens 'n gegewe model, aangebring word. Pos wat te groot was om in die posbus gepos te word, sou by die toonbank in die poskantoor ingehandig kon word. Posbusse sou 'n uur voor die versending van pos gelig word ten einde die personeel die geleentheid te gee om die pos vir versending gereed te maak. Buite aan die deur van die poskantoor of aan die posbusse sou 'n plakkaat die aankoms- en vertrektye van die verskillende posdienste aantoon. Indien 'n persoon geposte pos terug verlang het, sou die aan hom besorg word indien hy kon bewys dat die pos van hom afkomstig was.¹²

Hoewel daar vasgestelde ure was waarop die poskantore oop moes wees, was daar ook nog die spesiale tye wanneer poskantore oop moes wees. So moes die poskantore gereed wees om pos van die posvervoerkontraktant te ontvang of aan hom te oorhandig. By die geleentheid moes ontvangde pos gesorteer en uitgehandig word, terwyl pos wat versend moes word, opgemaak en in gereedheid vir versending gebring is. Prakties het dit beteken dat die posbeamptes enige tyd gereed moes wees om pos te ontvang of te versend, want pos is soms vertraag en kon gevolglik nie altyd op die vasgestelde tye aankom of vertrek nie. Soms het die pos selfs in die

12. Ordonnansie Nommer 2 van 1868.

nag aangekom¹³ en moes die nodige dienste by die poskantoor gereël, die pos gesorteer en so vroeg moontlik, gewoonlik in die oggend, vir uithandiging gereed wees. Soms is die poskantoor tye spesiaal verander ten einde die publiek die geleentheid te bied om hulle pos belyds, vir 'n bepaalde posdiens, te versend.¹⁴ By kleiner poskantore moes die posmeesters feitlik gratis die werk verrig, want hulle moes nog uit 'n klein jaarlikse toelaag die kantooruur, skryfbehoeftes, lampe en brandstof betaal.¹⁵

In 1873 is aan die Vrystaat gestuur „25 endorsement seals - - - fitted to handles - - -, 42 endorsement seals - - - fitted to handles - - -, 21 dating stamps with movable dates fitted to handles” teen 'n totale koste van £127-1-9.¹⁶ Alle poskantore sou met die nodige datum- en kanselleringsstempels plus kussings en ink voorsien word ten einde die datum van ontvangs of versending op posstukke aan te bring en om seëls behoorlik te kanselleer. In 1882 is weer stempels, maar die keer „gutta percha stempels” bestel.¹⁷ Die stempels het nie lank gehou nie, want hulle was nie so duursaam nie en daarom versoek die Posmeester-generaal in 1886 dat staalstempels bestel moes word.¹⁸

Omdat die Vrystaatse regering graag die pos-

13. The Friend, 17.6.1869.

14. The Friend, 4.2.1869. Die Bloemfonteinse poskantoor moes by Vrydae reeds om 8.30 vm. in plaas van om 9.00 vm. open ten einde pos belyds na Smithfield te kon versend.

15. V.R. 203 : Memorie van P.M. Zandrivier (ongedateerd).

16. G.S. 1322 : P. Blyth aan G.S. d.d. Londen 14.1.1873.

17. T.G. 480 : F. Daus aan H.P. Kingsmill, d.d. Port Elizabeth 2.6.1882.

18. G.S. 1141 : P.M.G. aan G.S., d.d. Bloemfontein 10.2.1886.

departement wou verbeter en uitbrei, moes die pos gevolglik na die kleinste gemeenskappe, deur die instelling van posagentskantore, gebring word.¹⁹ Die kantore sou as agentskantore van die twee naby geleë poskantore optree. Deur dieselfde Ordonnansie is ook verdere wetgewing in sake, die versending van die pos in werking gestel.²⁰

Die Vrystaatse poskantore was in verskillende geboue gevestig. Te Bloemfontein was die poskantoor in 'n staatsgebou by die markplein geleë.²¹ In 1880 is die poskantoor na die Goewermentsgebou verskuif,²² maar in 1884 is nog gedeeltes van regeringskantore verander ten einde nog 'n groter poskantoor daar te stel.²³ Op kleiner plekke was die poskantore soms in staatsgeboue, maar selfs ook 'n winkel²⁴ of 'n plaashuis²⁵ moes as pos- of posagentskantoor diens doen.

Van 'n klein begin van ses poskantore in 1854 het die aantal pos- en posagentskantore stadig in die Vrystaat toegeneem.²⁶ In 1879 is nog verskeie nuwe poskantore geopen en kon die Posmeester-generaal berig dat daar reeds 30 poskantore, 3 takposkantore en 13 posagentskantore bestaan het en versoek hy tewens die instelling van nog kantore.²⁷ Gevolglik was daar in

19. Ordonnansie Nommer 31 van 1877.

20. Kyk Hoofstuk III, p. van hierdie verhandeling vir 'n verdere bespreking.

21. The Friend, 20.9.1877.

22. The Friend, 15.7.1880.

23. V.R.N. : d.d. 14.6.1884.

24. V.R. 219 : Memorie van R. Armstrong en M. Mendelsohn, d.d. Brandfort 5.5.1877.

25. The Friend, 17.7.1879.

26. Kyk Hoofstuk IV, p.119 van hierdie verhandeling. Op die histogram word die groei van die poskantore aangetoon. Kyk ook p.151 vir die kaarte van posverbindinge.

27. V.R. 226 : Rapport van die P.M.G. O.V.S. voor het Dienst Jaar 1878-1879.

1881 reeds 34 pos- en 29 posagentskantore.²⁸ Hierdeur is aan die behoefte aan poskantore voldoen en tot voor die ontdekking van goud sou daar nie weer so 'n toename, veral in een enkele jaar, wees nie. Slegs geringe veranderinge het daarna ingetree.

Hoewel 'n klok die aankoms van die pos aangekondig het, is te Bloemfontein gevoel dat dit nie voldoende was nie. Ten einde aan die publiek aan te toon welke pos aangekom het, moes die volgende vlage met die aankoms van die pos te Bloemfontein wapper:

Vir Natal, Transvaal en die noordelike pos:

blou, wit, blou.

Vir die Koloniale pos oor Smithfield:

blou en wit diagonaal.

Vir die Koloniale pos oor Fauresmith:

rooi en wit strepe in die lengte.

Vir die Diamantveldpos:

rooi met 'n wit middelpunt.

Vir die Engelse pos:

rooi, wit en blou wimpel.

As die pos vir aflewering gereed was, sou 'n rooi wimpel onder die betrokke vlage wapper. Die klok sou ook nog soos gewoonlik lui.²⁹


In 1881 het daar verdere diensuitbreiding by die poskantoor plaasgevind toe 'n spesiale posbus, net vir plaaslike pos, aangebring is.³⁰ Die volgende jaar versoek die Posmeester-generaal 'n lantern vir die poskantoor, want pos het dikwels in die aand aangekom of moes in die aand vertrek en sonder 'n lantern kon die possakke, wat in die gange opgestapel gelê het, deur-

28. V.R. 238 : Rapport van den P.M.G. O.V.S. voor het Dienst Jaar 1880-1881.

29. The Friend, 1.4.1880.

30. The Friend, 3.11.1881.

Histogram vir die groei van Pos- en Posagentskantore
1854-1886



mekaar raak³¹ en na 'n verkeerde bestemming versend word.

Die administratiewe reëling in die poskantore is in 1883 verander deur die ingebruikneming van 'n poslysboek vir oorsese en 'n boek vir aangetekende oorsese pos.³² Vir aangetekende binnelandse pos was daar twee registers nl. een vir aangetekende pos gestuur en een vir aangetekende pos ontvang.³³ Dieselfde jaar versoek die Posmeester-generaal ook dat 78 skale „Salter's round spring balance (Silvester's patent)“ bestel word, sodat pakkette van 1 ons tot 5 lb. daarmee geweeg kan word.³⁴ Deur die gewig van die pakkette te bekom, kon die porto vir die pakkette weer bereken word.

Soms moes spesiale organisatoriese reëlings getref word ten einde onvoorsiene probleme die hoof te bied. So moes die posmeesters te Ladybrand, Bethlehem, Ficksburg en Wepener versoek word om die pos afkomstig van Basoetoland, as gevolg van kinderpokkies, te ontsmet.³⁵ Die volgende jaar moes weer instruksies gegee word om die pos vanaf Kimberley, Hoopstad, Winburg en Jagersfontein te ontsmet.³⁶

Daar is gevoel dat die poskantoorure vir die publiek te kort is, derhalwe het Ordonnansie Nommer 29 van 1884 bepaal dat die ure van 9 vm. tot 6 nm. verleng sou word.

By die Bloemfonteinse poskantoor kon daar,

-
31. G.S. 160 : P.M.G. aan G.S., d.d. Bloemfontein 16.6.1882.
 32. G.S. 165 : P.M.G. sirkulêre Nommer 11/795, d.d. Bloemfontein 15.6.1883.
 33. G.S. 165 : P.M.G. sirkulêre Nommer 11/823, d.d. Bloemfontein 22.6.1883.
 34. G.S. 165 : P.M.G. aan G.S., d.d. Bloemfontein 19.9.1883.
 35. G.S. 1519 : President Brand aan Kaptein Blyth, agerende „Governors Agent“ te Basoetoland, d.d. Bloemfontein 20.12.1883.
 36. The Friend, 21.8.1884.

na die vergroting van die poskantoor, voorsien word aan „all those who wished to subscribe for them boxes fitted with patent locks with duplicate keys. This is a great improvement on the old system of boxes which no one had the control of except the post-office clerks.”³⁷

Tot voor die ontdekking van goud het die Vrystaat reeds die grondslae van die hedendaagse Poswese gelê. Inderwaarheid kon aan die destydse behoeftes, deur die Posdepartement, voorsien word. Die poskantore het dus in hulle tydsomstandighede gepas en sou steeds, waar moontlik, verder uitbrei of verbeter.

B. Posvervoer en -verbinding.

Nou verwant aan die instelling en toerusting van poskantore was die posvervoer en verbinding. Die een het eintlik die ander in die hand gewerk. Sonder behoorlike posverbinding sou die verskillende poskantore immers nie hulle funksies kon vervul nie en sonder poskantore sou geen behoorlike vervoer moontlik wees nie. Die een moes gevolglik die ander een beïnvloed of aanvul. Baie operatiewe reëlings of toerusting vir die poskantore was net op posvervoer of -verbinding ingestel. Daar is tussen binnelandse en buitestaatse posvervoer- en verbinding te onderskei.

(i) Binnelandse posvervoer.

Onder die Soewereiniteitsregering was daar posverbindinge van Bloemfontein, die hoofstad en sentrale plek vir die posvervoerstelsel, na die Kaapkolonie oor Smithfield;³⁸ na Natal oor Winburg en Harri-smith,³⁹ en na Transvaal eers oor Bloemfontein en later Winburg.⁴⁰ Hierdie posverbindinge is deur die

37. The Friend, 27.11.1884.

38. The Friend, 10.6.1850.

39. The Friend, 16.9.1850.

40. The Friend, 3.7.1852 en 28.4.1853.

republikeinse regering in 1854 oorgeneem. Met verloop van tyd sou die binnelandse vervoerstelsel uitgebrei word ten einde meer roetes daar te stel en om talle gemeenskappies in die Vrystaat van pos te voorsien.

Die pos is aan 'n posvervoerkontraktant, vir vervoer, toevertrou. Die stelsel is reeds deur die Soewereiniteitsregering begin en deur die republikeinse regering oorgeneem. Die Soewereiniteitsregering het bv., in die tydperk net voor oornam, vir die posvervoer van Colesberg na Bloemfontein en terug, een keer per week, £91.5/- per kwartaal; van Winburg na Mooirivier (Transvaal) en terug £40 per kwartaal betaal en van Bloemfontein na Winburg en daarvandaan na Harrismith sou naturelleposdraers die pos vervoer teen 10/- per naturel per maand.⁴¹ Die bedrae wat aan die posvervoerkontraktante betaal is, het egter van tyd tot tyd gewissel aangesien tenders vir 'n bepaalde posvervoerdienste aangevra is. Die kontraktant wie se tender aangeneem is, moes dan volgens sekere voorskrifte die pos vervoer.⁴²

Omdat die handel uitgebrei en die bevolking vermeerder het, het die posvolume toegeneem en behoefte aan nuwe of verbeterde posverbindinge ontstaan. Die Vrystaatse regering het die pos van Bloemfontein na Colesberg oor Fauresmith laat vervoer⁴³ en tenders vir die weeklikse posvervoer van Bloemfontein na Harrismith en terug aangevra. Vanaf 1856 sou McCabe dié pos teen £420 per jaar vervoer⁴⁴ en in die daaropvolgende jaar is die pos oor Zandrivier vervoer.⁴⁵

41. G.S. 89 : Verslag van den Tesourier Generaal van den Soewereiniteit aan den G.S. (ongedateerd).

42. Kyk Hoofstuk III. Hieronder word die posvervoerkontraktant en die voorwaardes waaronder hy pos moes vervoer, volledig bespreek, pp. 85-96.

43. The Friend, 3.3.1855.

44. V.R.N. : d.d. 4.2.1856.

45. The Friend, 20.9.1856.

In 1857 was daar drie hoofposroetes nl. van Bloemfontein na Colesberg oor Fauresmith, van Bloemfontein na Aliwal-Noord oor Smithfield en van Bloemfontein na Harrismith oor Winburg en Zandrivier.⁴⁶ Die roetes het die Vrystaat gevolglik met die Kaapkolonie, Natal en Transvaal verbind. As gevolg van die vertrektye van die posdienste sou die pos vanaf Aliwal-Noord twee dae vroeër in Bloemfontein as die pos vanaf Colesberg⁴⁷ wees en daarom het die publiek en die handelaars verkies dat hulle pos met eersgenoemde diens versend moes word. Die vervoertye moes ook so gereël word dat die handelaars en die publiek die geleentheid gegun moes word om 'n antwoord op te stel en hulle pos dan met die terugkerende pos te versend. Die vervoertye het ook op die drukpers 'n invloed uitgeoefen en so moes bv. die dae waarop The Friend en die Staatskoerant gedruk is, verander word ten einde by die veranderde vervoertye aan te pas en ten einde die koerante so gou as moontlik by die intekenare te kry.⁴⁸ Vanaf 1861 sou die pos van Bloemfontein na Smithfield ook oor Reddersburg, vir die gerief van laasgenoemde gemeenskap, gaan.⁴⁹

Verskeie faktore het die vervoer van die pos beïnvloed. Soms het die kontraktant groot verliese gely omdat bv. perde in die tuig dood of net vermis is. Selfs 'n nuwe poskar is in 'n ongeluk in die nag vernietig.⁵⁰ Droogte en perdesiekte het ook soms 'n groot tol onder die perde geëis.⁵¹ Vol riviere het ook dik-

46. The Friend, 17.10.1857.

47. The Friend, 1.8.1862.

48. The Friend, 18.12.1868.

49. The Friend, 19.10.1860.

50. Vgl. Hoofstuk I, 2.F. Maatskaplike faktore pp. 22-28 van hierdie verhandeling vir 'n verdere bespreking.

51. V.R. 175 : Memorie van D. Ross, d.d. Smithfield 13.1.1863.

wels die pos vertraag,⁵² omdat daar nog geen brûe oor die riviere gebou was nie. Hewige reën het soms ook die paaie onbegaanbaar gemaak en het selfs veroorsaak dat ponte, oor riviere, nie kon werk nie, want die rivierstroom het alles meegesleur. By 'n geleentheid is selfs die poskar „smashed to atoms by the inpetuous torrent.”⁵³ Dit was egter nie net natuurelemente wat 'n invloed op die posvervoer uitgeoefen het nie, maar boonop is die pos soms onder groot gevaar vervoer. So is daar bv. tydens die 1865 Basoeto-oorloë selfs posryers doodgeskiet.⁵⁴ Daar is dan ook besluit dat 'n gewapende wag die posryers in die gevaarstreke sou vergesel.⁵⁵ Die gewapende wag was tot groot hulp, want dit is nie net posryers wat aangeval is nie, maar daar is ook gepoog om die pos af te neem. Met so 'n gewapende wag byderhand het skermutselinge dan soms met die Basoeto plaasgevind. By so 'n geleentheid is nege Basoeto⁵⁶ en by 'n ander geleentheid twintig gedood.⁵⁷ Gedurende die 1867 Basoeto-oorlog is dieselfde patroon herhaal en is posryers weer aangeval.⁵⁸ Die aanvalle op die posryers het selfs ernstiger gevolge gehad en The Friend meen dat dit een van die oorsake van die 1858 Basoeto-oorlog was.⁵⁹ Die Basoeto-oorloë het verder gereëlde posverbinding met die laers genoodsaak⁶⁰ nie net ter wille van die burgers wat met hulle familie wou korrespondeer nie, maar ook om berig-

52. Vgl. The Friend, 11.2.1859.

53. The Friend, 26.2.1864.

54. G.S. 113 : P.M. Reddersburg aan G.S., d.d. Reddersburg 4.7.1865.

55. V.R. 184 : Landdros Winburg aan G.S., d.d. Winburg 27.11.1865.

56. The Friend, 1.12.1865.

57. The Friend, 20.4.1866.

58. Vgl. The Friend, 26.4.1867.

59. The Friend, 14.5.1858.

60. Vgl. G.S. 1513 : President Brand aan G. Joubert, d.d. Bloemfontein 18.12.1867.

te van die laer na die regering, of andersom, te versend.

Van 'n nederige begin in 1854 het die posvolume so vermeerder dat net te Bloemfontein in 1863 53,320 briewe, 81,685 koerante en 624 aangetekende posstukke ontvang of versend is.⁶¹

Deur Ordonnansie Nommer 2 van 1868 is bepaal dat alleen dié staat pos kon vervoer of laat vervoer. Verdere bepalings was dat die pos weekliks, waar moontlik, vervoer moes word. Die vertrektye van die verskillende posdienste is deur die Staatspresident, in oorleg met die Posmeester-generaal, vasgestel. Van enige wysiging in dié tye sou kennis in die Staatskoerant gegee word. Buite, aan die poskantoordeur of posbus, moes 'n plakkaat aangebring wees waarop die aankoms- en vertrektye van die verskillende posdienste aangedui is. Indien 'n posdiensvertraag is, kon die posmeester die verdere versending van pos vanaf sy poskantoorvertraag om so vir die pos te wag. So 'n reëling sou egter nie die gereelde posvervoerdienste op ander plekke kon benadeel nie. Sodanige reëling was dus alleen vir plaaslike roetes en kleiner gemeenskappe en nie vir hooflynroetes nie.

Waar pos aanvanklik te voet, te perd of perposkar in possakke vervoer is,⁶² is daar ook later van geoliede linnesakke, 3'8"x 2'4", sonder soom, gebruik gemaak.⁶³ Waar poskarre eers net pos vervoer het, is passasiers ook later met die poskar vervoer.⁶⁴ Daardeur is die posvervoer bespoedig, want daar moes

61. V.R. 177 : Memorie van O.G., d.d. Bloemfontein 29.2.1864.

62. Vgl. G.S. 95 : P.M.G. aan G.S., d.d. Bloemfontein 13.10.1856.

63. G.S. 113 : P.M.G. aan G.S., d.d. Bloemfontein 20.8.1865.

64. Vgl. The Friend, 22.2.1861.

ook na die passasiers omgesien word. Die soort vervoer kon kontraktante in staat stel om laer tenderpryse in te dien, want die passasiers sou vir 'n gedeelte van die lopende- en onderhoudskoste vergoed. Deur Ordonnansie Nommer 2 van 1868 is bepaal dat kontraktante poskarre so moes inrig dat die pospakkette droog vervoer word. Met die pos mag ook geen voorwerp, waardeur brand kon ontstaan of ander skade aangerig kon word, vervoer word nie.

In 1869 was daar onder andere posvervoerverbinding van Bloemfontein na Reddersburg, Smithfield en Aliwal-Noord; van Bloemfontein na Edenburg, Fauresmith, Philippolis en Colesberg; van Bloemfontein na Winburg, Zandrivier en Harrismith en van Bloemfontein na Boshof.⁶⁵ Vanaf 1870 is posvervoer ook van Bethlehem na Witzieshoek,⁶⁶ van Winburg na Kroonstad en van Smithfield na Bethulie ingestel.⁶⁷ Die vermeerdering van die posroetes is deur die eise van 'n groeiende gemeenskap genoodsaak. 'n Bewys van die vermeerdering in die posvolume is dat Bloemfontein gedurende die diensjaar 1873-1874 49,240 briewe, 31,682 koerante en 954 boekpos ontvang en 69,044 briewe, 122,726 koerante en 3,568 boekpos versend het.⁶⁸ Die pos van Bloemfontein na Ladybrand het ook so vermeerder dat weekliks net soveel as die vroeëre drie tot vierde maande se pos vervoer is.⁶⁹ In 1875 is pos dus tussen 25 poskantore en oor 'n afstand van ongeveer 1,100 myl in die Vrystaat vervoer.⁷⁰

65. V.R. 195 : P.M.G. aan Staatspresident, d.d. Bloemfontein 6.5.1869.

66. The Friend, 21.10.1869.

67. The Friend, 25.11.1869.

68. The Friend, 23.4.1874.

69. V.R. 206 : Sertifikaat van P.M. Bloemfontein, d.d. 17.5.1873.

70. The Friend, 21.1.1875.

Ten einde die pos te vervoer, is selfs van skuite oor riviere gebruik gemaak.⁷¹ By 'n ander geleentheid is die posryer deur 'n vol rivier vertraag en ten einde gouer die pos aan die oorkant te kry, het hy die possakke in die rivier gegooi, sodat hulle na die oorkantse wal kon spoel! Daarom vra The Friend „could besotted ignorance and utter recklessness further go?“⁷² Dié koerant het ook gemeen dat kontraktante ongeveer elke 12 myl hulle perde met vars perde moes omruil⁷³ om sodoende 'n vinniger en behoorlike posvervoerstelsel te kon handhaaf. So 'n reëling sou ook die vertraging van pos verhoed wanneer die weer en veld goed is en die riviere nie vol is nie. „We fully anticipate that in the midst of winter the mails will be a fortnight behindhand, and that the excuse will be the shortness of the days.“⁷⁴ By 'n ander geleentheid wys die koerant daarop dat die pos van Bethulie laat was en nat geword het. „A packet of parchment bank script, sent up from the Bay, addressed to the Bloemfontein Bank, was reduced to pulp and a very unwholesome and disagreeable smelling mass of pulp it must have become, for the whole of the letters and papers were strongly impregnated with it, and some were soiled and stuck together as if with glue.“⁷⁵

'n Ander rede vir posvertraging in die Vrystaat was die naam en ligging van die poskantoor te Heidelberg. Dieselfde plekname het ook in Transvaal, Natal en die Kaapkolonie bestaan. Dus is versoek dat dié naam in die Vrystaat na Bethulie verander moes word

71. V.R.N. : d.d. 29.5.1873. Omdat die skuit van mej. S.A. de Wet pos oor die Vaalrivier vervoer het, is sy van lisensiegeld vrygestel.

72. The Friend, 5.1.1871.

73. The Friend, 13.7.1871.

74. The Friend, 14.5.1874.

75. The Friend, 11.2.1875.

aangesien die naam dikwels verwarring veroorsaak het en pos gevolglik na die verkeerde staat gestuur en sodoende vertraag is.⁷⁶

In 1875 is die instruksies vir posvervoer verder verbeter. Indien die pos te perd vervoer is, moes die pakkette, vir die verskillende poskantore of bestemmings, in waterdigte leerpossakke vervoer word en met 'n slot wat, gedurende die vervoerproses, behoorlik gesluit moet wees. Indien die pos per kar vervoer is, moes die kar van 'n vaste bergplek vir briewe en pakkette voorsien wees. Die bergplek moes tydens die vervoer van die pos behoorlik met 'n slot gesluit wees. Pos mag op geen ander manier vervoer word; veral nie in sakke agter op die kar vasgebind nie. Die posmeesters weer moes briewe en koerante skei en in afsonderlike pakkette opmaak. Die briewe is in geoliede sakke geplaas en die sakke weer in 'n linnesak waarop die naam van die bestemmingsposkantoor aangebring is. Die linnesak moes dan in die daarvoor bestemde bergplek in die poskar geplaas word.⁷⁷

Die belangrikheid van die Bloemfonteinse

76. V.R.203 : Memorie van S.P. de Beer en 22 ander, d.d. Heidelberg 8.4.1872.

77. G.S. 137 : P.M.G. sirkulêre Nommer 1747/1772, d.d. Bloemfontein 3.1.1875.

poskantoor vir posvervoer blyk uit die onderstaande tabel.⁷⁸

Tabel 1.

Posvervoer vir die diensjaar 1874-1875.

Bloemfontein.

<u>Pos ontvang.</u>			<u>Pos versend.</u>		
Briewe.	Koerante.	Boekpos.	Briewe.	Koerante.	Boekpos.
51,347	29,904	1,343	77,083	118,583	3,989

Die hele Vrystaat.

<u>Pos ontvang.</u>			<u>Pos versend.</u>		
Briewe.	Koerante.	Boekpos.	Briewe.	Koerante.	Boekpos.
193,787	175,768	8,967	207,345	153,533	6,505

Uit die tabel blyk dit dat te Bloemfontein meer briewe, koerante en boekpos versend as ontvang is. Dit moet daaraan toegeskryf word dat Bloemfontein die hoofstad en die middelpunt van die Vrystaatse handel was. Die regeringsetel was ook in Bloemfontein en daarom moes die meeste staatsake ook vanuit Bloemfontein gereël word. Die hoeveelheid koerante versend was baie meer as die hoeveelheid ontvang en in verhouding met die aantal briewe is ook meer koerante versend. Dit moet daaraan toegeskryf word dat te Bloemfontein gewoonlik twee koerante en ook die Staatskoerant gedruk is. Wat die boekpos betref, is van Bloemfontein ook meer boeke versend as ontvang wat ook aan die drukkerie te Bloemfontein toegeskryf moet word.

Te Bloemfontein is ongeveer 'n kwart van die aantal briewe in die Vrystaat, 'n sesde van die koerante

78. The Friend, 8.4.1875 en V.R. 209 : Rapport van den P.M.G. O.V.S. voor het Dienst Jaar 1874-1875.

en byna een-sewende van die boekpos gehanteer. Wat die versending betref, was die verhouding vir briewe meer as 'n derde, vir koerante meer as twee-derdes en boekpos ook ongeveer twee-derdes. In totaal is te Bloemfontein 82,594 posstukke ontvang en 199,655 versend terwyl in die hele Vrystaat 381,522 ontvang en 367,383 stukke versend is. Te Bloemfontein is dus baie meer versend as ontvang, terwyl die beeld in die hele Vrystaat verander het na meer ontvang as versend. Te Bloemfontein is ongeveer een-vyfde van die totale aantal posstukke ontvang en meer as die helfte van die totale aantal posstukke versend. In totaal in Bloemfontein is 282,249 posstukke ontvang en versend en vir die hele Vrystaat 748,905 posstukke. Die verhouding van die pos te Bloemfontein gehanteer was ongeveer 2:5 van wat in die hele Vrystaat hanteer is.

Gedurende die diensjaar 1876-1877 het die aantal posstukke te Bloemfontein ontvang en versend na 415,441 en vir die hele Vrystaat na 1008,305 posstukke vermeerder.⁷⁹ Bloemfontein het dus byna drie-sewendes van die totale hoeveelheid pos wat in die Vrystaat ontvang en versend is, gehanteer.

Hierdie snelle toename in die hoeveelheid pos en die gevolglike hoër eise wat aan die posvervoerstelsel gestel is, moet in 'n groot mate aan die ontwikkeling van die Diamantvelde toegeskryf word. Die Diamantvelde het nie net immigrante gelok nie, maar ook 'n groot binnelandse mark, selfs vir die Vrystaat, geskep. Daarom is in 1875 'n addisionele posverbinding van Bloemfontein oor Boshof na die Diamantvelde ingestel.⁸⁰ Hierdie nuwe diens sou dus aanvullend by die

79. The Friend, 19.4.1877.

80. The Friend, 26.8.1875.

posverbinding van Bloemfontein oor Olifantsfontein na die Diamantvelde wees. Dit alles het die behoefte aan nuwe poswetgewing verskerp. Die wetgewings is in Ordonnansie Nommer 31 van 1877 beliggaam.⁸¹

Deur die Ordonnansie is dus getrag om die posvervoerstelsel te verbeter en om die kontraktant tot 'n flinke diens aan te spoor, want as „knocked up, or jubbing horses" die pos tussen Bethanie en Bloemfontein 34 uur verdraag het,⁸² was daar beslis rede tot ernstige klagte. Indien die pos egter betyds aangekom het, was die publiek en ook die koerante bereid om die nodige erkenning vir flinke diens te verleen. Daarom berig The Friend bv. „we have to thank our indefatigable Postmaster-General for this favour, who with his usual promptness took the hint we threw out on this subject."⁸³ Omdat 'n goeie diens gehandhaaf is en die pos betyds aangekom het, kon dieselfde koerant later bevestig dat „this is doing the thing properly."⁸⁴

Ten spyte van die bepalings in die onderskeie Ordonnansies dat alleen die staat pos sou kon vervoer, het die staat die publiek soms toegelaat om 'n eie private takpos in te stel en te onderhou. Omdat dit tot voordeel van die staat was, want daardeur is sy uitgawe besnoei, is sulke persone nie vervolgs^{nie}_A hoewel dit volgens die Ordonnansies kon gebeur. So 'n takpos het bv. te Brandhoek, distrik Lindley, bestaan. Indien persone nie maandeliks tot die posvervoerstelsel bygedra het nie, moes hulle 4^d. Vrystaatse porto plus 'n addisionele 6^d. as porto, vir die vervoer met die privaatpos, betaal.

81. Kyk Hoofstuk III van hierdie verhandeling, pp. 90 - 91. Hieronder word die wetgewing ten opsigte van posvervoer volledig bespreek.

82. The Friend, 27.9.1877.

83. The Friend, 18.10.1877.

84. The Friend, 27.12.1877.

Indien hulle 'n antwoord op hul korrespondensie verlang het, moes dieselfde bedrag weer betaal word. Gevolglik het dit sodanige persone $1/8^d$. aan porto gekos. Die betrokke gemeenskap wou die toestand egter verander hê en om, indien die staat die posvervoer sou reël, tot so 'n posvervoerstelsel by te dra.⁸⁵

Selfs passasierswaens het pos gratis vir die staat vervoer. Die passasierswaens uit die Kaapkolonie oor Aliwal-Noord, Rouxville, Smithfield, Bloemfontein na Boshof en Kimberley het pos van Europa, Kaapstad, Caledon, Swellendam, Mosselbaai, George, Humansdorp, Port Elizabeth, Grahamstad, King Williamstown, Queens-town, Dordrecht, Jamestown en eersgenoemde plekke gebring. Terugkerend sou hulle weer pos van Kimberley, Barkley, Du Toitspan en Boshof na Bloemfontein bring en verder langs die roete ná en in die Kaapkolonie versprei. Omdat die soort vervoer vir die Vrystaatse posdiens van hulp was, is aanbeveel dat daar geen belasting op die waens gehef moes word nie. Die Posmeester-generaal het gemeen dat die staat die eienaar nie eers met tien keer die belasting van £12 op passasierswaens sou kon vergoed nie.⁸⁶

Intussen het Harrismith tot die tweede grootste poskantoor in die Vrystaat gegroei.⁸⁷

85. V.R. 220 : Memorie van P. Bekert en 37 andere, d.d. Brandhoek distrik Bethlehem 20.3.1878.

86. G.S. 147 : P.M.G. aan Staatspresident, d.d. Bloemfontein 11.10.1878.

87. V.R. 221 : Memorie van P.M. Harrismith, d.d. Harrismith 23.4.1878.

Tabel 2.Posvervoer vir die diensjaar 1877-1878.Harrismith.

<u>Pos ontvang.</u>			<u>Pos versend.</u>		
<u>Briewe.</u>	<u>Koerante.</u>	<u>Boekpos.</u>	<u>Briewe.</u>	<u>Koerante.</u>	<u>Boekpos.</u>
22,653	20,819	1,287	22,548	11,667	1,033

Die hele Vrystaat.

<u>Pos ontvang.</u>			<u>Pos versend.</u>		
<u>Briewe.</u>	<u>Koerante.</u>	<u>Boekpos.</u>	<u>Briewe.</u>	<u>Koerante.</u>	<u>Boekpos.</u>
252,777	268,883	21,971	284,011	188,691	9,551

Uit die tabel blyk dat die aantal briewe te Harrismith ontvang en versend byna gelyk was, terwyl meer koerante en boekpos ontvang as versend is. Oor die hele Vrystaat is egter meer briewe versend as ontvang, terwyl meer koerante en boekpos ontvang as versend is. Veral opvallend is die groot hoeveelheid boekpos wat ontvang is, wat as bewys dien dat daar 'n besondere leeslus onder die inwoners geheers het en ook op die groei van opvoedkundige inrigtings dui.

Te Harrismith is ongeveer een-twaalfde van die aantal briewe, een-dertiende van die koerante en een-agtiende van die boekpos wat oor die hele Vrystaat ontvang is, gehanteer. Van die versende pos is te Harrismith een-dertiende van die briewe, een-sewentiende van die koerante en een-negende van die boekpos vir die hele Vrystaat gehanteer. In totaal is te Harrismith 44,759 posstukke ontvang en 35,248 versend, terwyl in die hele Vrystaat 543,631 posstukke ontvang en 582,213 versend is. Te Harrismith is dan ongeveer een-twaalfde van die ontvangde en meer as een-sewentiende van die versende pos gehanteer. In totaal is te Harrismith

80,007 posstukke ontvang en versend, terwyl in die hele Vrystaat 1,125,844 posstukke ontvang en versend is. Te Harrismith is dan ongeveer een-veertiende van die totale aantal posstukke in die Vrystaat gehanteer. Gedurende die diensjaar 1878-1879 het daar byna geen noemenswaardige styging in die hoeveelheid pos in die Vrystaat ontvang en versend, plaasgevind nie. In dié diensjaar is in totaal 1,134,617 posstukke gehanteer.⁸⁸

Van Harrismith na Good Hope, Natal, was daar ook 'n private posdiens. Omdat die posdiens tot nut van die Vrystaatse regering, tydens die Zoeloe-oorlog was, het die staat vir ses maande 'n bydrae van £25 gemaak.⁸⁹ Tussen Kroonstad en Vredefort het ook 'n private posdiens vir meer as twee jaar bestaan, voordat die staat dit oorgeneem het.⁹⁰

Om die posvervoer in die Vrystaat te reël, is goeie organisasie van die Posmeester-generaal geverg. Die vertrek- en aankomstye moes so gereël word dat daar die minste moontlike vertraging sou plaasvind en verder moes die verskillende dienste inmekaar skakel. Die publiek en die koerante sou buitendien gou kla indien so 'n rooster nie tot hulle bevrediging opgestel was nie.

88. V.R. 226 : Rapport van den P.M.G. O.V.S. voor het Dienst Jaar 1878-1879.

89. Ibid.

90. V.R.N. : d.d. 17.6.1879.

Tabel 3.

TYE VAN POSAANKOMS EN -VERTREK
TE BLOEMFONTEIN IN 1879.⁹¹

Dag.	Tyd.	Pos van of Pos na	Flek.
Sondag	7 nm.	pos van	Kaapstad, Caledon, Swellendam, Mosselbaai, Humansdorp, George, Port Elizabeth, Grahamstad, King Williamstown, Queenstown, Dordrecht, Aliwal-Noord, Rouxville, Smithfield en Europa.
Maandag	7 vm.	pos van	Durban, Pietermaritzburg, Transvaal, Harrismith, Heilbron, Frankfort, Bethlehem, Leribe, Vaalbank, Majoorsdrif, Zandrivier, Senekal, Kroonstad, Ventersburg, Winburg, Bultfontein, Brandfort.
"	11 vm.	pos na	Kaapstad, Europa, Boshof, Kimberley, Du Toitspan.
Dinsdag	9 vm.	pos na	Kaapstad, Caledon, Swellendam, Heidelberg, Riversdal, George, Knysna, Uitenhage, Port Elizabeth, Grahamstad, Alice, Fort Beaufort, Adelaide, Somerset Oos, Bedford, Cradock, Steynsburg, Burgersdorp, Dordrecht, Aliwal-Noord, Wepener, Rouxville, Bethulie, Smithfield, Kinkora.
"	7 nm.	pos van	Boshof, Kimberley, Du Toitspan.
"	8 nm.	pos van	Ladybrand, Clocolan, Ficksburg, Thaba N'chu.
Woensdag	6 vm.	pos van	Kaapstad, Paarl, Wellington, Stellenbosch, Worcester, Beaufort Wes, Philipstown, Fraserburg, Victoria Wes, Graaff-Reinet, Port Elizabeth, Fearstown, Aberdeen, Bedford, Middelburg, Richmond, Hanover, Colesberg, Philippolis, Fauresmith,

91. G.S. 149 : P.M. Bloemfontein aan P.M.G., d.d.
Bloemfontein 20.6.1879.

			Jacobsdal, Reddersburg, Bethanie, Edenburg.
Donderdag	11 vm.	pos van	Boshof, Kimberley, Barkley, Du Toitspan.
"	1 nm.	pos na	Ladybrand, Thaba N'chu, Clocolan, Ficksburg, Witwater.
"	2 nm.	pos na	Reddersburg, Edenburg, Bethanie, Fauresmith, Jacobsdal, Colesberg, Hoptown, Hanover, Richmond, Middelburg, Graaff-Reinet, Fraserburg, Murraysburg, Ceres, Beaufort-Wes, Wellington, Paarl, Worcester, Stellenbosch, Kaapstad.
"	7 nm.	pos na	Smithfield, Rouxville, Wepener, Bethulie, Aliwal-Noord, Alice, Burgersdorp, Dordrecht, Bedford, Cradock, Queenstown, Steynsburg.
"	11 nm.	pos na	King Williamstown, Grahamstad, Fort Beaufort, Adelaide, Port Elizabeth, Uitenhage, Humansdorp, Knysna, George, Mosselbaai, Caledon, Swellendam, Kaapstad.
Vrydag	4.30 vm.	pos na	Brandfort, Bultfontein, Winburg, Ventersburg, Kroonstad, Senekal, Zandrivier, Majoorsdrif, Lindley, Vaalbank, Bethlehem, Frankfort, Heilbron, Durban, Harrismith, Pietersburg, Zandspruit, Transvaal.
"	6 vm.	pos na	Boshof, Hoopstad, Kimberley, Du Toitspan, Barkley.
Saterdag	8 nm.	pos van	Boshof, Kimberley, Du Toitspan, Barkley.

Op Sondag, Dinsdag en Woensdag sou die pos soos gewoonlik van Europa aankom.

In 1879 was daar 21 weeklikse posdienste waarvan 18 per poskar, 1 te perd of per kar en 2 te perd vervoer is. Die pos is tussen 30 poskantore, 3 takposagentskantore en 13 posagentskantore vervoer.⁹² Die vol-

92. V.R. 226 : Rapport van den P.M.G. O.V.S. voor het Dienst Jaar 1878-1879.

gende jaar het die posagentskantore na 17 vermeerder. Die hoeveelheid pos ontvang en versend, in die Vrystaat, het in dieselfde diensjaar ook tot 1,409,696 gestyg, ten spyte van die feit dat 7 posagentskantore nie hulle opgawes, van die hoeveelheid pos ontvang en versend, ingestuur het nie.⁹³ Die daaropvolgende jaar is die poskantore na 34 en die posagentskantore na 29 vermeerder. Hierdie vermeerdering is genoodsaak as gevolg van die groter hoeveelheid pos wat gehanteer en versend moes word. In dieselfde tydperk het die hoeveelheid pos ontvang en versend, in die Vrystaat, tot 1,703,314 toegeneem en dit verteenwoordig 'n styging van ongeveer een-vyfde op die totaal van die vorige jaar. Die totaal is bereken ten spyte van die feit dat 13 posagentskantore nie hul opgawes ingestuur het nie.⁹⁴

In die tydperk het ook verskeie privaat posdienste bestaan. Vir die privaatposdiens van Fauresmith na De Put het die staat bv. £10 tot die posvervoer bygedra.⁹⁵ Die dorpskomitee te Vredefort het weer £25 tot die posvervoer na Winkeldrif bygedra. Met dié pos is van 50-100 briewe en 60 koerante weekliks vervoer. Ook die nuwe dorp Parys het die voordeel van die posverbinding geniet. Vir die privaatpos tussen Vrede en Vlakplaas het die koste £52 per jaar beloop, maar die Posmeester-generaal het gemeen dat die staat so 'n vervoerdiens vir £24 per jaar kon instel. Indien die koste

93. V.R. 233 : P.M.G. aan Staatspresident, d.d. Bloemfontein 13.5.1880 (die bylaag van 'n vergelykende staat van briewe, koerante en boekpos). The Friend, 6.5.1880 meld dit as die totale hoeveelheid pos, sonder om van die 7 posagentskantore wat nie opgawes ingedien het nie melding te maak.

94. V.R. 238 : Rapport van den P.M.G. O.V.S. voor het Dienst Jaar 1880-1881.

95. V.R.N. : d.d. 23.6.1880.

wel £52 per jaar sou beloop, sou C. Cairncross self £25 per jaar bydra en nog posmeester of posagent ook wees, waarskynlik sonder enige vergoeding. In die Winburg-distrik was daar vyf privaat posdienste en deur die diens is ongeveer 4,500 briewe, 6,000 koerante, 100 boekpos gestuur en ongeveer 4,000 briewe gehanteer.⁹⁶ Die regering was dankbaar dat die publiek soms die inisiatief op hulle geneem het en hulle eie posvervoerstelsel georganiseer het. So is nie net die staatsuitgawes verminder nie, maar is die staat ook van sommige organisatoriese reëlins onthef.

Vir die posvervoer was die groot toename in gewig of volume wel 'n probleem waarmee rekening gehou moes word. Vir die posvervoer van Bloemfontein na Winburg het die posvolume van 20-22 groot pospakkette per rit toegeneem en dié was te veel vir selfs die grootste poskar.⁹⁷ So 'n probleem kon egter nog opgelos word deur vervoer vir die addisionele pos te reël. 'n Probleem wat egter nie maklik oorbrug is nie, was die onbegaanbare riviere in reëntye. The Friend meen dat kables oor riviere gespan moes word ten einde die pos na die oorkantste wal te vervoer.⁹⁸ Die staat kon dit nie bekostig om oor al die riviere brûe te span nie, en kables sou baie minder kos.

Tabel 4 verstrek 'n duidelike beeld van die posisie van die roetes, kontraktante en tenderpryse vir die tydperk 1881-1883.

96. V.R. 233 : Rapport van den P.M.G. O.V.S. voor het Dienst Jaar 1879-1880.

97. V.R. 238 : Rapport van den P.M.G. O.V.S. voor het Dienst Jaar 1880-1881.

98. The Friend, 10.3.1881.

Tabel 4.

ROETES, KONTRAKTANTE EN TENDERPRYSE VAN DIE
TYDPERK: 1 JANUARIE 1881-31 DESEMBER 1883.⁹⁹

No.	Posvervoerroeete.	Kontraktant.	Tenderprys.
1.	Bloemfontein-Boshof-Kimberley.	E.Hanger.	£470.
2.	Bloemfontein-Boshof-Kimberley.	E.Hanger.	£400.
3.	Bloemfontein-Winburg.	W.Geering.	£660.
4.	Bloemfontein-Ladybrand.	L.Oelrich.	£375.
5.	Bloemfontein-Smithfield.	W.Geering.	£625.
6.	Bloemfontein-Fauresmith.	C.Rothman.	£820.
7.	Winburg-Kroonstad.	N.Schnehage.	£375.
8.	Winburg-Bethlehem.	N.Schnehage.	£599.
9.	Harrismith-Bethlehem.	P.Dreyer.	£450.
10.	Kroonstad-Heilbron.	P.d.B.Otto.	£250.
11.	Heilbron-Bethlehem.	P.d.B.Otto.	£375.
12.	Fauresmith-Philippolis-Colesberg.	T.A.Enslin.	£610.
13.	Fauresmith-Jacobsdal.	H.Wolhuter.	£249.
14.	Smithfield-Aliwal-Noord.	T.Murray.	£260.
15.	Smithfield-Bethulie.	T.Murray.	£260.
16.	Bethulie-Burgersdorp.	W.Boswell.	£365.
17.	Rouxville-Wepener.	D.R.de Wet.	£235.
18.	Ladybrand-Ficksburg.	L.Oelrich.	£145.
19.	Ficksburg-Bethlehem.	E.Passmore.	£175.
20.	Brandfort-Bultfontein.	S.Cronje.	£ 90.
21.	Hoopstad-Boshof.	T.Theunissen.	£150.
22.	Jacobsdal-Kimberley.	H.Wolhuter.	£195.
23.	De Roode Bult-Wepener.	A.T.de Wet.	£150.
24.	De Roode Bult-Reddersburg.	C.Rothman.	£100.

99. V.R. 238 : Lys van Poskontrakte vanaf
 1.1.1881 tot 31.12.1883.

25.	Harrismith-Vrede.)	A.Cronje.	£1000
26.	Vrede-Frankfort.)		
27.	Frankfort-Heilbron.)		
28.	Kroonstad-Potchefstroom. = Nog geen kontrak aangegaan - tydelik 'n maandelikse kontrak aangegaan.		£400
Totaal :			£9788

By die bedrag moes nog die toelaes vir die vervoer van die takposte gereken word.

Tabel 5.

Nr.	Takposroete.	Toelaag.
1.	Fauresmith - Tituspan.	£20.
2.	Boshof - Klipfontein.	£20.
3.	Winburg - Leeuwpan.	£10.
4.	Bethlehem - Leribe.	£10.
5.	Kroonstad - Vredefort.	£50.
6.	Fauresmith - De Put.	£10.
7.	Winburg - Trommel.	£10.
8.	Winburg - Allendale.	£10.
9.	Winburg - Verkeerdevlei.	£10.
10.	Bethlehem - Bredenkampsmeul.	£10.
11.	Kroonstad - Smallddeel.	£10.
Totaal		£170

Die uitgawe aan posvervoer, hoofroetes sowel as takposroetes, het op 'n bedrag van £9958 te staan gekom.

In die posvervoerstelsel het die menslike element ook dikwels na vore getree om die Posdepartement ten goede of ten nadele te beïnvloed. By 'n geleentheid is 'n pospakket van die poskar, naby Kaffer-

rivier, verloor. Die pos wat daarna gevind is, was oopgeskeur en sommige van die tjeks vermis. Die oorsaak van nalatigheid is na die kontraktant teruggevoer.¹⁰⁰ By 'n ander geleentheid was die pos laat omdat die posmeester te Ventersburg dronk was en nie die pos kon opmaak of versend nie.¹⁰¹ By geleentheid het die poskar in die Modderrivier beland. Die perde en posryer het verdrink, maar die poskar is later weer gevind.¹⁰² By 'n ander geleentheid het die poskar omgeslaan.¹⁰³ Selfs posdiefstal het soms plaasgevind.¹⁰⁴

Die posvolume het nog steeds gereelde en groot stygings ondervind en dit is toegeskryf aan die vermeerdering van die bevolking, handel en drukwerk.¹⁰⁵ Die faktore voer weer terug na verwante faktore soos 'n gesonde ekonomie, die ontwikkeling van die staat, vertroue in die Vrystaat, 'n goeie mark, verbetering van onderwysfasiliteite, 'n behoefte aan leesstof en nouer kontak deur middel van korrespondensie met familie en vriende.

Ten einde die vervoer van die groter posvolume op 'n gesonde voet te hou, is tenders vir 60 geolie-de possakke, 50 groot gewone, 50 middelslag en 50 klein gewone possakke aangevra.¹⁰⁶ Die Staatspresident het ook die Volksraad versoek om posvervoer na die naburige state tweekeer per week te laat plaasvind.¹⁰⁷ Die posvervoerkontraktant het ook gemeen dat die posgewig en -volume te veel vermeerder het en het gevolglik ook

100. The Friend, 11.8.1881.

101. The Friend, 16.11.1882.

102. The Friend, 6.3.1884.

103. The Friend, 2.7.1885.

104. Vgl. The Friend, 14.10.1886.

105. G.S. 160 : P.M.G. aan G.S., d.d. Bloemfontein 25.7.1882.

106. The Friend, 29.9.1881.

107. V.R.N. : d.d. 8.3.1882.

voorgestel dat die pos tweekeer per week vervoer moes word, veral op die roete van Burgersdorp na Bloemfontein en Harrismith.¹⁰⁸ Ook The Friend meen dat die ou posvervoerstelsel uitgedien was en deur 'n posvervoerstelsel vervang moes word waardeur die pos tweekeer per week versend en ontvang sou word.¹⁰⁹

In 1883 het die Staatspresident weereens die Volksraad versoek dat die pos tweekeer per week vervoer moes word.¹¹⁰ Die Volksraad kon, as gevolg van die finansiële implikasies wat so 'n stap sou meebring, nie aan die versoek voldoen nie. Ten einde die las op die kontraktante enigszins te verlig, is aan die Staatspresident opgedra om kantoorbehoefte vir die staat soos papier, kerse, lak of bindtouw nie per pos na dorpe te vervoer waar die artikels, teen dieselfde pryse as wat die kontraktant dit te Bloemfontein kon lewer, verkrygbaar was nie. Die Uitvoerende Raad moes met die skryf-behoeftekontraktant dienooreenkomstig ooreenkom.¹¹¹

In 1883 het die Posmeester-generaal weer instruksies in verband met die opmaak van pos uitgereik.¹¹² Deur die instruksies wou die Posmeester-generaal eenvormigheid verseker en misbruik uit die weg probeer ruim.

Die toename van die aantal posstukke het 'n nog groter las op die pospersoneel geplaas. Gedurende die diensjaar 1881-1882 is 293,618 posstukke meer as die vorige jaar ontvang.¹¹³ Dit het 'n styging van ongeveer

108. G.S. 160 : P.M.G. aan G.S., d.d. Bloemfontein 25.7.1882.

109. The Friend, 23.11.1882.

110. V.R.N. : d.d. 8.5.1883.

111. V.R.N. : d.d. 4.7.1883.

112. Kyk Hoofstuk III van hierdie verhandeling, p. 77 . Hieronder word die instruksies volledig bespreek.

113. V.R. 250 : Rapport van den Kommissie tot na-gaan van het rapport van den P.M.G. voor 1880-1881 (ongedateerd).

een-sesde beteken. Ten einde die toename in posgewig te kon hanteer, versoek die Posmeester-generaal dat die tenders moet bepaal dat poskarre groot en sterk genoeg moes wees om 800 lb. posgewig te vervoer.¹¹⁴ Selfs so 'n bepaling sou nie altyd help om die vermeerdering in gewig te hanteer nie en die staat moes op sommige posroetes bv. van Bloemfontein na Colesberg pos tweekeer per week laat vervoer.¹¹⁵ Die Volksraad wou dit egter nie as 'n algemene beleid, onder andere as gevolg van die finansiële las wat dit op die staat sou plaas, neerlê dat pos oor al die posroetes tweekeer per week vervoer moes word nie.¹¹⁶ 'n Poskontraktant kon ook weier om pos bokant 'n gewig van 800 lb. te vervoer. Die posvervoerkontraktant vir die roete van Bloemfontein na Winburg het dit bv. gedoen. Daarop moes alle koerante vir Bethlehem, Heilbron, Lindley, Harrismith, Frankfort, Vrede ens. met die Thaba N'chu en Ladybrand pos gestuur word.¹¹⁷

In 1884 versoek die Staatspresident weer dat posvervoer oor die meeste roetes tweekeer per week sal plaasvind.¹¹⁸ Te Bethlehem bv. het die aantal briewe versend van ongeveer 30,000 vir die diensjaar 1881-1882 na ongeveer 53,600 vir die diensjaar 1883-1884 vermeerder.¹¹⁹ In die suidelike deel van die Vrystaat moet die toename deels ook aan die koms van spoorweë, tot aan die Vrystaatse grens, gewyt word. Met die spoorweë kon groot hoeveelhede pos gou versend word.

114. G.S. 164 : P.M.G. aan G.S., d.d. Bloemfontein 16.7.1883.

115. The Friend, 10.1.1884.

116. V.R.N. : d.d. 10.6.1884.

117. The Friend, 10.4.1884.

118. V.R.N. : d.d. 5.5.1884.

119. V.R. 270 : Memorie van J.J.W. van den Bosch, assistent by poskantoor te Bethlehem, d.d. Bethlehem 7.4.1884.

Vir die Vrystaat was die volume egter 'n groot probleem en daarom is tot twee poskarre gebruik om die pos te vervoer.¹²⁰

Ordonnansie Nommer 29 van 1884 het Ordonnansie Nommer 31 van 1877 herroep. Daarin is instruksies oor die ontvangs, opmaak en versending van pos vervat. Die Posmeester-generaal sou geskille besleg. Teen sy beslissing kon na die Staatspresident geappelleer word, maar dié se uitspraak was finaal. Geen skadevergoeding kon teen die staat of teen die Posmeester-generaal vir posverlies of -vertraging ingestel word nie. Die kontraktant is egter nie van wetlike stappe gevrywaar nie.

Die nuwe Ordonnansie is veral deur die toename in posvolume en -gewig genoodsaak. Die wetgewing het veral poskarre geraak. Daar is bepaal dat poskarre met vier perde tot 800 lb. posgewig moes kon dra. Poskarre met twee perde moes 600 lb. posgewig kon dra. Die bergplekke moes ook waterdig wees.¹²¹

Aanvullend by die Ordonnansie is in dieselfde jaar bepaal dat indien die pos met twee poskarre vervoer word, die kontraktant vir die addisionele rit vergoeding sou ontvang. Die vergoeding sou net soveel wees as wat normaalweg vir 'n enkelrit betaal word. Indien die oorgewig 100-150 lb. was, kon die pos nog op één kar vervoer word. Vir die oorgewigpos sou die kontraktant vergoeding ontvang. Indien die pos per passasierswa vervoer is, sou die kontraktant 8^d. per lb. bokant die gewig van 200 lb. toegestaan word. Die tarief was nie oral dieselfde vir oorgewig pos nie omdat afstande, tenderpryse, ens. verskil het. Op die posroete van Colesberg na Bloemfontein sou die kontraktant, indien die oorgewig nog met die eerste

120. The Friend, 5.6.1884.

121. Ordonnansie Nommer 29 van 1884.

poskar vervoer is, 9^d. per lb. ontvang. Indien twee poskarre gebruik is, sou hy vir 'n bykomende rit vergoed word.¹²²

Op die posroete van Bloemfontein na Winburg was die oorgewigpos in tien weke 697 lb. Die Posmeester-generaal het daarop aanbeveel dat die kontraktant £120 per jaar addisioneel by sy tenderprys moes kry. Sodoende kon hy 'n vierwiel rytuig, met ses perde bespan, op die roete gebruik. Omdat daardeur koste vir die staat bespaar is, sou dit tot voordeel van die staat strek. Die Posmeester-generaal het verder aange-
toon dat die tenderprys vir posvervoer op die roete van £790 in 1878-1879 na £580 in 1883-1884, ten spyte van 'n gewigs- en volume toename, verminder het.¹²³ Met die addisionele betaling sou die tenderprys nog minder as in 1878-1879 wees en tog sou baie meer pos vervoer word.

Gedurende die tydperk 1885-1886 het die Vrystaat 'n depressie beleef. In die tydperk is geen verandering in die Posdepartement aangebring nie. Die toestand is staties gehou ten einde die uitgawes sover moontlik te beperk. In dié tydperk was die publiek ook redelik met hulle eise. Selfs die koerante het die erns van die toestand besef en wou geen nuwe finansiële las, as gevolg van eise om uitbreiding of verbetering, op die staat plaas nie.


(ii) Buitestaatlke posvervoer.

Buitestaatlke posvervoer is in hoofsaak die verbinding met state buite die Vrystaat. Aangesien die state of kolonies hulle eie posvervoerstelsel gehad en die vervoer onder die jurisdiksie van die state of


122. G.S. 169 : P.M.G. aan G.S., d.d. Bloemfontein
1.8.1884.

123. G.S. 171 : P.M.G. aan G.S., d.d. Bloemfontein
10.12.1884.

Die Ontwikkeling van die vernaamste Vrystaatse posroetes 1854-1872.



Die Ontwikkeling van die vernaamste Vrystaatse posroetes, 1872-1886.



POSTDIENST, ORANJEVRIJSTAAT.

Ontvangen van den Postmeester te
een aangeteekende Brief gezonden aan

Postkantoor te *Milnesburg* den *12de*

POSTDIENST, ORANJEVRIJSTAAT.

Ontvangen van den Postmeester te
een aangeteekende Brief gezonden aan

Postkantoor te *Milnesburg* den *12de*

dag van

186

Handteekening van den ontvanger

N.B. — De Postmeester wordt verzocht voor den ingesloten aangeteekenden Brief
een bewijs van ontvangst *in duplo* te nemen, volgens deze vorm, en daar van het eene
zelf te bewaren, en het ander te rug te zenden aan het Postkantoor, te

W. Stovence T. S.
London 3^o July 1807
all respect a good night

The President of the
Orange Free State

Dear Sir
Your letter of the 21st of June is received

Sir,
Confirming my respect of 21st May, duplicate of which I ~~enclose~~ enclose, I have now the pleasure to advise the shipment of the Whitworth Gun & Equipments pt. Sir George Pegg which vessel sailed on the 15th ultimo. Bill of lading & Invoice amounting to £439.15.9. has been forwarded to Messrs Druell & Co. to whom the shipment is assigned.

Armsstrong Gun & Ammunition.

I am advised, this morning, that this order is ready for shipment, and will send instructions for shipping in first sailing vessel. The Invoice will amount to about £1000

Postage Stamps.

I am now able to announce the completion of this order I append specimen of the different duties, as follows: —



In all cases the colors have been adhered to as near as it was possible in the fugitive inks required to print these stamps.

My Debater & Co inform me that, in future printing, these

G.S. 1322

Die eerste posseëls.

ORANJEVRIJSTAAT.

OPGAVE van het **Generaal Bedrag van Boeten, op Onvoldoende Gezegelde Brieven, Couranten en Boekposten, ontvangen of verzonden van of naar de onderstaande Kolonien, door den Postmeester te** _____ **gedurende de maand** _____ **18** _____










Kaapkolonie.	BEBOETTE.			GENERAAL BEDRAG.
	BRIEVEN.	COURANTEN.	BOEKPOSTEN.	
Ontvangen				
Verzonden				
Kolonie Natal.	BEBOETTE.			GENERAAL BEDRAG.
	BRIEVEN.	COURANTEN.	BOEKPOSTEN.	
Ontvangen				
Verzonden				
Transvaal.	BEBOETTE.			GENERAAL BEDRAG.
	BRIEVEN.	COURANTEN.	BOEKPOSTEN.	
Ontvangen				
Verzonden				
Griqualand West.	BEBOETTE.			GENERAAL BEDRAG.
	BRIEVEN.	COURANTEN.	BOEKPOSTEN.	
Ontvangen				
Verzonden				

Postkantoor,

Postmeester


Maandelijks op te zenden naar den Postmeester-Generaal,

Boetevorm.



TG 4180

Vrystaatse posroetes 1886



Verklaring
 Bedrae wat Vrystaats regering bygedrae het tot die posvervoer

————— } meer as £100 per jaar
 - - - - - } £50 of minder
 } minder as £100 per jaar (perdeposvervoer)

Maré Noord

kolonies geval het, sal alleen aan die posverbinding met die state aandag gegee kon word in soverre die verbinding die Vrystaat geraak het.

(a) Die Kaapkolonie.

Met die omskakeling van 'n Soewereiniteits-na 'n republikeinse regering in 1854 sou die nuwe regering die bestaande posdienste van die Soewereiniteits-regering erf. Daar was twee posverbindinge met die Kaapkolonie nl. oor Colesberg en oor Aliwal-Noord. Kort na die oornome besluit die regering van die Vrystaat egter dat alleen die posverbinding met die Kaapkolonie oor Colesberg behou sou word. Gevolglik sou die posverbinding met die Kaapkolonie oor Aliwal-Noord vanaf 1 April 1854 gestaak word.¹²⁴ Die regering sien egter gou die noodsaaklikheid van die posroete oor Aliwal-Noord in en enige dae na die berig van die staking van die posvervoer word besluit om die posroete van Bloemfontein na Aliwal-Noord tog te handhaaf.¹²⁵ Van Bloemfontein na Colesberg moes die pos in 30 uur en van Bloemfontein na Aliwal-Noord in 25 uur vervoer word.¹²⁶ As gevolg van reëlings in die Kaapkolonie is pos wat vanaf Grahamstad na Bloemfontein oor Colesberg in plaas van oor Aliwal-Noord gestuur is, eers 'n week later in Bloemfontein ontvang.¹²⁷

Die pos vanuit die Kaapkolonie is soms lank vertraag. Daar is gemeen dat die posmeesteres te Aliwal-Noord soms vir die vertraging verantwoordelik was, aangesien sy nie veel belang by die Vrystaat gehad het en ook nie deur dié staat besoldig is nie.¹²⁸ Natuurelemen-

124. The Friend, 25.3.1854.

125. V.R.N. : d.d. 11.4.1854.

126. The Friend, 20.9.1856.

127. The Friend, 19.10.1860.

128. V.R. 169 : Memorie van W.J. Copeland en 56 andere, d.d. Aliwal-Noord 24.9.1860.

te in die Kaapkolonie het dikwels die pos vertraag. Sneeu, reën en vol riviere het dikwels die pos vertraag. Veral Stormbergspruit is in dié opsig as 'n groot sondebok beskou.¹²⁹

In 1872 het daar onderhandelinge oor 'n moontlike poskonvensie met die Kaapkolonie en Natal plaasgevind. President Brand wou egter nie tot so 'n konvensie toetree, terwyl die Diamantveldvraagstuk nog hangende was nie,¹³⁰ want hy wou geen stap waag wat die Vrystaat se aanspraak op die Diamantvelde sou raak nie. Daarom het hy liever die Vrystaat uit so 'n konvensie gehou.

Die posverbinding met die Kaapkolonie het baie probleme vir die Vrystaat tot gevolg gehad. Daarom kla The Friend dan ook „the Colonial mail to Aliwal North must be managed in a most deplorable careless and irregular manner.”¹³¹ Sterker kon die gevoel van die publiek en handelaars nie weergegee gewees het nie. Die uitlating moes ook die Kaapkolonie tot 'n beter diens aanspoor. Omdat die diens nie die nodige verbetering getoon het nie, is onderhandelinge tussen die Posmeesters-generaal van die twee state gevoer. Die Posmeester-generaal van die Kaapkolonie was van oordeel dat die pos oor Burgersdorp moes gaan, omdat so 'n roete die pos minstens vier uur vroeër in Aliwal-Noord sou besorg.¹³² The Friend weer was van oordeel dat 'n posroete oor Bethulie en Burgersdorp in plaas van oor Rouxville die Stormbergspruit en Caledonrivier sou uitskakel en gedurende reëntye vir beter posvervoer sorg. Ook sou dié roete die vier dae vertraging te Aliwal-Noord uitskakel.¹³³ Die Posmeester-generaal van die Oranje Vrystaat het daar-

129. The Friend, 19.10.1871.

130. The Friend, 13.6.1872.

131. The Friend, 18.7.1872.

132. The Friend, 9.7.1874.

133. The Friend, 30.7.1874.

om ook die roete van Bloemfontein na Smithfield, Bethulie en Burgersdorp aanbeveel. Daardeur sou die Stormbergspruit en Caledonrivier vermy word, en geen oponthoud te Burgersdorp, soos op die grenskantoor te Aliwal-Noord, sou plaasvind nie. So 'n roete sou direkte verbinding tussen die Diamantvelde, Boshof, Smithfield, Bethulie en die Kaapkolonie bring en pos met die roete oor Burgersdorp vervoer sou minstens agt uur gouer in Bloemfontein wees.¹³⁴ Omdat die Kaapkolonie graag hul posdiens wou verbeter, is 'n nuwe posverbinding oor Burgersdorp en Bethulie ingestel en so is die posvervoertyd met ses uur verminder.¹³⁵

Die posverbinding van Bloemfontein na Smithfield, Rouxville en Aliwal-Noord sou egter nog bly voortbestaan. Op die roete is die pos soms deur die Caledon- en Oranjerivier vertraag. By een geleentheid is die pont „carried down the stream, when crossing the Orange River, with the post-cart and mail bags.”¹³⁶

Die posroete van Bloemfontein na Bethulie en Burgersdorp is ingestel om veral die handel met Port Elizabeth te bevorder. Die roete was korter en die pos kon gouer langs hierdie roete vervoer word. Hierdie roete het ook die Caledonrivier en die Stormbergspruit vermy, wat heelwat vertragings veroorsaak het. Die roete van Bloemfontein na Smithfield en Aliwal-Noord was meer van plaaslike belang en het nie veel aftrek van die handelaars gekry nie. Die roete van Bloemfontein na Reddersburg, Bethanie, Edenburg, Fauresmith, Philippolis, en Colesberg was ook 'n hoofverbinding vir die handel. Twee van die posroetes na die Kaapkolonie

134. G.S. 136 : P.M.G. aan G.S., d.d. Bloemfontein 18.7.1874.

135. The Friend, 29.10.1874.

136. The Friend, 19.11.1874.

137. Ibid.

is dus as hoofverbindings, veral vir die handel, beskou.¹³⁸ Van Koloniale kant is die pos egter nie altyd na die Vrystaters se wense afgestuur nie. Daarom kla The Friend „Port Elizabeth and Grahamstown papers published on Tuesdays continue to reach this by the Cape post via Colesberg on the Wednesday week following whilst the papers printed on Fridays reach us per the Frontier mail via Burghersdorp, if there is no delay, on Tuesday, or one day before the Tuesday's papers."¹³⁹ Dit het van swak reëling van die kant van die Kaapkolonie getuig.

Die pos van die Kaapkolonie oor Aliwal-Noord moes Sondag om 7 nm. in Bloemfontein aangekom het. Die pos van Durban moes Bloemfontein Maandag om 7 vm. bereik. Die pos van Bloemfontein na Du Toitspan moes Maandag om 11 nm. vertrek het. Die pos van die Kaapkolonie oor Aliwal-Noord moes Bloemfontein Dinsdag om 9 vm. bereik het. Die pos van Du Toitspan moes Bloemfontein Dinsdag om 7 nm. bereik het. Die pos van Bloemfontein na Du Toitspan moes Dinsdag om 9 nm. vertrek het. Die pos van die Kaapkolonie oor Colesberg moes Bloemfontein Woensdag om 6 vm. bereik het. Die pos van Du Toitspan moes Bloemfontein Donderdag om 11 vm. bereik het. Die pos van Bloemfontein na Colesberg moes Donderdag om 2 nm. vertrek het. Die pos van Bloemfontein na Aliwal-Noord moes Donderdag om 7 nm. vertrek het. Dieselfde dag om 11 nm. moes nog 'n pos na die Kaapkolonie vertrek het. Die pos van Bloemfontein na Du Toitspan moes Vrydag om 6 vm. vertrek het.¹⁴⁰

In die Kaapkolonie het die aanlê van spoorweë

138. V.R. 209 : Rapport van den P.M.G. O.V.S. voor het Dienst Jaar 1874-1875.

139. The Friend, 6.6.1878.

140. G.S. 149 : P.M. Bloemfontein aan die P.M.G., d.d. Bloemfontein 20.6.1879.

so gevorder dat Colesberg in 1883 reeds spoorwegverbinding met Kaapstad bekom het.¹⁴¹ Die uitbreiding van spoorweë na die binneland het ook die posvervoer bevoordeel, want die pos kon vinniger en goedkoper met spoorweë vervoer word. Teen 1882 het Kaapstad, en ander plekke op die roete, elke dag reeds 'n posvervoerdienst tot by Kimberley gehad. Dit het beteken dat pos ook daaglik na die Vrystaat versend kon word. Oor Colesberg het die Vrystaat egter net eenkeer per week 'n posvervoerdienst gehad. Daarom het die Posmeester-generaal van die Kaapkolonie aanbeveel dat die Vrystaat sy pos tweekeer per week na Colesberg moes stuur om so 'n beter dienst te handhaaf, gereelder posvervoer te verseker en oorgewig pos uit te skakel.¹⁴²

Die Vrystaat kon egter nie sy dienst dienooreenkomstig uitbrei nie. Tén einde posvervoer egter te bespoedig, kon pos vir Kaapstad, Port Elizabeth en Graaff-Reinet ook oor Kimberley gestuur word.¹⁴³ Die roete het die voordeel gehad dat Vrystaatse pos tweekeer per week versend is. Met die roete het die pos wel drie na vier uur langer as met die roete oor Colesberg geneem, maar 'n ander voordeel van die roete was dat daar in reëntye minder vertraging as gevolg van minder riviere was.¹⁴⁴

Teen 1884 het die Kaapkolonie al spoorweë gebruik op groot skaal ten einde hul pos vinniger en goedkoper te vervoer.¹⁴⁵ In 1885 het Kimberley spoorwegverbinding met die Kaapse hawens bekom.¹⁴⁶ Die spoorwegvervoer van pos het die posvolume en -gewig laat toeneem, ook vir die Vrystaat, en daarom het die Vrystaat

141. The Friend, 18.10.1883.

142. The Friend, 13.4.1882.

143. The Friend, 4.5.1882.

144. The Friend, 11.2.1886.

145. The Friend, 4.12.1884.

146. The Friend, 3.12.1885.

met meer posvervoerprobleme te doen gekry.¹⁴⁷

Na heelwat onderhandelinge¹⁴⁸ is die poskonvensie tussen die Vrystaat en die Kaapkolonie in 1883 bekragtig.¹⁴⁹ Deur die konvensie is veral die administratiewe reëlings ten opsigte van posvervoer tussen die twee state vergemaklik. Indien pos in die een staat gepos en die nodige porto van die staat gedra het, sou sodanige pos kosteloos in die ander staat afgelewer word.¹⁵⁰

(b) Natal.

Met die totstandkoming van die Vrystaatse Republiek in 1854 het daar 'n posverbinding van Bloemfontein oor Winburg en Harrismith na Natal bestaan.¹⁵¹ Aan die roete is aanvanklik nie veel aandag gegee nie, want die meeste handel het deur die Kaapkolonie plaasgevind. Eers in 1864 is die posvervoertye na Natal so verander dat pos na en van Natal sewe in plaas van veertein dae sou neem.¹⁵² Die roete is aanvanklik ook gebruik om pos vanaf die Kaapkolonie na Natal te vervoer.

Teen 1872 was daar al 'n goeie posverkeer tussen Natal en die Diamantvelde, oor die Vrystaat. President Brand kon daarom ook meld dat gemiddeld 400 briewe per week van Natal na die Diamantvelde en ongeveer dieselfde getal weer van die Diamantvelde na Natal en die Kaapkolonie weekliks gestuur is.¹⁵³ Teen 1877 voer Schnehage egter in die Vrystaatse Volksraad aan

147. Vgl. The Friend, 5.6.1884.

148. Vgl. V.R.N. : d.d. 2.5.1870.

149. V.R.N. : d.d. 4.7.1883.

150. Kyk p. 180 van hierdie verhandeling. Hier word die poskonvensie volledig bespreek.

151. The Friend, 16.9.1850.

152. The Friend, 30.12.1864.

153. V.R. 201 : Koloniale Sekretaris, Kaapkolonie, aan G.S., d.d. Kaapstad 3.2.1872. (afskrif).

dat pos van Natal na die Kaapkolonie meestal per skip gestuur word.¹⁵⁴ Sodoende het die Vrystaat sy waarde as deurvoerstaat vir die pos, van die Kaapkolonie na Natal en van Natal na die Kaapkolonie, verloor.

In Natal, net soos in die ander state, het die natuurelemente ook 'n rol in posvertraging gespeel.¹⁵⁵

Gedurende die Zoeloe-oorlog van 1879 is besluit om die posverbinding tussen Harrismith en Lindley gedeeltelik te steun. Die verbinding was vir die Vrystaatse sowel as Natalse regerings van belang. Natal sou daarom ook die helfte van die posvervoerkoste dra.¹⁵⁶ Deur die verbinding sou nuus in verband met die oorlog gou na een van die state versend kon word.

In 1885 is die poskonvensie tussen Natal en die Vrystaat goedgekeur.¹⁵⁷ Daardeur is die administratiewe reëlings ten opsigte van posvervoer tussen die state aansienlik vergemaklik. Pos wat die nodige porto van een staat gedra het, sou posvry in die ander staat afgelewer word.¹⁵⁸ Natal was nie vir die Vrystaatse posvervoer so belangrik as die Kaapkolonie nie. In verhouding was die posverkeer tussen die Vrystaat en Natal ook kleiner in omvang. Daarom was daar ook minder klagtes oor die posvervoer tussen die twee state. B.W.J. te Vredefort het beweer dat Natal se posdiens stiptelik en betyds en ook beter as dié van die Kaapkolonie georganiseer was.¹⁵⁹

(c) Transvaal.

Reeds tydens die Soewereiniteitsregering was daar posverbinding oor Bloemfontein tussen die Soewe-

154. V.R.N. : d.d. 30.5.1877.

155. Vgl. The Friend, 27.11.1873.

156. V.R.N. : d.d. 16.6.1879.

157. V.R.N. : d.d. 16.5.1885.

158. Kyk p.181 van hierdie verhandeling. Hier word die konvensie volledig bespreek.

159. The Friend, 18.2.1886.

reiniteit en Transvaal.¹⁶⁰ Die volgende jaar is die verbindingspunt na Transvaal egter gerieflikheidshalwe na Winburg verskuif.¹⁶¹ Ook die verbindingspunt is later verskuif en wel na Kroonstad.¹⁶² Transvaal sou die koste verbonde aan die posvervoer van Kroonstad na Potchefstroom dra,¹⁶³ omdat die vervoerstelsel grootliks vir die gerief van die Transvalers in stand gehou is. Die Vrystaat het Transvaalse pos van Kroonstad na Colesberg en van Kroonstad na die Natalse grens kosteloos vervoer. Die Vrystaat het dit dus as redelik beskou dat Transvaal die koste van die posvervoer tussen Kroonstad en Potchefstroom sou dra. Transvaal het die posvervoer deur die Vrystaat na Natal as belangrik beskou, veral vir die handel, want die Natalse hawens was die naaste vir die Transvalers.¹⁶⁴

Die Transvaalse regering het ook pos vanaf Natal oor Harrismith en Heidelberg na Pretoria met passasierskarre laat vervoer. Die reëling was in stryd met Ordonnansie Nommer 2 van 1868 waardeur bepaal is dat slegs die Vrystaatse regering posvervoer in of deur die Vrystaat sou reël. As gevolg van die vriendskapsbande met Transvaal is laasgenoemde staat egter toegelaat om pos aldus te vervoer. Die Vrystaat het egter verlang dat 'n poslys van die pos wat so vervoer is, aan die posmeester te Harrismith gestuur moes word.¹⁶⁵

Na die ontdekking van diamante en die ontwikkeling van die Diamantvelde het ook Transvaal die voor-

160. The Friend, 3.7.1852.

161. The Friend, 28.4.1853.

162. Grobler, P.J.H.S. : Poswese van die Zuid-Afrikaansche Republiek, p.14.

163. Ibid., p.50.

164. The Friend, 20.4.1871.

165. G.S. 132 : P.M.G. aan G.S., d.d. Bloemfontein 15.1.1873.

deel van die nuwe mark geniet. Gevolglik is 'n direkte posverbinding met die Diamantvelde ingestel. Die roete sou van Potchefstroom oor Hebron na Klipdrif gaan.¹⁶⁶ Die roete het ook gou belangriker as die roete oor die Vrystaat geword, want die roete sou minder kos en die pos sou vinniger vervoer word.¹⁶⁷ Met dié posroete sou ook pos na die Vrystaat oor Boshof vervoer word. Transvaalse pos oor Boshof sou vier dae voor die pos oor Kroonstad in Bloemfontein wees.¹⁶⁸ Hoewel die posverbinding oor die Diamantvelde dus die belangrikste en voordeligste vir Transvaal was, is die posverbinding van Kroonstad na Potchefstroom ook in stand gehou.¹⁶⁹

The Friend meen dat een van die redes vir die groot toename in die posverkeer, -volume en -gewig die feit is „that the Free State Post-office has to carry all the mails from the Cape Colony and Griqualand West to the Transvaal. When the latter country was British Territory there was a mail-cart from Kimberley to Pretoria, which not only carried the Western Province post but all the mails from Griqualand West.“¹⁷⁰

'n Posverbinding tussen Vrede en Standerton is ook ingestel en so is Natal in direkte posverbinding met Transvaal gebring „and by this route, apart from pleasanter, and unbroken road about 50 miles shorter than the mountainous road via Newcastle and as a conveyance cheaper.“¹⁷¹

In 1885 is 'n poskonvensie tussen die Vry-

166. Grobler, P.J.H.S., op. cit., p.93.

167. Ibid., p.94.

168. The Friend, 28.1.1875.

169. V.R.N. : d.d. 24.6.1876.

170. The Friend, 15.9.1881.

171. The Friend, 29.6.1882.

staat en Transvaal gesluit.¹⁷² Daardeur is die organisatoriese reëlings ten opsigte van posvervoer tussen die twee state vereenvoudig en vergemaklik. Alle postukke wat die nodige porto van die een staat gedra het, sou kosteloos in die ander staat vervoer en afgelewer word.¹⁷³

In 1886 is daar besluit dat pos tweekeer per week na Transvaal vervoer sou word.¹⁷⁴ Die besluit dien ook as 'n bewys van die geweldige toename in en belangrikheid van die posverkeer tussen die twee state. Na die Transvaalse Vryheidsoorlog het die politieke klimaat tussen die twee state ook geleidelik verander en is nouer samewerking gesoek. Daarom het die Vrystaatse Posdepartement steeds meer Transvaalse posvervoer. Die ontwikkeling van die Goudvelde sou nog 'n groter verandering in die posverkeer en -vervoer van die twee state bring.

(d) Die Diamantvelde.

Na die ontstaan van die Diamantvelde is daar 'n posverbinding tussen die gebied en die Vrystaat oor Boshof en Pniel ingestel.¹⁷⁵ Aanvanklik het die Vrystaat die Diamantvelde as sy grondgebied beskou en is die verbinding as 'n deel van die Vrystaatse posverbinding beskou. Die Keate-uitspraak het egter anders beslis en daarna moes die Vrystaters, teen wil en dank, die gebied as 'n buitestaatlike gebied beskou. Vir die Vrystaat sou die posverbinding met die Diamantvelde daarna oor Olifantsfontein geskied.¹⁷⁶ Die Diamantvelde het 'n groot mark geskep. Ook Vrystaters **het daar gaan delf**

172. V.R.N. : d.d. 16.5.1885.

173. Kyk p. 182 van hierdie verhandeling. Hier word die poskonvensie volledig bespreek.

174. The Friend, 16.9.1886.

175. The Friend, 22.9.1870.

176. V.R.N. : d.d. 10.6.1872.

en met hulle familie gekorrespondeer. Natalse pos na die Diamantvelde sou ook oor die Vrystaat gaan.¹⁷⁷

Die Diamantvelde en gevolglik die posverkeer daarheen het vinnig ontwikkel. In 1873 is daar bv. oor 'n tydperk van ses maande byna 'n kwart miljoen posstukke in die Kimberleyse poskantoor gehanteer.¹⁷⁸ Ook vir die Vrystaat het die posverkeer so toegeneem dat in 1877 besluit is om ook 'n posverbinding oor Boshof na die Diamantvelde in te stel.¹⁷⁹ Na die anneksasie van Griekwaland-Wes (die Diamantvelde) is die gebied in 1873 tot kroonkolonie verklaar en in 1880 by die Kaapkolonie ingelyf. Daarna is alle posverbinding daarheen as posverbinding na die Kaapkolonie beskou.

(e) Basoetoland.

Aanvanklik het daar min blankes in Basoetoland gewoon. Die Basoeto het ook weinig gekorrespondeer. Van die Vrystaatse kant was daar gevolglik min posverkeer met die gebied. Die posverkeer wat daar wel was, was waarskynlik met die sendelinge, handelaars, kapteins en opperhoofde. Aanvanklik is daar slegs tussen die staatshoofde korrespondensie gevoer.¹⁸⁰

In 1858, 1865 en weer in 1867 het daar oorlog tussen die Basoeto en die Vrystaters uitgebreek. Ten einde die Basoeto-gevaar te verminder, is in 1866 bepaal dat die Basoeto alleen Vrystaatse grondgebied kon betree om pos na die Staatspresident of ander amptenare te bring.¹⁸¹ Gedurende die oorloë moes daar ook posverbinding na die laers, wat tot in Basoetoland geveg het, ingestel en gehandhaaf word.¹⁸² Die posverbinding het nie

177. The Friend, 30.11.1871.

178. The Friend, 28.8.1872.

179. The Friend, 1.11.1877.

180. Vgl. The Friend, 12.4.1856 en V.R.N. : d.d. 6.10.1856.

181. Ordonnansie Nommer 1 van 1866.

182. Vgl. V.R.N. : d.d. 13.6.1868.

ter wille van die burgers en hulle familie nie, maar ook ter wille van die Vrystaatse regering bestaan.

In 1868 is die Basoeto as Britse onderdane verklaar en in 1871 is Basoetoland by die Kaapkolonie ingelyf. In 1875 is posagente te Leribe en Maseru aangestel,¹⁸³ en die Vrystaat sou dan ook deur die verbindingspunte 'n posvervoerstelsel na Basoetoland handhaaf. Dat die posverbinding egter nooit tot 'n groot verbinding ontwikkel het nie, is in 1881 bewys toe die Volksraad nie mag tot die posvervoer tussen Bethlehem en Leribe wou bydra nie.¹⁸⁴ In 1884 is 'n posverbinding tussen Aliwal-Noord en Maseru deur die Resident Kommissaris, te Basoetoland, ingestel.¹⁸⁵ Eers ná die ontdekking van goud het verdere ontwikkeling van die land en sy inwoners 'n groter behoefte aan posverbinding laat ontstaan.

(f) Oorsee.

Alle pos van oorsee na die Vrystaat of pos van die Vrystaat wat vir oorsese gebiede bestem was, is deur die Kaapkolonie vervoer. Laasgenoemde staat sou alle reëlings vir die versending daarvan moes tref. Aanvanklik is pos vanaf die Kaapkolonie slegs elke tweede maand per skip oorsee gestuur,¹⁸⁶ maar teen 1865 was daar al 'n maandelikse verbinding vanaf Tafelbaai na die buiteland. Soms is pos ook vanaf Port Elizabeth oorsee gestuur of van oorsee ontvang.¹⁸⁷ Vanaf 1876 is daar weekliks 'n oorsese posdiens vanaf Kaapstad en 'n maandelikse posdiens vanaf Port Elizabeth ingestel.¹⁸⁸

Waar 'n reis, per skip, van Kaapstad na Enge-

183. The Friend, 4.3.1875.

184. V.R.N. : d.d. 22.6.1881.

185. The Friend, 19.6.1884.

186. The Friend, 9.2.1852.

187. The Friend, 3.2.1865 en 3.8.1866.

188. The Friend, 6.7.1876 en 1.3.1877.

land aanvanklik 42 dae geneem het, sou die reis in 1877 ongeveer 20 dae duur. The Friend het selfs gehoop dat so 'n reis nog in 14 dae afgelê sou kon word.¹⁸⁹

Terwyl die Vrystaat die nodige posvervoer binne sy grense self gereël en behartig het en ander state of oorsese lande Vrystaatse pos versend of ontvang het, het die Republiek oor 'n posvervoer- en -verbindingstelsel beskik wat in al die nodige posdienste van die staat en sy inwoners voorsien het.

C. PORTO.

In die Soewereiniteitstydperk moes die publiek 4^{d.} porto op Soewereiniteitspos, d.w.s. briewe betaal.¹⁹⁰ Indien pos na die buurstate gestuur is, moes die posgeld ook nog betaal word en indien pos oorsee gestuur is, was daar nog 'n bykomende bedrag vir die oorsese gebied. Die posgeld is gewoonlik in kontant vooruit betaal. Eers op 1 September 1853 is die eerste posseëls in die Kaapkolonie in gebruik geneem. Hierdie seëls was egter net 'n dekking vir die binne-landse porto.¹⁹¹

Die Vrystaatse regering het die porto van 4^{d.} op briewe van die Soewereiniteitsregering oorgeneem, maar gou is besluit dat die bedrag na 6^{d.} op briewe vanaf Januarie 1855 verhoog moes word.¹⁹² Die porto was net op die Vrystaat van toepassing en porto na die buurstate of oorsee moes nog bykomend gehef word. Die gevoel was dat porto op pos tussen state vooruit betaal

189. The Friend, 25.10.1877.

190. The Friend, 23.12.1850.

191. Strauss, M.C., „Pos en telekommunikasie in Suid-Afrika en elders in Afrika“, Koers. Nr.'s 1, 2, 3; Jaargang XXIV, Aug./Okt./Des. 1966, p.49.

192. V.R.N. : d.d. 13.9.1854.

moes word. Daar is selfs bepaal dat vanaf 1 November 1854 geen Koloniale briewe, vir vervoer na die Vrystaat, aangeneem sou word indien die Koloniale posgeld nie vooruit betaal was nie.¹⁹³ Indien die porto daarop nie vooruit betaal was nie, moes die betaling geskied voordat die pos aan die geadresseerde oorhandig sou word. Amptelike pos is posvry versend, maar sulke pos moes op die koevert, in die linkerhoek, deur die afsender geteken word.¹⁹⁴

Na die aanstelling van 'n Posmeester-generaal in 1856 in die Vrystaat, wou hy dat porto sowel in die Kolonie as in die Vrystaat vooruit betaal word. Die Kaapkolonie kon sy eie posseëls gebruik, maar die Vrystaat het nog nie oor sy eie seëls beskik nie. Die Posmeester-generaal wou dat die Vrystaters Koloniale seëls vir oorsese pos gebruik. Die vereffening tussen die state, vir die Koloniale seëls, sou nadat die seëls verkoop was, plaasvind.¹⁹⁵ Koloniale seëls is dan ook gereeld aan die Vrystaat gestuur.¹⁹⁶

Deur die regulasies van 1856 in verband met pos is die porto vasgestel vir elke koerant op 1^{d.}; vir 'n brief van nie meer as 'n $\frac{1}{2}$ ons gewig 6^{d.}, bokant 'n $\frac{1}{2}$ ons, maar nie meer as 1 ons 1/-, daarbo vir elke $\frac{1}{2}$ ons of gedeelte daarvan 6^{d.}; vir die aanteken van 'n brief 1/-; vir boeke tot 1 lb. gewig 1/- en bokant 'n lb. op 2/-. Die porto was slegs vir die Vrystaat bedoel en moes vooruit betaal word. Amptelike pos sou franco afgelewer word, maar die woorde „In Diens" moes bokant die adres geskryf staan. In die

193. The Friend, 21.10.1854.

194. The Friend, 28.10.1854.

195. G.S. 93 : P.M.G. aan G.S., d.d. Bloemfontein 8.3.1856.

196. V.R.N. : d.d. 15.4.1856.

linkerhoek van die koevert moes die staatskantoor of naam van die amptenaar van wie die pos afkomstig was, aangebring word. Die Staatspresident, die Goewermentsekretaris, alle landdroste, die Staatsprokureur, die Ouditeur-generaal, die Posmeester-generaal, die Registrateur van Aktes, klerke van vrederegters en posmeesters sou amptelike pos kon afstuur. Pos wat deur die Weeskamer, die Meester van Insolvente Boedels, die Balju of bode van 'n hof gestuur is, moes die gewone porto dra en sodanige porto moes teen die boedels of sake gedebiteer word. Pos waarop die porto in Natal betaal is, sou franco in die Vrystaat afgelewer word.¹⁹⁷

The Friend meen in 1859 dat pos, waarop reeds porto betaal is, franco in ander state afgelewer moes word.¹⁹⁸ In 1860 word daar 'n ooreenkoms met die Suid-Afrikaanse Republiek aangegaan waarvolgens pos franco tussen die state vervoer sou word, indien die vereiste porto van die een staat vooruit betaal was.¹⁹⁹

Te Harrismith is in 1862 'n verslag opgestel van die „Special Committee appointed by the Harrismith Debate to examine into the condition of the postal arrangements of the Orange Free State" waarin voorgestel is dat die Vrystaat sy eie posseëls sou bekom.²⁰⁰ In die Vrystaat was daar 'n skaarste aan kleingeld en deur posseëls in te stel, sou die probleem in 'n mate opgelos kon word. Seëls sou gekoop kon word en dit sou nie meer nodig wees om die presiese kleingeld, as posgeld, gereed te hê nie. In 1863 lê die Staatspresident dan 'n konsep-wetsontwerp, in sake posseëls, voor die Volksraad.²⁰¹ Eers in 1865 is egter aan die Staatspresident

197. The Friend, 23.6.1856.

198. The Friend, 11.3.1859.

199. V.R.N. : d.d. 30.7.1860.

200. The Friend, 21.11.1862.

201. V.R.N. : d.d. 2.2.1863.

toestemming verleen om posseëls te bekom.²⁰² Hierna moes seëls ontwerp word. Die woorde sou in Nederlands wees en die ontwerp was 'n boom met drie horings^{daarby.} Die seëls moes in kleur wees en vir die 1/- seëls was dit „orange“, vir die 6^{d.} seëls „crimson“ en vir die 1^{d.} seëls „rose“.²⁰³

Die koste om die plate vir die druk van die seëls, te maak, was:

„For the original master die	£ 65
For three dies & plates for the duties)	
Een Penny Zespence & Een shilling each)	£270
plate to contain 240 stamps)
	<u>£335</u> "

Die plate sou die eiendom van die Vrystaatse regering word, maar die koste verbonde aan die druk van die seëls, vanaf die plate, sou nog 'n addisionele 11^{d.} per 1000 seëls wees. Laasgenoemde bedrag sou egter die papier, gom en drukkoste insluit.²⁰⁴ Die eerste bestelling was vir 1168 velle, elk 240 1^{d.} seëls; 1156 velle, elk 240 6^{d.} seëls en 1172 velle, elk 240 1/- seëls.²⁰⁵ Op 27 Junie 1867 is die plate gestuur „with the following quantities of stamps: Een Penny, 184,800; Zespence, 110,400; Een Shilling, 33,600.“²⁰⁶

The Friend berig dat „het devies is te zijn: „de Vrijheid's boom“, met de woorden „Vrijheid“ en „Vrijstaat.“²⁰⁷ Hoewel die firma „De La Rue and Com-

202. V.R.N. : d.d. 20.2.1865.

203. G.S. 1512 : President Brand aan P.G. van der Byl, d.d. Bloemfontein 4.10.1865.

204. G.S. 1322 : Mnre. De La Rue & Co. aan J. Seawright, d.d. Londen 8.12.1865.

205. Easton, J., The De La Rue History of British & Foreign Postage Stamps, 1855-1901, (Londen, 1958) p.709.

206. G.S. 1322 : P. Blijth aan Staatspresident, d.d. Londen 9.4.1869, faktuur d.d. 22.3.1869. (by-laag).

207. The Friend, 23.8.1867.

pany" wat die drukwerk in Londen moes uitvoer, sketse van die voorgestelde posseëls ontvang het, is die afbeelding daarvan onduidelik.²⁰⁸ Op die seëls het egter 'n lemoenboom met vrugte verskyn. Waarskynlik is die fout deur die drukkers veroorsaak.²⁰⁹

Die nuwe Vrystaatse seëls sou vanaf 1 Januarie 1868 in gebruik geneem word. Geen pos sou dus vir vervoer, in die Vrystaat aangeneem word, tensy die nodige posseëls daarop aangebring is nie.²¹⁰

Vir pos oorsee moes die Vrystaatse sowel as Koloniale seëls op posstukke geplak word. „Some people here, sending letters abroad, affix the Free State and Colonial postage stamps side by side. This is wrong, as the Free State postmaster is likely to deface all the stamps whether Colonial or Free State, and the Colonial postmaster may suppose that the Colonial stamps was defaced when affixed, and thus claim repayment of postage. It would be better in the Free State, to affix Free State stamps in the right hand corner, and those for foreign postage in the left hand corner.”²¹¹ Dit was 'n goeie voorstel en so 'n reëling sou help om oorsese pos beter te hanteer en sou verseker dat posgeld nie dubbel betaal word nie.

Pogings is selfs aangewend om posseëls te vervals. So is in Schoon, landdrosklerk te Smithfield,

208. Easton, J., op. cit., plaat 39:7 en 8.

209. Vgl. Van Schoor, M.C.E., „Die Wapen van die Oranje-Vrystaat” in Historia, Jaargang VI, Nommer 3, 1961 pp. 171-198. In die artikel word 'n pennestryd met mnr. C. Pama aangeknoop oor laasgenoemde se artikel „Die Vrystaatse Boom”, Historia, Jaargang VI, Nommer 2, 1961. Eersgenoemde skrywer stem saam met dr. A. Kieser dat die lemoenboom waarskynlik foutief op die seëls aangebring is en dat dit net 'n gewone boom moes wees.

210. The Friend, 10.1.1868.

211. The Friend, 21.2.1868.

se besit twee plaatjies, waarop gipsafdrukke van seëls was, gevind.²¹²

Ordonnansie Nommer 2 van 1868 het die regulasies van 1856 herroep en regulasies in verband met porto bevat. Vir die eerste keer is bepaal dat indien byvoegsels met koerante gestuur word geen addisionele posgeld betaalbaar was nie. Indien die byvoegsels egter afsonderlik gestuur word, sou die posgeld daarop, net soos vir koerante, 1^{d.} wees. Die porto vir boeke en alle drukwerk is gewysig na 3^{d.} per vier onse of gedeelte daarvan. Drukwerk moes volgens artikel 42 „worden door de belanghebbenden ingepakt onder reepen papier, die tezamen niet meer dan de helfte der oppervlakte van het pakket of van het stuk in den staat waarin het op den post gebracht wordt, bedekken, en die zoodanig zijn gesloten, dat het onderzoek naar den inhoud mogelijk is." Artikel 43 het bepaal dat die drukwerk „behalve de vermelding op den omslag van den naam en de woonplaats van hem aan wien het stuk gerigt is, geheel gedrukt zijn, zonder eenig handschrift, cijfer, of teekens, de plaats van schrift vervangende te bevatten, met uitzondering van "drukproeven". De stukken, die niet aan al de bij dit artikel gestelde voorwaarden voldoen, worden met het gewone briefpost belast."

Alle amptenare kon amptelike briewe franco stuur. Briewe van en na 'n kommando sou ook franco gestuur word. Die Uitvoerende Raad sou ook kon beslis welke pos nog franco gestuur sou kon word. Franco pos

212. V.R. 191 : Voorlopige ondersoek ten kantore van die landdros van Smithfield in sake modelle van regeringseëls wat in die besit van Schoon, voormalige landdrosklerk te Smithfield gevind was, d.d. Smithfield 19.5.1868.

moes aan die posmeester oorhandig word. Indien hy sou bevind dat sulke pos nie franco gestuur kon word nie, sou hy dit nie aanneem nie. Indien amptenare misbruik van amptelike briewe maak en dié in hulle eie belang stuur, kon hulle met hoogstens £5 vir die eerste oortreding beboet word. By herhaling van sodanige voorvalle kon so 'n amptenaar van vervalsing of bedrag aangekla word.

Op of by posbusse moes in 'n opvallende plek op 'n wit vel met swart letters geskryf word dat pos, wat nie die vereiste posseëls dra nie, nie versend sou word nie.

Posseëls sou deur die Tesourier-generaal tot die beskikking van alle poskantore gestel word. Die publiek kon posseëls by die poskantore koop teen betaling van die daarop gedrukte geldwaarde. Seëls sou as vooruitbetaling aan die staat van die nodige porto, dien. Posseëls moes op die adreskant van posstukke geplak wees. Meer as een posseël van dieselfde of verskillende soorte kon op posstukke aangebring word. In totaal moes die geldwaarde egter die verskillende porto dek. 'n Posseël mag slegs eenkeer gebruik word. Indien die porto nie voldoende was nie, sou sulke pos as onbetaal beskou kon word. Indien gepoog is om nageemaakte of vervalste seëls of egte posseëls „welker uiterlijk aanzien het vermoeden doet ontstaan, dat daarvan een misdadig gebruik is gemaakt" te gebruik, sou die bevoegde amptenaar teen sodanige persone kon optree.²¹³

Selfs nadat die Vrystaat sy eie posseëls bekom het, is seëls vir oorsese pos nog gereeld vanaf

213. Ordonnansie Nommer 2 van 1868.

die Kaapkolonie bestel,²¹⁴ want sodanige pos moes Koloniale posseëls dra aangesien daar nog geen posooreenkoms tussen die Vrystaat en die Kaapkolonie bestaan het nie.

Elke staat het sy eie porto gehef en dit was 'n groot probleem en las vir die inwoners van die twee state. The Friend was ten gunste van 'n poskonvensie tussen die Vrystaat en die Kaapkolonie, sodat posstukke met die vereiste posseëls van die een staat, franco in die ander staat afgelewer kon word.²¹⁵ Op 23 Mei 1869 besluit die Volksraad om die Staatspresident te versoek om die nodige onderhandelinge vir so 'n reëling met die Kaapkolonie aan te knoop.²¹⁶ Dié koerant het dus weer 'n belangrike rol gespeel om die behoefte van die Vrystaatse inwoners onder die Volksraad se aandag te bring en om die nodige oplossing aan die hand te doen. Voor 1871 kon so 'n ooreenkoms nie gesluit word nie en daarna wou President Brand nie so 'n konvensie aangaan nie, want hy wou nie die Vrystaat se aanspraak op die Diamantvelde deur so 'n stap, benadeel nie.²¹⁷

Na die anneksasie van die Diamantvelde wys die Goewermentsekretaris daarop dat Natalse pos franco in die Vrystaat afgelewer word. Sodanige pos word nie franco na die Diamantvelde gestuur nie, maar word franco net tot by Olifantsfontein gestuur. Indien die publiek dus onkoste moet aangaan om hulle pos daar te bekom, is dit nie die Vrystaat se skuld nie, maar die gevolg van die anneksasie van die Diamantvelde.²¹⁸

-
214. Vgl. G.S. 1634 : G.S. aan Koloniale Sekretaris, Kaapstad, d.d. Bloemfontein 29.10.1868.
 215. The Friend, 15.4.1869.
 216. V.R.N. : d.d. 28.5.1869.
 217. The Friend, 13.6.1872.
 218. G.S. 1634 : G.S. aan Koloniale Sekretaris, Kaapstad, d.d. Bloemfontein 27.5.1872.

In 1872 is die sogenaamde „pennypos“ in die Vrystaat ingestel. Indien 'n brief by 'n poskantoor gepos en aan 'n inwoner van dieselfde distrik, waar die poskantoor geleë is, gestuur moes word, sou die porto 1^{d.} per $\frac{1}{2}$ ons of gedeelte daarvan wees. Op aange tekende briewe wat vir dieselfde distrik, waarin die poskantoor geleë is, bestem is, sou die porto 6^{d.} per $\frac{1}{2}$ ons wees.²¹⁹ In dieselfde jaar is ook 'n poskonvensie tussen die Vrystaat en Transvaal gesluit waarvolgens pos met die nodige porto van een staat franco in die ander staat afgelewer sou word.²²⁰

In 1875 was daar weer 'n poging om 'n poskonvensie met die Kaapkolonie aan te gaan. Weer wou President Brand nie tot so 'n konvensie toetree nie, omdat die Kaapkolonie nie bereid was om langer die bedrag van £600 per jaar te betaal vir die vervoer van die pos van Aliwal-Noord, Burgersdorp en Colesberg na die Vrystaat en terug nie. Die Kaapkolonie wou ook dat op Vrystaatse pos na oorsee Koloniale porto betaal word.²²¹ Die Staatspresident wou egter 'n konvensie sluit waardeur pos tussen die twee state, met die nodige porto van die een staat, franco in die ander staat afgelewer word. Die Vrystaatse Volksraad het nietemin besluit dat alle pos vanaf die Kolonie of oorsee, waarop die nodige porto betaal is, franco in die Vrystaat afgelewer sou word.²²² Sodoende is die porto-las aansienlik vir die Vrystaters verlig. Die hoop is ook uitgespreek dat die Kolonie dieselfde besluit sou neem.²²³

Die Posmeester-generaal het in 1875 rede tot

219. V.R.N. : d.d. 6.6.1872.

220. Grobler, P.J.H.S., op. cit., p.100.

221. V.R.N. : d.d. 4.5.1875.

222. V.R.N. : d.d. 12.5.1875.

223. The Friend, 3.6.1875.

klagte, oor die manier waarop posseëls deur sommige posmeesters gerojeer word, gevind. Dit weer het tot vervalsing aanleiding gegee, want persone het sulke seëls van die pos verwyder, die gedeelte wat gemerk is, afgesny en 'n stukkie wat nie gemerk is nie saam met eersgenoemde gedeelte as 'n posseël op die pos geplak. Sodanige vervalsing was nie maklik sigbaar nie. Hy waarsku posmeesters dus om seëls behoorlik te rojeer.²²⁴

In 1876 besluit die Vrystaatse Volksraad om nie meer Koloniale seëls in die Vrystaat te verkoop aangesien die staat geen voordeel daaruit behaal nie en aangesien dit addisionele werk vir die pospersoneel beteken het.²²⁵

Die publiek het egter nog baie rede tot klagte oor die hoë porto, veral tussen die state, gehad. Briewe van Aliwal-Noord na Rouxville moes bv. 1^{d.} Koloniale seëls dra, terwyl briewe van Rouxville na Aliwal-Noord 6^{d.} seëls moes dra.²²⁶ Die afstand was dus dieselfde, maar in die porto was daar 'n groot verskil net omdat die vervoer deur verskillende state gereël is. In dieselfde jaar sou die oorsese porto op briewe van 1/- na 6^{d.} verminder word.²²⁷

In 1876 is President Brand deur die Volksraad gemagtig om met Griekwaland-Wes te reël dat Vrystaatse pos, met die nodige porto vooruit betaal, franco aldaar afgelewer sou word. Pos vanaf Griekwaland-Wes met die nodige Koloniale posseëls sou weer franco in die Vrystaat afgelewer word. Griekwaland-Wes sou ook alle boetes op Natalse pos invorder en kosteloos

224. G.S. 139 : P.M.G. sirkulêre Nummer 2331/2357, d.d. Bloemfontein 3.9.1875.

225. V.R.N. : d.d. 5.6.1876.

226. V.R. 212 : P.M. Rouxville aan P.M.G., d.d. Rouxville 24.4.1876.

227. The Friend, 6.7.1876.

aan die Vrystaat oorbetaal.²²⁸ Sodoende is baie koste en moeite vir die Vrystaat gespaar.

Ordonnansie Nommer 31 van 1877 wat Ordonnansie Nommer 2 van 1868 herroep het, het bepaal dat alle dag-, week- en maandblaai wat op 'n gereelde tyd verskyn het, as koerante beskou sou word. Koerante mag nie in koeverte geplaas word nie, maar moes slegs deur 'n reep papier omhul wees en daarop moes die adres gedruk of geskryf wees. Die kante moes oop wees, sodat ondersoek na die inhoud moontlik sou wees. Boeke en alle ander gedrukte werke, gebind of ongebind kon as boekpos versend word. Naas alle soorte van gedrukte, gegraveerde of gelitograveerde artikels en landmeterskaarte kon regs- en handelsdokumente en geskrewe musiek ook as boekpos versend word. Die gewig van boekpos mag egter nie meer as 5 Engelse ponde wees nie.

Gedrukte of gelitograveerde pryskoerante, markberigte, ers. moes met 'n reep papier, wat nie meer as die helfte van die pakket bedek, toegedraai wees, sodat die inhoud ondersoek kon word. Pakkette mag nie groter as 18 duim lengte, 1 voet breedte en 1 voet hoogte wees nie.

Voortaan is ses soorte seëls nl. vyf sjielings, een sjieling, ses pennies, vier pennies, drie pennies en een pennie beskikbaar gestel. Elke seëlsoort sou in 'n kleur, soos deur die Staatspresident bepaal, gedruk wees.

Pos van onderwysers en skoolkommissies, oor onderwysaangeleenthede, aan die Inspekteur van Onderwys gerig, sou voortaan as amptelike pos beskou word en is franco gestuur.

228. V.R.N. : d.d. 16.12.1876.

„Monsterpos sou teen dieselfde porto as boekpos versend word. Met die pos kon monsters van goedere versend word. Die hoeveelheid van 'n monster moes beperk wees en dit mag nie herverkoopbaar wees nie. Sulke pos kon alleen die adresse van die afsender en geadresseerde bevat. Die handelsmerk, nommers en pryse van die artikels moes op klein repe papier of linne aan die monsters vasgeheg wees. Die monsterpos moes in repe papier verpak wees, met die kante oop, sodat die inhoud maklik ondersoek kon word. Monsters van sade of ander stowwe wat nie so vervoer kon word nie, kon in toegeknoopte sakkies van linne, papier of ander verpakking versend word, mits die verpakking deursky-nend was, sodat pospersoneel die inhoud kon ondersoek. Monsterpos mag ook nie groter as boekpos wees nie.

Posmeesters kon die versending van monsterpos uitstel totdat daar geleentheid was om sodanige pos te versend, sodat die ander gereelde pos nie daardeur ontwrig sou word nie.²²⁹

Wat veral van belang was, was dat die porto op sommige posstukke verminder is. Op briewe is die porto van 6^{d.} per $\frac{1}{2}$ ons na 4^{d.} verminder. Op boeke, drukwerk, ens. is die porto na 1^{d.} per 2 onse verminder. Vir oorsese pos is die porto ook verminder. Die Kolonie het besluit om van sy porto af te sien en net die porto van 6^{d.} op briewe oorsee te hef.²³⁰ Deur die stap is die Koloniale porto van 4^{d.} dus afgeskaf. Indien die posstuk van die Vrystaat afkomstig was, moes die stuk die Vrystaat se voorgeskrewe porto dra en indien vir oorsee bestem, moes die porto deur die Koloniale seëls gedek word. Geen pakkette kon na lidlande

229. Ordonnansie Nommer 31 van 1877.

230. The Friend, 26.7.1877.

van die Posunie per pos oorsee gestuur word indien dit goud, silwer, juwele, waardevolle artikels of artikels wat aan doeaneregte onderworpe was, bevat het nie.²³¹

In 1877 is 'n Poskonvensie tussen Natal en die Vrystaat aangegaan en daarvolgens is bepaal dat posstukke, met die nodige voorgeskrewe posseëls van die een staat, franco in die ander staat afgelewer sou word. Indien die waarde van die posseëls nie voldoende was om die porto te dek nie, sou die ontbrekende porto plus 'n boete, wat uit die normale porto sou bestaan, van die geadresseerde gehef word. Sodanige boetegeld sou oorbetaal word aan die staat vanwaar sulke posstukke ontvang is. Op briewe sou die porto 4^{d.} per 4 onse, op koerante 1^{d.} op boekpos 1^{d.} per 2 onse wees. Amptelike posstukke sowel as die van oorsee sou ook franco in die ander staat afgelewer word. Die Poskonvensie is vir vyf jaar aangegaan, maar kon met ses maande kennisgewing beëindig word.

Die Posmeester-generaal van die Vrystaat het dit in 1879 nodig gevind om die publiek te waarsku dat geen „struisveeren, kleedingstukken, schoenen, handschoenen, lint, band en andere artikelen van verkoopbare waarde, ten onregte als boekpost of als Staal en Monster post (Pattern and Sample Post) per post worden verzonden, waardoor de geadresseerden worden blootgesteld aan betaling van het dikwijls niet onaanzienlijk bedrag van te min betaalde postgelden en boeten, wordt het publiek ernstig gewaarschuwd geene artikelen van verkoopbare waarde per post te vervoeren, tenzij tegen vooruitbetaling van het rato van briefpost.“²³²

231. The Friend, 17.1.1878.

232. Gouvernements Courant van den Oranjevrijstaat, 24.9.1879, en The Friend, 25.9.1879.

In 1880 besluit die Volksraad dat die Uitvoerende Raad weer Koloniale seëls in die Vrystaatse postkantore beskikbaar kon stel.²³³ Die diens het noodsaaklik geword omdat oorsese pos Koloniale posseëls moes dra en gevolglik was dit vir die Vrystaters baie ongerieflik indien hulle nie Koloniale seëls in die Vrystaat kon koop nie. Vanaf 1 Januarie 1881 is die Vrystaters egter verlos van die beslommernis om Koloniale seëls te bekom en op oorsese posstukke te plak. Vrystaatse posseëls sou voortaan vir oorsese posstukke gebruik kon word.²³⁴

In 1880 besluit die Volksraad ook dat beter administratiewe reëlings deur die Uitvoerende Raad met Natal en die Kaapkolonie, in sake die invordering en oorbetalings van boetegeld op pos, getref moes word.²³⁵ Daar is besluit dat in die Bloemfonteinse distrik die Administrateur van Fondse die boetegeld sou beheer.²³⁶ In dieselfde jaar is die porto op aangetekende pos van 1/- na 6^{d.} verminder.²³⁷ „Het Publiek wordt nogmaals gewaarschuld door onzen Postmeester-Generaal, om niet met "Staal- of Monster-Post" of zelfs niet "Boek-Post", levende slangen, schapebouten, stukken rundvleisch of andere eetbare waren te zenden, en indien men het durft te wagen, zal het gewone brievenpost worden gerekend."²³⁸

Die Posmeester-generaal het in 1882 aanbeveel dat die porto op briewe van 4^{d.} na 3^{d.} verminder moes word. So 'n porto sou ook in ooreenstemming met die

233. V.R.N. : d.d. 23.6.1880.

234. The Friend, 16.12.1880.

235. Ibid.

236. Ordonnansie Nommer 19 van 1880.

237. Ordonnansie Nommer 20 van 1880.

238. The Friend, 29.7.1880. Volgens die Staatskoerant van 21.7.1880 is die publiek alleen gewaarsku om boekpos te stuur as die bepalinge van Ordonnansie Nommer 31 van 1877 streng nagekom is. Die voorbeelde is deur The Friend self bygevoeg om aan die publiek as algemene waarskuwing te dien.

Koloniale porto wees. Verder is aanbeveel dat die porto op oorsese briewe, vanaf die Vrystaat, van 10^{d.} na 6^{d.} verminder moes word. Daardeur sou die Vrystaat dus van sy porto afstand moes doen, maar so 'n besluit sou in ooreenstemming met die beleid van die Vrystaat se buurstate wees. Die Staatspresident het die aanbeveling heelhartig ondersteun.²³⁹ Die Volksraad besluit dan ook dat die Vrystaatse porto op oorsese pos afgeskaf word,²⁴⁰ en dat die sogenoemde „pennypos“ slegs vir posagentskantore sou geld,²⁴¹ met ander woorde die pos sou slegs van een van die twee nabygeleë poskantore na die posagentskantoor gestuur kon word. Indien briewe nie vervoer is nie, maar by dieselfde poskantoor afgehaal is, sou die porto ook 1^{d.} wees. Op ander briewe is die porto van 4^{d.} na 3^{d.} en op koerante van 1^{d.} na $\frac{1}{2}$ ^{d.} verminder.²⁴² Ordonnansie Nommer 22 van 1882 het ook vir die instelling van poswissels voorsiening gemaak. Die jaar 1882 het dus vermindering van porto vir die Vrystaatse publiek gebring.

In 1882 was daar weer sprake van 'n poskonvensie tussen die Kaapkolonie en die Vrystaat. Die Posmeester-generaal het egter beswaar daarteen gehad dat dit die Kolonie te veel sou bevoordeel. Sy besware was eerstens dat op sommige briewe in die Kolonie net 2^{d.} porto betaal is, tweedens het die Vrystaat nog nie poskaarte gehad nie, en derdens het hulle ook nog nie pakkettepos gehad nie.²³⁴ Soortgelyke posdienste moes dus in die Vrystaat ingestel of oor die verskilpunte moes onderhandel word. Daarna kon 'n ~~poskonvensie~~ eers gesluit

239. V.R.N. : d.d. 1.5.1882.

240. V.R.N. : d.d. 2.6.1882.

241. Ibid.

242. Ordonnansie Nommer 22 van 1882.

243. G.S. 161 : P.M.G. aan G.S., d.d. Bloemfontein 13.10.1882.

word. Oor die porto tussen die Vrystaat en die Kaapkolonie was daar onduidelikheid, maar die algemene vertolking was dat die porto op briewe van die Kaapkolonie na die Vrystaat 4^{d.} moes wees.²⁴⁴ In 1883 is egter bepaal dat Koloniale pos na die O.V.S. slegs 2^{d.} porto sou benodig.²⁴⁵ Daardeur is alle misverstand oor porto tussen die state ook uit die weg geruim. Briewe van die Vrystaat na die Kaapkolonie was egter nog aan 'n porto van 3^{d.} onderhewig en die Vrystaters het hulle benadeel gevoel. Dieselfde jaar is 30,000 briefkaarte vir die Vrystaat bestel. 'n Pennieseël moes regs bo-aan die kaart gedruk word en die kleur sou goud-geel wees.²⁴⁶ In 1884 het die Vrystaat ook 2^{d.} seëls in gebruik geneem.²⁴⁷

Deur Ordonnansie Nommer 29 van 1884 is bepaal dat die boete op vervalste seëls minstens £1 of 24 uur tronkstraf sou wees. Ongeseëelde posstukke sou met dubbele porto en posstukke waarop die waarde van die seëls nie aan die vereistes van die Ordonnansie voldoen nie sou met die dubbele porto van die ontbrekende seëls beboet word. Ongeseëelde of onvoldoende geseëelde koerante sou vernietig word. Pospakkette moes oop vir inspeksie wees of voorsien wees van 'n verklaring van die afsender dat die pakkette geen briewe of posstukke, wat aan 'n hoër porto onderhewig is, bevat nie. Geen artikels van ontplofbare, gevaarlike of vernielende aard wat skade aan pos kon veroorsaak, kon deur die pos vervoer word nie. Deur die Ordonnansie is die porto op briewe van 3^{d.} na 2^{d.} per $\frac{1}{2}$ ons

244. The Friend, 18.1.1883.

245. G.S. 165 : P.M. G. sirkulêre Nommer 11/823, d.d. Bloemfontein 22.6.1883.

246. G.S. 165 : P.M.G. aan G.S., d.d. Bloemfontein 25.7.1883.

247. The Friend, 28.2.1884.

verminder. Op aangetekende pos sou die porto $6^d.$ en vir briefkaarte sou die porto $2\frac{1}{2}^d.$ wees. Op pakkettepos sou die porto $3^d.$ per 4 onse wees.

'n Poskonvensie is uiteindelik in 1884 tussen die Vrystaat en die Kaapkolonie gesluit. Daarvolgens moes briewe, vir die ander staat bestem, posseëls ter waarde van $2^d.$ van die afsendingstaat dra. Op poskaarte wat tussen die state versend is, sou die porto $1^d.$ wees. Op boek- en monsterpos sou die porto $1^d.$ per 2 onse, op pakkettepos $3^d.$ per 4 onse en op nuusblaaie $\frac{1}{2}^d.$ vir hoogstens 4 onse wees. Alle porto, ook boetegeld, sou deur die staat wat dit ingevorder het, gehou word. Nuusblaaie waarop onvoldoende porto was, sou na die Posmeester-generaal van die afsendingstaat gestuur word. Posstukke in die Vrystaat gepos en vir oorsese lande bestem, kon die nodige porto in Vrystaatse seëls dra, maar vir sodanige bedrag moes krediet aan die Kaapkolonie verleen word. Die porto op oorsese pos vir die Vrystaat bestem, sou dieselfde as vir die Kaapkolonie wees.

Indien op posstukke van oorsee en vir die Vrystaat, bestem nie genoeg porto was nie, sou die stukke beboet word. Op briewe van Brittanje was die boete $6^d.$ plus die tekortkomende porto. Op briewe van ander lande, oor Brittanje, na die Vrystaat was die boete $3^d.$ plus die oseaanporto van $5^d.$ en dubbel die gewone posgeld van die afsendingstaat na Brittanje. Indien die Vrystaat sodanige boete invorder, sou die staat die helfte van die boete aan die Kaapkolonie moes oorbetaal. Op boek- en monsterpos van Brittanje was die boete $3^d.$ plus die tekortkomende porto. Op sodanige pos van ander oorsese lande, oor Brittanje, was die boete $1\frac{1}{2}^d.$ plus die oseaanporto van $1^d.$ en dubbel die gewone

porto van die afsendingstaat na Brittanje. Die helfte van sodanige boete sou aan die Kaapkolonie oorbetaal word. Indien nuusblaaie vir lande oorsee nie die vereiste porto gedra het, sou die na die land van herkoms teruggestuur word. Amptelike posstukke sou franco tussen die Vrystaat en die Kaapkolonie vervoer word.

In 1885 is 'n nuwe poskonvensie met Natal gesluit.²⁴⁸ Op briewe tussen die twee state sou die porto na 2^{d.} per $\frac{1}{2}$ ons verminder word. Op poskaarte sou die porto 1^{d.}, op boek- en monsterpos 1^{d.} per 2 onse, op pakkette 3^{d.} per 4 onse en op nuusblaaie $\frac{1}{2}$ ^{d.} per 4 onse wees.

Die staat wat die porto of boete ingevorder het, sou sodanige geld kon behou. Nuusblaaie waarop te min porto was, sou na die afsendingstaat se Posmeester-generaal gestuur word. Vrystaatse pos vir oorsese lande bestem, kon die nodige porto in Vrystaatse seëls dra, maar krediet daarvoor moes aan Natal verleen word. Op posstukke van oorsee vir die Vrystaat bestem, sou die porto dieselfde as vir Natal wees. Op briewe vanaf Brittanje sou die boete 6^{d.} plus die ontbrekende posgeld wees. Op briewe van ander oorsese lande was die boete 3^{d.} plus die oseanporto van 5^{d.} en dubbel die porto van die land van oorsprong na Brittanje. Op boek- en monsterpos van Brittanje was die boete 3^{d.} plus die tekortkomende porto. Indien sodanige posstukke van ander oorsese lande gekom het, was die boete $1\frac{1}{2}$ ^{d.}, die oseanporto 1^{d.} per 2 onse en dubbel die porto van die afsendingstaat na Brittanje. Die helfte van die boete op alle posstukke sou aan Natal oorbetaal word. Indien die porto op nuusblaaie onvoldoende was, sou die na die afsendingstaat teruggestuur word. Amptelike pos-

248. The Friend, 5.3.1885.

stukke sou franco tussen die Vrystaat en Natal vervoer word.

Ook met Transvaal is in dieselfde jaar 'n Poskonvensie gesluit. Daarvolgens sou briewe tussen die state 'n porto van 2^{d.} per $\frac{1}{2}$ ons moes dra. Op poskaarte was die porto 1^{d.}, op boek- en monsterpos 1^{d.} per 2 onse, op pakkette 3^{d.} per 4 onse en op nuusblaai $\frac{1}{2}$ ^{d.} vir hoogstens 4 onse. Alle porto en boete-geld sou deur die invorderingstaat gehou kon word. Nuusblaai waarop te min porto betaal is, sou na die Posmeester-generaal van die afsendingstaat gestuur word. Amptelike korrespondensie sou franco tussen die state vervoer word.

Deur die poskonvensies is eenvormige porto vir die eerste keer tussen die verskillende state in Suid-Afrika ingestel. Behalwe vir kleiner verskille het die konvensies in hoofsaak ook ooreengestem. Die konvensies sou dus help om betrekkinge tussen die state te konsolideer en samewerking op 'n hegte grondslag te plaas.

Subagente bv. winkeliers is in 1886 ook toegelaat om posseëls te verkoop.²⁴⁹ So is seëls nog makliker binne die publiek se bereik gestel. Dit sowel as die vermindering van porto soos in die poskonvensies voorsien is, was alleen as gevolg van die groot toename in posverkeer moontlik. Die vermindering van porto weer het verdere posverkeer bevorder en so het die Vrystaat se posinkomste nie verminder^{nie,} maar op die lange duur wel vermeerder.

* * * * *

249. Vgl. The Friend, 26.8.1886.

Samevattend kom die verskillende wetgewinge in verband met die Posdepartement dus op die volgende neer: Die 1856-regulasies het wetgewing bevat oor posvervoer, poskantore, porto, poslyste, posmeesters en die Posmeester-generaal. Ordonnansie Nommer 2 van 1868 het wetgewing bevat oor die Posmeester-generaal, posmeesters, posvervoerkontraktante, posvervoer, poskantore, porto en posbusse. Die Ordonnansie was 'n groot verbetering op die 1856-regulasies en het dié ook vervang. Die wetgewing daarin vervat was veel omvattender en beskrywender. Die Ordonnansie is in die lewe geroep omdat die Vrystaat sy eie posseëls bekom het en ten einde 'n eenvormiger administrasie in te stel.

Ordonnansie Nommer 31 van 1877 het wetgewing bevat ten opsigte van die Posmeester-generaal, posmeesters, posvervoerkontraktante, posryers, posvervoer, poskantore, porto en posbusse. Die Ordonnansie het Ordonnansie Nommer 2 van 1868 vervang.

Alle poswetgewing is deur die Ordonnansie gekonsolideer. Die Ordonnansie moes ook vir die instelling van staal- en monsterpos voorsiening maak. Deur die Ordonnansie is ook gepoog om die vervoer van die pos te verbeter. Ordonnansie Nommer 22 van 1882 kan as 'n aanvulling van Ordonnansie Nommer 31 van 1877 beskou word. Die nuwe Ordonnansie is aangeneem ten einde die porto te kon verminder en ten einde vir die instelling van poswissels voorsiening te maak. Die Ordonnansie het Ordonnansie Nommer 31 van 1877 alleen aangevul, maar nie vervang nie.

Ordonnansie Nommer 29 van 1884 het alle poswetgewing gekonsolideer. Die Ordonnansie het gevolglik alle vorige wetgewing vervang. Die Ordonnansie het wet-

gewing bevat ten opsigte van die Posmeester-generaal, die posmeesters, posvervoerkontraktante, posryers, posvervoer, poskantore, porto en posbusse. In die Ordonnansie was beter wetgewing in sake die posryer en poskarre. Daarin moes ook vir die instelling van pakket-tepos voorsiening gemaak word. Die Ordonnansie was ook noodsaaklik ten einde vir die groot vermeerdering in posgewig en -volume voorsiening te maak.

2. DIE TELEGRAAFDEPARTEMENT.

In die Telegraafdepartement kan die operatiewe reëlins gerieflikheidshalwe in telegrafiese verbinding en telegrafiese toerusting verdeel word. Die verdeling kon nie waterdigte kompartemente skep nie en daarom het oorsleueling dikwels plaasgevind.

A. Telegrafiese verbinding.

In 1860 is die eerste telegraaflyn tussen Kaapstad en Simonstad aangelê en in 1876 was Kimberley telegrafies al met Kaapstad verbind.²⁵⁰ Die bekende morse-registreertoestel was die eerste telegraafapparaat en aanvanklik kon oor 'n enkele lyn slegs een boodskap op 'n keer oorgestuurd word.²⁵¹

In die Vrystaat het President Brand reeds in 1865 die moontlikheid van telegrafiese verbinding met die Kaapkolonie en Natal oorweeg.²⁵² Die Volksraad wou aanvanklik nie tot die instelling van so 'n diens toestem nie, maar na die ontdekking van diamante en die gevolglike ekonomiese oplewing sou die liggaam ook kommunikasie bespoedig. Daarom wou hulle in 1871 meer inligting oor telegrafie bekom.²⁵³ In 1873 is die moont-

250. Silver & Co., S.W. : Handbook to South Africa, (Londen, 1879) tweede uitgawe, p.289.

251. Strauss, M.C., op. cit., p.55.

252. V.R.N. : d.d. 6.2.1865.

253. V.R.N. : d.d. 10.5.1871.

like uitgawe op £1280 en die inkomste op £1495 geraam, sodat die oorskot sodoende op £215 beraam is.²⁵⁴ So 'n inkomste sou op 'n telegraaflyn van Bloemfontein oor Philippolis en Fauresmith na die Kaapkolonie bekom kon word. In dieselfde jaar versoek die Kaapkolonie Vrystaatse toestemming om 'n telegraaflyn van Colesberg na Klipdrif oor Philippolis en Fauresmith te bou.²⁵⁵ President Brand sien egter as gevolg van die Diamantveldvraagstuk nie sy weg oop om tot die oprigting van sodanige lyn toe te stem nie, want hy wou niks doen wat moontlik die Vrystaat se aanspraak op die Diamantvelde kon benadeel nie.²⁵⁶ Op die stadium was die meeste Vrystaatse Volksraadslede reeds ten gunste van die instelling van telegrafie in die Vrystaat, maar hulle het die Staatspresident gesteun in sy houding in verband met die Diamantveldvraagstuk. Na die Keateuitspraak, waardeur die Diamantvelde nie aan die Vrystaat toegeken is nie, het die Volksraad weer gepoog om telegrafie na die Vrystaat te bring.

Op 23 Oktober 1873 het raadslid Klijnveld daarop voorgestel dat die Uitvoerende Raad die nodige ooreenkoms met die Kaapkolonie moes aangaan om telegrafie ingestel te kry en wel onder die volgende voorwaardes:

1. Dat die telegraafbeampptes, vir sover hulle in Vrystaatse grondgebied sou funksioneer, onder die siviele en kriminele jurisdiksie van die Vrystaat sou staan.

254. G.S. 1219 : C. Holtzer namens Siemens Brothers aan G.S., d.d. Fort Beaufort 15.5.1873.

255. G.S. 1219 : Goewerneur en Hoë Kommissaris van die Kaapkolonie aan Staatspresident O.V.S., d.d. Kaapstad 19.7.1873. (afskrif).

256. G.S. 1219 : President Brand aan sir H. Barkley, d.d. Bloemfontein 14.8.1873.

2. Dat alleen op die dorpe Philippolis, Fauresmith en moontlik Jacobsdal telegraafstasies opgerig sal word. Vir alle ander telegrafiese verbinding sal aansoek by die Volksraad gedoen moet word.
3. Dat so 'n ooreenkoms nie inbreuk sou maak op die aanspraak van die Vrystaat op 'n deel van die geproklameerde Griekwaland-Wes-gebied nie.
4. Die Kaapkolonie sou die tarief vir die telegramme kon bepaal.
5. Die Vrystaat sou die deel van die telegraaflyn wat oor Vrystaatse gebied gegaan het, van die Kaapkolonie teen kosprys plus 5% rente per jaar kon koop. Van so 'n voorneme moes egter drie maande skriftelike kennis gegee word.
6. Aan die Vrystaatse bevolking en regering sou ten opsigte van so 'n telegraaflyn dieselfde voorregte as aan die Koloniale bevolking en regering verleen word.²⁵⁷ Die Volksraad het ook die voorstel van raadslid Klijnveld aanvaar en daarop kon tot onderhandelinge met die Kaapkolonie oorgegaan word.

In 1874 het die Volksraad die tydperk van skriftelike kennisgewing, ten einde die telegraaflyn aan te koop, van drie na twaalf maande verander.²⁵⁸ Die volgende jaar besluit die Volksraad dat enige maatskappy wat 'n telegraaflyn tussen Fauresmith en Bloemfontein wou oprig, eers by die Volksraad die nodige toestemming moes bekom.²⁵⁹ Dieselfde jaar is ook besluit om die Koloniale regering te versoek om Jacobsdal met die telegrafiese lyn van Colesberg na Klipdrif te verbind.²⁶⁰ Ook Natal het telegrafiese verbinding met die Kaapkolonie

257. V.R.N. : d.d. 23.10.1873.

258. V.R.N. : d.d. 7.5.1874.

259. V.R.N. : d.d. 13.5.1875.

260. V.R.N. : d.d. 14.5.1875.

deur die Vrystaat oorweeg. So 'n lyn sou deur Natal tot aan sy grense gebring word, terwyl die Vrystaat die koste van so 'n lyn, tot by die Koloniale grens, sou moes dra. Die telegramtarief sou deur die onderskeie state gereël word.²⁶¹

Die koste om 'n telegraaflyn van Fauresmith na Bloemfontein aan te lê, 'n afstand van ongeveer 70 myl, is op £7000 beraam.²⁶² Jong seuns kon, onder die Bloemfonteinse posmeester, as telegrafiste opgelei word. So 'n telegraaflyn sou aan Bloemfontein en veral die regering ook 'n vinnige kommunikasiemiddel met die hawens bied. Die telegraaflyn sou ook kon help om misdaad teë te werk, want boodskappe kon vinniger versend word en gevolglik kon misdadigers makliker voorgekeer of opgespoor word.

Nadat die telegraaflyn Fauresmith bereik het, berig The Friend: „We think it is expedient that the Government, the public institutions, the press, and the commercial community of Bloemfontein should combine, in order to get telegrams direct from the Chamber of Commerce in Capetown, which could be "wired" to the clerk of the telegraph department at Fauresmith, and be despatched by him by Wednesday's post to certain persons resident here. Were such a plan adopted we should be brought within a day of Capetown."²⁶³

Die telegraafkantore te Fauresmith en Philipolis het gou 'n wins gelewer.²⁶⁴ Te Jacobsdal sou die die Vrystaatse regering 'n inkomste van minstens £120

261. G.S. 1270 : Majoor Butler aan Staatspresident, d.d. Pietermaritzburg 24.7.1875.

262. G.S. 1220 : Bestuurder van die Telegraafdepartement aan G.S., d.d. Kaapstad 26.10.1875.

263. The Friend, 13.1.1876.

264. The Friend, 17.8.1876.

per jaar, vir vyf jaar, waarborg.²⁶⁵

Mnr. J.E. de Villiers, raadslid van Boshof, het in 1876 'n ontwerp-ordonnansie opgestel waarin hy 'n telegraaflyn oor Boshof voorstel. Ook stel hy 'n verlenging voor van Bloemfontein oor Brandfort, Winburg, Senekal, Bethlehem na Harrismith en van Bloemfontein oor Reddersburg, Smithfield na Rouxville en van Winburg oor Kroonstad, Frankfort na Potchefstroom.²⁶⁶ In dieselfde jaar het President Brand aanbeveel dat die telegrafiese lyn van Fauresmith na Bloemfontein verleng moes word. Ook het hy telegrafiese verbinding aanbeveel tussen Aliwal-Noord, Rouxville, Smithfield en Bethulie deur verbindings met Philippolis oor Reddersburg of direk na Bloemfontein. Verder moes telegrafiese verbinding van die Diamantvelde oor Boshof, Bloemfontein, Winburg, Bethlehem, Harrismith na Natal oorweeg word.²⁶⁷ Die Volksraad besluit daarop dat 'n maatskappy telegrafiese verbinding van die Diamantvelde oor Boshof, Bloemfontein, Winburg, Bethlehem en Harrismith tot aan die Natalse grens,²⁶⁸ en van Bloemfontein oor Reddersburg, Edenburg, Smithfield en Rouxville na Aliwal-Noord²⁶⁹ kon bewerkstellig.

Die koste om 'n telegraaflyn van Fauresmith na Bloemfontein op te rig, is op £5486-5/- beraam. Natal sou die telegraafpale teen 25/- stuk kon lewer.²⁷⁰ Van Fauresmith sou die telegraaflyn oor Edenburg, Reddersburg na Bloemfontein gaan.²⁷¹ Op 25 Februarie 1879

265. V.R.N. : d.d. 7.2.1876.

266. The Friend, 23.11.1876.

267. V.R.N. : d.d. 9.12.1876.

268. V.R.N. : d.d. 14.12.1876.

269. V.R.N. : d.d. 15.12.1876.

270. G.S. 1222 : J. Schermbucher aan G.S., d.d. King Williams Town 13.6.1877.

271. The Friend, 4.10.1877.

is die telegraafkantoor te Edenburg geopen.²⁷² Mnr. F. Thornton was die telegrafiese ingenieur en hy sou na die oprigting van die lyne omsien.

Vir telegramme tussen Bloemfontein, Reddersburg, Edenburg en Fauresmith was die tarief 1/- vir hoogstens 10 woorde en daarna 6^d. vir vyf woorde. Op syferboodskappe sou die koste 2/- vir 10 en 1/- vir die volgende vyf woorde wees. Vir persboodskappe van hoogstens 20 woorde was die koste 1/- en 3^d. vir die volgende 10 woorde. Van Fauresmith na Philippolis, Jacobsdal of Kimberley sou die koste 1/6 vir 20 woorde wees. Na Colesberg sou die koste 2/6 en na ander plekke in die Kaapkolonie, die Transkei en Natal 5/- vir 20 woorde en daarna 1/- vir 10 woorde wees. Op syferboodskappe sou die tarief verdubbel word, terwyl persberigte teen een-derde van die tarief op gewone telegramme versend kon word. In die Vrystaat kon telegramme in Hollands of Engels opgestel wees, terwyl telegramme vir versending oor Koloniale lyne slegs in Engels opgestel kon word.²⁷³ Slegs die hoofde van departemente, landdroste en vrederegters kon omtelike telegramme versend.²⁷⁴

Op 7 April 1879 is die telegraaflyn van Fauresmith na Bloemfontein, ten spyte van droogte en die vertraging in die lewering van telegraafpale, geopen. Die lyn was ongeveer 92 myl lank en die totale koste was £11,115-14-9 of ongeveer £94 per myl.²⁷⁵ Die Kaapkolo-

272. G.S. 1137 : F. Thornton aan G.S., d.d. Telegraafkamp, Rietrivier 4.3.1879.

273. The Friend, 20.3.1879.

274. Ibid.

275. G.S. 1137 : „Report on the Construction of the Telegraph Line from Fauresmith, via Edenburg and Reddersburg, to Bloemfontein and other matters appertaining to the Department generally" deur F. Thornton (ongedateerd - vermoedelik 1879).

nie was bereid om die Vrystaters waar moontlik te help en daarom kon telegrafiese toerusting, vry van invoerregte, deur Kaapse hawens ingevoer word.²⁷⁶ In dieselfde jaar besluit die Volksraad dat 'n telegraaflyn van Bloemfontein, oor Brandfort, Winburg, Senekal, Bethlehem en Harrismith na die Natalse grens opgerig kon word.²⁷⁷

Ordonnansie Nommer 9 van 1879 het, ten opsigte van die Telegraafdepartement, bepaal dat die Staatspresident met die advies van die Uitvoerende Raad aan privaat persone of aan maatskappye die reg kon verleen om telegraaflyne in die Vrystaat op te rig. Die Staatspresident sou die voorwaardes van sodanige kontrak kon bepaal, maar die bepalinge was aan die Volksraad se goedkeuring onderworpe.

Die tarief vir telegramme sou deur die Staatspresident, met die advies van die Uitvoerende Raad, vasgestel word. Alle telegrafiese berigte moes sonder uitstel, guns of aansien van die persoon gereeld versend word. Telegrafiese berigte wat met die welsyn van die Vrystaat of aangrensende Kolonies, met die arrestasie van misdadigers, die ontdekking of beletting van misdaad of met die administrasie van justisie te doen het en deur staatsamptenare versend is, moes voorkeur van versending, bo ander telegramme, hê. Niemand sou toegelaat word om telegrafiese berigte, wat volgens die mening van die telegrafis te lank is, te versend en daardeur ander telegramme te vertraag nie. Geen persoon mag ook moedswillig 'n vals berig versend nie en kon, indien skuldig bevind, met hoogstens £100 sterling en/of tronkstraf, met of sonder hardepad, van

276. V.R.N. : d.d. 6.5.1879.

277. V.R.N. : d.d. 29.11.1879.

hoogstens ses maande gevonniss word.²⁷⁸

Vir die diensjaar 1879-1880 is die inkomste op £1424-3/- en die uitgawe op £1592-0-0 beraam.²⁷⁹ Die Fauresmith-Bloemfontein telegraaflyn het vir die tweede en derde kwartaal van 1879 'n wins van ongeveer 4% op die kapitale belegging getoon.²⁸⁰ 'n Telegraaflyn van Bloemfontein oor Winburg, Senekal, Bethlehem en Harrismith na die Natalse grens en van Bloemfontein oor Boshof na Kimberley sou die Vrystaat met Natal en Griekwaland-Wes verbind. 'n Lyn van Winburg oor Kroonstad na die Vaalrivier sou weer aansluiting na Transvaal vind. 'n Lyn van Reddersburg oor Smithfield en Rouxville na Aliwal-Noord sou vir die Vrystaat voordelig wees aangesien dit die staat sou help om sy eie telegrafiese stelsel vollediger te maak. Die koste vir die oprigting van sodanige telegraaflyne is op £92 per myl en sonder invoerbelasting op £89 per myl beraam.

'n Konsessie aan 'n maatskappy wat sodanige telegraaflyne wou oprig, moes onder andere die volgende bepaal nl. dat die konsessie vir hoogstens 25 jaar verleen sou word, dat die Vrystaat nie mededingende telegraaflyne sou toelaat en dat die maatskappy 7% rente op hul beleggings deur die Vrystaat gewaarborg sou word. Indien die wins meer as 8% op kapitale belegging bedra het, sou sodanige wins, bo 8%, aan die Vrystaatse regering oorbetaal word. Die Vrystaat sou te enige tyd sodanige lyne kon koop. Alle materiaal moes aan die vereistes van die Vrystaatse regering voldoen. Dié

278. Ordonnansie Nommer 9 van 1877.

279. V.R. 225 : Memorie van toeligtig van die O.G. vir 1878-1879.

280. G.S. 1137 : Memorandum van 'n Kommissie (geen nadere besonderhede in sake kommissie nie) ongedateerd.

regering moes ook die tarief en regulasies in verband met die Telegraafdepartement goedkeur en kon die boeke en rekeninge van die maatskappy kontroleer.²⁸¹ Die Kaapkolonie wou ook tenders vir die oprigting van telegraaflyne indien en het gemeen om laer tenders as ander maatskappye in te dien, want hulle het reeds goed opgeleide personeel vir sodanige werk gehad.²⁸² In dieselfde jaar besluit die Vrystaatse Volksraad egter om vorige besluite te herroep en die telegraaflyne op staatskoste op te rig.²⁸³

In 1880 is tenders vir die vervoer van die materiaal vir die beoogde telegraaflyn aangevra. Ongeveer 120 wavragte van 7,000 lb. elk sou vanaf Port Elizabeth na Bloemfontein, Brandfort, Winburg, Senekal, Bethlehem en Harrismith, in ongeveer 20 vragte per dorp, afgelewer moes word.²⁸⁴ Die Natalse regering was ook bereid om afslag op invoerregte vir telegraafmateriaal na die Vrystaat toe te staan.²⁸⁵ Die laagste tenderprys per 100 lb. vanaf Durban na Harrismith was 20/-, na Bethlehem 22/6 en na Senekal 25/-.²⁸⁶ Die tenders was egter nie tot die Volksraad se bevrediging nie en gevolglik is nuwe tenders aangevra.²⁸⁷

Die hoë telegramtariewe, die onvoldoende aantal telegraafkantore, die lang afstande tussen telegraafkantore en die lang vervoerafstand was redes waar-

281. V.R. 223 : Rapport van die Kommissie oor die uitbreiding van telegraaflyne binne die Vrystaat, d.d. Bloemfontein 29.5.1879.

282. G.S. 1137 : Bestuurder van die Telegraafdepartement aan Staatspresident, d.d. Bloemfontein 27.8.1879.

283. V.R.N. : d.d. 28.11.1879.

284. The Friend, 15.1.1880.

285. The Friend, 12.2.1880.

286. G.S. 1137 : J.A. Barrett, aan O.G., d.d. Harrismith 7.5.1880.

287. The Friend, 22.4.1880.

om die uitgawe aanvanklik meer as die inkomste was.²⁸⁸ Gevolglik is gevoel dat te Jagersfontein, met 'n diamantdelwery, daar behoefte aan telegrafiese verbinding bestaan het. Sodanige verbinding is op 24 September 1880 bewerkstellig.²⁸⁹ Die tarief vir telegramme van Jagersfontein na Fauresmith sou 1/- vir 10 woorde plus 6^d. vir die volgende 10 woorde wees.²⁹⁰

In 1881 is weer telegraafmateriaal van oorsee bestel en gevolglik is tenders vir die vervoer van die materiaal vanaf Port Elizabeth aangevra, 9 vragte van 7,000 lb. elk moes na Edenburg, 23 na Bethulie, 23 na Smithfield, 12 na Rouxville, 6 na Aliwal-Noord, 25 na Bloemfontein en 25 na Boshof vervoer word.²⁹¹ Ver-al in reëntye het die vervoer probleme opgelewer. Baie reën het bv. veroorsaak dat waens nie 'n groter vrag as 2,000 lb. kon dra nie. Paaie en driewe moes ook vir die waens voorberei word.²⁹²

In 1880 het die Volksraad 'n bedrag van £36,000 vir die oprigting van telegraafverbinding bewillig. Indien die materiaal, vir sodanige telegraaflyne en -kantore, direk van groot fabrikate in Europa bestel kon word, sou dit voordeliger vir die Vrystaatse regering wees.²⁹³ Met die geld kon Aliwal-Noord en Boshof telegrafies met Bloemfontein verbind word.²⁹⁴ Die telegraaflyn tussen Harrismith en Bethlehem is op 27 April 1881 vir telegrafiese verkeer geopen.²⁹⁵ Die

288. V.R. 232 : A.C. Howard aan O.G., d.d. Bloemfontein 24.4.1880.

289. G.S. 1137 : A.C. Howard aan G.S., d.d. Opmetingskamp naby Bethulie 5.10.1880.

290. The Friend, 10.3.1881.

291. The Friend, 10.3.1881.

292. G.S. 1138 : A.C. Howard aan G.S., d.d. Kamp, 20 myl oos van Bethlehem 9.4.1881.

293. V.R.N. : d.d. 30.6.1880.

294. V.R.N. : d.d. 2.5.1881.

295. The Friend, 5.5.1881.

lyn tussen Senekal en Bethlehem is op 20 Mei 1881²⁹⁶ en die telegraafkantoor te Winburg op 13 Junie 1881 geopen.²⁹⁷ In Maart 1882 is die telegrafiese verbinding tussen Edenburg en Bethulie vir verkeer geopen.²⁹⁸ Te Smithfield is die telegraafkantoor op 6 April 1882 geopen²⁹⁹ en in dieselfde maand is Rouxville ook in telegrafiese verbinding met Bloemfontein gebring.³⁰⁰ Op 18 Julie 1882 is Kimberley telegrafies met Bloemfontein verbind.³⁰¹

Vir die diensjaar 1881-1882 was die krediet in die telegraafdepartement £1,713-6-5. Dit het 'n rente van ongeveer $2\frac{1}{2}\%$ op die kapitale uitleg beteken. Daar is ook gemeen dat die Kimberley-lyn die inkomste en profyt aansienlik sou verbeter.³⁰² Die Vrystaatse staatsfinansies het intussen so verbeter dat die £10,000 wat die vorige jaar vir die oprigting van telegraaflyne uit die skoolfonds geleen is, terugbetaal kon word.³⁰³ Daarom het President Brand dan ook voorgestel dat die deel van die telegraaflyn van Olesberg na Kimberley wat oor Vrystaatse grondgebied gaan, van die Kaapkolonie gekoop moes word en dat telegrafiese verkeer tussen Winburg, Kroonstad en Heilbron en tussen Senekal, Ficksburg en Ladybrand en tussen Rouxville en Wepener ingestel sou word.³⁰⁴ Die Volksraad het daarom toegestem dat 'n telegraaflyn van Winburg na Venters-

296. G.S. 1138 : A.C. Howard aan G.S., d.d. Kamp naby Senekal 20.5.1881.

297. G.S. 1138 : A.C. Howard aan G.S., d.d. Kamp (plek onvermeld) 12.6.1881.

298. The Friend, 30.3.1882.

299. G.S. 1138 : A.C. Howard aan G.S., d.d. Smithfield 9.4.1882.

300. The Friend, 20.4.1882.

301. G.S. 1139 : A.C. Howard aan Staatspresident, d.d. Bloemfontein 18.7.1882.

302. The Friend, 25.5.1882.

303. V.R.N. : d.d. 1.5.1882.

304. V.R.N. : d.d. 1.5.1882.

burg, Kroonstad en Heilbron tot aan die Transvaalse grens³⁰⁵ en van Ladybrand na Winburg, van Wepener na Smithfield en van Senekal na Ficksburg aangelê kon word.³⁰⁶ Die Volksraad wou nie tot die aankoop van die Koloniale lyn, wat oor Vrystaatse grondgebied gaan, toestem nie, maar het geen beswaar gehad dat nog meer telegraafdrade by die van die telegraaflyn van Colesberg na Kimberley gevoeg word nie, mits die telegramtarief dan ook verminder word.³⁰⁷ Hierop het die Kaapkolonie ingestem om die tarief na 1/6 vir 20 woorde te verminder.³⁰⁸

In 1882 het die Volksraad besluit dat tenders, waar moontlik, vir die oprigting van telegraaflyne aangevra sou word.³⁰⁹ Daarna is tenders vir die oprigting van telegraaflyne van Winburg na die Vaalrivier oor Ventersburg, Kroonstad en Heilbron en van Winburg na Ladybrand, van Senekal na Ficksburg en van Wepener na Smithfield aangevra.³¹⁰ In 1883 is weer tenders vir die oprigting van bogenoemde lyne aangevra, omdat geen of geen bevredigende tenders die eerste keer ontvang is nie. Sodanige lyne moes binne 12 maande voltooi wees en die kontraktant moes £5,000 sekuriteitstelling voorsien.³¹¹ Weer is geen bevredigende tenders ontvang nie en weer is tenders aangevra. Op 8 Mei 1883 kon die Staatspresident egter berig dat die tender van mnr. Scheurman, teen £98-15/- per myl vir die oprigting van die telegrafiese lyne aangeneem is.³¹² Daarna het die Volksraad egter besluit om die kontraktant te nader ten

305. V.R.N. : d.d. 13.5.1882.

306. V.R.N. : d.d. 13.5.1882.

307. V.R.N. : d.d. 6.6.1882.

308. V.R.N. : d.d. 13.6.1882.

309. V.R.N. : d.d. 30.6.1882.

310. The Friend, 14.9.1882.

311. The Friend, 18.1.1883.

312. V.R.N. : d.d. 8.5.1883.

einde die telegraafroete te verander na Reddersburg oor Dewetsdorp na Wepener in plaas van, van Smithfield na Wepener.³¹³

Die Bestuurder van die Telegrafie was van oordeel dat te Aliwal-Noord en Fauresmith die Vrystaat nie vir die helfte van die onderhoudskoste moet instaan nie aangesien die Kaapkolonie oor 3 en die Vrystaat slegs oor 1 lyn beskik het. Hy wou dat die Vrystaat slegs een-derde van die onderhoudskoste moes betaal.³¹⁴ Hy het ook beswaar gemaak teen die Koloniale tarief van 5/- vir 20 woorde op Vrystaatse telegramme, terwyl Kolonialers slegs 2/6 vir 20 woorde betaal. Hy het dus korrespondensie tussen die state voorgestel ten einde die probleem op te los. As alternatief wou hy dat 'n telegraafkantoor naby die Oranjerivier opgerig word en dat 'n bode die telegramme, met gereelde tussenposes, na Aliwal-Noord neem ten einde in die voordeel van die goedkoper tarief te deel.³¹⁵

Telegrafiese verkeer het so toegeneem dat daar in 1883 reeds vier telegraafklerke te Bloemfontein werksaam was.³¹⁶ In die buitelandse distrikte het die telegraafklerke 'n vermindering van werksure, maar 'n vermeerdering van salaris versoek. Die Volksraad wou nie tot salarisverhogings toestem nie, maar het 'n verandering in Sondagure, waar moontlik, aanbeveel.³¹⁷

Deur Ordonnansie Nommer 17 van 1883 is die uitreiking van staatskuldbriewe tot 'n bedrag van £100,000 gemagtig. 'n Deel van die geld sou vir die

313. V.R.N. : d.d. 15.5.1883.

314. G.S. 1140 : A.C. Howard aan G.S., d.d. Bloemfontein 10.4.1883.

315. G.S. 1140 : A.C. Howard aan G.S., d.d. Bloemfontein 24.4.1883.

316. V.R.N. : d.d. 23.5.1883.

317. V.R.N. : d.d. 5.7.1883.

oprigting van telegraaflyne aangewend word. As gevolg van 'n buitengewone droogte en die gevolglike verslapping in die ekonomiese toestande van die land is nie genoeg van die skuldbriewe in Suid-Afrika opgeneem nie. Daarop het die Staatspresident voorgestel dat die skuldbriewe ook in Europa opgeneem kon word.³¹⁸

In 1883 is 'n telegraafooreenkoms tussen die Kaapkolonie, Natal en die Vrystaat aangegaan. Daarvolgens sou telegramme, in geval van steurnissé op die lyne wat aan een staat behoort, langs die telegrafiese lyne van 'n ander staat oorgesien kon word. Indien dit dan vir die personeel van sodanige staat nodig sou wees om oortyd te werk, sou die koste teen die betrokke staat gedebiteer word. 'n Eenvormige tarief is tussen en vir die betrokke state ingestel nl. 1/- vir die eerste 10 woorde en daarna 6^d. vir die volgende vyf woorde. Vir 'n telegram in syferskrif of vir 'n kode-telegram sou die tarief 50% meer as op gewone 'n telegram wees. Perstelegramme kon teen een-vierde van die tarief vir gewone telegramme versend word met 'n minimum-tarief van 1/- per telegram. Geïnde gelde sou deur die staat wat sodanige geld ingevorder het, behou kon word. Te Aliwal-Noord, Fauresmith en Kimberley sou die opbrengs van telegramme, met bestemming die O.V.S., aan die Vrystaat en met bestemming die Kaapkolonie of Natal aan die Kaapkolonie uitbetaal word. Amptelike berigte tussen die state sou kostevry versend word. Te Aliwal-Noord, Fauresmith en Kimberley sou die Vrystaat een-derde en die Kaapkolonie twee-derdes van die onderhoudskoste betaal. Amptenare van die Vrystaatse telegraafdepartement kon foute in Koloniale kantore gaan opspoor of sodanige kantore binnegaan ten einde

om herstel werk aan Vrystaatse lyne te doen.³¹⁹

In die tydperk 1883-1884 is £35,123-11-2 $\frac{1}{2}$ ^{d.} aan die oprigting van telegraaflyne bestee, terwyl nog £20,200 binne 'n jaar, vir dieselfde doel, bestee sou word. In voorafgaande jare is £81,271-1-9 aan sodanige werke bestee.³²⁰

Te Ventersburg is die telegraafkantoor in Mei 1884 vir telegrafiese verkeer geopen.³²¹ Op 24 Julie 1884 is die telegrafiese verbinding van Heilbron na Kroonstad voltooi.³²² In Augustus 1884 is die telegraafkantoor te Ficksburg geopen.³²³

In 1884 is die diensure van telegraafbeamp-tes, behalwe te Bloemfontein en Winburg, so verander dat die kantore Vrydagmiddae van 2 tot 6 nm. gesluit sou wees. Sodanige kantore sou egter weer van 6 nm. tot 6.30 nm. oop wees ten einde dringende telegramme te versend.³²⁴ In tye van onluste of ander moeilikhede kon nie altyd by vasgestelde kantoorure gehou word nie en daarom berig The Friend by geleentheid dat „the Telegraph Office here has been open day and night, and the whole of Sunday, since the late Barolong disturbance.”³²⁵

'n Telegraafooreenkoms tussen die Vrystaat en Transvaal is in 1885 aangegaan.³²⁶ Daardeur is dieselfde telegraftarief as tussen die Vrystaat, Natal en die

319. G.S. 1141 : „Overeenkomst betrekkelijk Telegrafische Gemeenschap Tusschen de Kaapkolonie, Natal en den Oranjevrijstaat.”

320. V.R.N. : d.d. 21.2.1884.

321. The Friend, 22.5.1884.

322. The Friend, 31.7.1884.

323. The Friend, 28.8.1884.

324. The Friend, 16.10.1884.

325. The Friend, 17.7.1884.

326. Van der Merwe, J., Die Algemene Verhouding tussen die Oranje-Vrystaat en Die Suid-Afrikaanse Republiek In Die Tyd Van President J.H. Brand, 1864-1888 (Bloemfontein, 1934), M.A.-verhandeling, p.112.

Kaapkolonie ingestel³²⁷ nl. 1/- vir 10 woorde met gewone telegramme. In 1886 kon President Brand die hoop uitspreek dat 'n telegraafkonvensie tussen die Kaapkolonie, Natal, Transvaal en die Vrystaat gesluit sou word „Door zulke overeenkomsten worden de Kolonien en staten van Zuid-Afrika nader aan elkander gebracht, en die nauwere vereeniging, die ons in de toekomst toelicht, het best bevorderd“³²⁸ het hy gemeen.

Die telegraafkantore te Bloemfontein, Winburg, Harrismith en Heilbron het die meeste telegrafiese werk gehad.³²⁹ Bloemfontein was die hoofstad en die sentrale punt vir die Vrystaatse telegraafnetwerk. Winburg en Harrismith weer was op die Natalse roete en die roete was veral vir die handel van belang. Heilbron weer was 'n verbindingspunt na Transvaal en die telegrafiese verkeer daarheen sou veral na die ontdekking van die Goudvelde baie vermeerder.

Vir die diensjaar 1885-1886 is 85,780 telegramme, bestaande uit 1,777,336 woorde insluitende 9741 amptelike telegramme bestaande uit 280,248 woorde, versend. 83,987 telegramme bestaande uit 1,465,606 woorde is ontvang. In totaal is 119,525 telegramme bestaande uit 1,943,869 woorde daarby nog tussen die state ook versend.³³⁰

Die Vrystaatse Telegraafdepartement het die besondere aandag van die regering geniet en dié was selfs bereid om geld vir die oprigting van telegrafiese verbindings te leen. Telegrafies was die Vrystaat teen 1886 ook reeds met sy buurstate verbind en op die


327. The Friend, 17.9.1885.

328. V.R.N. : d.d. 3.5.1886.

329. V.R.N. : d.d. 19.6.1886.

330. V.R. 287 : Rapport van den Bestuurder van Telegraafen over het Dienst Jaar 1885-1886.

Die Vrystaatse Telegrafiese verbindings, 1886.



roetes was die meeste dorpe ook telegrafies met mekaar verbind. Die droogtes gedurende die jare 1884-1886 en die gevolglike ekonomiese terugsakking wat daarmee gepaard gegaan het, het die uitbreiding van die telegraafdepartement in die tydperk vertraag. Deur telegrafie kon kommunikasie gou met die hawens bewerkstellig word en so kon die handel beter binnelanse pryse vir landbouprodukte aanbied, want per telegram kon hulle nog die dag met die veiling die heersende markpryse verneem. Ook die staat sou berigte tussen state vinnig per telegram kon oordra. Die publiek en die staat het dus die waarde van telegrafie besef en daarom het uitbreiding daarvan so vinnig plaasgevind en is die diens so goed ondersteun.

B. Telegrafiese toerusting.

Na die besluit van die Vrystaatse regering om telegrafie in die Vrystaat in te stel, moes telegraaflyne opgerig en telegraafstasies ingerig word. Die seintoestel was die bekende morse-registreertoestel en oor telegraaflyne kon aanvanklik slegs een boodskap oorgesend word.³³¹ Meestal is telegrafiese materiaal vanuit Engeland bestel.³³² Vanaf Natal is hout telegraafpale, gewoonlik geelhout of nieshout, bestel. Die pale sou 20 voet lank, onder ongeveer 20 duim en bo 10 duim in deursnee wees. Pale is gewoonlik 84 tree van mekaar ingeplant. Tussen die pale is draad gespan. Aan die pale is isoleerders en hake aangebring om die gespanne draad te dra.³³³

331. Strauss, M.C., op. cit., p.55.

332. G.S. 1220 : Bestuurder van die Telegraafdepartement aan G.S., d.d. Kaapstad 26.10.1875.

333. Vgl. G.S. 1136 : Bestuurder van die Telegraafdepartement aan G.S., d.d. Kaapstad 13.6.1877.

Ordonnansie Nommer 9 van 1879 het bepaal dat indien telegraaflyne publieke of privaat paaie moet kruis, die draad of lyn minstens veertien voet bo die pad gespan moes wees. Indien die lyn langs 'n publieke pad moes gaan, moes die pale minstens 80 voet van die middel van die pad wees en moes die draad minstens twaalf voet bokant die grond wees. Die telegraaflyn mag dus geensins enige padverbruikers gestrem het nie. Oor landerye moes telegraaflyne minstens tien voet van die grond wees en dit moes die eienaar nie in sy boerderybedrywigheede strem nie. Indien die eienaar verlang het dat die draad veertien voet bo die grond moes wees of dat saailande, tuin, huis of kraal vermy moes word, moes aan sodanige versoek gehoor gegee word indien die landdros dit as regverdig beskou het. Telegraafdraad, pale of instrumente moes nie beskadig word en die oorseining van boodskappe moes ook nie verhoed word en geen draad of afleier moes aan draad of toerusting geheg word nie. Die oprigting of onderhoud van telegraaflyne of -instrumente moes ook nie verhinder word nie. Persone wat die Ordonnansie oortres het kon met £5 tot £100 sterling of met hoogstens drie maande tronkstraf, met of sonder hardepad, of tot beide gevonniss word. Die eienaars van sodanige telegraaflyn of -instrumente kon daarby ook nog 'n siviele aksie teen so 'n skuldigebevinde persoon instel. Ingeval iemand deur sorgeloosheid of nalatigheid skade aan die lyn of toerusting veroorsaak het, kon die landdros die skuldige vonnis tot hoogstens £37-10/- of tot tronkstraf van hoogstens 'n maand. As 'n telegraaflyn is beskou enige middel waarmee boodskappe, berigte, tekens of seine deur elektrisiteit, magnetisme, elektromagnetis-

me of andersins oorgedra kon word.³³⁴

Oorstromings of droogte het soms die vervoer van telegrafiese materiaal of -pale vertraag.³³⁵ Donderstorms, hael of weerlig weer kon die lyne of instrumente beskadig. Soms is swak seine ontvang en elektriese steurnisse het ook voorgekom.³³⁶

Behalwe instrumente en ander telegrafiese toerusting moes herstel- en oprigtingsgereedskap, kampoerusting, skryfbehoeftes en kantoormeubels ook aangeskaf word. Onder die toerusting moes „brackets, insulators, stays, lightning rods staples, binding wire" bestel word.³³⁷ Verder kon as toerusting aangekoop word 'n „alphabetical dial instrument with six pair of permanent magnets" en „polarized alarum for same." Daar was ook 'n „direct-working ink-recording instrument", morse kode sleutels (alfabet en syfers), „lightning guards, calvanic batteries, contact breaking alarum, stretching post insulators, ordinary post insulators, patent tubular iron telegraph posts."³³⁸

Telegraafstasies moes van 'n instrument-, battery- en pakkamer voorsien wees. Te Jagersfontein is ook 'n slaapkamer vir die direkteur en 'n gang vir die gerief van die publiek aanbeveel.³³⁹ In die kan-

334. Ordonnansie Nommer 9 van 1879.

335. V.R.N. : d.d. 6.5.1879.


336. Vgl. The Friend, 25.10.1877.

337. G.S. 1136 : „Memorandum drawn up for the assistance and guidance of Messrs. Blijth & Co. in procuring the Telegraph material required by the Orange Free State as early as possible" opgestel deur Sivewright, waarnemende algemene bestuurder van die Koloniale Telegrafie (ongedateerd). Sien bylaes tot bogenoemde vir telegraafmateriaal. Ook G.S. 1140 : „Specification for Telegraph Material".

338. Ibid.

339. V.R. 232 : A.C. Howard aan O.G., d.d. Bloemfontein 24.4.1880.

SIEMENS, BROTHERS'
 PATENT TUBULAR IRON TELEGRAPH POSTS.




HEMERY & ALEXANDER, LITHO 43, CASTLE ST. HOLBORN

3, 6, George St. Westminster LONDON S.W.

1200

SIEMENS, BROTHERS

DIRECT-WORKING INK-RECORDING INSTRUMENT.




3, Gt. George St. Westminster,
LONDON, S.W.

50. 1220.

STEINENS, BROTHERS

CONTACT BREAKING ALARM.




S. G. George & Westminster
LONDON, S. W.

55.1220

STEWENS, BROTHERS


LIGHTNING GUARDS.

FIG. 2.



CALVANIC BATTERIES.

FIG. 3.



G. G. Gorge St Westminster
LONDON, S. W.

65 1220

PRINTED BY S. & CANTON IN THE ARTS PRINTING OFFICE

ORANJE VRYSTAATSCHÉ TELEGRAFEN.

NO. VAN DOCUMENT

Datum Zegel van

Indien de nauwkeurigheid van dit Telegram in twyfel wordt getrokken zal het zelve herhaald worden by het King der helft van het bedrag correntelyk betaald voor verzending, in Indien onaanwkenrig bevonden, zal het bedrag betaald voor repetitie worden gerestitueerd. Wanneer de kosten van een antwoord op een Telegram vooruit betaald zyn en het getal woorden in het antwoord boven het getal is waarvoor betaald, zal de verzender het te veel moeten voldoen.



N.B. Deze vorm moet eens onderzoek gedaan met betrekking tot dit Telegram vergezellen.

Kantoor van sigifte

Ingeleverd } Ten } Kantoor van } Ms. } Ontvangen } alhier to }

Van

Aan

651447

A. ORANJE VRYSTAATSCH E TELEGRAMMEN.

24

Prefix <i>Kopm</i> Code	BINNELANDSCHE TELEGRAMMEN.		No. van Boodschap Voor Zegels.	Kantoor Zegel.
Kantoor van verzending en Dienst instructien. <i>Kampveend</i>	Woorden.	Verzonden.	(Eene Kwitantie voor de Kosten van dit Telegram kan verkregen worden by betaling van Twee Pence.)	
	Kosten.	Te		
		Aan		
		Door	<i>Office</i> <i>11/21/79</i>	

Gelieve duidelyk te schryven.

VAN		AAN
<i>Res Comm.</i>	VRIJHOE	<i>President State</i>
<i>Busuolatu</i>		<i>Manupatu</i>

11/21/79 Your Honorable telegram received last evening I have communicated to assist Union Marketing your warning as to consequences of Her Majesty's entering Brang. The State I am awaiting further communication on subject of your letter which is causing my serious attention. The High Commission has already called on me for the purpose. *11/21/79* I have reported to the office of 31st of the telegrams received this morning.

VR 276.

[ZIE OVER.]



toor moes berigte op 'n telegramvorm uitgeskryf³⁴⁰ en saam met die vereiste gelde aan die telegraafamptenaar oorhandig word. Hy sou die berig versend. By die ontvangskantoor sou die telegram oorgeskryf³⁴¹ en aan die geadresseerde afgelewer word.

Op 29 November 1879 besluit die Volksraad om yster telegraafpale te gebruik.³⁴² Sulke pale sou nie afvrot of deur insekte beskadig word nie. Daarom was die geraamde lewensduurte van sodanige pale langer en gevolglik sou die onderhoudskoste verminder kon word. Die Uitvoerende Raad moes soms planne vir telegraafkantore opstel en aan die Volksraad voorlê.³⁴³ Daardeer is op die tekenaarskoste bespaar. In 1880 het die Volksraad besluit dat groter besparing bewerkstellig kon word indien telegrafiese toerusting direk van Europese fabrikate aangekoop word.³⁴⁴ In die daaropvolgende jaar weer het die Volksraad dit aan die Uitvoerende Raad opgedra om toe te sien dat elke telegraafkantoor Hollandse telegramvorms voorhande het.³⁴⁵

In 1882 besluit die Volksraad dat meer drade aan telegraafpale aangebring kon word.³⁴⁶ Duplekswerking het sodoende die dravermoeë van die lyne verdubbel en die koste besnoei.³⁴⁷ In dieselfde jaar pleit The Friend ook vir die vereniging van die pos- en telegraafkantore. Sodanige vereniging sou 'n finansiële besparing en meer ruimte teweeg bring.³⁴⁸ In 1883 is 'n telegraafooreenkoms tussen die Vrystaat, die Kaapko-

340. Vgl. V.R. 276 : Telegramvorm.

341. Vgl. V.R. 280 : Telegram.

342. V.R.N. : d.d. 29.11.1879.

343. V.R.N. : d.d. 24.6.1880.

344. V.R.N. : d.d. 30.6.1880.

345. V.R.N. : d.d. 26.6.1880.

346. V.R.N. : d.d. 6.6.1882.

347. Strauss, M.C., op. cit., p.55.

348. The Friend, 14.9.1882.

lonie en Natal aangeaan. Daarvolgens kon Vrystaatse amptenare Koloniale kantore binnegaan om lyne, instrumente of aansluitings te herstel op sodanige tyd as wat nodig geag is.³⁴⁹

Gedurende die tydperk 1883-1884 het die Vrystaat £35,123-11-2¹/₂^{d.} aan die oprigting van telegraaflyne, -kantore en -toerusting bestee. Voor die einde van 1884 sou nog £20,200 vir die doel bestee kon word. In die vroeë voorspoedige jare is £81,271-1-9 vir die doel bestee.³⁵⁰

In 1885 is besluit om telegramseëls te bestel.³⁵¹ Sodra sodanige seëls sou aankom, sou dié aan telegraafkantore uitgereik word en daarna moes alle telegramme met die nodige telegramseëls, volgens tarief, geseël word.³⁵² Tydelik het die Tesourier-generaal egter gereël „dat ik vooreerst de volgende postzegels heb doen bestempelen met het woord "Telegraaf", om te dienen op telegrafische boodschappen volgens raadsbesluit, t.w.:-

100 vel, of 24,000 stuks @	1 ^s / ₋
100 " " " @	-/6 ^{d.}
50 " " " @	-/3 ^{d.}
<u>50</u> " " " @	-/1 ^{d.}

of te zamen 200 " 72,000 " tot eene gezamentlyke waarde van £2000, en ik geloof dat dit voor circa 4 maanden voldoende zal zyn."³⁵³

Omdat telegraafkantore volledig toegerus moes wees ten einde telegrafiese berigte te versend en te

349. G.S. 1141 : „Overeenkomst betrekkelijk Telegrafische Gemeenschap Tusschen de Kaapkolonie, Natal en den Oranjevrijstaat.“

350. V.R.N. : d.d. 21.2.1884.

351. V.R.N. : d.d. 24.6.1885.

352. Ibid.

353. G.S. 173 : Ouditeur-generaal aan G.S., d.d. Bloemfontein 12.8.1885.

ontvang, het die Telegraafafdeling meer kapitaal as die Posdepartement vereis. Poskantore het nie so baie toerusting en kapitaal vereis nie. Gevolglik was dit makliker om pos- as telegraafkantore te verskuif. Ten einde met die Volksraad se beleid van vereniging van die kantore en ampte saam te val, is poskantore geleidelik by telegraafkantore ingeskakel. Deur die geleidelike vereniging is finansiële uitgawes bespaar en kon organisatoriese reëlings vereenvoudig word. Omdat die twee kantore verenig is, kon een amptenaar ook beide ampte beklee. Die telegraafdiens was egter aan die tydsomstandighede gebonde. Die diens kon egter aan die publiek en staat se behoeftes voldoen. Omstandighede het egter soms nuwe eise gestel en dan moes nuwe organisatoriese reëlings getref word of nuwe uitbreiding moes plaasvind.

Die wetgewing vir die telegraafdepartement is opsommenderwys die volgende: Deur Ordonnansie Nummer 24 van 1877 is die verskillende Volksraadsbesluite tot en met 1877 in wetgewing gekonsolideer. Die Ordonnansie het in hoofsaak te doen met die oprigting van Koloniale telegraaflyne oor Vrystaatse grondgebied en die moontlike verlenging van die lyne na Bloemfontein. Ordonnansie Nummer 9 van 1879 weer het betrekking gehad op die oprigting en beveiliging van telegraaflyne. Die Ordonnansie was die enigste, tot voor die ontdekking van die Goudvelde in Suid-Afrika, wat spesifiek op die Telegraafdepartement van toepassing was. Ander wetgewing wat die Telegraafdepartement indirek bevoordeel het onder andere Ordonnansie Nummer 17 van 1883, waardeur skuldbriewe uitgereik kon word, is ook aangeneem. Deur die bogenoemde Ordonnansie sou geld onder andere vir die oprigting van nuwe telegraaflyne en

-stasie bekom kon word. Sodanige Ordonnansie het egter nie net met die Telegraafdepartement te doen gehad nie en kon dus nie as „suiwer“ telegraafwetgewing beskou word nie. Na hierdie soort Ordonnansie is egter wel, waar toepaslik, in die verhandeling verwys.

H O O F S T U K V.FINANSIËLE AANGELEENTHEDE.

Sonder geld kon die staatsadministrasie en ook die Pos- en Telegraafdepartemente nie behoorlik funksioneer nie. Die nodige finansies moes tot die beskikking van die departemente gestel word ten einde amptenare te besoldig en organisatoriese reëlings ten uitvoere te bring. Finansiële aspekte of aangeleenthede het ook dikwels paal en perk aan uitbreiding in die Pos- en Telegraafdepartemente gestel. Meestal was die inkomste van die departemente ook nie voldoende om die uitgawes te dek of die departemente as finansiëel selfstandig te laat funksioneer nie.

Artikel 11 van die Grondwet van 1854 het bepaal dat die Volksraad die staatsfinansies sou beheer. Volgens artikel 15 kon die liggaam belasting oplê, vermeerder of verminder, die staatskuld betaal, die welvaart van die staat reël, geld leen en oor staats-eiendom beskik. Artikel 65 van die Reglement van Orde van 1858 het verder bepaal dat die Volksraad jaarliks twee kommissies sou kies nl. 'n kommissie wat die uitgawe en één wat die inkomste of begroting sou kontroleer en 'n verslag daaroor sou opstel en met aanbevelinge, indien nodig, aan die Volksraad sou voorlê. Die Volksraad sou dan oor sulke aangeleenthede beslis. Die Uitvoerende Raad het geen finansiële mag gehad nie en kon alleen die Staatspresident van advies bedien.

Die Staatspresident of enige lid van die Uitvoerende Raad sou egter te eniger tyd die reg hê „om den staat der Finantien, als ook de Boeken te inspec-

teren."¹ In die praktyk was die Staatspresident die hoof uitvoerende beampte en alle amptenare, ook die belas met finansiële aangeleenthede, was aan hom ondergeskik. Die Staatspresident het beherende mag oor die amptenare uitgeoefen, maar was vir al sy dae aan die Volksraad verantwoording verskuldig. Onder die Staatspresident se direkte beheer sou die Tesourier- en Ouditeur-generaal staan. Hulle is as hoofamptenare beskou en het soms ander amptenare onder hulle direkte beheer gehad of kon oor alle finansiële aspekte in ander departemente beheer uitoefen of verslag doen. Genoemde hoofamptenare moes ook gereeld aan die Staatspresident oor finansiële aangeleenthede verslag doen. Die Staatspresident moes weer alle finansiële aangeleenthede onder die Volksraad se aandag bring.

1. Die Tesourier-generaal.

Die Tesourier-generaal was belas met die finansiële bestuur van die staat. Die benaming Tesourier-generaal is van die Soewereiniteitsregering oorgeneem.² Die regering van die Vrystaatse Republiek het in 1854 vir J. Groenendaal voorlopig as Tesourier-generaal aangestel.³ Enige dae later is hy permanent aangestel, maar hy sou ook nog die betrekking van Gowermentsekretaris moes behartig. „Die funksies en verantwoordelikhede aan die amp verbonde" was egter nie omskryf nie „en daar was ook nie omvattende instruksies oor die finansiële praktyke"⁴ wat deur die eerste

1. Die Konstitusie van 1854, artikel 39.

2. Eybers, G.W. : Select Constitutional Documents Illustrating South African History, 1795-1910, (Londen, 1918), p.277. Proklamasie van sir Harry Smith, d.d. 14.3.1849 (Artikel 10).

3. V.R.N. : d.d. 29.3.1854, p.32.

4. Fourie, P.C. : „Die Administrasie van die Oranje-Vrystaat tot 1859," in die Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, deel II, 1964, p.232.

Tesourier-generaal gebruik kon word nie. Die Tesourier-generaal „moes toesien dat 'n eenvormige rekeningstelsel in alle staatskantore toegepas word. Waar nodig moes hy die betrokke amptenare van instruksies in hierdie verband voorsien en desnoods voorbeelde verskaf. Ten tweede moes hy sorgdra dat daar ten opsigte van die finansiële administrasie altoos „met de meeste naauwkeurigheid, gezegtheid en regelmatigheid" te werk gegaan word."⁵ President Boshof het ook volledige instruksies uitgereik hoe amptenare hulle rekeninge moes behartig en die werkmodes is ook vereenvoudig.⁶ Die Tesourier-generaal moes egter nog „voortdurend amptenare met advies dien en leiding verskaf en het sodoende as hoof finansiële beampte, 'n belangrike in-diens-opleidingsfunksie uitgeoefen. Die geskrewe instruksies het in 'n groot mate die toesighoudende funksies van die Tesourier-generaal vereenvoudig, die doeltreffendheid van beheer verhoog en noukeuriger rekeninge moontlik gemaak."⁷

In 1863 het die Volksraad bepaal dat die Tesourier-generaal behoorlik boek moes hou en voor die vyftiende van elke maand aan die Ouditeur-generaal rekenskap doen van alle geld ontvang of uitbetaal.⁸ Die Tesourier-generaal mag nie meer uitbetaal het as waarvoor die Volksraad begroot het nie. Die amptenaar moes ook die instruksies van die Staatspresident nakom en laasgenoemde kon ook sy boeke laat inspekteer. Die Tesourier-generaal het dus nie direkte finansiële mag gehad nie. In 1866 is die ampte van Goewermentsekre-

5, Ibid.

6. G.S. 1550 : Omsendbrief nommer 846 van G.S. aan Landdroste, d.d. Bloemfontein 12.9.1855.

7. Fourie, P.C., op. cit., p.233.

8. V.R.N. : d.d. 20.2.1863.

taris en Tesourier-generaal geskei.⁹

Die 1856-Regulasies het bepaal dat die posmeester van Bloemfontein maandeliks, alle geld deur hom ontvang, by die Tesourier-generaal moes stort. Ander posmeesters moes by hulle distrikslanddros geld stort. Hy sou weer aan die Tesourier-generaal geld stort.¹⁰ Ordonnansie Nommer 2 van 1868 het bepaal dat alle posmeesters maandeliks geld by die Tesourier-generaal moes stort en die nodige kwitansies aan die Posmeester-generaal moes stuur. In dieselfde jaar is ook bepaal dat 'n kommissie, deur die Volksraad aangesetel, die boeke van die Tesourier-generaal kon inspekteer.¹¹ Deur Ordonnansie Nommer 31 van 1877 is weer bepaal dat die posmeesters geld maandeliks by hul distrikslanddros moes stort. Verder is bepaal dat die Tesourier-generaal posvervoerkontraktante drie-maandeliks sou uitbetaal indien sodanige uitbetaling deur die Posmeester-generaal goedgekeur is. Eersgenoemde moes ook voldoende seëls aan die Administrateur van Fondse, vir verkoop, lewer. In 1884, deur Ordonnansie Nommer 29, is bepaal dat die Tesourier-generaal die boetes van posvervoerkontraktante sou invorder en posseëls aan alle posmeesters beskikbaar stel.

Ordonnansie Nommer 20 van 1886 het bepaal dat die Tesourier-generaal ook Administrateur van Fondse en Seëluitdeler sou wees. Ordonnansie Nommer 26 van dieselfde jaar het bepaal dat die posvervoerkontraktant se tenderprys pro rata maandeliks aan hom deur die kantoor van die Tesourier-generaal uitbetaal sou word. Die Posmeester-generaal moes reël dat alle boete- of

9. V.R.N. : d.d. 24.2.1866.
 10. The Friend, 23.6.1856.
 11. V.R.N. : d.d. 27.8.1868.

ander verskuldigde gelde afgetrek word en hy moes ook die uitbetaling goedkeur.

In die Telegraafdepartement moes die beamp-tes dieselfde verpligtinge, teenoor die Tesourier-generaal, as in die Posdepartement nakom. Aanvanklik moes telegrafiste maandeliks geld by hul distrikslanddros stort. Hy weer sou die geld by die Tesourier-generaal stort.

In die Pos- en Telegraafdepartement moes die Tesourier-generaal, of sy personeel, alle ontvangde geld invorder en alle staatskuld betaal. Sodoende is administratiewe beheer oor alle finansiële aangeleenthede in dié departemente uitgeoefen. Die Tesourier-generaal se boeke is egter deur die Ouditeur-generaal geïnspekteer. Laasgenoemde het dus 'n beherende funksie vervul. Verder moes die Tesourier-generaal 'n jaarlikse verslag aan die Staatspresident lewer. Laasgenoemde weer kon die advies van die Uitvoerende Raad bekom en moes ook verslag aan die Volksraad doen. Die Volksraad sou so die finale seggingskap hê. Die Tesourier-generaal het sodoende „as finansiële raadgewer van die Staatspresident, Uitvoerende Raad en die Volksraad" opgetree.¹²

2. Die Ouditeur-generaal.

Die Ouditeur-generaal was nie aan die Tesourier-generaal ondergeskik nie, maar het as 'n onafhanklike eenheid oor alle finansiële aangeleenthede gewaak. Hy moes die gereelde ouditering van die rekeninge van die verskillende staatsdepartemente of -hoofde waarneem. Sy funksies was sodoende meer kontrolerend as administratief. Hy moes nie net die staatsfinansies

12. Fourie, P.C., op. cit., p.235.

nagaan nie, maar ook kontroleer of die finansies reg bestee is. W. Collins was die eerste Ouditeur-generaal. Aan die amp was ook dié van die Registrateur van Aktes en Weesheer verbonde.¹³ Die indeling van ampte het egter meegebring dat die Ouditeur-generaal ook die boeke of rekeninge van die Registrateur van Aktes en Weesheer moes ouditeer. Die Ouditeur-generaal moes so-doende sy eie amp van Registrateur van Aktes en Weesheer ouditeer. Vir die finansiële aspekte was dit nadelig, want hy sou menslikerwys immers nie met homself fout vind nie. Gevolglik beveel die Staatspresident in 1856 aan dat die Staatsprokureur ook Ouditeur- en Posmeester-generaal sal wees.¹⁴ Die reëling het weer van die Ouditeur-generaal vereis om sy eie boeke of rekeninge as Posmeester-generaal te ouditeer. Hoewel so 'n reëling nog gebreke gehad het, was dit 'n beter reëling, want aan die amp van Posmeester-generaal is nog nie veel administratiewe of finansiële eise gestel nie; trouens die hele Posdepartement was nog in 'n pionierstydperk.

In 1861 is die reëlings ook verander en is die amp van Staatsprokureur tot 'n selfstandige amp omskep. Die Ouditeur-generaal sou Posmeester-generaal en posmeester van Bloemfontein wees.¹⁵ Teoreties sou die posmeester van Bloemfontein onder die Posmeester-generaal staan. Die Posmeester-generaal se boeke en rekeninge weer sou deur die Ouditeur-generaal gekontroleer word. Prakties het een persoon egter al die ampte bekleed en gevolglik sou daar veel meer vryheid en minder beheer, ten opsigte van finansies en administrasie,

13. V.R.N. : d.d. 17.4.1854.

14. V.R.N. : d.d. 4.2.1856.

15. V.R.N. : d.d. 20.2.1861.

tussen die ampte bestaan.

In 1866 is die amp van posmeester van Bloemfontein van die van Posmeester- en Ouditeur-generaal geskei,¹⁶ en in 1877 is die ampte van Posmeester- en Ouditeur-generaal ook geskei.¹⁷ Sodoende is die belangrikheid en funksies van die onderskeie ampte erken en is 'n einde aan enige teoretiese beheer, wat in die praktyk dalk anders kon uitwerk, oor finansiële aangeleenthede gemaak.

Aanvanklik het landdroste kwartaalliks hul rekeninge in duplikaat voltooi en aan die Ouditeur-generaal gestuur. Na ouditering het laasgenoemde een afskrif aan die Tesourier-generaal en die ander een aan die landdros teruggestuur. Die Tesourier-generaal weer moes kwartaalliks sy rekeninge opstel en aan die Ouditeur-generaal voorlê.¹⁸ Later is die reëlings gewysig en moes amptenare hulle rekeninge maandeliks aan die Ouditeur-generaal voorlê.¹⁹

Die Ouditeur-generaal moes die rekeninge ouditeer en die gegewens byeenbring. Daarna moes hy jaarliks 'n finansiële verslag van die inkomste en uitgawe opstel en direk aan die Volksraad voorlê.²⁰ Die Volksraad sou egter oor alle finansiële aangeleenthede kon beslis. Sodoende is die wetgewende, uitvoerende en beherende mag van dié liggaam weereens benadruk.

Aangesien die inkomste en uitgawe in die Pos- en die latere Telegraafdepartement ook bereken is, moes

16. V.R.N. : d.d. 28.2.1866.

17. V.R.N. : d.d. 15.5.1877.

18. G.S. 1550 : Omsendbrief Nommer 812 van Staatspresident aan Landdroste, d.d. Bloemfontein 12.9.1855.

19. G.S. 1550 : Omsendbrief Nommer 846 van G.S. aan Landdroste, d.d. Bloemfontein 28.9.1855.

20. G.S. 1550 : Omsendbrief Nommer 812 van Staatspresident aan Landdroste, d.d. Bloemfontein 12.9.1855.

die amptenare in die departemente soortgelyke verslae as die hierbo genoemde aan die Ouditeur-generaal voorlê. Deur Ordonnansie Nommer 31 van 1877 is verder bepaal dat die Tesourier-generaal 'n maandverslag in sake seëls aan die Ouditeur-generaal moes voorlê. Ordonnansie Nommer 16 van 1886 het bepaal dat die Ouditeur-generaal regulasies en instruksies aan die Staatspresident, vir goedkeuring, moet voorlê ten einde die wyse waarop die administrasie van en die kontrole oor die land se sake en finansies gereël is, te bepaal. „Zulke regulatien en instructien, door den Staatspresident goedgekeurd of gewijzigd zijnde, zullen afschriften daarvan, zoover noodig, den ondergeschikten en rekenplichtige ambtenaren worden toegezonden, die zich daaraan stiptelijk zullen moeten houden.“²¹ Alle uitgawes moes deur die Volksraad goedgekeur en deur die betrokke amptenare gesertifiseer word ooreenkomstig wet, tarief, tender of instruksie. Sodanige rekeninge moes aan die Ouditeur-generaal voorgelê word.²² Onvermydelike uitgawes, nie op die begroting aangebring, maar deur die Uitvoerende Raad goedgekeur, moes aan die Ouditeur-generaal, vir auditeringsdoeleindes, meegedeel word.²³ Met alle gegewens tot sy beskikking kon die Ouditeur-generaal enige ongerymdheid ontdek en kon hy tewens goeie kontrole oor die staat se inkomste en uitgawe uitoefen.

3. Die Inspekteur van rekenpligtige amptenare.

Afgesien van bogenoemde ampte is deur Ordonnansie Nommer 20 van 1886 bepaal dat daar 'n inspekteur moes wees wat belas was „met het nazien der kassen,

21. Ordonnansie Nommer 16 van 1886, artikel VI.

22. Ordonnansie Nommer 16 van 1886, artikel VII.

23. Ordonnansie Nommer 16 van 1886, artikel 12.

boekhouding en administratie van alle rekenplichtige ambtenaren, telkens wanneer de Staatspresident zal goed vinden hem zulks op te dragen, zullende hij te gelykertyd door ZHEd. met zoodanige onderzoekingen en opnemingen kunnen worden belast als ZHEd. zal wensche-lyk achten."²⁴

Die sekretaris van die Volkeraad sou die betrekking as 'n bykomende amp beklee sonder ekstra betaling of vergoeding vir reis- en verblyf-koste. Die staat sou slegs aanhom die nodige vervoermiddel voor-sien. Tydens Volkeraadsittinge of siekte van die sekretaris of in dringende gevalle „een persoon in de onmiddellijke nabijheid van een rekenplichtig ambtenaar, wiens kas moet worden opgenomen, ter inspektie van kas-sen"²⁵ kon die Staatspresident 'n ander persoon be-noem om die taak te vervul.

4. Die begroting.

In die Pos- en Telegraafdepartemente het die amptenare 'n beraming van die waarskynlike inkomste en uitgawes van hul onderskeie kantore gemaak en die aan die hoofamptenare te wete die Posmeester-generaal en Bestuurder van die Telegrafie gestuur. Die hoofamptenare het die begroting, vir die finansiële jaar, vir hulle departemente opgestel. Hierdie begrotings is eers aan die Tesourier en later aan die Ouditeur-gene-raal gestuur.²⁶ Hierdie amptenare het dan 'n algemene begroting onder verskeie afdelings ingedeel, opgestel en aan die Staatspresident voorgelê. Laasgenoemde weer het die begroting van inkomste en uitgawes aan die Volks-raad voorgelê en die liggaam sou finaal oor alle finan-

24. Ordonnansie Nommer 20 van 1836.

25. Ordonnansie Nommer 20 van 1836.

26. Gouvernements Courant Van Den Oranje Vrystaat :
6.10.1857.

siële aangeleenthede beslis.

Die Volksraad weer het jaarliks twee kommissies, om die begroting te ondersoek en daarvoor verslag uit te bring, aangestel. In 1878 het die Staatspresident egter aanbeveel dat artikel 65 van die Reglement van Orde van 1858 so verander word dat die Uitvoerende Gesag die mag sou bekom om die begroting op te stel en dat sodanige begroting deur die Ouditeur-generaal toegelig kon word, maar die finansiële mag sou nog in die Volksraad se hande bly.²⁷ Hoewel die Volksraad ook besluit het dat die Uitvoerende Gesag die begroting sou kon opstel en dat die deur die kommissies van die Volksraad ondersoek sou word, is die besluit nooit tot uitvoer gebring nie en in 1883 het die Staatspresident die Volksraad weer aan sy vorige besluit herinner. Deur Ordonnansie Nommer 13 van 1883 is die Tesourier-generaal weer met die opstel van die begroting belas. Die Volksraad wou dus nie finansiële mag aan die Uitvoerende Gesag opdra nie, maar het die reg liefds aan 'n amptenaar verleen. Aan die Tesourier-generaal is egter nie te veel mag toevertrou nie, want die twee kommissies, deur die Volksraad aangestel, sou nog die begroting kontroleer en daarvoor verslag doen. Die begroting is deur die Volksraad, onder verskillende afdelings, behandel. Die finale finansiële seggingskap sou by die Volksraad berus.

In die Pos- en Telegraafdepartemente is die inkomste uit die verkoop van posseëls, poskaarte, poswissels en die versending van telegramme, subsidies van buurstate of boetes verkry onder die algemene inkomste ingereken. Die uitgawe in die Pos- en Tele-

27. V.R.N. : d.d. 6.5.1878.

graafdepartemente het meestal die salarisse van amptenare, kantoor- en skryfbehoeftes, die huur of oprigting van kantore, die koste om die pos te vervoer, die oprigting en instandhouding van telegraaflyne en stasies ingesluit. Die hoofamptenare het ook aangedui welke dienste gestaak of welke nuwe dienste wenslik was. Dit was egter die Volksraad wat finaal oor alle finansiële aangeleenthede die finale seggingskap sou hê. Die liggaam kon, met 'n meerderheidstem onder andere die salarisse van amptenare verminder of vermeerder, porto verminder of vermeerder, nuwe dienste instel of dienste afskaf. Nadat die begroting finaal deur die Volksraad bespreek en verander is, is dit in die Staatskoerant, vir finale kennisname, gepubliseer.²⁸

„Die inwerkingstelling van 'n betroubare en eenvormige rekeningstelsel het waarskynlik die meeste tot die doeltreffendheid van die finansiële administrasie bygedra," aldus P.C. Fourie en gaan hy voort: „Met hierdie reëling kon daar aan die volgende basiese vereistes voldoen word:

„(i) amptenare kon vir alle ontvangste en uitgawes verantwoordelik gehou word en oneerlikheid kon aan die lig gebring word;

„(ii) 'n volledige rekord van die stand van die finansies met die oog op beplanning van die owerheid se werksaamhede is deur middel van die begroting verkry;

„(iii) die publiek kon die versekering gebied word dat openbare fondse behoorlik beheer en op 'n verantwoordelike wyse aangewend word;

„(iv) onafhanklike ouditering is moontlik gemaak

28. Gouvernements Courant Van Den Oranje Vrystaat:
6.10.1857.

om ongerymdhede aan die lig te bring; en

„(v) die opstelling van gereelde en akkurate finansiële verslae is moontlik gemaak.

„Die geouditeerde finansiële state wat jaarliks aan die Volksraad voorgelê is, het verseker dat die Wetgewende Gesag kon vasstel of sy opdragte uitgevoer is en het die volksraadslede die geleentheid gebied om die belange van die belastingbetalers te beskerm.“²⁹

5. Finansiële aspekte in die Pos- en Telegraafdepartemente.

A. Amptenare.

Die verskillende amptenare in die Pos- en Telegraafdepartemente se salarisse het heelwat verskil. Van 'n behoorlike salarisstruktuur en gereelde verhogings was daar geen sprake nie. Waar hoofamptenare soms na waarde deur die Volksraad besoldig is, het dit by junior poste soms gebeur dat 'n sekere som begroot is en dat daarna gepoog is om 'n amptenaar te vind wat teen die vasgestelde salaris die betrekking sal beklee.

Met die instelling van die eerste Posmeester-generaal in 1856 is sy salaris op £250 per jaar vasgestel. Bowendien het hy ook die ampte van Staatsprokureur en Ouditeur-generaal, teen dié salaris, beklee. Sy klerk, wat ook posmeester van Bloemfontein was, sou £100 per jaar vir sy dienste ontvang.³⁰ In dié vroeë jare van die Republiek was die landdrosklerke ook posmeesters en te Winburg, Smithfield en Fauresmith sou sodanige klerke 'n bykomende vergoeding van £15 per jaar vir hulle dienste as posmeesters ontvang. Nie alle landdrosklerke, wat ook die amp van posmeester beklee het, het in die voordeel van bykomende vergoeding

29. Fourie, P.C., op. cit., p.239.

30. V.R.N. : d.d. 19.2.1856.

vir die addisionele amp gedeel nie.³¹ Die salarisse van die landdrosklerke het ook nog van dorp tot dorp verskil,³² want die is gewoonlik bereken deur die hoeveelheid werk in die betrokke kantoor in aanmerking te neem.

Soms het die hoeveelheid bykomende werk addisionele personeel vereis. In 1859 het die Posmeester-generaal twee klerke bekom en sou die tweede klerk ook posmeester van Bloemfontein teen £60 per jaar wees.³³ In 1860 is die salaris van die posbeksleër na £160 per jaar verhoog.³⁴

In 1861 het daar weer 'n herorganisasie plaasgevind en is die betrekking van Staatsprokureur van die van Ouditeur- en Posmeester-generaal geskei. Die posbeksleër sou egter ook posmeester van Bloemfontein wees en sy jaarlikse vergoeding vir die amp was £275 per jaar.³⁵ Net die volgende jaar is sy salaris na £300 per jaar verhoog.³⁶ Na verdere reorganisasie van poste het die posmeester te Bloemfontein in 1866 £100 per jaar vir sy dienste ontvang.³⁷ By kleinere poskantore was vrede-regters soms ook posmeesters en te Edenburg het die gesamentlike posbeksleër £75 per jaar ontvang.³⁸ Nie alle posmeesters het egter vergoeding of eweveel vergoeding vir hulle dienste ontvang nie. So het die posmeester te Bloemfontein, wat ook Administrateur van die Beleeningsfonds was, £220 per jaar ontvang,³⁹ terwyl die posmeester te Zandrivier slegs £5

-
31. V.R.N. : d.d. 19.2.1856.
 32. V.R.N. : d.d. 27.2.1858.
 33. V.R.N. : d.d. 1.3.1859.
 34. V.R.N. : d.d. 23.2.1860.
 35. V.R.N. : d.d. 20.2.1861.
 36. V.R.H. : d.d. 26.2.1862.
 37. V.R.N. : d.d. 4.6.1866.
 38. V.R.N. : d.d. 4.6.1866.
 39. V.R.N. d.d. 25.5.1869.

per jaar ontvang het.⁴⁰ In 1870 is die salaris van die Posmeester-generaal en Ouditeur-generaal na £400 per jaar verhoog.⁴¹

As gevolg van die vermeerdering in die pos-volume, en gevolglik ook van die werksaamhede van die posmeester te Bloemfontein, is besluit om 'n hulpklerk teen £30 per jaar aan te stel ten einde die posmeester met sy werksaamhede behulpsaam te wees.⁴²

Veral die ontdekking van diamante sou nie net 'n nuwe mark skep nie, maar ook bevolkingsvermeerdering meebring, wat 'n groot toename in die posvolume en werksaamhede in die poskantore veroorsaak het. Die posmeester by die Diamantvelde het in 1870 £110 per jaar vir sy dienste ontvang,⁴³ maar in 1871 het hy al £200 per jaar ontvang.⁴⁴ Ná die begroting van dieselfde jaar sou hy en drie assistente £425 per jaar ontvang.⁴⁵ Daarteenoor sou die Ouditeur- en Posmeester-generaal in 1872 £500 per jaar ontvang⁴⁶ en die posmeesters te Reddersburg, Bethanie, Edenburg, Zandrivier, Ficksburg, Ladybrand, Wepener en Thaba N'chu saam £90 per jaar.⁴⁷ Selfs teen 1874 het die meeste posmeesters, by die kleinere poskantore, nog net £10 per jaar ontvang, terwyl die posmeester te Bloemfontein £150 en dié te Olifantsfontein £200 per jaar ontvang het.⁴⁸

Gedurende die volgende jaar het die Volksraad die salaris van die posmeester te Bloemfontein

40. V.R. 203 : Memorie van P.M. Zandrivier (ongedateerd).

41. V.R.N. : d.d. 31.5.1870.

42. V.R.N. : d.d. 4.6.1870.

43. The Friend, 17.11.1870.

44. The Friend, 5.1.1871.

45. V.R.N. : d.d. 2.6.1871.

46. V.R.N. : d.d. 7.6.1872.

47. V.R.N. : d.d. 10.6.1872.

48. V.R.N. : d.d. 6.6.1874-8.6.1874.

na £275 per jaar verhoog, terwyl die posmeester te Olifantsfontein nog £200 per jaar en die meeste posmeesters £10 per jaar sou ontvang of anders sou die landdrosklerke⁴⁹ of vrederegters⁵⁰ ook posmeesters wees. Te Bethulie sou die posmeester £25 en te Ficksburg £15 per jaar ontvang. Die Ouditeur- en Posmeester-generaal sou £500 per jaar ontvang.⁵¹ Laasgenoemde sou in 1876 £550 per jaar ontvang, terwyl hy ook nog van die hulp van twee klerke verseker is.⁵² In 1877 is die posmeester te Bloemfontein se salaris na £300 per jaar verhoog.⁵³

Na die instelling van posagente het dié amptenare meestal sonder enige vergoeding hul ampte bekleed.⁵⁴

In 1880 het die posmeester van Bloemfontein £350, sy assistent £250, sy eerste klerk £200 en sy tweede klerk £200 per jaar ontvang,⁵⁵ terwyl die posagent te Willoughby slegs £5 per jaar sou ontvang.⁵⁶ Die volgende jaar sou te Bloemfontein ook nog van tydelike hulp gebruik gemaak kon word teen £120 per jaar.⁵⁷

Teen 1881 het die meeste posmeesters op die kleiner plekke £10 per jaar ontvang. As gevolg van vermeerderde werksaamhede sou die assistent-posmeester te Winburg £100 per jaar, die posmeesters te Frankfort, Majoorstrif en Vrede saam £100 per jaar ontvang. Te Harrismith is £150, te Fauresmith £100, te Rouxville £100, te Bethlehem £100, te Boshof £100, te Kroonstad

-
49. V.R.N. : d.d. 8.6.1878.
 50. V.R.N. : d.d. 16.6.1876.
 51. V.R.N. : d.d. 16.6.1875.
 52. V.R.N. : d.d. 15.6.1876.
 53. V.R.N. : d.d. 2.7.1877.
 54. V.R.N. : d.d. 17.6.1879.
 55. V.R.N. : d.d. 17.6.1880.
 56. V.R.N. : d.d. 22.6.1880.
 57. V.R.N. : d.d. 16.6.1881.

£60 en te Ladybrand £60 vir poskantoorhulp gestem.⁵⁸
 In 1882 het die posmeester te Hoopstad slegs £5 en die posmeesters te Zastron en Parys elk slegs £7-10/- per jaar ontvang.⁵⁹ In dieselfde jaar is die toelae vir die hulp te Harrismith na £150 per jaar verhoog.⁶⁰
 Die klerk en posmeester te Jagersfontein sou £300 per jaar⁶¹ en dié te Olifantsfontein £60 per jaar ontvang.⁶² Gedurende 1883 sou die Posmeester-generaal £500 per jaar, die posmeester te Bloemfontein £400 per jaar⁶³ die posmeester te Rouxville £60 per jaar;⁶⁴ en die meeste posagente £10 per jaar ontvang.⁶⁵ Vir hulp te Winburg is in 1884 £300 per jaar gestem.⁶⁶ In 1885 sou die posmeesters te Kroonstad £25, te Bethulie £20, te Boshof £25, te Rouxville £25, te Ladybrand £25 en te Wepener £20 per jaar ontvang, terwyl aan die Inspekteur en posmeester te Koffiefontein £200 per jaar toegeken is.⁶⁷

In 1886 was daar, as gevolg van 'n depressie, salarisvermindering en sou die Posmeester-generaal £250 per jaar, die assistent-posmeester te Bloemfontein £200 per jaar, die tweede klerk £120 per jaar, twee sorteerders £120 per jaar, die posmeester Harrismith £60 per jaar en die posmeesters te Winburg, Kroonstad, Boshof, Rouxville en Ladybrand elk £20 per jaar ont-

58. V.R.N. : d.d. 16.6.1881.

59. V.R.N. : d.d. 13.6.1882.

60. V.R.N. : d.d. 27.6.1882.

61. V.R.N. : d.d. 28.6.1882.

62. V.R.N. : d.d. 30.6.1882.

63. V.R.N. : d.d. 27.6.1883.

64. V.R.N. : d.d. 28.6.1883.

65. V.R.N. : d.d. 4.7.1883.

66. V.R.N. : d.d. 3.6.1884.

67. V.R. 275 : Begroting en Supplementaire Begroting van de Ontvangsten en Uitgaven van den Oranjevrijstaat voor het Dienstjaar loopende van en met 1 April 1885, tot en met 31 Maart 1886.

vang.⁶⁸

Waar die telegraafkantoor aanvanklik as 'n eie kantoor moes bestaan, sou ook dié personeel net in die Telegraafdepartement werk en besoldig word. In 1879 was die salaris van die hoofklerk te Bloemfontein £400 per jaar, sy assistent £140 per jaar, 'n bode £48 per jaar en 'n lynman £60 per jaar. Te Reddersburg en Edenburg het die klerke £120 per jaar en die bodes £12 per jaar ontvang.⁶⁹ In 1880 is daar aanbeveel dat Jagersfontein 'n telegraafkantoor sou bekom. Die oogmerk was om aan die bestuurder 'n salaris van £180 per jaar te betaal.⁷⁰

Geleidelik is tot die vereniging van die pos- en telegraafkantore oorgegaan en sodoende kon die amp-tenare in die departemente se salarisse ook nie meer geskei word nie. In 1885 is die betrekkinge van Posmeester-generaal en Bestuurder van die Telegrafie ook verenig. Die gesamentlike posbekteër sou 'n salaris van £600 per jaar ontvang.⁷¹ In 1886 sou die eerste assistent te Bloemfontein £225 per jaar, die tweede assistent £135 per jaar, die derde assistent £84 per jaar, die een bode £50 en 'n ander een £36 per jaar en twee lynmanne elk £36 per jaar ontvang. Te Reddersburg sou die telegrafis £162 per jaar, te Dewetsdorp £117 per jaar, te Brandfort £107 per jaar, te Winburg £225 per jaar, te Senekal en Ficksburg £135 per jaar, te Harrismith, Edenburg, Smithfield, Boshof en Bethlehem

68. V.R.N. : d.d. 11.6.1886-15.6.1886.

69. V.R. 255 : Begroting en Supplémentaire Begroting van de Ontvangsten en Uitgaven van den Oranjevrijstaat voor het Dienstjaar loopende van en met 1 April 1879, tot en met 31 Maart 1880.

70. V.R. 232 : A.C. Howard aan O.G., d.d. Bloemfontein 24.4.1880. (Bylaag Telegraafbegroting, 1880-1881).

71. Ordonnansie Nommer 21 van 1885.

£180 per jaar, Ladybrand £162 per jaar, Bethulie, Rouxville en Wepener £144 per jaar en Jagersfontein £200 per jaar ontvang. Die meeste lynmanne het £36 per jaar ontvang.⁷²

B. Toerusting en vervoer.

Die uitgawe aan skryf- en kantoorbehoefte was ook aanvanklik laag. In die eerste jare van die Republiek was die uitgawe vir die Staatsprokureur, Ouditeur- en Posmeester-generaal slegs £50 per jaar.⁷³ Aan posmeesters is nog minder toegeken omdat hulle minder skryf- en kantoorbehoefte as eersgenoemde amptenaar benodig het. In 1867 is aan die posmeester te Zandrivier 10/- vir kantoorbehoefte en £1-5/- vir kantoorhuur vir drie maande toegestaan.⁷⁴ In 1869 is aan die poskantore te Zandrivier, Bethlehem, Edenburg, Bethanie, Rouxville en Reddersburg elk £10 per jaar toegeken. Kantoorhuur en skryfbehoefte was by dié bedrag ingesluit.⁷⁵ In 1873 was die totale koste vir „25 endorsement seals, 42 endorsement seals 21 dating stamps“ vir al die poskantore in die Vrystaat £127-1-9.⁷⁶

Vir die Posdepartement was die grootste uitgawe egter die koste aan posvervoer verbonde. Hierdie bedrae het dikwels van jaar tot jaar en van roete tot roete gewissel. In 1857 is die pos van Bloemfontein oor Fauresmith na Colesberg en terug oor dieselfde roete en van Bloemfontein oor Smithfield na Aliwal-Noord en terug, een keer per week, teen £580 per jaar vervoer. Die koste om die pos van Bloemfontein oor Winburg na

72. V.R.N. : d.d. 19.6.1886.

73. Vgl. V.R.N. : d.d. 24.2.1860.

74. V.R.N. : d.d. 8.6.1868.

75. V.R.N. : d.d. 26.5.1869.

76. G.S. 1322 : P. Blijth aan G.S., d.d. Londen 14.1.1873.

Harrismith en terug een keer per week, te vervoer was £600 per jaar.⁷⁷ In 1858 was die koste vir posvervoer van Bloemfontein na Aliwal-Noord en terug £288 per jaar en van Bloemfontein na Colesberg en terug £436 per jaar. Van Bloemfontein oor Winburg na Harrismith en terug was die koste £575 per jaar.⁷⁸ Ten einde die Koloniale pos van Bloemfontein na Harrismith te vervoer het die Kaapkolonie £500 per jaar tot die koste van die posvervoer oor dié roete bygedra.⁷⁹ Die totale bydrae van die Kaapkolonie was £600 per jaar.⁸⁰ Daarvan was £100 vir die vervoer van die Koloniale pos van Colesberg of Aliwal-Noord na Bloemfontein en £500 vir die posvervoer van Bloemfontein na Harrismith.⁸¹ In 1866 was die totale uitgawe vir die vervoer van pos in die Vrystaat £2982.⁸² Die uitgawe aan posvervoer het egter geleidelik toegeneem en in 1869 het die bedrag op £3185-10/- te staan gekom.⁸³

Na die ontdekking van diamante moes pos ook na die Diamantvelde vervoer word. In 1870 is dan ook 'n kontrak gesluit om die pos van Boshof na Pniel en terug teen £165 per jaar te vervoer.⁸⁴

Teen 1872 het die posvolume wat vervoer moes word, veral as gevolg van die ontwikkeling van die Diamantvelde, geweldig toegeneem. Gepaard hiermee het ook die koste van posvervoer toegeneem. Van Bloemfontein na Colesberg en terug was die koste £1200, van

77. The Friend, 5.12.1857.

78. G.S. 100 : P.M.G. aan G.S., d.d. Bloemfontein 7.12.1858.

79. G.S. 1633 : Staatspresident aan Waarnemende Koloniale Sekretaris, Kaapkolonie, d.d. Bloemfontein 17.4.1861.

80. G.S. 1633 : Staatspresident aan Koloniale Sekretaris, Kaapkolonie, d.d. Bloemfontein 8.4.1862.

81. G.S. 1633 : Staatspresident aan Koloniale Sekretaris, Kaapkolonie, d.d. Bloemfontein 16.9.1862.

82. V.R.N. : d.d. 2.6.1866.

83. V.R.N. : d.d. 28.5.1869.

84. The Friend, 22.9.1870.

Bloemfontein na Winburg en terug £245, van Bloemfontein na Smithfield en terug £600, van Smithfield na Aliwal-Noord en terug £300, van Rouxville na Wepener en terug £69-10/-, van Winburg na Zandrivier en terug £190, van Zandrivier na Harrismith en terug £300, van Winburg na Kroonstad en terug £237-10/-, van Smithfield na Bethulie en terug £118, van Fauresmith na Bethulie en terug £75, van Bethlehem na Witzieshoek en terug £49, van Fauresmith na Jacobsdal en terug £190-10/-, van Bloemfontein na Ladybrand en terug £100, van Bloemfontein oor Boshof na Olifantsfontein en terug £500 en van Zandrivier na Ficksburg en terug £25 per jaar.

Die totale uitgawe aan posvervoer het dan ook op £4259-10/- te staan gekom.⁸⁵ In 1873 het die koste van die posvervoer in vyf gevalle gestyg, in drie gevalle gedaal, in die ander dieselfde gebly en een nuwe diens tussen Harrismith en Kliprivier is teen £30 per jaar ingestel. Die diens was veral gerieflik om pos van Natal na Transvaal of andersom te vervoer. Vir die diensjaar was die totale koste aan posvervoer £4492.⁸⁶ Die koste het in die volgende diensjaar weer tot 'n bedrag van £4748-10/- toegeneem. In 4 gevalle is die tenderprys verhoog, terwyl twee nuwe posdienste nl. tussen Harrismith en Frankfort en tussen Frankfort en Heilbron ingestel is.⁸⁷ Teen 1874 was die koste om die pos tussen Winburg en Harrismith vervoer te kry £800 in plaas van £500 per jaar.⁸⁸

Vir 1875 het die posvervoerkoste na £5906 gestyg. Op 6 posroetes het die vervoerkoste vermeerder, op 5 roetes verminder, net op 2 kleiner roetes konstant

85. V.R.N. : d.d. 12.6.1872.

86. V.R.N. : d.d. 10.6.1873-11.6.1873.

87. V.R.N. : d.d. 10.6.1874.

88. The Friend, 25.6.1874.

gebly, terwyl 6 nuwe roetes ingestel of bestaande posroetes gewysig is.⁸⁹ Vir die volgende jaar het die posvervoeruitgawe na £7770 gestyg. Op 10 posroetes was die koste dieselfde, op 8 roetes het die koste vermeerder, terwyl op net een roete die koste met £10 per jaar verminder het en een nuwe roete nl. van Bloemfontein na Boshof en terug teen £300 per jaar ingestel is.⁹⁰ In 1877 het die posvervoeruitgawe na £7363 verminder.⁹¹ In 1878 het die Volksraad dié uitgawe op £6721 vasgestel.⁹² In 1879 het die vervoerkoste weer gestyg en wel na £7148. Hoewel die koste op die meeste roetes konstant gebly het, is daar 7 nuwe of veranderde posroetes ingestel⁹³ en die vermindering het sodoende 'n verskil aan die uitgawes gemaak. Teen 1880 het die posvervoerkoste in 'n paar gevalle vermeerder, terwyl 'n paar nuwe posvervoerdienste ingestel is. As gevolg hiervan het die totale uitgawe aan posvervoer tot £9008 gestyg.⁹⁴

Die volgende jaar het die uitgawe tot £9997 gestyg. Hoewel daar vermindering in die vervoerkoste op 4 roetes was, is die vervoerkoste op 10 roetes vermeerder, terwyl 6 nuwe roetes ingestel of ou roetes gewysig is.⁹⁴ Die meeste tenders is vir 'n tydperk van drie jaar gesluit en sodoende sou die uitgawes vir die ou roetes redelik konstant gehou kon word.⁹⁵ In 1882 is die aantal posroetes weer vermeerder en gevolglik het die uitgawe na £10,407 gestyg.⁹⁶ Daarna is die uit-

89. V.R.N. : d.d. 31.6.1875.

90. V.R.N. : d.d. 23.6.1876.

91. V.R. 222 : Rapport van den P.M.G. O.V.S. voor het Dienst Jaar 1877-1878.

92. V.R.N. : d.d. 13.6.1878-14.6.1878.

93. V.R.N. : d.d. 17.6.1879.

94. The Friend, 11.11.1880.

95. V.R. 238 : Lys van Poskontrakte vanaf 1.1.1881 tot 31.12.1883.

96. V.R.N. : d.d. 23.6.1882.

gawes redelik konstant gehou, sodat dié in 1884 £10,235,⁹⁷ in 1885 £10,880⁹⁸ en in 1886 £10,700 was.⁹⁹ Hoewel die jare 1885 en 1886 droë jare met min reënval vir die Vrystaat was en daar 'n depressie geheers het, was die voorafgaande jare voorspoedig. Spoorweë is tot aan die Vrystaatse grens gebring en die posvolume het geweldig vermeerder; soveel dat op sommige roetes selfs posvervoer tweekeer per week moes plaasvind.

Vir die Telegraafdepartement is die meeste toerusting uit Engeland of Europa bestel. Geelhout- of nieshoutpale 20 voet lank en 'n deursnee van 10-20 duim is soms van Natal teen £1-5/- elk bestel. Draad is teen £1-15/- per 100 lb. en isoleerders teen 3/6 elk bereken. Die koste om telegraaflyne aan te lê, is in 1878 teen ongeveer £94 per myl beraam. Hierin het die koste om die materiaal, van die hawe na die binneland, te vervoer 'n vername rol gespeel. Met die oprigting van die lyn tussen Fauresmith en Bloemfontein was dié uitgawe ongeveer 10% van die algemene uitgawe¹⁰⁰ terwyl die uitgawe aan kantoorhuur te Bloemfontein £120, te Reddersburg en Edenburg £36 en te Fauresmith £24 per jaar in 1879 was.¹⁰¹ Invoerbelasting het die uitgawe met ongeveer £3 per myl vermeerder. Die koste om 'n kantoor met alle skryfbehoeftes te voorsien, in werkende toestand te bring en vir 'n jaar instand te hou, is op ongeveer £250 beraam.¹⁰²

97. V.R.N. : d.d. 10.6.1884-11.6.1884.

98. V.R. 275 : Begrooting en Supplémentaire Begrooting van de Ontvangste en Uitgaven van den Oranjevrijstaat voor het Dienstjaar loopende van en met 1 April 1885 tot en met 31 Maart 1886.


99. V.R.N. : d.d. 17.6.1886.

100. G.S. 1222 : J. Schermbucker aan G.S., d.d. King Williams Town 13.6.1877.

101. V.R.N. : d.d. 19.6.1879.

102. V.R. 223 : Rapport van die Kommissie oor die uitbreiding van telegraaflyne binne die Oranje-Vrystaat, d.d. Bloemfontein 29.5.1879.

Histogram vir algemene, pos- en telegraafinkomste



Histogram vir algemene, pos- en telegraafuitgawe

£240.000

£210.000

£180.000

£150.000

£120.000

£90.000

£60.000

£30.000

Totale algemene
staatsuitgawe
£231.254
(alle departement)

£10.000
Uitgawe
posdepartement

uitgawe 28558
Telegraafdepartement

1854

1859


1864

1869

1874

1879

1884



C. Inkomste en uitgawe.

Jaarliks is die inkomste en uitgawe in die Pos- en Telegraafdepartemente begroot. Die inkomste was dan gewoonlik die werklike inkomste vir die voorafgaande finansiële jaar, terwyl die uitgawe die begrote bedrag vir die volgende finansiële jaar was. Pos- en Telegraaf was net van die hoofde in die algemene begroting. Die algemene inkomste was die gesamentlike inkomste van al die staatsdepartemente. Die inkomste van die Posdepartement was gewoonlik die seëls, poswissels of poskaarte wat verkoop is. Bydrae wat ander state bv. die Kaapkolonie tot die posvervoer van die Vrystaat gemaak het, ten einde hulle pos ook deur die Vrystaat vervoer te kry, is hierby gereken sowel as boetes wat op pos of op die vervoerkontraktant gelê is. In die Telegraafdepartement het die inkomste gewoonlik uit die opbrengs van telegramme bestaan. Die staat het natuurlik die voordeel besit dat hy nie posgeld of die telegramkoste betaal het nie, aangesien die dienste deur die staat ingestel en onderhou was.

Die algemene uitgawe was die gesamentlike uitgawe van al die staatsdepartemente. Die uitgawe in die Posdepartement was eintlik net uitgawe ten opsigte van posvervoer. Die salarisse van dié amptenare is by die van ander amptenare, onder die algemene begroting, bereken. Soms het die funksies van die posmeesters of telegrafiste oorvleuel of die funksies is deur ander amptenare behartig. Onder sulke omstandighede was dit dan ook feitlik onmoontlik om die juiste salarisse van die pospersoneel altyd afsonderlik te bepaal. In die Telegraafdepartement is die salarisse van die amptenare weer as die uitgawe beskou hoewel hierdie departement se amptenare later soms ook die amp van posmeester bekleë het. Die koste van kantoorhuur, reiskoste of

skryfbehoeftes is ook onder uitgawe bereken. Die uitgawe verbonde aan die oprigting van telegraaflyne of kantore en alle toerusting daarvoor benodig, is egter apart aangedui. Sodoende kan gemerk word dat hoewel van die uitgawe in die Pos- of Telegraafdepartemente gepraat word, hierdie uitgawe nie die juiste uitgawe weerspieël nie.

Indien die juiste uitgawe met die juiste inkomste, in die Pos- en Telegraafdepartemente, vergelyk kon word, sou daar jaarliks groot nadelige saldo's gewees het. Met die metode wat egter destyds gevolg is, het dit egter voorgekom of die inkomste en uitgawe soms gebalanseer het of nie 'n baie groot verskil getoon het nie. Die Volksraad was egter tevrede indien die algemene inkomste of uitgawe geklop of naasteby geklop het of indien finansies gevind kon word ten einde nuwe uitbreiding bv. die aanlê van telegraaflyne te finansier. Daar kan ook gemerk word dat hoewel van 'n Pos- en Telegraafdepartement gepraat word sodanige departemente, uit 'n ekonomiese oogpunt beskou, nie as selfstandige departemente gefunksioneer het nie. Daar is ook nie gepoog om die departemente op 'n sake-grondslag te plaas nie. Indien die departemente op 'n sake-grondslag geplaas sou word, sou dit egter addisionele werk vereis het ten einde pos en telegramme van die staat teen die betrokke departemente te debiteer en sodoende sou die personeel moontlik weer vergroot moes word. Die staat wou egter teen die mins moontlike koste sy dienste in die Pos- en Telegraafdepartemente handhaaf of uitbrei. Op die basis moes dié departemente dus in die behoeftes van staat en publiek voorsien.

Die histogram van die algemene inkomste toon duidelike fluktuasies met 'n opwaartse neiging. Dit is veral droogtes en as gevolg daarvan 'n ekonomiese wurg-

greep op finansiële aangeleenthede of ekonomiese depressie wat vir die drie groot dalings, in die opwaartse neiging, in ongeveer 1869, 1878, 1885-1886 verantwoordelik was. Gedurende ekonomies voorspoedige jare was daar gewoonlik 'n hoë reënval, 'n hoë landbouopbrengs en die geld in omloop het dan die handel gestimuleer. Dit het ook die ekonomiese voordele van 'n hoër inkomste aan die staat besorg. Met die verhoogde inkomste kon onder andere ook aan uitbreiding in die Pos- en Telegraafdepartemente gedink word. Na die depressie van ongeveer 1869 het die ontdekking van diamante en die gevolglike ontwikkeling van die Diamantvelde 'n nuwe mark, vir die Vrystaatse landbouers en handelaars, geskep. Die ontwikkeling het veral ook aan die Posdepartement eise ten opsigte van verbeterde of nuwe dienste geskep en die staat moes aan die behoeftes voldoen. Na 1886 sou die ontdekking van goud die ekonomie sterk opwaarts neig en nuwe eise aan die Vrystaatse Pos- en Telegraafdepartemente stel.

Hoewel die histogram van die posinkomste ook fluktuasie toon, is die fluktuasies meer geleidelik. Algemene ekonomiese teëspoed het op die posinkomste ook 'n merk gelaat, want tydens sulke jare moes bespaar word en kon daar nie aan uitbreiding gedink word nie. Selfs die telegraafinkomste is nadelig getref en daar kan gemerk word dat ten spyte van 'n vermeerdering in die aantal telegraaflyne en -stasies die inkomste, veral as gevolg van 'n ekonomiese depressie, nie altyd na wense gestyg het nie. Die fluktuasies in die kurwes van die Telegraaf- en Posdepartemente toon nie altyd dieselfde tendense as die kurwe van die algemene inkomste nie, omdat die inkomste van die departemente, afgesien van ekonomiese faktore, ook nog deur beleidsfaktore bepaal kon word. So kon 'n vermindering in die

porto of telegramkoste die departemente se inkomste laat daal en later moontlik, as gevolg van 'n verhoogde omset juis deur die vermindering, laat styg. Die daarstelling van nuwe dienste bv. poswissels of nuwe telegraaflyne wat aangelê is, kon ook die inkomste laat styg.

Die histogram van die algemene uitgawe toon ook duidelik fluktuasies met 'n opwaartse neiging. Die daling in die kurwes moet ook gesien word in die lig van die algemene inkomste. Ekonomiese depressie het die uitgawe beïnvloed aangesien daar in sulke jare minder finansies was en die staat gevolglik 'n beleid van besparing en beperking moes toepas. Die skerp styging aan uitgawe in ongeveer 1866 moet aan die Basoeto-oorlog van 1865-1866 gewyt word. Die ontdekking van diamante het die algemene ekonomie verbeter en gevolglik tot verhoogde uitgawes aanleiding gegee. Dieselfde ekonomiese faktore wat die inkomste beïnvloed het, kon dus ook die uitgawe beïnvloed.

In die Posdepartement toon die histogram ook fluktuasies, hoewel die fluktuasies selde met spronge af neig. Eerder is daar 'n neiging tot geleidelike styging van die uitgawes aangesien die posvolume gestyg en dit tot verhoogde vervoerkoste aanleiding gegee het. Verskeie faktore onder andere bevolkingsgroei en vermeerderde handelsbedrywighede het tot die styging in pos- en telegraafvolume en gevolglik tot verhoogde uitgawes aanleiding gegee. Die histogram van die telegraafuitgawe toon ook fluktuasie, maar meestal is daar 'n opwaartse neiging, veral as gevolg van die stygende uitgawes wat deur die aanlê van nuwe telegraaflyne of -stasies veroorsaak is. Die ernstige depressie van ongeveer 1885-1886 het egter ook die telegraafuitgawe laat daal, aangesien daar 'n besnoeiing van die amptenaarsalarisse, waar moontlik, plaasgevind het.

B E S L U I T.

Gedurende die tydperk 1854 tot 1866 het groot ontwikkeling ten opsigte van die organisatoriese reëlings in die Posdepartement plaasgevind. Van die beskeie begin kon die Posdepartement tot 'n belangrike staatsdepartement ontwikkel. So het die aantal poskantore bv. van 6 in 1854 tot 34 in 1881 vermeerder. In laasgenoemde jaar was daar benewens die poskantore ook 29 posagentskantore. Met dié ontwikkeling het ook die posvolume en -gewig geweldig vermeerder. In 1854 is geen rekord gehou van die aantal posstukke versend en ontvang nie, maar sedert 'n sensus daarvan gehou is, het dit jaarliks gestyg. In 1881 is bv. 1,703,314 posstukke in die Vrystaat gehanteer. Die geweldige styging in posvolume en -gewig, soms tot ongeveer 25% in 'n enkele jaar, het ook die posvervoer beïnvloed. Waar pos dan aanvanklik ook te perd of per poskar vervoer is, moes perdepos later feitlik uitgeskakel word en moes poskarre ook aan sekere vereistes voldoen bv. met ses perde bespan word en 800 lb. posgewig vervoer. Teen 1886 was die Vrystaat dan ook met al sy buurstate in posverbinding en het daar poskonvensies met sodanige state bestaan. Binnelands was al die dorpe in posverbinding en was daar selfs posverbinding na posagentskantore op bv. plase.

Waar die gewone porto op briewe in 1854 op 6^{d.} per brief vasgestel was, het dit in 1886 verminder tot 2^{d.} per brief vir enige bestemming in Suid-Afrika. Die Ordonnansies ten opsigte van porto moes ook gewysig word ten einde vir monsterpos, briefkaarte en pakkette voorsiening te maak. Aanvanklik is slegs Koloniale posseëls vir porto gebruik, totdat die Vrystaat vanaf 1868 sy eie seëls vir sy binnelandse posdiens gebruik het.

Hierna sou Koloniale seëls nog op oorsese pos gebruik word. Hierdie toedrag van sake is egter ten volle deur die poskonvensies tussen die verskillende state opgelos toe 'n eenvormige tarief ingestel is.

Die poskantore self kon ook op 'n hefter administratiewe grondslag geplaas word. So moes posseëls aanvanklik skriftelik gekanselleer word, totdat die Vrystaat aan al die poskantore kansellasie- en datumstempels voorsien het. Die nodige boeke en vorms kon langsamerhand ook aan alle poskantore uitgereik word. Al die organisatoriese reëlings is egter getref ten einde beter beheer uit te oefen en ten einde 'n beter posdiens in werking te stel.

Ten opsigte van amptenare het ook groot ontwikkeling in die Posdepartement plaasgevind. Waar posmeesters en vervoerkontraktante in 1854 die vernaamste amptenare was, is die amp van Posmeester-generaal al in 1856 ingestel. Die funksies van die posmeesters self het geweldig vermeerder. Veral na die ontdekking van diamante en die nuwe mark en beter handelsmoontlikhede wat ontstaan het, het die posvolume geweldig toegeneem. Ten einde die las van posmeesters te verlig en ten einde ook aan kleiner gemeenskappies 'n georganiseerde posdiens te bied, is in 1875 oorgegaan tot die aanstelling van posagente. In die praktyk het die vermeerderde posvolume ook die werksaamhede van die posvervoerkontraktante vermeerder. Die beamptes sowel as hul posryers se funksies is ook in wetgewing beliggaam. So wou die Volksraad immers 'n steeds beter diens instel en verseker. Oor die algemeen het die beamptes in dié departement goeie diens gelewer en het hulle tot 'n goeie gees van samewerking en waardering tussen die publiek en amptenare bygedra. Deur hulle funksies pligsgetrou te vervul, sou die amptenare ook tot 'n

beter vervoer- en posstelsel bydra. Die amptenare het immers die beeld van die Posdepartement na die publiek gedra. Daar is ook voortdurend gepoog om knelpunte reg te stel en so dié beeld nog verder te verbeter. Dit is soms bewerkstellig ten spyte daarvan dat die amptenare dikwels geen formule- of in-diens-opleiding gehad het nie. Sodoende het die amptenare gehelp om die besondere karakter van die Posdepartement te bepaal.

Die beleidsbepalers nl. die Volksraad, die Uitvoerende Raad en die Staatspresident het doelgerig aan 'n bepaalde karaktervorming in die Posdepartement gewerk. Ten spyte van verskeie amptenare en hoofamptenare in dié departement was die Staatspresident die hoof uitvoerende amptenaar. Vir sy bestuur van die Staat en staatsdiens was hy egter verantwoording aan die Volksraad verskuldig. Hoewel daar soms verskille tussen die liggaam en die Staatspresident was, is verskille besleg en het die liggaam deurgaans die hoogste agting aan die Staatspresident betoon. In so 'n gees van samewerking kon die Posdepartement ook die nodige ontwikkeling ondergaan. Die ontwikkeling het gewoonlik op sodanige ontwikkeling in die Kaapkolonie gevolg. Sodoende kon die Vrystaat uit die foute aldaar begaan leer en dus het die Vrystaatse regering alleen die beste daaruit gehaal en by sy eie besondere behoeftes aangepas.

Sonder die nodige finansies was die Vrystaatse regering magteloos en kon weinig ontwikkeling plaasgevind het. Die ekonomiese toestand van die land of staatskas het dus in 'n groot mate bepaal of uitbreiding, verbetering of besnoeiing sou plaasvind. Omdat die kiesers teen direkte belasting of groot staatslenings gekant was, moes die Volksraad liefst poog om sy

algemene inkomste en uitgawe te laat klop. Waar enig-
sins moontlik, behalwe gedurende finansiële krisistye,
is die nodige finansies vir die ontwikkeling van die
Posdepartement gevind.

'n Goeie of swak posstelsel kon die ekonomie
van die Vrystaat bevorder of verswak. Die handelaars
het dan ook gou gekla indien posvervoer nie na wense
was nie of indien dit verbeter kon word. 'n Gereelde
posdiens daarteenoor het die handelaars gou van die
nuutste markpryse voorsien en so kon hulle inkooppryse
dienooreenkomstig gewysig word. Ook die boer kon deur
'n goeie posstelsel gou met die jongste markpryse voor-
sien word. So kon 'n goed georganiseerde posstelsel
die ekonomie van die Vrystaat prikkel, want indien die
handelaars en boere goeie sake gedoen het, is die
staatskas daardeur ook aangevul. So kon ook meer fi-
nansies vir verbeterde of nuwe ontwikkeling in die Pos-
departement bekom word.

Die bevolkingsvermeerdering in die Vrystaat,
die ontstaan van nuwe dorpe en die ontwikkeling van
die beskawingspeil het gevolglik ook groter eise aan
die Posdepartement gestel. Deur 'n goed georganiseerde
posstelsel is die pos gereeld vervoer en kon die pu-
blik op die vervoer staatmaak ten einde hulle pos ge-
reeld te vervoer. So is die posdiens dan ook al meer
en meer gebruik en het dit in gewildheid onder die in-
woners toegeneem. Die publiek het dan ook 'n lewendige
belangstelling in posaangeleenthede getoon en prik-
diens verlang. Daarom was hulle bv. baie gou bewus
daarvan as die pos laat was. Die posdiens het sodoen-
de 'n belangrike plek in hul leefwyse bekleed, want hul-
le het inderdaad na die aankoms van 'n posdiens uitge-
sien ten einde korrespondensie, koerante en later boek-

pos of ander posstukke te ontvang. Soms was die pos ook die draer van goeie of slegte nuus. Die oprigting van meer skole en kerke het ook meer behoefte aan leesstof bv. koerante geskep. Daarby het die nuusblaai die publiek nog van talle soorte inligting bv. veilings, advertensies ens. voorsien. Deur die pos kon ook uitnodigings tot huwelike of sosiale byeenkomste gerig word. Die posdiens het inderdaad dan ook tot kultuurverspreiding bygedra en was nooit 'n stremming of belemmering van die kulturele ontwikkeling van die Vrystaters nie.

In 1879 het die Vrystaat sy eie telegrafiese verbinding van Fauresmith oor Edenburg en Reddersburg bekom. Ná dié verbinding het ander verbindings so toegeneem dat al die vernaamste dorpe teen 1886 telegrafies met mekaar verbind was. In dié jaar was die Vrystaat ook lank reeds met al sy buurstate verbind en daarvandaan, per ondersese kabel, selfs met lande oorsee.

Teen 1886 kon ook ongeveer 86,000 telegramme versend, 84,000 ontvang en 120,000 tussen die state gestuur word. Teen daardie tyd is selfs telegramseëls gebruik ten einde die juiste koste van telegramme aan te dui. Afgesien van telegramseëls het die telegraafkantore ook oor al die nodige toerusting beskik ten einde berigte so gou as moontlik te versend. Die telegraafdiens moes ook aan die eise van die publiek en staat kon voldoen.

Nadat die Vrystaat sy eie telegrafie in 1879 bekom het, moes verskillende amptenare aangestel word ten einde telegrafiese funksies te verrig. Die Telegraafdepartement moes van nuuts af aan georganiseer word, terwyl in die Posdepartement 'n stelsel oorge-

neem is waarop net voortgebou kon word. Teen 1879 het die Vrystaters egter al 'n kwarteeu se ondervinding van staatsadministrasie gehad en daarby kon hulle deel in die ondervinding wat die Kaapkolonie met hulle Telegraafdepartement opgedoen het. Vir die Vrystaatse telegrafie moes eers 'n telegraafingenieur aangestel word en hy weer moes die nodige arbeiders bekom en oplei ten einde telegraaflyne te kon oprig. Na die oprigting van telegraafstasies moes leerlinge en telegrafiste die telegrafiese funksies behartig. Omdat die Telegraaf- en Posdepartement egter om ekonomiese en organisatoriese redes verenig kon word, is tot sodanige vereniging van kantore, waar moontlik, in 1884 oorgegaan. Terselfdertyd is die ampte van telegrafiste en posmeesters, waar moontlik, verenig. In 1885 is die ampte van Bestuurder van die Telegrafie en van Posmeester-generaal ook onder een persoon verenig. Die amptenare in die Telegraafdepartement het ook tot die besondere karakter van die departement bygedra.

Net soos in die Posdepartement was die Staatspresident die hoof uitvoerende amptenaar in die Telegraafdepartement. Die Volksraad was egter met die hoogste gesag bekleed. Met die goeie samewerking wat daar tussen die Staatspresident en die Volksraad geheers het, kon die Telegraafdepartement ook die nodige ontwikkeling ondergaan. Die beleidbepalers was tewens die Telegraafdepartement simpatiek gesind en sou dan ook tot voordelige telegrafie verbindings toestem.

Ten einde hulle beleid uit te kon voer, moes die wetgewers egter die nodige finansies bekom. Finansiële oorweginge was dan soms die beslissende faktor vir die uitbreiding al dan nie van die Telegraafdepartement. Waar moontlik en indien die finansiële toestand

van die staat dit sou toelaat, is die nodige finansies vir die ontwikkeling van die Telegraafdepartement gevind.

Die Telegraafdepartement was op ekonomiese gebied veral 'n groot bate vir die handelaar. Deur telegrafiese berigte kon die Vrystaatse handelaars binne 'n dag van die jongste markpryse voorsien word. So kon hulle met minder risiko produkte van die boere inkoop. Die boere kon so ook 'n beter prys vir hulle landbouprodukte bekom. Deur middel van telegrafiese berigte kon handelaars ook gouer goedere bestel. Telegrafie het dus tot verbeterde ekonomiese bedrywigheede bygedra. Ook die staat sou in die algemene ekonomiese vooruitgang kon deel. So sou meer finansies vir telegraafontwikkeling beskikbaar gestel kon word. Vir die finansiële jaar wat op 31 Maart 1883 geëindig het, was dan ook ongeveer £32,000 vir uitbreiding beskikbaar gestel. Daarmee kon telegraaflyne en -stasies opgerig word. Hieronder weer was daar benewens die aankoop van die nodige instrumente of toerusting nog die vervoer daarvan en die arbeid ten einde die op te rig of te installeer of in stand te hou.

Deur die telegraafstelsel is berigte baie gouer as per pos versend. Gou het die publiek dan ook die voordele van hierdie dringende berigversending ingesien en gereeld van die diens gebruik gemaak. Ook die staat het die diens tot sy voordeel gebruik. Die telegrafie het dan ook tot kultuurverspreiding bygedra en was nooit 'n stremming of belemmering van die kulturele ontwikkeling van die Vrystaters nie.

Verskillende faktore het dus die ontwikkeling van die Pos- en Telegraafdepartemente bepaal of beïnvloed. Die verskillende faktore kan egter nie altyd geskei word nie, aangesien wedersydse beïnvloeding ook soms plaasgevind het. Saam vorm die faktore 'n legkaart wat 'n juiste beeld van die ontwikkeling in die Pos- en Telegraafdepartemente verstrek.

Teen die agtergrond gesien, het die ontwikkeling in die Pos- en Telegraafdepartemente tred gehou met die eise wat aan die departemente gestel is en daarom kan die ontwikkeling as geslaag, vir die bepaalde tyd en onder die bepaalde omstandighede, beskou word. Die Pos- en Telegraafdepartemente was eerder 'n stimulant en sou dus nie op die politieke, opvoedkundige, administratiewe, ekonomiese, sosiale of kulturele ontwikkeling van die Vrystaters belemmerend inwerk nie.

In vergelyking met die groter moondhede van Europa en elders was die Pos- en Telegraafdepartemente in die Vrystaat betreklik beskeie, maar die reëling en organisasie daarvan het dieselfde „model“-kenmerke as hierdie modelstaat gehad.

BYLAAG A.ORDONNANTIE NO. 29 - 1884.Regelende het Postwezen.

Nademaal het noodig is de thans bestaande Ordonnanties omtrent het Postwezen te herzien, zoo wordt bij deze door den Volksraad bepaald en vastgesteld:-

I. ALGEMEENE BEPALINGEN.

Art. 1. Het Gouvernement van den Oranjevrijstaat belast zich uitsluitend met het vervoer der posten. Geen Postcontractant of postrijder zal brieven, couranten, boeken, enz., mogen medenemen, welke hem niet door den Postmeester zijn overhandigd, op eene boete van £1 voor elk overtreding, of bij gebreke van betaling eene maand gevangenisstraf.

II. POSTMEESTER-GENERAAL.

Art. 2. Het bestuur van het Postwezen door den geheelen Staat, wordt opgedragen aan eenen Postmeester-Generaal, die te Bloemfontein gevestigd moet zijn. Hij heeft het toezicht over alle Postbeambten en Postkantoren, bepaalt de dagen en uren van vertrek en aankomst der verschillende posten; vraagt tenders voor het Postvervoer in de "Gouvernements Courant," en sluit contracten, na dat die goedgekeurd zijn door den Staatspresident.

Art. 3. De Postmeester-Generaal houdt correspondentie met de Postmeester-Generaal der naburige Staten en Kolonien.

Art. 4. Wanneer zulks noodig is en het zonder extra kosten kan geschieden, kunnen Postagentskantoren gevestigd worden.

Art. 5. De Postmeester-Generaal heeft de macht van tijd tot tijd instructies te geven, omtrent het ont-

vangen, opmaken en verzenden der posten; en het registreren van brieven; hij bepaalt de wijze waarop de administratie gehouden moet worden en beslist in voorkomende verschillen betrekkelijk het Postwezen binnen den Staat, tegen welke beslissing partijen zich kunnen beroepen op den Staatspresident, wiens uitspraak finaal zal zijn.

Art. 6. Wanneer aangeteekende brieven of andere zaken aan de post toevertrouwd, zijn verloren geraakt, zal door den Postmeester-Generaal een streng onderzoek worden ingesteld en bij ontdekking van kwade trouw daarvan dadelijk aangifte worden gedaan bij den bevoegden ambtenaar.

Art. 7. Geene actie zal tegen den Postmeester-Generaal of tegen het Gouvernement kunnen worden ingesteld, voor schadevergoeding wegens geleden verliezen door het verloren raken, oponthoud, of verzuim, in de verzending van brieven, couranten, of andere zaken aan de post toevertrouwd.

